

DIE MIDDELEEUSE YSLANDSE SAGA: 'N KREATIEWE
AFRIKAANSE PERSPEKTIEF

Burgert Adriaan Senekal

Voorgelê om te voldoen aan die vereistes vir die graad Magister Artium in die
Fakulteit Geesteswetenskappe, Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en
Frans, aan die Universiteit van die Vrystaat.

Studieleier: Prof. H. P. Van Coller, Departement Afrikaans en Nederlands, Duits
en Frans

Medestudieleier: Prof. M. M. Raftery, Departement Engels en Klassieke Kultuur

November 2004

Ek verklaar dat die verhandeling wat hierby vir die graad Magister Artium aan die Universiteit van die Vrystaat deur my ingedien word, my selfstandige werk is en nie voorheen deur my vir 'n graad aan 'n ander universiteit/fakulteit ingedien is nie. Ek doen voorts afstand van die outeursreg ten gunste van die Universiteit van die Vrystaat.

Burgert Adriaan Senekal

Dankbetuiging

Graag wil ek die volgende persone bedank:

Prof. H. P. Van Coller, omdat hy 'n kans geneem het op 'n gewaagde studie en my die geleentheid gebied het om 'n onderneming aan te pak wat ek werklik kon geniet;

Prof. M. M. Raftery, vir haar goed deurdagte insette, noukeurigheid en gewilligheid om buite haar studieveld hulp te verleen;

Mev. Annie Senekal, my ma, vir haar motivering en geldelike bystand;

Wyle Prof. J. H. Senekal, my pa, omdat hy 'n liefde vir kennis by my gekweek het.

DEEL 1

TEORETIESE INLEIDING

Inhoudsopgawe

Voorwoord	4
Die verband tussen Oud-Yslands en Afrikaans	7
Inleiding tot die Yslandse literatuur	12
Klassifikasie	16
1. <i>Konungasögur</i>	17
2. <i>Íslendingasögur</i>	17
3. <i>Fornaldarsögur</i>	18
3.1. "Heldensagas"	18
3.2. "Wikingersagas"	19
3.3. "Abenteuersagas"	20
4. Sturlunga saga	20
5. <i>Biskupasögur</i>	20
6. <i>Riddarasögur</i>	21
7. "Märchensagas"	21
8. Sagas van heiliges	22
9. Historiese en pseudohistoriese geskrifte	22

ÍSLENDINGASÖGUR

Inleidend	24
-----------	----

Kenmerke van die *Íslendingasögur*

REALISME

Narratologies

Narratologies: algemeen	27
Narratiewe strukture	32
Die orale aspek van die <i>Íslendingasögur</i>	38

Diverse narratiewe kenmerke	42
Inhoudelik	
Fisieke plasing en moderne argeologie	43
Banaliteit	45
Perspektiewe op die bo-natuurlike	46
DIE FOKUS OP KARAKTER	
Heroïsme	
Die held	54
Die heldin	59
Heroïese materiaal	
Verganklikheid	62
Fatalisme	63
Vergelding	64
Oorlog	65
Poësie	
Inleidend	69
Klassifikasie	71
Eddiese poësie	73
Skaldiese poësie	76
Runesteen gedigte	81
Gevolgtrekking	83
Bibliografie	87

Voorwoord

Die doel van hierdie studie is om 'n sinvolle historiese en kulturele begrip te verkry wat tot die skryf van 'n geloofwaardige Middeleeuse Yslandse saga binne die moderne milieu kan lei, en om dan die leser in staat te stel om 'n ingeligte interpretasie te formuleer. Die teoretiese deel is saamgestel om 'n agtergrond aan die leser te verskaf en behandel daarom die kenmerke, styl en narratiewe struktuur van die sagas en gee ook 'n oorsig oor Oud-Noorse poësie. Dit behoort die leser by die interpretasie van die kreatiewe deel te help en kan as kort inleiding tot hierdie genre gesien word. Die kreatiewe deel wat hierop volg is voorsien van stambome, kaarte, 'n chronologie en ander notas om interpretasie te vergemaklik aangesien dit 'n vreemde milieu vir die meeste Suid-Afrikaners behoort te wees.

Daar is beoog om die leser in Afrika wat 'n Europese herkoms het in kontak met sy/haar agtergrond te bring, sonder om 'n teks te konstrueer wat geheel en al apart van die moderne tyd funksioneer. *Valgarðs saga Gunnvaldsson*, sowel as die teoretiese deel wat dit voorafgaan, reflekteer dus op die Afrikaner se kulturele verlede en die studie is hierdeur 'n ondersoek na die grotendeels onontginde hinterland van Afrikaans en die Afrikaner, op historiese, kulturele en literêre gebied. Wulfstan, die Aartsbiskop van York (1002 - 1023) het onder andere gesê: "And then there is also a need that each should understand where he came from and what he is - and what will become of him" (Lacey en Danziger, 2000: 193). Ongelukkig fokus geskiedenis op skool slegs op wat sedert Van Riebeeck gebeur het en kennis oor wat hóm voorafgegaan het word beperk tot 'n paar individue of akademiese kringe. Dit moet reggestel word en dít is die waarde van hierdie ondersoek: dat *Valgarðs saga Gunnvaldsson* op die rak van 'n boekwinkel kan

staan en enige Afrikaner met sy herkoms in kontak bring, selfs al besit hy nie 'n tersiêre kwalifikasie nie. Dit word nie hier beweer dat die *Íslendingasögur* die Afrikaner se kulturele wortels is nie, maar slegs dat daar gemeenskaplike wortels is wat duideliker in die *Íslendingasögur* na vore tree.

Hierdie verhandeling verskil van die tradisionele verhandeling aangesien dit nie slegs akademies van aard is nie, maar ook 'n kreatiewe toepassing bevat. Dat daar altyd 'n kreatiewe element in enige geskrif bestaan is sekerlik waar, maar in hierdie geval word die konsep verder geneem. Daar is besluit om die Middeleeuse Yslandse saga (spesifiek die *Íslendingasögur*) te bestudeer en dan 'n kreatiewe teks in hierdie genre te skryf, en gevolglik bestaan hierdie verhandeling uit twee dele: een teoreties en een kreatief.

By nadere ondersoek behoort dit egter duidelik te wees dat die kreatiewe deel nie slégs kreatief is nie aangesien daar baie navorsing daarby betrokke is ten einde 'n teks in hierdie genre te skryf. Tiende-eeuse geloofpersepsies moet byvoorbeeld nagevors word, hoe die huise en skepe en kleredrag gelyk het, wat die karakters se doen en late op 'n dag-tot-dag basis behels het, wat hulle geëet het, hoe hulle omgewing gelyk het, ensovoorts. Al hierdie informasie vind nie noodwendig neerslag in die teks nie, maar verskaf 'n verwysingsraamwerk vir die skrywer waarvan hy die wêreld as't ware deur die oë van sy karakters kan waarneem. In feite gaan dit om 'n wetenskap-houdbare morfologiese rekonstruksie van 'n vroeëre tydperk.

Slegs die formulering van hierdie agtergrondskennis binne 'n fiktiewe verhaal is kreatief; die onderbou is steeds gegrond op wetenskaplike navorsing. 'n Ander genre, soos byvoorbeeld 'n moderne jeugverhaal, sal nie noodwendig soveel

aangeleerde agtergrondskennis van die skrywer verg nie (solank die skrywer uit persoonlike ondervinding binne sy eie milieu skryf); by die *Íslendingasögur* is dit nie die geval nie. Die saga moet binne 'n geloofwaardige konteks funksioneer; dit moet 'n milieu rekonstrueer wat vreemd vir die moderne mens en sy verwysingsraamwerk is. *Valgarðs saga Gunnvaldsson* is veral vervleg met die geskiedenis en politiek van die tiende-eeuse Skandinawiese wêreld, wat dus aansienlik meer aangeleerde agtergrondskennis benodig as wat byvoorbeeld 'n verhaal sou verg wat in hedendaagse Bloemfontein onder jongmense afspeel, aangesien laasgenoemde 'n bekende milieu vir die skrywer is.

Die verskil tussen hierdie verhandeling en die tradisionele formaat is dus nie só groot soos wat by die eerste oogopslag mag blyk nie: albei verg navorsing en die formulering daarvan binne 'n nuwe konteks en formaat.

Die verband tussen Oud-Yslands en Afrikaans

Die ooreenkomste tussen Germaanse tale is alombekend en goed gedokumenteer, om nie te praat van voor-die-hand-liggend nie. Ek skets egter vlugtig die verband tussen Yslands en Afrikaans met die doel om daarop te wys dat die Yslandse saga nie só ver van die Afrikaanse leefwêreld verwyderd is nie, aangesien beide uit 'n gemeenskaplike Germaanse kultuur ontwikkel het.

Die indeling van die Germaanse tale geskied soos volg (Renfrew, 1989: 68): Germaans (Gemeenskaplike Germaans) word in 'n noordelike-, westelike- en oostelike tak verdeel. Die oostelike tak word voortgesit in Goties, wat in 'n Bybelvertaling van die vierde eeu behoue gebly het. Die westelike tak word in Laagduits, Hoogduits en Anglo-Fries opgedeel. Anglo-Fries word verder verdeel in Engels en Fries. Hoogduits ontwikkel in Moderne Duits en Jiddisj. Laagduits word verdeel in Oud-Saksies en Oud-Laagfrankies. Oud-Saksies ontwikkel in moderne lae Duits (Plattdeutsch) en Oud-Laagfrankies ontwikkel in Vlaams¹ en Nederlands². Afrikaans is 'n vertakking van Nederlands.


¹. Of Vlaams 'n taal of 'n dialek is, kan sekerlik beveg word afhange van wat die definisie van 'n taal is. Hierdie studie is nie bemoei met sulke taalkundige vraagstukke nie, so eenvoudigheidshalwe word Renfrew (1989: 68) gevolg en Vlaams word as taal genoem.

². Wát presies Afrikaans se verhouding tot Nederlands is, is blykbaar 'n kontroversiële vraag. Van der Merwe et al. (1972: 16) skryf:

Oor die ontstaan van Afrikaans bestaan daar veral drie gedagterigtings, nl. een dat Afrikaans spontaan uit 17de eeuse Nederlands ontwikkel het, en die ander dat 'n talebotsing tussen Nederlands en 'n vreemde nie-Germaanse taal plaasgevind en Nederlands tot Afrikaans laat verander het, terwyl die derde groep 'n middeweg soek.

Aangesien die vraag oor die presiese verhouding tussen hierdie tale nie binne die spektrum van hierdie studie val nie, kan daar net op die volgende gelet word: 1) sonder Nederlands sou daar geen Afrikaans wees nie; en 2) die Afrikaner is fisies en kultureel oorwegend Europees.

Wat die noordelike tak betref: Oud-Noors is die term toegeken aan die taal wat onderskei word vandat verskille tussen dít en die ander Germaanse tale rondom die jaar 100 AD begin verskyn het, en is tot rondom 1500 AD gepraat (Gordon, 1957: 265). Rondom 1000 AD het daar dialekverskille begin intree wat 'n oos/wes indeling regverdig, en die eerste verskille het kort daarna begin intree tussen Oud-Yslands en Oud-Noorweegse aan die een kant, en Oud-Sweeds en Oud-Deens aan die ander kant. Die verteenwoordigers van Wes-Noors is dus hedendaagse Yslands en Noorweegse, en Oos-Noors bestaan uit Sweeds en Deens. Oud-Noors kan verder in drie periodes ingedeel word: Primitiewe Noors (100 - 700 AD), Wiking Noors (700 - 1100 AD) en Literêre Oud-Noors (1100 - 1500 AD). Die term "Oud-Noors" dui gewoonlik op Oud-Yslands omdat so te sê alle Oud-Noorse geskrifte van literêre waarde in Oud-Yslands geskryf is. Die groeppindelings kan soos volg skematies voorgestel word:




Voor die jaar 100 AD was daar dus minder verskille tussen die Germaanse tale - waarvan Afrikaans 'n afstammeling is - as wat tans die geval is. Hierdie verwantskap is duidelik wanneer Afrikaans en Oud-Noors leksikaal vergelyk

word, byvoorbeeld met die volgende selfstandige naamwoorde: "álfr" (elf), "bátr" (boot), "dvergr" (dwerf), "fiskr" (vis), "haukr" (valk of hawik, soos Engels "hawk"), "hjálmr" (helm), "hrafn" (raaf), "hús" (huis), "íss" (ys), "konungr" (koning), "maðr" (man/mens), "steinn" (steen), "úlfr" (wolf). Onderstaande frase uit *Eiríksmál*, wat rondom 950 AD geskryf is, is amper verstaanbaar vir 'n Afrikaanssprekende persoon (Jónsson, 1973: 165): "Heill nú Eiríkr, vel skalt hér kominn ok gakk í höll horskr," (Heil aan jou Eiríkr, wees welkom hier en gaan in die saal in, wyse koning). Ander male is Oud-Yslands moeiliker verstaanbaar, en op grammatikale en sintaktiese vlak bestaan daar heelwat drastiese verskille wat dit vir die Afrikaanssprekende moeilik maak om aan te leer.

Hierteenoor is Afrikaans verder verwyderd van byvoorbeeld Frans. Die Indo-Europese tale kan in elf groepe ingedeel word (Renfrew, 1989: 74): Anatolies, Hellenies, Romaans, Illiries, Slawies, Balties, Germaans, Kelties, Armeens, Indo-Iraans en Togaars. Hierdie is 'n skematiese voorstelling van die belangrikste Europese verteenwoordigers van die Indo-Europese tale:

Die vernaamste Europese verteenwoordigers van die Indo-Europese tale



Italiaans of Grieks is dus aansienlik verder van Afrikaans verwyderd as Yslands vanuit 'n taalkundige oogpunt, maar die vraag is nou of dit enigsins van belang is uit 'n kulturele oogpunt. Dit is wel so dat taal nie noodwendig met kultuur saamhang nie - Afrikaanssprekendes op die Kaapse vlaktes het byvoorbeeld 'n totaal ander kultuur as dié in Bloemfonteinse voorstede. Tog is volke meesal geneig om dieselfde taal, kultuur en fisiese eienskappe te hê, alhoewel daar sekerlik uitsonderings bestaan. Maar die kulturele skakeling word wel genoem deur onder andere Graves (1968: 245). Hy skryf dat die Germaanse stamme 'n "certain community of culture" gehad het, "and very probably shared the same religious beliefs". Dit beteken nie dat al die Germaanse stamme in die eerste eeu of vroeër een uniforme geloof gehad het nie; net dat daar wel sterk ooreenkomste was. Die meeste van ons informasie in verband met die Germaanse geloof kom uit die Yslandse geskrifte, en aangesien dit soveel later opgeteken is, is die verskille tussen dít en wat ons vanuit ander bronne van 'n vroeëre Germaanse geloof weet, nie 'n verrassing nie.

Een ooreenkoms is byvoorbeeld die belangrikheid van 'n boom wat die wêreld ondersteun in die Germaanse mitologie - die Yslandse (Oud-Noorse) Yggdrasill. Die Saksers het dit die *Irmensul* genoem - 'n groot pilaar - en hiervan weet ons omdat Karel die Grote so 'n *Irmensul* in 772 AD vernietig het. Aangesien baie Afrikaners van Duitse herkoms is (al is dit slegs gedeeltelik), is die Saksiese *Irmensul* deel van die Afrikaner se kulturele erfenis. Wat die gode betref, is daar ooreenkomste en verskille tussen die Yslandse geskrifte en wat ons vanaf ander bronne weet in verband met die ander Germaanse stamme. Drie gode kom oraloor voor en is dus eweseer die kulturele erfenis van 'n moderne Yslander as van 'n Afrikaner: Woden/Óðinn, Donar/Pórr en Tiw/Ziu/Tyr. Mimir is ook volgens Graves (1968: 257) aan al die Germaanse volke bekend, maar hierteenoor

is Loki 'n produk van die Skandinawiese verbeelding (Graves, 1968: 266) en kom hy nie in die ander Germaanse gelowe voor nie. Baldr was ook in Duitsland sowel as in Skandinawië bekend, maar Hœnir, Bragi, Víðarr en Ullr is weer tot Skandinawië beperk. Die enigste godin wat ons uit Oud-Noorse bronne ken wat oral in die Germaanse wêreld bekend was, is Frigg/Frija³, en waar daar drie Nornir (drie vroue-figure verantwoordelik vir die noodlot) in Noorse mitologie bestaan, was daar oorspronklik waarskynlik een - Urðr - wat deur al die Germaanse stamme geken is. Die *valkyrjur* is alombekend: die Duitsers het hulle *Idisi* genoem, en in Angel-Saksies is 'n *valkyrja* 'n *waelcyrie* (Graves, 1968: 278).

Aangesien hierdie studie nie gemoeid is met die opnoem van 'n gedetailleerde lys van ooreenkomste en verskille tussen die Germaanse stamme se persepsies van die bo-natuurlike nie, word daar met hierdie kort opsomming volstaan. Dit behoort egter duidelik te wees dat beide Afrikaans en die Afrikaner 'n gemeenskaplike voorvader-kultuur en -taal met Yslands en die Yslander deel.

³Ons dae van die week getuig daarvan dat hierdie gode deur die Germaanse wêreld bekend was (sien nota oor *Óðinsdagr*). Let egter daarop dat Frija 'n ander vorm van die naam Frigg is, en nie Freyja nie. Freyja is 'n ander godin wat tot die Vanir behoort en nie die eggenote van Óðinn is nie.

Inleiding tot die Yslandse literatuur

Volgens O'Brien O'Keefe (vgl. Godden en Lapidge, 1991:109) is "the goal of heroic conduct [...] *dom*, or *lof*, or *mærðu*, which lives on in the speech of those coming after". Dit is die herinnering wat voortleef in die gedagtes van dié wat hom/haar geken het, maar bowenal in die stories en gedigte wat oor hom/haar geskryf is. Die hom/haar-indeling is nie slegs moderne polities-korrektheid nie - verskeie vroue-helde word benewens hul manlike eweknieë deur die heroïese literatuur onthou; 'n paar Yslandse voorbeelde sal later uitgewys word. Heroïese literatuur bewaar die held se reputasie en, soos die alombekende strofe 77 uit die *Hávamál* dit stel, *hóm* as't ware:

Deyr fé, deyja frændr,
deyr sjálfr it sama;
ek veit einn at aldri deyr:
dómr of dauðan hvern.

(Gordon, 1957: 153)

(Cattle die, kinsmen die,
the self must also die;
I know one thing which never dies:
the reputation of each dead man.)

(vert. Larrington, 1996: 24)

Die Middeleeuse Yslandse sagas vorm deel van die Germaanse heroïese literatuur (Jones, 1961: viii), en is "in their temper also, and in the quality of their heroic ideal, [...] the inheritors of the older heroic poetry" (Ker, 1931: 199).

Verder verskaf dit die enigste samehangende beeld van die Oud-Noorse kulturele gebruike, bygelowe en religie, en aangesien laasgenoemde 'n vertakking van die Ou Germaanse geloof is, lewer dit 'n blik op die Germaanse volke se voorgeslagte en hulle persepsies van die wêreld. Die studie van die

Yslandse literatuur is dus nie 'n studie van 'n ander, verafgeleë land, bewoon deur mense wat niks met Europeërs en veral Afrikaners te doen het nie, maar 'n studie van ons Germaanse herkoms, soos reeds aangetoon is. Wanneer Egill Skallagrímsson runes (die Ou Germaanse skrifvorm met bo-natuurlike aspekte, sien nota) uitkerf, is hy nie 'n wildvreemde mens wat sy kultuur uitleef nie - hy doen dit soos wat ons Afrikaners se voorgeslagte dit gedoen het. Tacitus merk byvoorbeeld op dat die Germaanse stamme van die eerste eeu ook tekens op hout gekerf het vir religieuse doeleindes (vgl. Mattingly, 1970: 109). Sigurðsson (2004: 5) noem dat die Yslandse literatuur baie ou wortels het:

In the works produced by Icelanders we find a world view that reflects a very different culture from the 'Mediterranean' culture that came to the North with the Church, and we may suppose that the roots of this culture lie in the lands of the North and stretch back long before the coming of Christianity, before eventually flourishing in Iceland.

Die Middeleeuse Yslandse saga is grotendeels in die dertiende eeu geskryf. Ek verkies die woord "saga" om dit te onderskei van die ander verwysing "sage", soos die Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT) ook doen. Volgens die HAT beteken die woord "saga" 'n "Oud-Noorse verhaal van helde uit die Yslandse (en ander Skandinawiese) geskiedenis", terwyl die woord "sage" dui op 'n "oorgelewerde romantiese verhaal; volksoorlewering van 'n volksheld met historiese agtergrond, maar deur fantasie uitgebrei; legende" (Odendal et al, 1979: 934). "Saga" is dus die juiste Afrikaanse term.

Afgesien van die inhoud, is die Yslandse saga op sigself 'n fassinerende literêre tradisie - soos wat hierdie inleidende stuk hopelik sal aantoon. Die saga verskaf 'n realistiese perspektief op 'n bestaan wat in die middeleeue ongehoord was: huislike omstandighede word beskryf, belangrike karakters is nie noodwendig

manlik of van die adelstand nie en gevegte is nie altyd romanties nie. Hieroor skryf Ker (1931: 182):

While the life represented in the Sagas is more primitive, less civilised, than the life of the great Southern nations in the Middle Ages, the record of that life is by a still greater interval in advance of all the common modes of narrative then known to the more fortunate or more luxurious parts of Europe. The conventional form of the Saga has none of the common medieval restrictions of view.

Hierdie "common medieval restrictions of view" verwys na kontinentale bronne se geneigdheid om op die adelstand te fokus. In die *Nibelungenlied* word die leser byvoorbeeld nie blootgestel aan "gewone" mense (kleinboere) en slawe nie; handeling sentreer meesal rondom die adelstand en hulle bedrywighede. Dit is nie die geval met die *Íslendingasögur* nie: of 'n karakter 'n plek in die saga gegun word, word nie beïnvloed deur sy sosiale stand nie.

Middeleeuse literatuur is dikwels anoniem. Dieselfde geld vir die Yslandse sagas, maar Byock (2001: 146) noem dat *Droplaugarsona saga* een uitsondering is waar daar gesê word dat dit Þorvaldr was "er sagði sögu þessa" (wat die saga vertel het) (Sigurðsson, 2004: 200). Historici is egter nie noodwendig anoniem nie en die bekendste is sekerlik Snorri Sturluson (1178-1241 AD), die skrywer van die *Heimskringla* en die *Edda* (algemeen bekend as die *Prose Edda*). Snorri het as jong man by Oddi leer skryf (Sigurðsson, 2004: 5), maar was anders as ander Middeleeuse historici, soos Sigurðsson (2004: 8) opmerk:

Snorri does not use his myths as a springboard for moral exegesis [...]. Neither does he ever refer to Latin writers (with the sole exception of Sæmundr fróði), nor to the Bible - making him unique among medieval writers.

Daar is reeds heelwat studie in die buiteland oor die Yslandse geskifte gedoen, en dit is nie die doel van hierdie studie om nuwe lig op die Yslandse sagas te werp nie - eerder om die genre aan Afrikaans en die Afrikaanse leser bekend te stel aangesien daar weinig bronne hieroor in Afrikaans bestaan. In die bronnelys is 'n aantal interessante en insiggewende bronne wat 'n beter begrip van die onderwerp sal kan genereer.

Naamgewing is altyd 'n probleem by hierdie literatuur en sekondêre bronne gebruik baiekeer verskillende spellings en vorme. Ek het na individuele sagas en karakters met die oorspronklike Oud-Noorse (Oud-Yslandse) name verwys, want om byvoorbeeld na *Eiríks saga rauða* in Afrikaans te verwys as *Die saga van Erik die Rooie* sal net verwarring veroorsaak by diegene wat verder wil ondersoek instel. My naamvorme is sover moontlik in navolging van Gísli Sigurðsson (2004) en is andersins met behulp van Gordon (1957) aangevul. By die uitspraak van Oud-Noorse name moet net daarop gelet word dat 'n aksent op 'n klinker 'n lang klank aandui, en *thorn* (þ) en *eth* (ð) word soos die Engelse 'th' uitgespreek (laasgenoemde is gewoonlik stemhebbend, eersgenoemde stemloos). Aan die einde van die werk is 'n lys notas wat daarop gemik is om meer inligting te gee wat moontlik 'n onderbreking sou veroorsaak as dit in die hoofteks weergegee is, maar steeds belangrik is. Woorde wat in *Valgarðs saga Gunnvaldsson* skuins gedruk word, word in die notas verklaar.

Klassifikasie

Dit wat tot op hede die Yslandse saga genoem is, kan self in verskillende kategorieë ingedeel word wat elk sy besondere kenmerke vertoon. Volledigheidshalwe word ander saga-subgenres vlugtig genoem sodat die persepsie nie geskep word dat daar slegs één vorm van Yslandse saga is nie, maar aangesien dit juis die *Íslendingasögur* (sagas van die Yslanders) of familiesagas is wat die onderskeidende subgenre is, sal slegs dít in diepte ondersoek word. Niks bestaan egter in 'n lugleegte nie en daarom moet kennis geneem word van naverwante literêre strominge wat soms oorvleuelende kenmerke met die *Íslendingasögur* gemeen het. So byvoorbeeld word genoem dat die Wikingsagas rondom *víkingr*-ekspedisies sentreer (Oud-Noorse term wat na plundertogte of plunderaars self verwys; vir meer inligting sien nota), wat ook in die *Íslendingasögur* voorkom. Hierdie studie is gemoeid met die *Íslendingasögur*, maar daar sal sporadies na relevante verwantskappe met ander subgenres verwys word.

Die woord *saga* word verbind met die Oud-Noorse *segja* ("om te sê") en beteken beide "geskiedenis" en "storie". Dit word deur Eddison (1930: xxviii) gedefinieer as:

[A] prose narrative which deals dramatically with historical material, and in which the interest is concentrated upon individual persons, their characters, actions, and destinies.

Fokus op karakter is 'n sentrale kenmerk wat in 'n groot mate die ander kenmerke determineer, byvoorbeeld wanneer die verteller nie uitwei oor hoe die landskap lyk nie, maar eerder van sy karakter vertel. Verder skryf Magnusson

en Pálsson (1965: 37) die saga is:

[A] unique blend of entertainment and learning, fact and fantasy, history and story-telling, literary endeavour and family pride, pagan past and Christian present.

Ek volg Schier (1970) se indelings van die Middeleeuse Yslandse literatuur:

1). Konungasögur (sagas van konings) is vertellings oor die konings en leiers van die Skandinawiese wêreld. Dit maak 'n sterk aanspraak op historiese geldigheid en die feite kan soms, op grond van kontinentale bronne wat met dieselfde materiaal gemoeid is, gestaaf word. Fiktiewe elemente kom egter wel voor en word met die feitlike verstrengel. Bekende voorbeelde is *Heimskringla* (of *Nóregs konunga sögur*) van Snorri Sturluson, *Sverris saga* oor koning Sverrir, *Morkinskinna*, *Fagrskinna*, *Knýtlinga saga* oor Knútr Sveinnsson, *Orkneyinga saga* oor die Orkney eilande, *Jómsvíkinga saga* oor die beroemde Jómsvíkingar en die veldslag van Hjörungavágr, *Færeyinga saga*, *Landnámabók* en *Íslendingabók*. Die feitlikheid van hierdie voorbeelde verskil onderling baie, en sommige is meer bruikbaar as ander as historiese bronne. Dié onderskeid tussen gewone koningskronieke en die *Konungasögur*, lê volgens Schier (1970: 10) in die literêre waarde van laasgenoemde:

Nach andere Auffassung werden die eigentlichen *Konungasögur* dadurch charakterisiert, daß in ihnen das unterhaltende, rein künstlerische Moment stärker ausgeprägt ist.

2). Íslendingasögur (sagas van die Yslanders) is die objek van hierdie studie en sal later in meer besonderhede behandel word. Voorbeelde is *Egils saga Skallagrímsson*, *Laxdæla saga*, *Fóstbræðra saga*, *Eyrbyggja saga*, *Gísla saga*, *Grettis saga Ásmundarson*, *Vatnsdæla saga*, *Víga-Glúms saga*, *Ljósvetninga saga*, *Hrafnkels saga Freysgoða*, *Vápnfirðinga saga*, *Droplaugarsona saga*, *Njáls saga*, *Gunnlaugs saga*

Ormstungu, Eiríks saga rauða, Grænlandinga saga, Hænsa-Póris saga en Kormáks saga.

3.) Fornaldarsögur (sagas van vergange tye) speel meesal af in die verre verlede voor die ontdekking van Ysland, in lande van Noord Europa en dié lande wat aan die *víkingar* bekend was (Schier, 1970: 72), en die naam is die eerste maal deur Carl Christian Rafn gebruik. Dit is legendaries van aard en Schier onderskei 'n verdere drie groepe *Fornaldarsögur*: "Heldensagas", "Wikingersagas" en "Abenteuersagas" (1970: 73).

3.1). Die "Heldensagas" is meesal gemoeid met die Germaanse heroïese verlede, veral tydens die *Völkerwanderungszeit*⁴. Die bekendste voorbeeld hiervan is sekerlik *Völsunga saga* wat handel oor Sigurðr Fáfnisbani Sigmundsson, die Siegfried van die *Nibelungenlied*. Dit is verlangs gegrond op historiese gebeurtenisse, soos Hatto (1965: 385) te kenne gee: "As has been inferred for the *Iliad* and as is certain for the *Song of Roland* [*Chanson de Roland*], the prime source for the Nibelung legend was a historical event". Mettertyd dryf die legende egter al hoe verder weg vanaf die oorspronklike gebeurtenis, en dit word onmoontlik

⁴ *Völkerwanderungszeit*, ook bekend as die tydperk van migrasies. Germaanse stamme het reeds van voor die geboorte van Christus die Romeinse Ryk binnegekom, maar die term dui die legendariese tydperk van onder andere die Volsung dinastie aan, aangesien dít die tydperk van die meeste beweging was. Godden (vgl. Godden en Lapidge, 1991: 89) definieer die tydperk soos volg:

Germanic legend as usually defined has to do with figures and events situated in a two-hundred-year period extending between the fourth and sixth centuries, from the incursions of the Huns and death of Ermanaric in 357 to the conquest of Italy by the *Longobardi* (Lombards) under Alboin in 569: the 'heroic' or founding age of Europe.

Kyk ook Davis (1970) vir meer besonderhede.

om die fiktiewe van die feitlike te skei. Schier (1970: 74) skryf verder in verband met die "Heldensagas":

Der Grundton der Heldensagas ist ernst, sie enden in der Regel tragisch; die Lebendeinstellung des Heldenliedes ist auch hier noch deutlich zu erkennen, obgleich allerdings häufig weichere Züge in den Vordergrund treten.

Die volgende temas wat Simpson (1987: 68 - 69) noem, kan by die "Heldensagas" verag word en word gereeld by Europese volksvertellings aangetref, asook verskeie mites en religieë:

The hero's conception and birth are peculiar - miraculous, monstrous, or incestuous - and are accompanied by prophecies and portents. His life is threatened in infancy, but he is saved and reared incognito. After initiatory tests, he obtains wonderful weapons. He probably fights monsters and supernatural beings, and/or visits the Otherworld. His death, preceded by portents, is dramatic; it may come while fighting against great odds, by treachery, by supernatural intervention, or in fulfilment of a curse. He may disappear, not die; his return may be prophesied.

Hierdie terugkerende motiewe behoort herkenning te bewerkstellig by enigiemand vertrouwd met Arthuriëse literatuur, en baie daarvan kom by die verhaal van Sigurðr Fáfnisbani (Siegfried) voor. Dit is ook geensins beperk tot antieke literatuur nie; baie Hollywood-films gebruik nog dieselfde motiewe: vergelyk byvoorbeeld die *Terminator*-trilogie of *Conan the Barbarian*.

3.2). Die "Wikingersagas" handel oor legendariese *vikingr* helde waarvan Schier (1970: 76) 'n aantal kenmerke noem:

Die stehenden Motive in den Wikingersagas sind Kriegs- oder Beutefahrten, Begegnungen mit andern Wikingern und daraus entstehende Kämpfe zu Schiffe oder auf dem Lande und eine Fülle gefährlicher Abenteuer verschiedener Art.

Bekende voorbeelde hiervan is *Hrólfs saga Kraka* en *Ragnars saga Loðbrókar*.

3.3) "Abenteuersagas" (avontuursagas) is meesal fiksioneel van aard met kontinentale of Keltiese invloede, maar ook gegrond op volksvertellings. Voorbeelde is *Hálfðanar saga Brönufóstra* en *Egils saga ok Ásmundar*. Dit is nou verwant aan die *lygisögur* (sien *Märchensagas*) en word soms moeilik daarvan onderskei.

4.) *Sturlunga saga*. Dit is meesal in die dertiende eeu geskryf. Die handeling sentreer grotendeels rondom die magtigste families in Ysland vanaf 1117 - 1263 AD, waarvan die letterkundige en historikus Snorri Sturluson sekerlik die bekendste lid was. Dit is sterk histories en het die voordeel dat die vertellings nie so ver verwyderd vanaf die gebeurtenisse soos die *Íslendingasögur* is nie en dus meer geloofwaardigheid besit, wat uiteraard vir historici van waarde is. Die *Sturlunga sögur* is meer bemoei met die insidente tussen die groot families, waar die *Íslendingasögur* meer met kleiner families bemoei is (Byock, 2001: 147). Saam met die *Byskupasögur* word die sagas in die Sturlunga versameling soms ook die kontemporêre sagas genoem (Byock, 2001: 146).

5.) *Byskupasögur* (sagas van biskoppe) behandel die lewens van die vernaamste biskoppe en handel voorts oor ander kerklike aangeleenthede. Voorbeelde is *Jóns saga helga*, *Kristni saga* en *Hungrova*. In 'n studie vanuit 'n letterkundige perspektief - soos hierdie inleiding tot die Middeleeuse Yslandse saga - het dit ongelukkig beperkte waarde.

6). Riddarasögur (riddersagas) is sagas wat vergelykbaar met die hofromanse in die kontinentale literatuur is, soos die Arthuriaanse *Tristrams saga ok Ísondar* en *Parcevals saga*. Tekste soos *Karlamagnús saga* is 'n oorvertelling van verskeie *chansons de geste*, onder andere ook die *Chanson de Roland*, en handel oor Karel die Grote. Hierdie sagas het uiteraard nie in Ysland ontstaan nie, maar is verwerkings van kontinentale bronne. Die historisiteit van die *riddarasögur* is - in navolging van hulle kontinentale bronne - betwyfelbaar en dit besit nie dieselfde feitlike aanspraak of geloofwaardigheid as die *Íslendingasögur* nie. Die vernietiging van Karel die Grote se agterhoede in Spanje in 778 AD, soos opgeteken in die *Chanson de Roland*, het byvoorbeeld werklik aan die hand van Christene, die Baske, gekom en nie as gevolg van 'n stryd tussen Christene en Moslems soos die verhaal ons wil laat glo nie (Davis, 1970: 143). Dit is meesal moeiliker om die historiese geldigheid van die *Íslendingasögur* in twyfel te trek as wat die geval met die *riddarasögur* is.

Kenmerkend van die hofromanse is die redding van die maagd, waaroor Schlauch (1933: 103) sê: "No theme is more popular in international fiction, down to the present day, than the rescue of a maiden". Die *fornaldarsögur*, *riddarasögur* en *lygisögur* is juis deurspek hiermee. In die *Íslendingasögur* word maagde ook gered: Egill Skallagrímsson red Friðgeir se suster in hoofstuk 64 uit die kloue van Ljót wat met haar wil trou, maar hy trou egter nie self met haar hierna nie: "in the romance sagas the hero nearly always does: that is the chief difference" (Schlauch, 1933: 106).

7). Märchensagas (legendariese sagas) of lygisögur (leuensagas) is uiters nou verwant aan die *abenteuersagas* en *riddarasögur*, maar die onderskeid kan getref word op grond van die feit dat die verhale nóg verder van die werklikheid

wegdryf:

[I]mmer mehr wird die Handlung in eine märchenhafte Phantasiewelt verlegt, in der geographische Namen im Grunde nur noch phantastische Chiffren ohne realen Bezug sind (Schier, 1970: 105).

Die oorgang is egter 'n kwessie van graad en moeilik bepaalbaar. Bogenoemde temas van Simpson kan ook in verband gebring word met die *lygisögur*, want

...the *lygisögur* [...] are nothing if not conventional; therefore it is not surprising that many of them are in substance little more than mosaics of these stereotyped, international literary themes (Schlauch, 1933: 95).

Voorbeelde is *Valdimars saga* en *Vilmundar saga viðutan*. Een belangrike verskil tussen die *lygisögur* en die *Íslendingasögur* is egter die posisie wat deur vergelding beklee word:

Revenge for a dead relative appears very seldom in the *lygisögur* compared with the older sagas, where it was a motive of overwhelming frequency and importance (Schlauch, 1933: 102).

8) Sagas van heiliges soos *Gregorius saga* beeld die legendariese lewens van heiliges uit. Aangesien hierdie studie om heroïese perspektiewe sentreer, is die heilige sagas nie tans van belang nie.

9) Historiese en pseudo-historiese verwerkings sluit onder andere *Breta sögur* in, wat 'n herskrywing of aanpassing van Geoffrey van Monmouth se *History of the kings of Britain* is, asook *Rómverja saga*, wat die geskiedenis van die Romeine beskryf, en *Alexanders saga*, wat oor Alexander die Grote handel.

Daar sal deur die loop van hierdie studie op die *Íslendingasögur* gefokus word

aangesien dít spesifiek die subgenre binne die Middeleeuse Yslandse literatuur is wat die onderskeidende subgenre is. Verder sal daar aangetoon word in watter groot mate die moderne leser aanklank hierby kan vind en iets van waarde daaruit onttrek, want hierdie sub-genre is myns insiens iets waarmee die moderne leser makliker kan identifiseer as met ander Middeleeuse genres.

ÍSLENDINGASÖGUR

Inleidend

Wanneer die student aanvanklik kennis maak met die konsep van die Yslandse saga, is dit met *Njáls saga*, *Egils saga Skallagrímsson*, *Gísli saga*, *Laxdæla saga* of *Grettis saga Ásmundarson*, en hierdie tekste behoort almal tot die *Íslendingasögur*. Die *Íslendingasögur* is meesal in die dertiende eeu geskryf, maar etlikes is wel eers in die vroeg veertiende eeu op skrif gestel. Die gebeure waarmee hierdie sagas bemoei is, speel meesal tussen 930 en 1030 AD af, hoofsaaklik in Ysland, Groenland, Skandinawië en die Britse Eilande.

Die tydperk 930 - 1030 AD hoort binne die tydperk wat bekend staan as die Wiking Era. Die eerste *vikingr*-aanvalle word amptelik in Engeland aangeteken vir die jaar 787 AD, en Lund (vgl. Sawyer, 1997: 181) dui 1086 AD as die einde daarvan aan wanneer Knútr IV (die Heilige) tot sterwe kom. Plundertogte het nie slegs tussen hierdie twee datums voorgekom nie, maar hierdie aanvalle was wel meer intensief. Kolonisasie en verowering van ander lande, met Skandinawië as basis, vind meesal binne hierdie periode plaas - 'n feit wat die dood van Knútr 'n logiese eindpunt maak aangesien hy die laaste Skandinawiese leier van die periode was om 'n weermag saam te stel met die doel om 'n ander land (Engeland) te gaan verower. Periodisering is egter altyd arbitrêr en 1066 AD sal ook 'n goeie datum uitmaak vir die einde van hierdie periode, aangesien Haraldr harðráði ("moeilik om te adviseer") in hierdie jaar die laaste ekspedisie vanaf Noorweë gelei het en met 'n veroweringsdoel in Engeland aangeland het.

Knútr Sveinnsson die Grote, wat vanaf 1019 - 1035 AD regeer het, was sekerlik militêr die mees suksesvolle Skandinawiese koning van dié tydperk en hy het in 1028 AD die grootste gedeelte van Engeland, die hele Noorweë en Denemarke, die Orkney-eilande en 'n gedeelte van Swede onder sy beheer gehad (Haywood, 1995: 122). Sy dood in 1035 AD het die begin van die einde van veroweringstogte aangedui toe dié wat hom opgevolg het, nie sy ryk bymekaar kon hou nie. Etlieke veroweringstogte is verder aangepak, waarvan die reeds genoemde Haraldr harðráði Sigurðsson se poging in 1066 AD om Engeland te verower, merkbaar uitstaan. Knútr die Heilige (wat vanaf 1080 - 1086 AD regeer het) was die laaste van die *vikingr*-konings wat 'n veroweringstog wou onderneem, maar sy weermag het nooit geseil nie en sy dood het die einde van Skandinawiese militêre beheer in Engeland bewerkstellig. Ná hom was daar geen Eiríkr Blóðøxe, Sveinn Haraldsson of Haraldr harðráði meer nie.

Die kolonisering van Ysland het in alle erns in die 870s begin, soos deur Ari fróði ("die wyse/ingeligte") beweer in sy *Íslendingabók*. Rafnsson (vgl. Sawyer, 1997: 122) skryf dat hierdie bewerings gestaaf word deur beide tephrochronologie (vulkaniese as) en ys-kern ("ice-core") chronologie, asook C14 lesings en argeologiese opgrawings. Daar was egter reeds Ierse monnike wat die eiland sporadies besoek het en selfs in 'n mate daar gewoon het, soos hierdie opmerking in die *Landnámabók* aandui: "Ketill bjó í Kirkjubœ; þar höfðu áðr setit papar, ok eigi máttu þar heiðnir menn búa", (Ketill lived at Kirkjubær; there had previously been papar [i.e. Irish Christian monks] settled there and it was impossible for heathen men to live there) (Sigurðsson, 2004: 76).

In 930 AD is die Yslandse algemene vergadering, die *Alþing*, wat 'n jaarlikse samekoms van die belangrikste grondbesitters in Ysland was, ingestel. 1030 AD

is die jaar waarin die slag van Stiklestaðir geveg is toe St Óláfr (Óláfr Haraldson) dood is. Hy was vir baie Yslanders 'n held - deels omdat hy as 'n eg Skandinawiese heilige gesien is - en sy dood behoort gevolglik in die Middeleeuse Yslandse perspektief belangrik te wees. Die feit dat Knútr die Grote in 1035 AD oorlede is, beteken ook dat die dertigerjare van die elfde eeu 'n politieke waterskeiding was.

Die idilliese beeld van die *víkingr* as "noble savage" is reeds lank gelede weêrlê. Dit is 'n totaal foutiewe beeld om hom te sien as brutale, bloeddorstige avonturier wat vuil en ongepoets plunder en verkrag sover hy gaan, veral met horings op sy helm soos Hågar in die strokiesprent. Dit kan nie ontken word dat die *víkingar* wel gewelddadig was nie, maar hulle was geensins méér so as hulle eweknieë in Europa of Engeland nie.

Daar is byvoorbeeld in die *Annals of St-Bertin* geen optekening van 'n *víkingr* wat ooit 'n vrou verkrag het nie, alhoewel die historici meer as genoeg rede gehad het om so 'n geval op te teken aangesien hulle meesal die slagoffers was. Volgens Nelson (vgl. Sawyer, 1997: 47) bestaan daar in dieselfde bron twee optekeninge van Christene wat wél daaraan skuldig was; in die een geval is 'n non verkrag. Twee belangrike Frankiese vroue het ook eenmaal gaan skuiling soek by die *víkingar* omdat hulle onder die indruk was dat hulle Christelike mans hulle wou doodmaak. Dit is duidelik nie iets wat sou gebeur het as die tradisionele *víkingr*-beeld akkuraat was nie. Die leser moet besef dat die tradisionele *víkingr*-beeld vals is sodat hierdie literatuur na regte waardeer kan word, en die sagas self sal hul bydrae lewer om dit te bewerkstellig.

Kenmerke van die *Íslendingasögur*

Twee konsepte determineer myns insiens die kenmerke van die *Íslendingasögur*: die fokus op karakter en die strewe na realisme. Om hierdie rede word die kenmerke onder hierdie hoofde ingedeel.

REALISME

Narratologies

Narratologies: algemeen

Daar moet op gelet word dat die outeurs van die sagas nie ongeletterd en "eenvoudig" was nie, en hul geskrifte nie ongerepte, primitiewe optekeninge van die Germaanse heroïese gees is nie. Geleerdheid is hoog aangeprys in Ysland en die outeurs was bewus van literêre strominge in Engeland, Ierland en op die kontinent. Soms kan kontinentale parallele getrek word, en waar die sagas wegbreek van die Europese vorm deur byvoorbeeld nie moraliserend te skryf nie, word dit met opset gedoen:

The sagas are not by any means pure Northern work outside of the common literary influences; their independence is not an ignorant barbarism. If they comply little with the ordinary tone of Latin education it is because their authors made it so, and not because their authors wanted [lacked] the regular book-learning (Ker, 1906: 313).

Gísli Sigurðsson (2004: 118) beaam dat daar kontinentale invloede was, veral ook Ierse invloede, wat vorm aan die bestaande orale tradisie kon verleen het:

The book learning of these men and others living in the same cultural environment, and in particular the examples of structured narratives that they found in books imported from abroad, enabled them to bring order to

the enormous and diverse corpus of oral lore and shape it into large-scale written sagas and works of scholarship.

Realisme is 'n kenmerk van die narratiewe struktuur van die *Íslendingasögur*. W. P. Ker (1931: 200) skryf: "The Sagas differ from all other 'heroic' literatures in the larger proportion that they give to the meanness of reality", en Gordon (1957: lix) voeg by dat hierdie aanspraak op realisme "almost unparalleled in medieval times" is. Dit word gedoen deur die skynbaar objektiewe vertelwyse en die voorstelling van historiese korrektheid, die stem van landbewoners wat weergegee word en die alledaagse gebeure wat baie maal beskryf word. Temas soos verganklikheid en fatalisme ondersteun dit en sal later behandel word.

Nordal (1957: 31) wys daarop dat realisme nie tot inhoud beperk is nie:

It is however not in the subject matter but in the way of narration that the realism of the Sagas is most notable. The writers try at all times to limit themselves to telling what can be observed: how the persons look, act and speak.

Die gevolg is dat dit soos 'n storie in die alledaagse wêreld vertel word, asof die verteller dit alles gesien gebeur het en nie uitgedink het nie. Die sagas word altyd deur 'n derdepersoonsverteller vertel. Hy is egter, in teenstelling met die derdepersoonsverteller van die moderne roman, nooit alwetend nie, soos Bätke (1974: 169, 170) skryf:

Der Erzähler selbst nimmt sich nicht das Recht, in die Seelen seiner Personen hineinzuleuchten oder mehr über sie zu wissen als was durch die Saga selbst offenbart wird [...] er macht uns damit zu Zuschauern einer Szene und überläßt uns die psychologische Ausdeutung.

Hierdie opmerking word deur Phillpotts (1931: 171) beaam:

The Saga-teller utterly rejects the convention of the modern novel, that the

author is a kind of god who knows, not only everything that is spoken in private, but also all that is going on inside the minds of his characters - even of what those personages themselves are not conscious.

Met ander woorde die reaksie van 'n karakter op iets wat byvoorbeeld aan hom gesê is, kan nie weergegee word deur sy gedagtes met behulp van byvoorbeeld die moderne gedagtestroom-tegniek weer te gee nie; dit moet indirek deur sy handeling spreek. Hierteenoor word daar telke male in die *Nibelungenlied* gedagtes weergegee: " 'Ah, if only this has happened to me,' thought many a knight, 'that I should walk at her side as I have seen him do' " (Hatto, 1965: 49), en later: " 'I have such wealth and power that I shall yet do my enemies some harm,' she [Kriemhild] thought, 'and most gladly would I do it to Hagen of Troneck' " (Hatto, 1965: 178).

Hy kan ook nie eens emosie deur dialoog oordra nie, want blykbaar "in the opinion of the Icelanders [...] speech was not given for the free expression of deep emotion" (Phillipotts, 1931: 180). Emosie kan slegs indirek oorgedra word, byvoorbeeld in *Hænsa-Þóris saga* waar aan Blundketil gevra word of hy gewond is omdat sy gesig so rooi is. Nadat Guðrún van *Laxdæla saga* gehoor het dat Kjartan (haar geliefde) waarskynlik 'n verhouding met Ingibjörg het en moontlik met laasgenoemde in die huwelik kan tree, lui die beskrywing:

Guðrún kvað þat góð tídendi, - 'en því at eins er Kjartani fullboðit, ef hann fær góða konu,' ok lét þá þegar falla niðr talit, gekk á brott ok var allrauð (Kálund, 1896: 132).

(Gudrun said that these were good tidings: only so will Kjartan have his due, if he gets him a good wife. Then she let the talk drop, went away and was full red) (Proctor, 1903: 133).

Die verantwoordelikheid berus dus by die leser om die suggestie raak te lees en

die karakter se gevoelens af te lei. Die enigste direkte manier hoe 'n karakter sy gevoelens kan openbaar, is in skaldiese poësie, soos Egill Skallagrímsson doen in *Sonatorrek*.

Die feit dat emosie en gedagtes nie binne die saga weergegee word nie, beteken egter geensins dat introspeksie afwesig is nie; die verteller se wyse van oordrag van psigologiese aspekte verskil slegs van die moderne roman, soos Bætke (1974: 171) beweer:

Ihr Interesse ist also wesentlich psychologisch. Aber sie sieht den Menschen nicht als denkendes und fühlendes, sondern als handelndes Wesen.

Watter tipe mens Bolli in *Laxdæla saga* is, word byvoorbeeld deur hierdie gedeelte uit hoofstuk XLVII geopenbaar:

Bolli lét, sem hann heyðri eigi, sem jafnan er Kjartani var hallmælt, því at hann var vanr at þegja eða mæla í móti (Kålund, 1896: 152).

(Bolli made as though he heard not, as ever when Kjartan was ill spoken of; for his wont [habit] was either to hold his peace or to gainsay [contradict] them) (Proctor, 1903: 155).

Dialog word nou uiteraard belangrik omdat elke woord die karakter openbaar, en die leser moet telkens bewus wees van die implikasies van wat gesê word. Om die impak van dialog te beklemtoon word dit spaarsamig gebruik en hierdie algemeen terughoudende styl van die verteller is kenmerkend van die sagas; in die dialog en die res van die vertelling. Dramatiese effek word verkry deur eenvoud, deur doelbewuste weglatings van betekenisvolle informasie wat die klem eerder plaas op wat nie gesê word nie:

The action develops slowly but relentlessly; the clash of one human being against another is presented in trenchant, pointed, epigrammatic sentences;

a gesture or a spoken word is made to reveal the profoundest motives and is charged with the heaviest consequences; the important scenes are developed with full consciousness of their dramatic effect. Above all things the authors understood the power of reticence. The thing which is not said is often more eloquent than what is told; when two persons meet and exchange indifferent remarks, the reader is fully aware of what is seething within them, even though the sagaman holds his tongue; perhaps the more so for this very reason (Schlauch, 1933: 2 - 3).

Tekenend hiervan is 'n treffende passasie uit *Laxdæla saga*, hoofstuk LV. Guðrún se man, Bolli, is pas doodgemaak en sy gaan gesels met dié wat daarvoor verantwoordelik was:

Eptir þetta ganga þeir út ór selinu. Guðrún gengr þá neðan frá læknum ok til tals við þá Halldór ok spurði, hvat til tíðenda hafði gorz í skiptum þeira Bolla. Þeir segja slíkt, sem í hafði görz. Guðrún var í námkyrtli, ok við vefjar upphlutr þröngr, en sveigr mikill á höfði. Hon hafði knýtt um sik blæju, ok váru í mörk blá ok tröf fyrir enda. Helgi Harðbeinsson gekk at Guðrúnu ok tók blæjuendann ok þerði blóð af spjótinu því enu sama, er hann lagði Bolla í gegnum með. Guðrún leit til hans ok brosti við. Þá mælti Halldór: 'þetta er illmannliga gört ok grimmliga.' Helgi bað hann eigi þat harma; 'því at ek hygg þat,' segir hann, 'at undir þessu blæjuhorni búi minn höfuðsbani.' Síðan tóku þeir hesta sína ok riðu í brott. Guðrún gekk á veg með þeim ok talaði við þá um hríð. Síðan hvarf hon aprtr (Kálund, 1896: 171).

(Now go they out of the fell-kot [hill-cottage]; but Gudrun cometh down from the water to speak with Halldor, and asks what had betid [happened] in the encounter betwixt them and Bolli. They say even as it was. Gudrun was so arrayed that she was clad in a stuff kirtle, and had a bodice of web fitting closely; a mickle [beautiful] coif on her head; she had knotted a scarf round her; blue lines were done thereon, and the ends were fringed. Helgi Hardbeinson went to Gudrun and took the end of the scarf, and wiped the blood off his spear, that same wherewith he had thrust Bolli through. Gudrun looked at him and smiled. Then spake Halldor, and said that this was grimly done and unmanly. Helgi bade him grieve not at that; because 'methinks', quoth he, 'that under this scarfend abides he that shall be my life's bane'. Then take they their horses and ride away. Gudrun went along

the way with them and talked therewith for a space; afterward turned she back) (Proctor, 1903: 177).

Guðrún se karakter as 'n sterk, gedetermineerde en onafhanklike vrou word deur haar kalm benadering tot die situasie geskets. Dit mag wel voorkom asof sy nie omgee oor die lot van Bolli nie, maar die daaropvolgende gedeeltes bewys die teendeel. Die feit dat sy die moordenaar met 'n glimlag begroet terwyl hy haar man se bloed aan haar serp afvee, is juis 'n aanduiding dat sy toe reeds besluit het om haarself op hulle te wreek. (Meer later oor hierdie Guðrún).

Narratiewe strukture

Die narratiewe struktuur komplementeer die poging tot realisme. Sagas vertel nie net van 'n belangrike insident nie, maar ook van wat voor en na daardie insident gebeur het (Clover, 1982: 37), soos wat gebeur in die alledaagse lewe binne 'n netwerk van handeling plaasvind. Die saga begin gevolglik met 'n inleiding (wat baie uitgebreid kan wees) wat die hoofkarakter se saga voorafgaan en van sy voorsate vertel:

Mehrmals setzen Sagas aber schon bei den norwegischen Vohrfahren von Sagapersonen ein und reichen dann etwas weiter in die Vergangenheit zurück (Schier, 1970: 34).

In *Egils saga Skallagrímsson* word die verhaal by Egill se grootvader, Kveldúlf, begin en dit vertel dan eers van Skallagrímr voordat Egill uiteindelik in hoofstuk 40 (bl. 74 in Eddison se vertaling) sy toetred tot die verhaal maak.

Na die hoofkarakter se dood word verder vertel van wat van sy familie lewe

geword het, en dus eindig dit nie met die dood van 'n karakter nie en begin ook nie *in medias res* of selfs met 'n karakter se geboorte nie:

The saga ending is thus the analogue of the saga beginning: the one elaborates the careers of ancestors and the other the careers of progeny or other surviving kin (Clover, 1982: 40).

Dit is 'n poging tot volledigheid, want alles wat *frásagnar-verðr* (die moeite werd om te vertel) is, is die moeite werd om in geheel te vertel. Maxwell skryf (vgl. Clover, 1982: 34): "Sagas prefer to deal with whole episodes, not pieces or aspects or reflections of them". Om dieselfde rede plaas die verteller nooit 'n storie wat vooraf gebeur het, in 'n karakter se mond nie. Volgens Maxwell se "principle of the integrity of episodes" is iets wat *frásagnar-verðr* is, nie alleen die moeite werd om in detail te vertel nie, maar ook om deur die verteller vertel te word (Clover, 1982: 112). Hierteenoor word daar byvoorbeeld in die *Nibelungenlied* gevind dat Hagen van Siegfried se ondervindings vertel (Hatto, 1965: 27, 28) en daardeur vir die leser 'n agtergrondskets verskaf.

Thaddaeus Zielinski het drie vertelstrukture by ouer literature geïdentifiseer (vgl. Clover, 1982: 110 - 111). Die eerste is die *nachträgliche reproducierend-combinatorische* (sic) metode, wat Clover as *retrospective report* vertaal. Aksie A word deur die verteller weergegee terwyl aksie B, wat op die selfde tydstip plaasgevind het, deur 'n karakter vertel word. Soos reeds genoem kom dit nie binne die sagas voor nie.

Die tweede metode word deur Clover as *discontinuous retrieval* vertaal vanuit die oorspronklike *gleichzeitige analysierend-desultorische* metode. Die verteller gee aksie A weer, verlaat dit by 'n gepaste moment en gaan na aksie B. Daar is geen tydsprong nie; eerder word gelyktydigheid voorgestel. B word vertel terwyl A

aangaan sonder om van vertel te word. Dit word gebruik in *Chanson de Roland*, *Nibelungenlied* en *Beowulf*. So byvoorbeeld kan 'n karakter verlaat word wanneer hy siek is, en weer na hom teruggekeer word nadat die siekte uitgewoed is. Dit word soms in kombinasie met die derde metode gebruik.

Derdens identifiseer Zielinski die *zurückgreifende* metode wat deur Clover as *continuous retrieval* vertaal word. Hiermee volg die verteller aksie A tot by 'n gepaste ruspunt en verlaat dit, waarna aksie B by 'n vroeëre punt in tyd opgeneem word. B word vertel tot verby die tydsmoment waar A gelaat is, en dan ook by 'n ruspunt gelaat. A word dan weer opgeneem naastenby waar dit vroeër gelaat is, en hierdie tydsmoment is uiteraard vroeër as waar die vertelling van B gelaat is. Die patroon herhaal telkens en elke storielyn word stuk-stuk só gevolg. In die volledige vorm bied dit twee ononderbroke stories wat gelyktydig vertel word. Tipes twee en drie kom gereeld in die sagas voor, maar kan uit die aard van die saak ook storielyne C en D en E, ensovoorts, insluit. Die gevolg kan uiters gekompliseerd word wanneer die verskillende stories só ineengevleg word.

Clover (1982: 65) noem verder die verskynsel van *stranding* (vlegting) en definieer dit as volg:

Stranding refers to a shift of narrative focus from part to part, usually in a way that entails the discontinuous telling of something that could just as well, and more naturally, be told all at once.

Dit kan vergelyk word met die Franse term *entrelacement* wat gevind word in die Franse Arthuriaanse romanse. Elke *strand* (draad) verteenwoordig 'n storie wat buite konteks 'n onafhanklike vertelling kon wees. Dit wissel in lengte van 'n kort invoeging tot volledige vertellings wat vergelykbaar met *þætttr* of

kortverhale is. So byvoorbeeld vorm die *Fóstbræðra* ("pleegbroers") gedeelte in *Grettis saga Ásmundarson* 'n semi-onafhanklike vertelling. 'n Kenmerk van die draad is dat dit altyd in *ordo naturalis*⁵ vertel word en dus geen tydspronge duld nie; gebeure word vertel in die volgorde wat dit gebeur het. As geheel is die meeste sagas egter in *ordo artificialis* en word hulle deurgaans deur die verteller gemanipuleer op die struktuur wat deur Zielinski geïdentifiseer is (Clover, 1982: 139).

Die voordeel van vlegting is dat dit verduidelikings uit die klimaks wegneem. Verskeie stories kan tegelykertyd vertel word, asook hulle verbintenis tot mekaar, sodat wanneer alles bymekaarkom dit aan die leser duidelik is hoekom karakters griewe teen mekaar het, ensovoorts. Dit is dan nie nodig om op 'n kritieke moment in die narratief terugflitse te doen en optredes te verduidelik wat die verteltrant sal vertraag nie. 'n Karakter se verbintenis tot die hoofkarakter kan byvoorbeeld op hierdie wyse vooraf verduidelik word:

The advance introduction of characters [...] is thus, among other things, a device that enables the narrator to execute a climactic sequence entirely free of explanatory clutter" (Clover, 1982: 69).

En soos in die werklikheid determineer gebeurtenisse optredes, wat weer gebeurtenisse determineer, wat weer optredes determineer:

⁵ *Ordo artificialis* is 'n vorm van organisasie van gebeurtenisse wat 'n duidelike kunsmatige vertelstruktuur vorm en waarneembaar deur die verteller op die saga afgedwing word. In teenstelling hiermee is die struktuur van *ordo naturalis* wat die natuurlike verloop van gebeure verteenwoordig.

[A]s in life, events that at first seem unrelated are built together to a climax, and we look back and see, only when the drama is done, the significance of things and persons that till then we may have thought irrelevant (Eddison, 1930: xxxi).

Narratiewe strukture is doelbewus hier by die poging tot realisme ingedeel. Die realiteit word deur 'n mens ervaar soos in Zielinski se *gleichzeitige analysierend-desultorische* metode. So kan byvoorbeeld sosiale interaksie genoem word: persoon X betree die lewe van persoon A en bring tyd saam met daardie persoon deur, hetsy sekondes, minute of ure. Dan vertrek persoon X en gaan as 't ware agter die skerms (buite die persepsuele wêreld van persoon A) aan met sy/haar lewe. Dan kom persoon Y op die toneel en bring ook 'n periode binne die persepsuele raamwerk van persoon A deur, waarna hy/sy weereens daarbuite verdwyn. Dit kan voortgesit word met persoon Z en verder wat telkens verskyn, 'n interaksie veroorsaak, en dan verdwyn. Op 'n stadium verskyn persoon X weereens op die toneel en die situasie word herhaal. Telkens betree hulle die wêreld van persoon A en bring 'n kort tydjie daarbinne deur, voordat hulle verdwyn en 'n ander individu die wêreld betree, maar hulle gaan voort met hulle lewens buite die persepsuele wêreld van persoon A.

'n Ooreenstemmende verskynsel kom ook byvoorbeeld voor wanneer die wisselwerking tussen die beroepslewe en die sosiale lewe bekyk word. Die beroepslewe oorheers die denke en is die sentrale fokus van die individu A se ervaringswêreld. Dan word 'n mens teëgekrom en die fokus verskuif na die menslike indringer. Op 'n stadium verdwyn daardie persoon weer uit die binnekring en gaan op sy/haar eie buite die individu A se ervaringswêreld met sy/haar onwaarneembare bedrywighede aan. Die fokus kan dan weereens na persoon A se beroepslewe skuif, totdat dit onderbreek word deur 'n ander

menslike indringer, 'n film, 'n boek, 'n hond, ensovoorts.

Die vertelstruktuur van die saga is dus 'n refleksie van die wyse waarop die individu se lewe saamgestel is en veroorsaak moontlik 'n herkenning (bewustelik of onbewustelik) wat die realiteitsillusie van die saga versterk.

Aansluitend by die konsep van vlegting en die parallel met die mens se lewe is die onderlinge ineengevlegdheid van individuele sagas:

Each one [...] is taken out of a mass of traditional knowledge relating to certain recognizable persons, of whom any one may be chosen for a time as the centre of interest, and any one may become a subordinate character in someone else's adventure. One Saga plays into the others, and introduces people incidentally who may be the heroes of other stories (Ker, 1931: 187).

Dit volg dat 'n interessante of belangrike gebeurtenis deur een saga gelaat word wat weer deur 'n ander opgeneem word. 'n Voorbeeld hiervan is waar die troue van Óláfr Höskuldson en Þorgerðr Egilsdóttir in *Egils saga Skallagrímsson* (Eddison, 1930: 186) beskryf word, maar in meer detail in *Laxdæla saga* (hoofstuk XXIII) aangetref word. Die twee sagas vul mekaar aan en verskaf besonderhede wat in werklikheid 'n individuele saga, in isolasie, onvoltooid maak. Die *Íslendingasögur* as geheel kan gesien word as een groot saga wat in komponente opgedeel is, en die leser sal daarby baat vind om die hele korpus te bestudeer.

Die orale aspek van die *Íslendingasögur*

Die pas genoemde ineengevlegtheid van verskeie sagas word veroorsaak deur die orale tradisie waar die verhaal telkens deur 'n verteller vertel word wat op sekere gebeurtenisse fokus terwyl hy ander net kortweg opsom. Björn Karel Þórólfsson het geskryf: "Sagan er öll ausin af sama brunni, sagnafróðleik, sem gengið hefur í óbundnu máli frá kyni til kyns" (The whole saga is the product of the same wellspring, historical lore, which was passed on in prose form from generation to generation) (Sigurðsson, 2004: 200). Sigurðsson (2004) maak juis gebruik hiervan om die orale tradisie op te spoor en by 'n "immanent saga" uit te kom. Dit doen hy in navolging van Carol Clover en John Miles Foley se "immanent narrative", wat Lars Lönnroth (vgl. Sigurðsson 2004: xiv) as volg opsom:

An 'immanent narrative' or an 'immanent saga' is one that is not explicitly told in the text but assumed to be known by the audience or the reader. The narrator or some character in the story may, for example, refer in passing to some event that has never been told or some hero that has never been introduced but is still considered well known by everybody. When this happens in a saga text, it usually indicates that the saga was told for people who were already well informed about at least some of the characters and events, and this information is likely to have come from oral tradition.

Die idee is dat 'n mens 'n beeld van die oorspronklike orale bron kan kry wanneer na verskeie verhale gekyk word wat na dieselfde gebeurtenis verwys. So 'n gerekonstrueerde "immanent saga" is nie presies wat die eerste vertelling oor 'n gebeurtenis was nie, maar verskaf 'n blik op die mondelinge weergawe wat in omloop was ten tyde van die optekening van die saga. Hierdie mondelinge weergawe kan egter nie as histories korrek gesien word nie:

The aesthetics of presentation, and the sheer length of time that elapsed between the events and the texts that describe them, mean that it is perfectly natural to harbour considerable reservations about the relationship between sagas and truth. When we add to this the fact that stories and other information preserved orally is [sic] subject to constant change according to the demands of the present [...] we are duty-bound to be extremely tentative about using the Icelandic sagas as sources for anything other than literary history (Sigurðsson, 2004: 254).

Die Afrikaner het nie werklik vandag 'n orale literatuur nie, maar myns insiens kan die oorvertellings van gebeurtenisse en veral grappe in 'n mate met orale vertellings vergelyk word. Daar bestaan byvoorbeeld 'n hele aantal grappe wat telkens in ander vorme teëgekome word, party verlengde weergawes en ander verkort, afhange van die verteller self en sy gehoorsverwagting. So byvoorbeeld kan 'n grapverteller sy storie verkort of verleng soos wat die oomblik hom lei, en hy voeg sy eie perspektief by die oorspronklike, laat sommige gegewens uit wat hy as irrelevant sien en las moontlik nog dele by om die storie meer kleurvol te maak. As iemand sy grap onthou en oorvertel, sal hulle dieselfde doen en by hulself en die nuwe gehoor aanpas. Dieselfde gebeur in orale literatuur, wat dit ongeloofwaardig maak soos wat die meeste gerugte ook is. Die verskil is egter dat daar 'n baie konserwatiewe orale tradisie in Ysland bestaan het in die middeleeue, en trouens steeds bestaan, wat gebeure en besonderhede uiteraard met meer presisie onthou as wat gerugverspreiders dit tans in Suid-Afrika doen. Daar is dus aansienlik meer waarheid in so 'n gevestigde orale tradisie en dit behoort dus tot 'n ander klas as gerugverspreiding met betrekking tot die geloofwaardigheidsvlak.

Die stelling dat die Yslandse orale tradisie 'n sterk waarheidselement bevat, kan deur verskeie voorbeelde gestaaf word. Sigurðsson (2004) vergelyk byvoorbeeld

Grænlandinga saga en *Eiríks saga rauða* met die doel om by 'n "immanent saga" uit te kom. Alhoewel hierdie twee vertellings op verskeie punte verskil, dui Sigurðsson die ooreenkomste aan en argeologie is in staat om bo alle twyfel te bewys dat daar waarheid in die sagas steek. 'n Ander voorbeeld is *Yngvars saga* wat dateer uit die 14de eeu en handel oor Yngvarr víðfjörli ("wyd-varend") Eymundsson se reistog deur Rusland vanaf 1036 - 1041 AD. Omtrent dertig runestene by die Mälaren meer getuig van mense wat op hierdie ekspedisie dood is, volgens die saga as gevolg van seksuele omgang met vrouens van die omgewing (Sigurðsson, 2004: 257). (Later meer oor geloofwaardigheid in die algemeen onder "Fisieke plasing en moderne argeologie".)

Die teorie dat daar 'n inherente saga bestaan, word deels gegrond op die feit dat die verteller aanneem dat sekere gegewens aan die leser bekend is:

[M]eaning in the sagas is often dependent on the audience's familiarity with the narrative tradition, i.e. there is an assumption that audiences will be able to fill in gaps in the written texts through their own orally derived knowledge of characters and events (Sigurðsson, 2004: 249).

In *Fljótsdæla saga* word alles wat moontlik van belang kan wees egter weergegee, insluitend familiebande en eksterne omstandighede. Sigurðsson (2004: 249) skryf dat hierdie narratiewe tegniek

... differentiates *Fljótsdæla saga* starkly from most other sagas of Icelanders and brings it much closer to modern forms of literature in which, to a much greater extent than in the sagas, meaning exists and is constructed within the written text alone.

Hy noem dat hierdie saga moontlik geskryf kon wees vir 'n gehoor wat nie goed vertrouwd was met die inherente mondelinge saga nie omdat dit moontlik in 'n ander gebied gekomponeer is as waar die handeling plaasvind.

Die twintigste eeu is gedomineer deur twee denkskole in verband met die komposisie van die sagas. Die eerste is die Vryprosa-teorie (Freeprose Theory) wat deur Knut Liestøl in Noorweë, Andreas Heusler in Duitsland en talle ander Germaniste voor die Tweede Wêreldoorlog aangehang is. Lars Lönnroth (vgl. Sigurðsson 2004: xiii) beweer dat hulle van die opinie was dat die *Íslendingasögur*

... originated essentially in the Viking period and then circulated in oral tradition for a couple of hundred years until they were finally written down in the Sturlung Age [die dertiende eeu].

Die Boekprosa-teorie (Bookprose Theory) was uiters invloedryk, veral in Ysland, na die Tweede Wêreldoorlog en is veral verteenwoordig deur Sigurður Nordal, Einar Ól. Sveinsson en ook Walter Bætke. Hulle was van mening dat die *Íslendingasögur* "originated essentially in the Sturlung Age as individual written literary compositions by prominent authors such as, for example, Snorri Sturluson". Sigurðsson stel as't ware 'n middeweg voor, waar 'n orale tradisie vorm gegee word deur die opskrifstelling van die verhale:

[T]he story tradition mainly provides the material and the learned influences the form. But the two are inextricably linked, making it necessary to interpret the sagas as a whole as the works of single individuals created against an assumption that their audiences would know other stories about the characters and settings mentioned in them (Sigurðsson, 2004: 331).

Diverse narratiewe kenmerke

'n Paar laaste kenmerke moet vlugtig genoem word. Die saga gebruik soms 'n elliptiese styl (Magnusson & Pálsson, 1965: 71) soos in die *Grænlandinga saga* waar Karlsefni 'n man van Bremen ontmoet wat 'n beeld wil koop wat vermoedelik in Vínland (Leifr Eiríksson se term vir Noord Amerika) deur 'n ander Duitser, Tyrkir, vervaardig is.

Daar is verder baie maal 'n onaangekondigde oorgang van indirekte tot direkte rede waar dialoog intree (Hollander, 1955: 31), soos byvoorbeeld uit *Laxdæla saga*:

"bað lausingjann gjalda sér fé fyrir jörðina, þá er hann bjó á, - 'því at þat er mín eign' " (Kålund, 1896: 73).

(he bade the freeman pay him for the ground whereon he dwelt: 'For it is mine') (Proctor, 1903: 76).

Inhoudelik

Dit is nie alleen die struktuur wat die realiteitsillusie skep nie, maar ook die inhoud. Alledaagse herkenbaarhede konfronteer die leser en werk saam met die narratiewe eienskappe om 'n geloofwaardige saga te skep.

Fisieke plasing en moderne argeologie

'n Inhoudelike kenmerk wat bydra tot die realiteitsbeeld is geografiese plasing. Die leser wil sy omgewing kan herken, en 'n tasbare ruimteplasing versterk die illusie dat die werklikheid behandel word. Geografiese plasing was verder uiters belangrik aangesien die sagas die doel gehad het om nie alleen te vermaak nie, maar ook om in te lig oor die verlede (Magnusson & Pálsson, 1965: 15). Hierdie omgewing kan vandag nog deur die besoeker aan Ysland en die Skandinawiese omgewing herken word.

Party feite wat in die sagas opgeneem is, kan deur argeoloë of kontemporêre historici op die kontinent of die Britse eilande gestaaf word, ander nie. Die sagas is eerder 'n samestelling van waarheid en onwaarheid as wat dit die een of die ander is, soos Lönnroth (vgl. Sawyer, 1997: 225) te kenne gee:

It is practically impossible to make a clear distinction between 'history' and 'fiction' in these early Norse texts, since most of them contain some of each without separating one from the other.

Dit is natuurlik ook die geval by die Arthuriaanse romanse wat ook beweer dat hul gegewens geskiedkundig korrek is, terwyl dit eerder 'n verlangse historiese onderbou het wat vervleg is met legendes en mites. In *Eiríks saga rauða* word die

ontdekking van Amerika byvoorbeeld gestaaf deur die argeologiese opgrawings wat in 1961 deur Helge en Anne Stine Ingstad by L'Anse aux Meadows in die noorde van Newfoundland begin is. Hier is oorblyfsels van Europese huise gevind wat uit die elfde eeu dateer (Rafnsson in Sawyer, 1997: 117). Die bewerings wat in *Grænendinga saga* en *Eiríks saga rauða* weergegee is, naamlik dat dit 'n Noorse ekspedisie in die vroeë elfde eeu was wat Amerika ontdek het, kan dus nie betwis word nie - tensy argeologiese dateringsmetodes bevraagteken word. Wat nie bepaal kan word nie, is of Bjarni Herjólfsson dit ontdek het, of Leifr Eiríksson, of iemand anders. Ook is die historisiteit van dialoog altyd uiteraard hoogs onwaarskynlik.

Dit blyk dus dat 'n historiese geraamte in hierdie instansie gedeeltelik fiksionele vlees gegee word om sodoende 'n volledige teks te konstitueer en dit as geskiedkundig aan die leser te bied. Historiese geskrifte is oor die algemeen geneig om 'n samestelling te wees van feite aangevul met fiksie waar die feitlike self 'n finaal sluitende gevolgtrekking ondermyn.

In *Egils saga Skallagrímsson* (hoofstuk 58) word geskryf dat Skallagrímr saam met sy perd begrawe is. Eddison (1930: 287) merk op dat sy graf opgegrawe is deur Sira Einarr Friðgeirsson, en alhoewel geen menslike oorskot gevind is nie, perdebene en ander oorblyfsels wel gevind is. Eddison is persoonlik 'n perdetand gewys wat hy sonder twyfel reken as Skallagrímr se perd s'n. Die menslike oorskot is waarskynlik in latere jare na 'n Christelike begraafplaas verskuif.

In *Laxdæla saga* word 'n begrafnistoneel beskryf wat onder andere herinner aan die Sutton Hoo, Vendel en Valsgårde vondste, en alhoewel hierdie

begravnisgebruike uitgesterf het met die koms van die Christendom, behoort dit nog vars te gewees het in die geheue van die Yslanders van die dertiende eeu:

Ok en síðasta dag boðsins var Unnr flutt til haugs þess, er henni var búinn. Hon var lögð í skip í hauginum, ok mikit fé var í haug lagt með henni; var eptir þat aptr kastaðr haugrinn (Kålund, 1896: 13).

And on the last day of the wedding was Unn borne to that howe that was made for her. She was laid in a ship in the howe, and much wealth was laid in [the] howe with her; after that was the howe heaped up (Proctor, 1903: 18).

Hierdie tipe beskrywings vul argeologie aan en verskaf 'n interpretasie van die andersins betekenislose vondste. Vir die gehoor van die dertiende eeu is dit egter 'n verklaring van waarom grafte op sekere plekke voorkom en versterk dit só die realiteitsbeeld. Die moderne leser betree ook die teks met 'n herkenning van argeologiese opgrawings en sodoende word 'n tasbaarheid ook daargestel. Andersins bewys argeologie dat sulke beskrywings nie slegs die verbeelding van die outeur is nie en dat ouer gebruike nog vars in die geheue was in die dertiende eeu.

Banaliteit

Aansluitend hierby word die realiteitskepping voortgesit deur herkenbare banaliteite te beskryf. So byvoorbeeld word genoem dat Armod *curds* (Afr. "wrongel" of "kês") vir Egill voorgesit het in *Egils saga Skallagrímsson* (hoofstuk 43). Eddison (1930: 274) beskryf *curds* as "thick and pasty, with a clean, sour flavour. Served (as it is) with cream and sugar, it is a dish for kings". Afgesien van die realiteit wat dit tot die saga bring, is dit voordelig vir historici omdat dit

'n andersins meesal verswygde blik verskaf op die middeleeue:

The sagas are a window into otherwise lost worlds of private life, social values and material culture. No other European society has such a detailed literature recounting its origin and development (Byock, 2001: 23).

Daar word beskryf hoe huise en selfs badkamers gelyk het, watter tipe kos geëet is, watter tipe skepe vir watter reistog gebruik is, en handel oor "virtue and deceit as well as the banality and humour of everyday life" (Byock, 2001: 23).

Perspektiewe op die bo-natuurlike

Nog 'n wyse waarop die *Íslendingasögur* die alledaagse realiteit rekonstrueer, is deur die ou geloof nie te negeer nie. Die Christendom het stadig en onvolkome wortel geskiet oor die hele Europa, maar was veral laat in Ysland (Ysland aanvaar amptelik die Christendom by die *Alþing* in c. 1000/1001 AD). Net hoe oppervlakkig of uniek die Christendom posgevat het in Ysland word geïllustreer deurdat priesters in die Sturlung Era, die dertiende eeu, poligamie beoefen het (Eddison, 1930: xxv).

Die relatief jong en onvolkome kerstening van Ysland het meegebring dat ou kulturele gebruike nog vars in die geheue was, en dat elwe, trolle en spoke nog 'n alledaagse realiteit vir die landelike bevolking was. Volksverhale en bygelowe het nog vir eeue voortbestaan oor die hele Europa, maar vreemd in Ysland is dat die gedigte van die *Poëtiese Edda* nog vir eeue na die kerstening bekend was, en dat Snorri sy *Edda* in die dertiende eeu kon opteken met informasie wat mondeling oorgelewer moes wees. Ysland was in die dertiende eeu dus baie nader aan sy heidense herkoms as wat Europa was. Daar word byvoorbeeld in

Eiriks saga rauða vertel van Þórhall wat Þórr met toegewydheid aanbid het, en elders in dieselfde saga word ook die volledige profetiese ritueel in die Yslandse literatuur aangetref wat Aswynn (1998: 209) *spæ* noem (dit is 'n vorm van die shamanistiese *seiðr*-toorkuns). *Hrafnkels saga Freysgoða* se sentrale karakter is ook 'n priester van Freyr.

Grettis saga Ásmundarson is 'n ryk bron van inligting in verband met bygelowe rondom *draugar*, drome en profesië. *Draugr* (meervoud *draugar*) word soms bloot as "spook" vertaal, maar is nader aan wat deesdae as 'n "zombie" bekend staan aangesien dit stoflik is. Schlauch (1933: 140) skryf hieroor:

A corpse is not regarded as a dead thing; it has a silent and terrifying life of its own, which may be manifested at any moment. [...] it is the actual body of the dead man which returns to haunt and plague living people, not a subtle and imponderable spirit. Icelandic ghosts are very solid; very physical.

Dit moet in gedagte gehou word dat die voorkoms van profesië en *draugar* nie die realiteitsvisie van die saga ondermyn nie. Bätke (1974: 167) skryf: "die Wirklichkeitswelt der Saga ist nicht die Sinnenwelt". Vir die Middeleeuse gehoor is dit die realiteit: vergelyk die Wilde Jaagtog in Kontinentale Europa - 'n afstammeling van die Woden/Óðinn legende - en die Walpurgisnacht. In die *Nibelungenlied* kom daar byvoorbeeld die dwerg Alberich voor deur wie Siegfried sy towerkleed bekom wat hom onsigbaar maak, en Hagen praat met waterfeetjies wat hom help om die rivier oor te steek en ook almal se dood voorspel (Hatto, 1965: 193 - 195). Die voorspelling word as feitlik aanvaar, soos Hagen later te kenne gee: "There would be no escaping the fate which the wild nixies had foretold. 'These knights are doomed to die,' thought he" (Hatto, 1965: 198). Dwerge en elwe veroorsaak siektes en wonde en kan met spreuke, soos die

Merseburger Zaubersprüche (vgl. Müller, 1906: 5), verwyder word:

I.

Phol ende Uuodan vuorun zi holza,
 dû uuart demo Balderes volon sîn vuoze birenkit.
 thû biguolen Sinthgunt, Sunna erâ suister,
 thû biguolen Volla, Frija erâ suister:
 thû biguolen Uuodan, sô hê uuola conda,
 sôse bēnrenkî, sôse bluotrenkî,
 sise lidirenkî:
 bēn zi bēna, bluot zi bluonda,
 lid zi geliden, sôse gelîmida sîn.

II.

Eiris sâzun idisî, sâzun hera duoder.
 suma hapt heptidun, suma heri lezidun,
 suma clûbôdun umbi *cuniouuidi:
 insprinc haptbandun, invar vîgandun!

Moderne vertaling:

I.

Phol und Woden ritten zu Holze (Walde).
 Da ward dem Fohlen Balders sein Fuss verrenkt.
 Da besprach ihn Sindgrund und sunna, ihre Schwester,
 Da besprach ihn Volla und Frija, ihre Schwester:
 Da besprach ihn Wodan, der es wohl konnte,
 Die Beinverrenkung wie die Blutverrenkung
 und die Gliedverrenkung:
 Bein zu Beine, Blut zu Blute,
 Glied zu Gliedern, als wenn sie geleimt wären.

II.

Ehedem setzen sich göttliche Frauen, setzen sich dorthin.
 Die einen hefteten Haft, andere hemmten das Heer,
 Noch andere klaubten auf die Fesseln:
 Entspringe den Banden, entlaufe den Feinden!

Die bo-sinlike wêreld is tasbaar en eg vir die Middeleeuse gehoor:

Auch die Wiedergänger sind vom Standpunkt des Erzählers wirkliche Wesen, und wenn etwa die Spukszenen in der 'Eyrbyggjasaga' für uns

etwas Phantastisch-Romantisches haben, so legen wir etwas in sie hinein, was ihnen an sich nicht zukommt (vgl. Bætke, 1974: 167).

In *Laxdæla saga* kom ook *draugar* voor, byvoorbeeld Hrappr:

En svá illr sem hann var viðreignar, þá er hann lifði, þá jók nú miklu við, er hann var dauðr, því at hann gekk mjök aptr. Svá segja menn, at hann deyddi flest hjón sín í aptrgöngunni (Kålund, 1896: 39).

(But as ill as he had been to deal with when he lived, then waxed that greatly when he was dead, because he walked much. So say men that he did to death the more part of his household in his hauntings) (Proctor, 1903: 43).

In *Egils saga Skallagrímsson* word geskryf dat daar 'n gat in die huis se muur gemaak is om Skallagrím se liggaam uit die huis te neem. Eddison (1930: 287) noem in sy nota daaromtrent dat daar 'n soortgelyke insident in *Eyrbyggja saga* voorkom waaroor Magnússon (vgl. Eddison, 1930: 287) die volgende gesê het:

It would seem that in those times it was customary to teach him who was supposed to be likely to walk again a way to the house which did not lead to the door of it, but to the obstructing wall - a custom which seems to trace its origin to the imagination that ghosts being brainless were devoid of initiative.

Die geloof in *draugar* kon volgens Schlauch (1933: 140) nog verdere gebruike tot gevolg gehad het: "it has been suggested that the burning of the dead in early times was first introduced to prevent *Wiedergängerei*". Hierdie stelling kan ondersteun word deur die volgende gedeelte uit die *Laxdæla saga*, waarin Óláfr Höskuldson Hrappr die *draugr* verbrand het om die *Wiedergängerei* te beëindig:

Síðan lætr hann gera bál; er Hrappr brendr á báli, ok er aska hans flutt á sjá út. Heðan frá verðr engum manni mein at aptrgöngu Hrapps (Kålund, 1896: 72).

(Then he let build a bale; Hrappr is burned on the bale, and his ashes are

flitted out to sea. Henceforth cometh hurt to no man from the hauntings of Hrapp) (Proctor, 1903: 75).

Simpson (1987: 46) definieer 'n *draugr* as "a corpse which 'lives on' in the grave" en sê ook dat dit deur 'n stoeigeveg oorkom moet word, waarna dit onthoof en verbrand moet word.

Egils saga Skallagrímsson verskaf sekerlik een van die beste perspektiewe in verband met die ou geloof deur onder andere die vertelling van Egill wat 'n *níðstöng* ("scorn-pole", Eddison, 1930: 249) teen Eiríkr blóðøxe opgestel het. Dit behels 'n perd se hoof wat op 'n paal gemonteer is en waarop runes uitgekerf is. Magnus Olsen het aangetoon dat 'n runiese transkripsie van Egill se twee gepaardgaande gedigte (*Lausavísur* 19 en 20) 'n betekenisvolle aantal runes tot gevolg het, wat 'n moontlike towerkonneksie kan hê. Volgens Hollander (1947: 59) kom so 'n transkripsie in die runes van die tiende eeu op 72 runes in elke gedig neer (24 x 3). Daar is 24 runes in die ou Germaanse *fupark* ("alfabet" van runes, sien nota oor runes) en die getal 3 is ook betekenisvol aangesien dit onder andere die vierkantswortel van 9 is, en daar nege wêrelde in Noorse mitologie is. Die gedigte is volgens Jónsson (1973: 46 - 47) in 934 AD gekomponeer en lui as volg (vertaling deur Hollander, 1947: 58):

19. Svá skyldi goð gjalda,
gram reki bönt af höndum,
reið sé rögn ok Óðinn,
rón míns féar hónum;
folkmygi lát flœja,
Freyr ok Njörðr, af jörðum,
leiðisk lofða stríði,
landöss, þanns vé grandar.

20. Lögbrigðir hefr lagða,
lindalfs, fyr mér sjölfum,

blekkir brœðra søkkva
brúðvang, vega langa;
Gunnhildi ák gjalda,
greipt 's hennar skap, þenna,
ungr gatk ok læ launat,
landrekstr, bili grandat.

(19. May the powers repay the
prince and drive him from his
realm, for wroth are at the
robber all gods and Odin:
put to flight th' oppressor
of people, Freyr and Njord, the
foe of free men, who de-
filed the holy thing-meet!

20. O'erborne by his bride, the
breaker of laws, the wicked
brother-murderer has now
banished me from Norway:
grudge I bear to Gunnhild -
grim her mind -: to her I
owe this outlawry; but
aye I paid back grudges!)

Die Yslanders was konserwatief - die feit dat die taal so min sedert die middeleeue verander het, is 'n indikatie daarvan - en toe hulle na Ysland geïmigreer het, het hulle 'n bietjie Noorweegse grond ook saamgeneem waarop die gode aanbid kon word (Vos, 1902: 187). Die Æsir en Vanir is die twee godefamilies en sluit saam Óðinn, Þórr, Freyr, Frigg, Freyja, Tyr, Njörðr, Heimdall en ander mindere gode in. Die feit dat een uit elke vyf setlaars se naam met "Þór" begin, is 'n aanduiding dat hy die mees geliefde god in Ysland was (Eddison, 1930: xxii). Þórr was ook die mees geliefde god in Noorweë, waarvandaan die meeste setlaars gekom het. Dit is verder nie verrassend dat 'n oorwegend landelike bevolking hom sal verkies nie, aangesien hy as onder

andere vrugbaarheidsgod die god van die meeste landbewoners was. Óðinn was die god van die adelstand, van oorlog, wysheid, towerkuns, vrugbaarheid, die dood en poësie, en Egill Skallagrímsson is een van die min sagakarakters wat hom verkies het.

Kontinentale invloede kan soms in die *Íslendingasögur* bespeur word, maar moet versigtig hanteer word. Hoofstuk LXVI van *Grettis saga Ásmundarson* herinner byvoorbeeld sterk aan *Beowulf*, maar die verbintenis kan netsowel wees op grond van 'n algemene mite in verband met watergeeste/dierasies wat reeds voor die *Völkerwanderungszeit* bekend was en ook in Homeros se *Odußeia* (Afr. *Odysee*)voorkom. Dit is ook egter moontlik dat *Grettis saga* deur *Beowulf* of die *Odußeia* beïnvloed is; dit is nie moontlik om te bepaal wát die verbintenis veroorsaak nie.

'n Algemene verskynsel in die *fornaldarsögur* is die uitspreek van 'n vloek, soos byvoorbeeld die vloek wat op die goud van Fafnir in die *Völsunga saga* rus. Die spesifieke benaming vir so 'n vloek is 'n *álög*, en dit is ook teenwoordig binne die *Íslendingasögur*. Die *álög* is 'n

... combination of a wish and a behest; it sometimes involved a tabu, and if uttered by the right person it was irresistible. It is the most favored spell in the *lygisögur*, and it is found to a certain extent in the earlier sagas also (Schlauch, 1933: 125, 126).

In *Laxdæla saga* spreek Geirmundr byvoorbeeld 'n *álög* uit oor Þuríði nadat sy Fótbítr gesteel het: "Þat læt ek þá um mælt [...] at þetta sverð verði þeim manni at bana í yðvarri ætt, er mestr er skaði at, ok óskapligast komi við" (Kålund, 1896: 87). "This weird [fate] let I go with it [...] that this sword shall be for the bane of that man of your kin of whom is most scathe and on whom it may most

unmeetly come" (Proctor, 1903: 88).

Vanuit 'n moderne perspektief verskaf die *Íslendingasögur* steeds 'n meer realistiese beeld van die werklikheid as hulle kontinentale eweknieë, ten spyte van die voorkoms van bygelowe (wat vreemd aan die moderne leser is), deur die motivering vir karakters se optredes meer realisties te maak: "an heroic age may be full of all kinds of nonsense and superstition, but its motives of action are mainly positive and sensible" (Ker, 1931: 8). Karakters se motiewe is tasbaar: rykdom, reputasie, selfrespek en plig, nie die vind van 'n mities/psigologiese of religieuse Graal of iets dergeliks nie. Karakters is nie vergestaltings van ideale soos Galahad in Malory se *Le Morte d'Arthur* nie:

The heroic age cannot dress up ideas or sentiments to play the part of characters. If its characters are not men they are nothing, not even thoughts or allegories; they cannot go on talking unless they have something to do (Ker, 1931: 9).

DIE FOKUS OP KARAKTER

Die heroïese

Die held

In vergelyking met tradisionele heroïese literatuur, soos Homeros se *Ilias*, skryf Eddison (1930: xxix) oor die *Íslendingasögur*:

It is heroic in matter and in spirit [...] its interest is more purely individual [...] it eschews the supernatural and marvellous [...]. The action of the saga never pauses except for the introduction of genealogical information.

Die lang beskrywings van byvoorbeeld die *Ilias* is afwesig in die sagas, en goddelike inmenging ook. Selfs wanneer 'n karakter soos Egill Skallagrímsson 'n god aanbid, kom daar geen merkbare insette van die gode nie en hulle is ook nooit karakters nie. Ten spyte van tempels by onder andere Leiðra en Uppsala en optekeninge van offers daar word die Noorse gode selde om hulp gevra in die sagas; karakters *trúði á mátt sinn ok megin* (vertrou in hulle eie vaardighede en krag).

Ysland se geografie het bygedra tot hierdie fokus op die karakter. Die bevolking was relatief klein en wyd verspreid, en in die afwesigheid van 'n monargie is distrikte deur individuele *goðar* (enkelvoud *goði*) regeer. Die geskiedenis van Ysland was dus vir die Yslanders as't ware 'n samestelling van biografieë. Wanneer Carlyle skryf: "Universal History, the history of what man has accomplished in this world, is at bottom the History of Great Men who have worked here" (1983: 1), dan stem sy perspektief ooreen met dié van die

Middeleeuse Yslanders. W. P. Ker (1906: 315) merk op:

There is no sense of those impersonal forces, those nameless multitudes, that make history a different thing from biography in other lands. All history in Iceland shaped itself as biography, or as drama, and there was no large crowd at the back of the stage.

Die belangrikste opvatting ten opsigte van die heroïese in die *Íslendingasögur* is 'n heroïese karakter wat alles kan oorkom - nie net die vyand op die slagveld nie - maar die noodlot, die uitdagings wat die natuur aan hom bied, en sy teenstanders by die *Alþing* waar hy sy kant in 'n hofsak moet stel. Die held word altyd uiteindelik oorkom, maar die heroïese karakter of gees nooit nie, soos Phillpotts (1931: 137) te kenne gee: "defeat well met magnifies a man more than any success". Gordon (1957: xxxii) verwag die volgende van karakterbeelding:

Heroic literature depends for its effect on the drawing of character; the hero must have sufficient personal force to make his heroic conduct credible. The narrator must be able to depict men of unusual will-power and passion, and to show them using the whole of their instincts and powers, physical, intellectual, and spiritual in attaining their objects.

Aansluitend hierby is Bowra (vgl. Draper, 1990: 126) se beskrywing van die held in die epiek, wat die moeite werd is om in sy geheel aan te haal:

The heroic world holds nothing so important as the prowess and fame of the individual hero. The single man, Achilles or Beowulf or Roland, surpasses others in strength and courage. His chief, almost only, aim is to win honour and renown through his achievements and to be remembered for them after his death. He is ruthless to any who frustrate or deride him. In his more than human strength he seems to be cut off from the intercourse of common men and consorts with a few companions only less noble than himself. He lacks allegiance, except in a modified sense, to suzerain or cause. What matters is his prowess. Even morality hardly concerns him; for he lives in a world where what counts is not morality but honour. Historically, this ideal seems to have grown in societies which have burst through the stiff forms of primitive life. It is the reflection of men's desire to be in the last degree themselves, to satisfy their ambitions in lives of

abundant adventure, to be greater than other men in their superior gifts, and to be bound by no obligation except to do their uttermost in valour and indurance.

Aangesien die perspektief heroïes is, lê die verteller se belangstelling by die held, nie by enigiets wat nie direk tot sy karakter bydra nie:

The saga-writers were concerned, basically, with people; the events are all described through the experiences of the men and women involved in the adventure (Magnusson & Pálsson, 1965: 29).

Kjartan in *Laxdæla saga* is so 'n tipiese held wanneer hy sê:

Engis mans nauðungarmaðr vil ek vera [...] meðan ek má upp standa ok vápnum valda; þykki mér þat ok lítilmannligt at vera tekinn sem lamb ór stekki eða melrakki ór gildru; þykki mér hinn kostr miklu betri, ef maðr skal þó deyja, att vinna þat nökkut áðr, er lengi sé uppi haft síðan (Kålund, 1896: 124).

(To no man will I yield against my will [...] while I may stand upright and wield weapons: I deem it also a coward's part to be taken like a lamb out of the fold or a fox out of a snare: I deem that choice far the better, if a man must die, to win somewhat beforehand whereby his name shall abide long after him) (Proctor, 1903: 124).

Die fokus op die karakter het die gevolg dat bykans geen natuurbeskrywings voorkom wat die verteltrant met onbruikbare versierings vertraag en die aandag van die storie aflei nie. Daar is geen kleur- of klankbeskrywings nie, soos Bætke (1974: 167) skryf:

Die Welt der Saga ist, so merkwürdig das klingt, ohne Farben und ohne Töne. Man lese eine der vielen Kampfschilderungen der Sagas; diese Gefechte sind voll wirbelnder Bewegung, aber sie gehen lautlos vor sich; man hört weder Klirren noch Krachen [...], aber man sieht auch weder das Gras oder die Klingen sich röten noch die Gesichter der Sterbenden erbleichen (wie *Nibel. Lied* 939). Es gibt in der Saga keinen blauen Himmel, keine grünen Felder und wohl harten, aber keinen weißen Schnee.

In teenstelling hiermee kom klank en kleur volop in die *Nibelungenlied* voor, soos Bætke genoem het: "Siegfried struck blows that filled the plain with their sound and sent fiery sparks flying from his enemy's helmet as though from huge torches" (Hatto, 1965: 37).

Selfs karakters se uiterlike word nie in detail beskryf nie, soos Eddison (1930: xxx) opmerk:

By the beauty of nature the Northman [...] set little store: by physical beauty in man and woman he set much, but was content to note it in his terse objective way, [...] seldom going into detail and never permitting it to interrupt the stride of his story.

Die meeste karakters word deur 'n kort fisieke beskrywing geskets, soms by hul dood. Die verteller se hooffokus bly die optrede van die karakter, want die reputasie wat uit sy handeling ontstaan, is al wat ewig is. Gordon (vgl. Eddison, 1930: xxxi) voeg verder by dat:

The heroes and heroines themselves had the aesthetic view of conduct; it was their chief guide, for they had a very undeveloped conception of morality, and none at all of sin.

Die konsep van sonde hoort binne die Christelike perspektief; die sagakarakters se geloof bevat dit glad nie en dit speel ook geen rol in die sagas nie:

The concept of sin was new. In pre-Christian times people were responsible to each other, and their deeds were governed by norms of honour and shame; judgement and revenge lay with fellow human beings (Sørensen in Sawyer, 1997: 224).

Karakters word baie maal met kleurvolle byname toegerus, soms met 'n beskrywing van waarom hulle die betrokke naam gekry het. Karakters soos Haraldr gráfell (Grys vel), Björn járnsíða (Ystersye), Eiríkr rauði (die Rooie), Eiríkr blóðøxe (Bloedbyl), Gorm ormstungu (Slang-tong), Einarr skálaglamm

(Klingel-Skaal) en nog vele meer konfronteer die leser. Dit kleur nie alleen die vertelling in nie, maar betrek karakteriserende besonderhede. Snorri Sturluson beskryf byvoorbeeld in *Heimskringla* hoe Haraldr gráfell sy naam gekry het (Monsen, 1931: 108) nadat hy 'n grys pels by 'n Yslandse handelaar gekoop het en sy volgelinge oortuig het om ook velle aan te skaf. Voor hierdie optrede het die Yslander niks verkoop nie, maar hierna het hy nie genoeg pelse gehad om in die behoefte te voorsien nie. Dus, sonder om 'n direkte karakterbeelding te doen, word 'n beeld van Haraldr geskep deur sy handeling aan die hand van sy bynaam te beskryf.

Die belangrikheid van Þór-voorvoegsels by naamgewing is reeds genoem, maar daar moet op gelet word dat 'n naam in die heroïese gemeenskap funksioneel kon wees. *Björn* beteken letterlik "beer"; *Beowulf* beteken "die by se wolf", wat 'n *kenning* vir 'n beer is omdat die beer heuning eet (vgl. Niles in Godden en Lapidge, 1991: 131). 'n *Kenning* is 'n Oud-Noorse vorm van 'n metafoor en sal in meer besonderhede in die afdeling oor poësie behandel word. Verder is *Arthur* vernoem na die ster Arktouros wat "beer-wag" beteken (Lönnrot, 1989: 675). Ander kontinentale krygersname is Chlodowech (die latere "Lodewyk/Louis") wat beteken "stryd van glorie", Chlothari (Lothar) wat beteken "beroemde/gevierde oorlog" en Sigebercht (Sigebert) wat beteken "briljant deur oorwinning" (Davis, 1970: 109). Die Keltiese heldin van die eerste eeu in Engeland, Boudica, se naam beteken "oorwinning" (Wood, 1980: 16).

Die heldin

Vrouekarakters in die sagas is sterk, selfstandige en gedetermineerde vroue. Guðrún Ósvífrsdóttir in *Laxdæla Saga* is 'n tipiese vrouekarakter, en Lönnroth (vgl. Sawyer, 1997: 231) beskryf haar as:

... an immensely proud, strong, beautiful woman who is married several times and also has lovers out of wedlock, but who will not take second place to any of her men when it comes to independence, toughness, and authority.

Haar aanhitsing van haar familielede lei telke male tot bloedvergieting, soos hierdie toespraak wat tot Kjartan se dood lei:

Gott skaplyndi hefðið þér fengit, ef þér værið døtr einshvers bónda, ok láta hvárki at yðr verða gagn né mein; en slíka svívirðing ok skömm, sem Kjartan hefir yðr gört, þá sofi þér eigi at minna, at hann ríði hér hjá garði við annan mann, ok hafa slíkr menu mikit svínsminni; þykki mér ok rekin ván, at þér þorið eigi at finna hann nú, er hann ferr við annan manneða þryðja, en þér sitið heima ok latið vænlíga ok eruð æ hólzti margir (Kálund, 1896: 153 -154).

(Good were the temper ye are of, if ye were daughters to some bonder⁶, and would in no wise let aught come from you whether good or ill; but for such despite and shame as Kjartan hath put upon you, yet sleep ye none the less, though he rideth hereby with but one man, even by the garth; and such men as ye be have verily swine's minds; methinks too it is no more like that ye will find heart to seek to Kjartan at home, if ye dare not meet him now that he has but one or maybe two men with him; but ye sit at home and prate finely, and indeed ye are over many (Proctor, 1903: 157).

Sy dreig ook om van haar eggenoot Bolli te skei as hy haar nie gehoorsaam nie. Aangesien die sagas 'n heroïese uitkyk het, word vroue met só 'n persoonlikheid eerder gebruik as wat 'n sagte moederfiguur voorkom. 'n Saggearde man sal

⁶ *bóndi*, gewone boer (Eddison, 1930: 254); van 'n laer sosiale stand as Guðrún.

ook nooit binne hierdie genre kan funksioneer nie:

Occasionally women are seen as restraining their kinsmen, although the sagas, with their conflict-driven narrative, show more interest in women opposing compromise and demanding blood vengeance (Byock, 2001: 197).

'n Groot hoeveelheid van die konflik in *Laxdæla saga* word veroorsaak deur Guðrún Ósvífrsdóttir aan die een kant, en Þórgerðr Egilsdóttir aan die ander kant, soos Þórgerðr se toespraak in antwoord op die val van Kjartan ook te kenne gee:

Veit ek at vísu [...] at hér býr Bolli, bróðurbani yðvarr, ok furðu ólíkir urðu þér yðrum frændum göfgum, er þér vilið eigi hefna þvílíks bróður, sem Kjartan var; ok eigi mundi svá gera Egill móðurfaðir yðvarr; ok er illt at eiga dáðlausa sonu; ok víst ætla ek yðr til þess betr felda, at þér værið døtr föður yðvars ok værið griptar. Kemr hér at því, Halldórr, sem mælt er, at einn er auðkvisi ættar hvefarr, ok sú er mér auðsæst ógipta Óláfs, at honum glapðiz svá mjök sona eignin (Kålund, 1896: 165).

(I wot of a surety [...] that here dwelleth Bolli, the banesman of your brother. And wondrous unlike are ye to your renowned kinsfolk in that ye will not avenge a brother such as was Kjartan; thus would not do Egil, your mother's father, and it is ill [...] to have dastards for sons; and surely I deem [...] that it had been better had ye been daughters of your father and been given in marriage. Here is it, Halldor, even as saith the saw: One fool in every stock; and herein is the evil luck of Olaf plainly shown to me, that he made so bad a business in the getting of sons) (Proctor, 1903: 170).

'n Belangrike vroue-figuur in die tiende eeu van hierdie tipe is koningin Gunnhildr, die vrou van Eiríkr Blóðøxe. Sy is een van die hoof antagoniste van Egill in *Egils saga Skallagrímsson*, en kom ook in *Njáls saga* en *Laxdæla saga* in dieselfde lig voor. Sy hits altyd haar man en haar seuns aan, soos ook in die *Heimskringla*.

Die koms van die Christendom het die rol van die vrou onherroeplik verander

(vgl. Sørensen in Sawyer, 1997: 224). In die heidense milieu kon vrouens saam met die mans veg, die offers aan die gode lei en grondeienaars wees. Tacitus merk op dat "the woman must not think that she is excluded from aspirations to manly virtues or exempt from the hazards of warfare" (Mattingly, 1970: 116). Soms word daar van 'n *skjaldmær* gepraat wat saam met die mans veg, maar hulle en hulle eweknieë, die *valkyrjur*, hoort eerder by die *fornaldarsögur*, soos Brynhildr in *Völsunga saga*. Die vroue in die *Íslendingasögur* veg nie fisies nie, aangesien die ou Yslandse wet - *Grágás* - die dra van wapens deur vroue verbied (Byock, 2001: 317). Dit is dus verstaanbaar dat hulle in die *Íslendingasögur* eerder die mans aanhits as om self te veg, want dit is die "sosiaal aanvaarbare" wyse vir 'n vrou om konflik te ontsluit; die gewapende en vegtende *skjaldmær* is iets van die verlede in die dertiende eeu wanneer die sagas opgeteken word.

Heroïese materiaal

Verganklikheid

Sørensen (vgl. Sawyer, 1997:216) merk op dat "death is one of the facts of life that confronts us most clearly in the sources for the Viking Age". Verganklikheid is een van die belangrikste temas wat in die heroïese literatuur voorkom, tesame met fatalisme en vergelding. In 'n gewelddadige milieu waar daar geen antibiotika, hospitale of ontsmettingsmiddels is nie, is dit geen verrassing om te vind dat:

The passing away of all human things both good and bad, the breaking at length of all that we care for here on earth; it is this that the deep ground-bass of the saga drones of (Eddison 1930: xxxiv).

In *Egils saga Skallagrímsson* - byvoorbeeld - sterf Egill se vriend, Arinbjörn, dan twee van Egill se seuns kort na mekaar, en dit lei tot een van die uitstekendste gedigte in die sagas: *Sonatorrek*. De La Sausaye (Vos, 1902: 406) skryf nie verniet nie:

The realization that all things are transient and uncertain has left its imprint on all the heroic poetry, and dominates, in fact, the whole mood of the period of the migrations and of the Vikings.

Die reeds genoemde *Hávamál* beweer in strofe 77 dat slegs een ding ewig is: 'n mens se reputasie. Al wat benewens dit staande kan bly, is die beginsels van heroïese literatuur: dapperheid, lojaliteit, eerbaarheid, deursettingsvermoë en vergelding. Die saga fokus op die wyse waarop die karakter sy en sy tydgenote se verganklikheid hanteer en hoe hy die heroïese ideale uitleef in die aangesig van die noodlot wat uiteindelik altyd bepaal dat hy sal vergaan.

Fatalisme

Fatalisme en verganklikheid loop hand aan hand. In *Beowulf* staan daar in reël 455: "Gæð a wyrd swa hio scel" (Jack, 1994: 55) ("Fate goes ever as fate must") (vertaling deur Heaney, 1999: 16). In die *Nibelungenlied* sê Gernot: "They alone die that are doomed. Leave them for the dead men they are" (Hatto, 1965: 34). In *Egils saga Skallagrímsson* sê Þórólfr: "then let things shake out as fate hath shapen" (Eddison, 1930: 39) en in die *Völsunga saga* sê Guðrún: "no man may fight against his doom" (Schlauch, 1930: 165). Heroïese optrede word deur fatalisme gedetermineer:

To see one's fate and embrace it, with this curious aesthetic appreciation of what one is doing - it was this that made one a saga personage, a person worthy to be told about (Jones, 1961: xiv).

Die noodlot sal die held se lewe neem, maar as hy homself reg handhaaf, kan die noodlot nie sy reputasie neem nie; intendeel, die dood verskaf in 'n groot mate sy reputasie. Heroïsme is gesetel in die wyse waarop die dood benader word:

A hero [...] knows that life is not worth cherishing, and therefore he ceases to be wretched. It is a sort of philosophical pessimism which makes him a hero (Schlauch, 1930: xxv).

Die karakters se omgang met die noodlot is 'n sentrale fokuspunt wat ook deur die vertelstruktuur beklemtoon word: elke aksie determineer die daaropvolgende handeling sodat die karakter nie kan ontsnap aan dít wat moet gebeur nie. Karakters skram ook nooit weg van hul lot nie; intendeel, hulle werk baie maal daarmee saam. Dit is 'n perspektief wat ook vanuit die mitologie na vore tree, waar die gode self gedoem is om tydens *Ragnarøkkr* (die einde van die wêreld) te vergaan (sien nota vir meer inligting). In verband hiermee skryf Ker (1906: 57): "it is the assertion of the individual freedom against all the terrors

and temptations of the world. It is absolute resistance, perfect because without hope". Eddison (1930: xxviii) beklemtoon ook die posisie wat fatalisme beklee, spesifiek ten opsigte van die held se houding teenoor die noodlot:

The proud pagan spirit of fatalism and fellowship with, not subservience to, the ultimate Power, is implicit throughout the saga literature. It is, in my judgement, the deep underlying rock on which the greatness of that literature, as an expression of much that is finest and noblest in the human spirit, is founded and built.

Vergelding

John Maynard Keynes het gesê: "Vengeance will not limp" (Sinclair, 1999: 304). Selde is hierdie stelling meer toepaslik as in die *Íslendingasögur*.

Tacitus merk reeds die belangrikheid van vergelding in die Germaanse kulture in die eerste eeu op: "Heirs are under an obligation to take up both the feuds and the friendships of a father or kinsman" (Mattingly, 1970: 119). Min verander ten opsigte hiervan in die millennium wat verbygaan totdat ons die materiaal van die *Íslendingasögur* teëkom. 'n Groot hoeveelheid van die handeling in die sagas draai rondom vergelding, en dit kan selfs gesê word dat dit *die* tema is waar rondom die sagas handel; Gordon (1957: xxxiii) merk op dat "the most frequent motive of heroic conduct was the desire for revenge". Dieselfde kan waargeneem word in moderne gewelddadige kulture en subkulture, soos byvoorbeeld die bende-kultuur waar elke aanval op 'n bendelid deur 'n vergeldingsaanval gevolg word. Dieselfde tendens kom voor in geweld tussen IVP- en ANC-ondersteuners in Kwazulu-Natal, en tussen die Israeli's en Palestyne in die Midde-Ooste.

Dit moet nietemin genoem word dat vergelding nie gedoen word uit haat vir die daad of doener in die sagas nie, maar eerder uit respek vir die dooies:

Vengeance was also - perhaps most of all - felt as a vindication of the fame of the deceased. We can deduce this by noticing that the emphasis is always laid on the slain, not on the slayer (Phillpotts, 1931: 52).

Die dooies word vereer deur vergelding, nie die moordenaars gestraf soos wat dit gewoonlik binne die moderne konteks sal geskied nie. Hierdie fokus op die eer van die dooies blyk uit die reeds genoemde stelling van Þórgerðr in *Laxdæla saga*:

Ok furðu ólíkir urðu þér yðrum frændum göfgum, er þér vilið eigi hefna þvílíks bróður, sem Kjartan var (Kålund, 1896: 165).

(And wondrous unlike are ye to your renowned kinsfolk in that ye will not avenge a brother such as was Kjartan) (Proctor, 1903: 170).

Oorlog

Veldslae kom in die *Íslendingasögur* voor, soos die legendariese slag van Clontarf in *Njals saga*. Die slag van Brunanburgh in 938 AD word deur Oakeshott (1960: 159) met die veldslag verbind wat in *Egils saga Skallgrímson* (hfst. 51 - 56) beskryf word. Tydens hierdie veldslag het Egill saam met Æpelstan (Aðalsteinn in die Noorse bronne) die Skotte verslaan. Eddison (1930: 281) noem egter dat die moontlikheid bestaan dat die veldslag van mindere belang was en met verloop van tyd verward geraak het met die slag van Brunanburgh wat in die Oud-Engelse gedig *The Battle of Brunanburgh* beskryf word. Dit is egter interessant dat oorlogskrete - wat byvoorbeeld in die Ou Franse *Chanson de Roland* voorkom -

nooit in die Yslandse sagas genoem word nie (Oakeshott, 1960: 179). Dit kan moontlik wees omdat die karakters nie om hulp van die gode vra nie, maar hul eie vermoëns vertrou; hieroor kan slegs gespekuleer word.

Reistogte word baie maal beskryf, en 'n tipiese saga-held sal in sy jong dae op *vikingr* (plunder) ekspedisies gaan, soos wat die geval met Egill Skallagrímsson is. Later keer die held egter terug om 'n rustige lewe te (probeer) lei. In hoofstuk LXXIII van *Laxdæla saga* gaan Bolli ook byvoorbeeld na Mikligarðr (Konstantinopel) en dien in die élite imperialistiese wag as *varjagi*⁷, soos Haraldr harðráði Sigurðsson ook.

Tipies van die heroïese literatuur is die prominente posisie wat deur wapens ingeneem word. Elke held het sy benoemde swaard: Arthur s'n is Excalibur, waarvan Malory die betekenis gee: "'The name of it', said the lady, 'is Excalibur, that is as much to say as cutte-steele'" (Wright, 1865: 63). Beowulf se swaard is Hrunting, Charlemagne s'n Joiuse/Joyeuse, Roland s'n Durendal, Siegfried s'n Balmung. Grettir se swaard is Ættartangi in *Grettis saga Ásmundarson*, Egill s'n Naðr ("adder") en Dragvandil in *Egils saga Skallagrímsson*, en Skeggi steel die swaard Sköfnungr uit Hrólfr kraki se graf in *Hrólfs saga Kraka*. Hákon Aðalsteinsfostri se swaard is Kvernbítr ("meulsteen byter") en Skarpheðinn se byl

⁷ Skandinawiese huursoldate is *varjagi* in Slavies genoem, en hierdie tradisie om Skandinawiërs te werf is begin deur prinse van die Rus in die tiende eeu. Vladimir, die seun van Svjatoslav, wat die prins van die Rus was 978 - 1015 AD, het in 988 AD 'n groep *varjagi* na Konstantinopel gestuur, en daarna het baie opkomende Skandinawiese krygers in die imperialistiese wag gedien. Haywood (1995: 100) beweer dat die term afkomstig is van die Oud-Noorse woord *várar*, wat belofte of eed beteken.

is Rímmu-gýgr ("vroulike monster van oorlog", vgl. Eddison, 1930: 281). Gísli se swaard is Grásíða ("grys staal"), wat volgens Oakeshott (1960: 121) in die agste eeu as 'n swaard ontstaan het, later in 'n spies omskep is en steeds in die dertiende eeu in gebruik was. Volgens Oakeshott (1960: 118) is die bekendste *sax* die een wat Grettir uit die graf van Karr gesteel het ('n *sax* lyk soos 'n lang mes; 'n swaard met slegs een snykant). Swaarde word benoem as gevolg van "the belief that all objects, as well as men and animate beings, had souls, and that a name had great power in it" (Oakeshott, 1960: 106). Die lewendige, magiese element van die wapen kan deur die volgende beskrywing van Sköfnungr uit *Laxdæla saga* gestaaf word:

En sù er náttúra sverðsins, at eigi skal sól skína á hjöltin, ok honum skal eigi bregða, svá at konur sé hjá. Ef maðr fær sár af sverðinu, þá má þat sár eigi grœða, nema lyfsteinn sá sé riðin við, er þar fylgir (Kålund, 1896: 175).

(But such is the nature of the sword, that the sun must not shine on its hilts, and he may not be drawn if so be women are by. But if a man be hurt with the sword, that hurt may not be healed, save the lifestone that goes with it be rubbed thereon) (Proctor, 1903: 181).

Soos vroeër genoem, is die beskrywings van alledaagse realiteite van onskatbare belang vir historici. Dieselfde geld vir die beskrywings van wapens, soos in *Laxdæla saga*, waar die swaard Fótbitr (letterlik "voet-byter") beskryf word: "þat var mikit vápn ok gott, tannhjölt at; ekki var þar borit silfr á, en brandrinn var hvass, ok beið hvergi ryð á" (Kålund, 1896: 83) ("that was a mickle [great] weapon and a good; ivory-hilted, no silver was borne thereon; but the brand [sword] was sharp, and rust never abode on it") (Proctor, 1903: 85). Later word 'n bruikbare beskrywing van 'n wapenrusting ook verskaf: "sá var í spangabrynju ok hafði stálhúfu á höfði, ok var barmrinn þverrar handar breiðr; hann hafði øxi ljósa um öxl, ok mundi verar alnar fyrir munn" (Kålund, 1896: 192) ("he was in a

byrny of plate, and had a steel cap on his head, and its rim was a hand-breadth athwart: he had a gleaming axe on his shoulder and the edge of it might be an ell's length") (Proctor, 1903: 199). Wapens word ook in die kontinentale bronne beskryf, soos die beskrywing van die skild in die *Nibelungenlied* wat aan Hagen gegee is (Hatto, 1965: 211):

Over the gem-studded colours of its blazon there lay a cover of shining brocade: the sun never illuminated a better shield, and if anyone had wanted to buy it, it was worth a thousand marks.

Ook in Sir Thomas Malory se *Le Morte d'Arthur* word van Excalibur se skede gesê:

The scabbard is worth ten of the sword, for while ye have the scabbard upon you, ye shall leese no blood, be ye never so sore wounded, therefore keepe well the scabbard alway with you (Wright, 1865: 57).

Die swaard self was "so bright in his enemies eyes, that it gave light like thirtie torches" (Wright, 1865: 18).

Poësie

Inleidend

Poësie beklee 'n besondere posisie in antieke kulture; so ook in die Wiking Era. Die mitologie is alreeds 'n aanduiding daarvan: Óðinn, die oppergod, is onder andere die god van poësie. Verskeie kulture huldig dieselfde tradisie en, soos in die Noorse tradisie, word 'n verband gelê met towerkuns. Poësie en towerkuns loop hand aan hand. Albert B. Lord (vgl. Preminger, 1975: 542) beweer dat "story telling in verse form is sometimes thought to have its beginning in the chanting of myth relating to ritual". Hy verskaf vyf redes vir sy stelling:

- a) the very fact that the story is told in verse, for the rhythms of verse are associated with "magic" effectiveness [...];
- b) the pervasiveness of alliterative and assonantal techniques in epic, which are also associated with incantation;
- c) the structure of the commonest stories, which coincides with the structure of myths;
- d) the association of the singing of epic with religious festivals;
- and e) the tradition that the bard is a seer.

Digters is gesien as "a kind of magician, a mediator between the other world and this world, a specially marked individual, inspired by the 'muses' " (vgl. Lord in Preminger, 1975: 542). Dit is gevolglik geen verrassing dat dit Óðinn is wat die geheime van die runes na die mens bring nie, en ook nie dat dit hy is wat op sy agtbenige perd Sleipnir tussen die wêreld van die lewendes en dié van die dooies kan reis nie. Die verband tussen towerkuns en poësie word ook in die Finse *Kalevala*, beaam:

Words shall not be hid
 nor spells be buried;
 might shall not sink underground
 though the mighty go.

(Lönnrot, 1989: 213)

Die era waarin die *Íslendingasögur* afspeel, is een van die min tye in wêreldgeskiedenis waartydens digterskap een van die bes betaalde beroepe was, in skerp kontras met die moderne tyd. Dit was 'n algemene gebruik van veral Yslandse *skalds* (digters) om in Noorweë gedigte vir die koning te gaan komponeer, en menigmaal het hulle dan ook saam geveg. By die slag van Hjörungavágr in 986 AD veg 'n hele paar Yslandse *skalds* teen die *Jómsvíkingar* (Hollander, 1955: 14). Hulle verse vorm die basis waarop die *Jómsvíkinga saga* gebaseer is, en verskaf ook inligting wat deur Snorri vir sy vertelling hiervan in die *Heimskringla* gebruik is.

Konings het self gedig: in Jónsson (1973) word gedigte opgeneem van drie Noorweegse konings van die tiende eeu: Haraldr hárfagri (860 - 933 AD), Hákon Aðalsteinnsfóstri (936 - 961 AD) en Óláfr Tryggvason (995 - 1000 AD). Ook baie sagakarakters was digters, onder andere Kveldúlfr (Egill se grootvader), Skallagrímur Kveldúlfsson (Egill se vader) en Egill Skallagrímsson van *Egils saga Skallagrímsson*, Brennu-Njáll Þorgeirsson van *Njáls saga*, en Kormákr Ogmundarson van *Kormáks saga*. Dit was ook nie 'n betrekking uitsluitlik vir mans nie, maar slegs twee vroues*skalds* is bekend: Jórunn skáldmær (letterlik "skaldmeisie") en Gunnhildr konungamóðir (Jónsson, 1973). Laasgenoemde is reeds genoem as die vrou van die berugte Eiríkr blóðøxe en moeder van onder andere Haraldr gráfell - van daar die benaming *konungamóðir* ("koningsmoeder"). Die meeste skaldiese verse is oorgeskryf namate die perkament verweer het, maar een skaldiese vers het in sy oorspronklike vorm behoue gebly, op 'n runesteen by Karlevi op Ölund, gedateer rondom 1000 AD (Roesdahl, 1998: 179).

Klassifikasie

Drie poëtiese style kom in Oud-Noors voor: eddiese poësie, skaldiese poësie en runesteen gedigte. Die eddiese poësie word verder verdeel in *fornyrðislag*, *kviðuhátttr*, *málahátttr* en *ljóðahátttr*. Skaldiese poësie is die dominante digvorm wat in die sagas voorkom, en dit is ook as bron by die skryf van 'n saga bruikbaar, soos Lönnroth (vgl. Sawyer, 1997: 226) te kenne gee:

[T]he skaldic poems, some of which undoubtedly date from the Viking period, contain the earliest and most reliable testimonies, since they seem to have been carefully remembered and preserved more or less literally for several generations.

Snorri Sturluson gebruik byvoorbeeld skaldiese poësie (soos die gedig *Ynglingatal*) vir sy *Heimskringla*. Dit word as betroubare bronne geag omdat dit in 'n uiters rigiede styl geskryf is wat moeilik verander kan word - dit is makliker om so 'n gedig net oor te vertel as om dit aan te pas of te verander. Runesteen gedigte toon ooreenkomste met eddiese poësie en is bruikbaar vanuit 'n historiese oogpunt, maar het min literêre waarde.

Rym kan verskillende vorme aanneem. Volgens Grové (vgl. Cloete, 1992: 460) kom volmaakte rym voor wanneer daar 'n ooreenkoms is tussen die klinker en die daaropvolgende klank(e) van geaksentueerde lettergrepe van korresponderende woorde, terwyl die klank(e) wat die rymende klinkers voorafgaan, verskillend moet wees, en kan in manlike/staande rym (*loer* : *broer*, *bier* : *nier*, *bok* : *kok*) en vroulike/slepende/glydende rym opgedeel word. Vroulike, slepende of glydende rym hang af van of daar twee of drie lettergrepe aangetref word: vroulik word deur *vindend* : *bindend* verteenwoordig, *vergete* : *verslete* is glydend. Rykrym of gelyke rym kom voor waar die klank wat die

rymende klinkers voorafgaan, ook ooreenstem, byvoorbeeld *blink : verblink*. Rym kan uiteraard aan die begin van twee versreëls voorkom, of aan die einde, of binne dieselfde versreël.

Halfrym of onvolkome rym kom voor waar slegs die klinkers of die medeklinkers ooreenstem, soos byvoorbeeld *geweer : juweel*. Dit staan ook as assonansie bekend as die klinkers alleen ooreenstem. Wanneer dieselfde konsonant voorkom, maar voorafgegaan word deur 'n ander klinker (*vet : kat, speel : paal*), word dit alliterasie genoem. Alliterasie is egter meer bekend as dit aan die begin van 'n woord voorkom (*dooie : donker*), maar kan binne 'n woord of selfs aan die einde van die woord ook voorkom. Dit kom gereeld in skaldiese poësie voor en word *skothending* genoem volgens Hollander (1947: 8). Volmaakte interne rym in skaldiese poësie word *aðalhending* genoem. *Hending* beteken "vangs" en suggereer die verband wat daardeur tussen woorde geskep word; *aðal* beteken "hoof", maar die betekenis van *skot* in hierdie konteks is onbekend. *Skothending* is vreemd vir die moderne leser en word nie gewoonlik as rym geïdentifiseer nie, maar die gehoor van die Wiking Era was daarop ingestel en sou dit as sodanig herken het.

Eddiese poësie

Die normale allitererende reël van Ou Germaanse poësie bestaan uit twee dele of halfreëls. Die twee halfreëls word deur 'n *caesura* verdeel en elk bevat twee aksente. Die alliterasie val op beide die geaksentueerde lettergrepe in die eerste halfreël, en op die eerste geaksentueerde lettergreep in die tweede halfreël. Hierdie voorbeeld uit *Beowulf*, rl. 2247, behoort verhelderend te wees:

Heald þu nu, hruse, nu hæleð ne m[o]ston
(Jack, 1994: 159)
(Hou jy nou, aarde, noudat helde nie meer kan nie)

Die alliterasie van die eerste halfreël in *Heald* en *hruse* word voortgesit in die tweede halfreël deur die eerste geaksentueerde lettergreep in *hæleð*. Hierdie basiese vorm word gevind in alle Ou Wes-Germaanse poësie - Angel-Saksies, Oud-Hoog-Duits en Oud-Saksies. In Skandinawië is hierdie vorm gebruik in groepe van vier om kwatryne te vorm (dit is nie die geval by byvoorbeeld die Angel-Saksiese verse nie). So 'n vierreël eenheid word 'n *visa* genoem en druk een gedagte uit, of twee gedagtes wat sintakties of logies met mekaar verband hou. Hierdie metrum word *fornyrðislag* genoem, of "Old Lore Metre" (Hollander, 1947: 3,4). Die alliterasie van die eerste halfreël word die *stuðlar* (steunpilare) genoem, en dié in die tweede halfreël die *höfuðstafr* (hoof-staaf). Dit word veral aangewend in die eddiese poësie, byvoorbeeld in die shamanistiese *Völuspa* (vgl. Beck in Preminger, 1975: 288), en dit kom ook in bykans al die runegedigte voor (Roesdahl, 1998: 181). Vers 6 van die *Darraðrljóð* wat na 1014 AD geskryf is, illustreer *fornirðislag*:

Vindum, vindum vef Darraðar,
þars vé vaða vigma manna;
lölum eigi líf hans farask,
eigu valkyrjur vals of kosti.

(Jónsson, 1973: 389-391),

(Wind we, wind we the web-of-darts
where float the flags of unflinching men!

Let not the liege's life be taken:

valkyries award the weird [fate] of battle)

(vert. Hollander, 1936: 75)

Kviðuháttir is verwant hieraan, maar in plaas daarvan dat daar vier lettergrepe in elke halfreël is, wissel die halfreëls tussen drie en vier lettergrepe. Dit word gebruik in *Ynglingatal* (voor 900 AD geskryf) en ook deur Egill Skallagrímsson in sy *Arinbjarnarkviða* en *Sonatorrek* (vgl. Beck in Preminger, 1975: 436). Laasgenoemde twee gedigte is opgeneem in *Egils saga Skallagrímsson*.

Kviðuháttir kan geïllustreer word deur die laaste strofe van *Sonatorrek* (geskryf 960 AD):

Nú erum torvelt, Tveggja bága
njörva nipt á nesi stendr,
skalk þó glaðr góðum vilja
ok ó-hryggr heljar bíða

(Jónsson 1973: 37).

(Hard my lot; for Herian's foe's-
stern sister stands on the ness.

Gladly, though, and ungrudgingly,

with light heart Hel I will abide).⁸
(Hollander 1947: 97).

Málaháttr is ook verwant aan *fornyrðislag*, maar die halfreëls bestaan hier uit twee geaksentueerde lettergrepe en drie of vier ongeaksentueerde lettergrepe. *Mál* beteken "spreek" en word so genoem op grond van die spraaktrant wat hierdie digvorm het. Die volgende twee reëls uit *Atlamáal en grænlenzku* illustreer dit:

Horsk vas **húsfreyja**, **hugði** at mannviti,
lag heyrði orða **hvat** á laun mæltu
(vgl. Beck in Preminger, 1975: 472)

Ljóðaháttr beteken "towerlied metrum" en al die oorblywende voorbeelde hiervan is in die direkte rede (Roesdahl, 1998: 181). Dit is ook verwant aan *fornyrðislag* - die eerste en derde reëls is dieselfde as *fornyrðislag*, maar die tweede en vierde reëls is korter en bevat geen *caesura* nie. Die kort reël is 'n onafhanklike eenheid, allitereer met homself en bevat drie of meer geaksentueerde lettergrepe en Beck (vgl. Preminger, 1975: 460) beweer dit word veral didakties aangewend. Die reeds genoemde strofe 77 van die *Hávamál* illustreer dit:

Deyr fé, **deyja** frændr,
deyr sjálfr it sama;
ek veit **einn** at aldri deyr:
dómr of **dauðan** hvern.
(Gordon, 1957: 153)
(Cattle die, kinsmen die,
the self must also die;
I know one thing which never dies:
the reputation of each dead man).
(Larrington, 1996: 24)

⁸ "Herian's foe's stern sister" is die godin van die dood, Hel, suster van Fenrir - Óðinn se aartsvyand. Herian (Herjan) is 'n sinoniem vir Óðinn. Daar moet op gelet word dat "Hel" niks met die Christelike weergawe van "hel" te doen het nie, in elk geval nie in betekenis nie.

Eddiese poësie kom selde in die sagas voor en die grootste versameling daarvan kom uit 'n manuskrip genaamd die *Codex Regius*, geskryf aan die einde van die dertiende eeu (Ker, 1906: 267). Die gedigte self is deur Nerman (1931) aangetoon as aansienlik ouer: *För Skírnis* en die *Völundarkviða* is volgens Nerman (1931: 61) voor 550 AD gekomponeer, en *Helgakviða Hundingsbana I* voor 750 AD. Nerman (1931: 63) sluit af met die volgende stelling:

Thus, in my opinion, the main body of the Eddic poems must have originated before the Viking age [...] or at any rate the essential parts of most of the Eddic poems must have been written before that period.

Skaldiese poësie

Die dominante digvorm in die sagas is *dróttkvætt* ("court measure") waarvan die kenmerke volgens Hollander (1947: 10) die volgende is:

- ses lettergrepe in elke reël - niks meer en niks minder nie
- elke reël het drie aksente, die laaste een altyd in 'n trogee-vorm
- elke reël kan in twee halfreëls verdeel word. In hierdie geval moet daar twee alliteratiewe lettergrepe in die onewe (i.e. eerste, derde, vyfde, ensovoorts), en een in die ewe (i.e. tweede, vierde, ensovoorts), halfreël voorkom. Die enkele alliteratiewe lettergreep moet val op die eerste lettergreep van die ewe reël (i.e. tweede, vierde, ensovoorts) en is altyd geaksentueerd.
- die *skothending* in die onewe halfreël, en die *aðalhending* in die ewe halfreël betrek altyd die tweede en laaste lettergreep.
- wat metrum betref is die einde van elke halfreël 'n trogee.

Hierdie voorbeeld (Hollander, 1947: 10) behoort verhelderend te wees. Rym word deur skuinsdruk aangedui, alliterasie deur vetdruk en aksent deur onderstreping. Dit is deur die skald Sigvat gekomponeer:

Jór rennr aptanskæru
allsvangr gotur langar,
völl kná hófr til hallar
höfum lítinn dag slíta;
nú's, þat's blakkr of bekki
berr mik Dönum ferri;
fákr laust drengs i díki
dægr mætask nú fæti.

(On the long road hastens, hungry,
my horse at twilight, coursing -
stars stream out - forward,
the straw scenting, to our quarters.
Through brooks splashing, my black steed
bears me swiftly and warily,
at wane of day, far from Daneland,
in a ditch though he stumbled, pitching).

(Hollander, 1947: 151)

Waar uiterse statigheid verlang is, kon groepe verse van dieselfde vorm afgewissel word met 'n *stef* ("burden/refrain") van twee of meer half-reëls op gereëelde intervalle, sodat 'n geheel gevorm word met inleiding, liggaam van die diskoers en konklusie. In hierdie vorm is die gedig 'n *drápa* genoem. By die afwesigheid van 'n *stef* is die gedig 'n *flokkr* genoem, en om so 'n gedig aan 'n belangrike leier op te dra is gesien as 'n geleerde belediging (Hollander, 1947: 10).

Wat aksent betref moet daarop gelet word dat reëlmatigheid nie in die skaldiese poësie voorkom nie. Hollander (1936: xiii) noem dat daar ses moontlike

aksentpatrone voorkom waar 'n halfreël uit twee geaksentueerde en twee ongeaksentueerde lettergrepe bestaan. Slegs een moontlikeid kom nie voor nie, nl. $x \times x' x'$, al die ander kom voor, nl. $x' x x' x$; $x' x' x x$; $x x' x' x$; $x' x x x'$; $x x' x x'$.

Stilisties gesproke gebruik die skaldiese vers min variasie, terwyl dit 'n uitsonderlike kenmerk van ander Ou Germaanse digvorme uitmaak. Met variasie word bedoel "the elaboration of a concept by one or more synonymical expressions" (Hollander, 1947: 11). Ter illustrasie hiervan noem ek die volgende uit die Oud-Hoog-Duitse *Hildebrandlied* (rl. 63-68) soos deur Bessinger (vgl. Preminger, 1975: 588) genoem (gegewe vertaling):

Do léttun se ærist ásckim scrítan,
 scárpen scúrum, dat in dem scíltim stónt.
 Do stópun tosámene, stáimbort chlúbun,
 héuwun hármlicco húitte scílti,
 únti im iro líntun lúttilo wúrtun,
 giwígan miti wábnun.

(Then first they let fly spears, sharp weapons
 so that they stuck in the shields. Then they
 strode together, split the bucklers, hacked
 grimly at the bright linden shields until they
 were cut to bits, destroyed by weapons.)

Een van die onderskeidende kenmerke van skaldiese poësie is die gebruik van die *kenning* vir elke moontlike geleentheid. Bessinger (vgl. Preminger, 1975: 434) definieer die *kenning* (meervoud *kenningar*) as "an implied simile in circumlocution for a noun not named". So byvoorbeeld word in Þórbjörn hornklofi ("skedelklower") se *Haraldskvæði* (ook bekend as *Hrafnsmál*), vers 2, die *kenning* "Hymis hausrofa" ("Hymir se skedelklower") gebruik (vgl. Jónsson, 1973:

22). Aangesien die *Grímnismál* (vers 40) beweer dat die hemel uit Hymir (Ymir) se skedel gemaak is, is dít wat die skedel van Hymir kloof of breek die raaf, omdat hy deur die lug vlieg (vgl. Hollander, 1936: 58).

Dróttkvætt gebruik die *kenning* in 'n groter mate as Wes-Germaanse poësie en die gedigte in die *Poëtiese Edda*. Die effek in *dróttkvætt* is "characteristic baroque, frequently grotesque, overornamentation" (Hollander, 1947: 11). *Kenningar* kom wel in alle tale voor, maar dit is die gereeldheid waarmee dit voorkom wat die skaldiese poësie onderskei; dit was ook immers die Oud-Noorse digters wat dit benoem het (Hollander, 1947: 12).

The striking difference is that in Skaldic poetry the replacement of nouns by a circumlocution is raised to a principle; or, if you please, that there is a mania for kennings, so that in extreme cases virtually nothing is mentioned by its own name or designated by an everyday word (Hollander, 1947: 13).

Hollander (1947: 13) gebruik die volgende voorbeeld: Haki is die naam van 'n see-koning. Dan is *Haka dyr* (die dier van Haki) 'n skip; *Haka dyrs blik* (die betowering van die dier van Haki) is die skild aangesien skilde aan die buitekant van die langskepe gehang is. Verder kan ons sê *Haka dyrs blik dynr* (die opskudding van die betowering van die dier van Haki) vir veldslag, en *Haki dyrs blik dyns sæðingr* (die meeu van die opskudding van die betowering van die dier van Haki) beteken dan waarskynlik "raaf". *Haki dyrs blik dyns sæðinga hungrdeyfir* (die hongerstiller van die meeu van die opskudding van die betowering van die dier van Haki) beteken dan "kryger" of "koning", met ander woorde dalk Haki self. Baiemaal word die helfte van die vers aan so 'n "Chinese box" toegewy, en uiteindelik word daar 'n banale standpunt gemaak soos "het gelewe". Rudolf Meissner (Hollander, 1947: 15) het egter gesê dat:

It is not a question of stiff conventionalism or of degeneration, but of

deliberate cultivation, of the *kenning*; and he who tries to live himself into Skaldic poetry without preconceived notions will be able to enjoy to a certain extent this bold toying with the means of language (my kursivering).

Wat die inhoud van skaldiese poësie betref is dit nooit elegies-epies nie, nooit didakties nie, nooit dramaties-dialogies nie. Dit is "odic, encomiastic, frequently satiric, sometimes lyric, in a fashion that has no counterpart in other Old Germanic poetry" (Hollander, 1947: 19). Die kern van skaldiese poësie is publieke erkenning van benoemde konings en leiers, gekomponeer deur benoemde digters by spesifieke gebeurtenisse. Dit handel meesal oor 'n koning en sy weermag wat dapper by 'n plek geveg het en daardeur die wolwe/rawe versadig het. Lönnroth (vgl. Sawyer, 1997: 226) skryf:

In most cases we only learn, after having straightened out the inverted syntax and deciphered all the intricate metaphors, that some great ruler, attended by brave warriors, defeated his enemies at such-and-such a place, thus making the life of local corpse-eating wolves and ravens a little happier.

Hierdie gedigte is ook bloeddorstig en verwys baiekeer na rawe en wolwe wat karkasse van gesneuweldes verslind, soos uit Egill Skallagrímsson se *Höfuðlausn*, vers 11:

Flugu hjaldrs tranar
of hræs lanar;
órut blóðs vanar
benmös granar;
sleit und freki,
en oddbreki
gnúði hrafni
á höfuðstafni.

(Jónsson, 1973: 31)

(Wheeled the battle-crane⁹
 O'er the bodies of slain;
 of blood drank its fill
 the fight-gull's¹⁰ bill;
 rends the wolf men's limbs
 while the wound-stream¹¹ brims
 on the reddened cheek
 of the raven's beak.

(Hollander, 1947: 71)

Runesteen-gedigte

Die laaste digvorm waarna gekyk moet word is runesteen-gedigte. Die runesteen-gedigte is in metrum en styl, maar nie inhoud nie, soortgelyk aan die eddiese poësie (Roesdahl, 1998: 178). Waar die eddiese poësie meesal mitiese en legendariese gebeurtenisse beskryf, is die runesteen-gedigte selde van literêre waarde en beskryf hulle meesal die ondervindings van andersins onbekende mense. Histories is dit egter van belang as gevolg daarvan dat dit 'n bewys is van waarheen *vikingar* in daardie tyd gereis het, soos met die reeds genoemde voorbeeld van Yngvarr víðfjörli Eymundsson se ekspedisie deur Rusland. Die volgende voorbeeld in Oud-Deens kom van die steen by Hällestad, Skåne, gedateer c. 985 AD (gegewe vorm):

Ǽskell satti stēn þannsi æftiR Tōka Gormssun, sær holan drōttin,

⁹ Arend of raaf.

¹⁰ Arend of raaf

¹¹ Bloed

SāR flō ēgi at Uppsalum
 sattu drængaR æftir sīnn brōþur
 stēn ā biargi stōðan rūnum,
 þēR Gorms Tōka gingu næstiR

Askel raised this stone in memory of Toki, Gorm's son who fled not at Uppsala. The warriors set, in memory of their brother, a stone standing fast with runes upon the rock - those who were nearest to Toki, Gorm's son (Gordon, 1957: 191).

Oud-Noorse poësie is kompleks maar kragtig, en was die enigste vorm waarin emosie uitgedruk kon word aangesien die sagas nie daarvoor voorsiening gemaak het nie. Verder is die gedigte op grond van inhoud van onskatbare belang, aangesien die *Poëtiese Edda* en die skaldiese gedigte ons 'n blik op nie net die geskiedenis nie, maar ook die geloof, van die Skandinawiërs verskaf; 'n blik wat ons andersins nie sou gehad het nie en wat direk betrekking het op die Afrikaner se Europese herkoms.

Gevolgtrekking

Die leeu wat waggestaan het by die hawe van Athene, Porto Leone in Piraeus, het ook gely onder die heroïese *vikingr* begeerte (algemeen menslike begeerte?) om onthou te word. Dit is tans in Venesië, en op sy skouers staan die volgende in Oud-Sweeds in runes uitgekerf (inskripsie c. 1170 AD):

Hiuggu þēr hælfnings millum han, en ī hafnþæssi þēr mæn (h)oiġgu rūnar at Horsa, bōnda gǫþan, ā wāg. Rǫþu Swīar þætta ā lēnu. Fōr rǫþum, gull wan han faren. Drængiar ristū rūnar ā rīkan stræng hiuggu. Þeir Æskil . . . ok Þurlēfr lētu hogga wælþēr ā Rǫrslandi byggu . . . asun (h)ioġūnar þæssar. Ulf ok . . . stēntu at Horsa; gull wan faren.

(They cut him down in the midst of his force; but in the harbour the men cut runes in memory of Horse, a good warrior, by the sea. The Swedes set this on the lion. He went his way with good council, gold he won in his travels. The warriors cut runes, hewed them in an ornamental scroll. Æskel (and others) and Þorlef had them well cut, they who lived in Roslagen. N. son of N. cut these runes. Ulf and N. cut them in memory of Horse; he won gold in his travels) (Gordon, 1957: 193).

Mense wat eienskappe vertoon het wat deur ander beny kan word, word vereer deur hulle te onthou. Die *Íslendingasögur* vereer dapper, trotse, eerbare mense van ouds; dit staan soos 'n runesteen ter herinnering aan hulle. Die mens mag nooit ophou om sy geskiedenis en helde van ouds te bestudeer nie, want dit is die mens se plig om dié wat vooraf die pad deur die eeue gebaan het, te vereer, en bowenal is daar baie om uit hul voorbeelde te leer. As daar nadere ondersoek na die karakters van die sagas ingestel word, sal dit duidelik blyk dat hulle - om en by 'n millennium vantevore - gewone mense soos ons was, wat ook in sinlose argumente betrokke geraak het, ook elke dag gewerk het om 'n inkomste te probeer genereer, ook liefdesprobleme gehad het, geliefdes aan die dood afgestaan het, in konflik met die bure betrokke geraak het, ensovoorts. Dit is net

die "snobbery of chronology" - soos C. S. Lewis dit noem (Lacey en Danziger, 2000: 201) - wat veroorsaak dat ons terugkyk en onder die indruk verkeer dat ons meer gevorderd is.

Wanneer Guðrún in *Laxdæla saga* sê: "þeim var ek verst, er ek unna mest" (Kålund, 1896: 171) "to him was I worst whom I most loved" (Proctor, 1903: 242), spreek sy 'n algemene menslike tendens uit. En dít is wat die *Íslendingasögur* tydloos maak. Dat daar fiktiewe elemente in die sagas voorkom, kan nie betwyfel word nie, maar in watter mate die sagas fiktief is, sal altyd vatbaar wees vir debat. Dit is egter waar dat, soos Nordal (1957: 35) geskryf het, "fiction may be imbued with a truth to life which is equal if not superior in value to any factual truth". Die saga-karakters bevat juis hierdie "truth to life".

Daar is met betrekking tot die poging tot realisme op narratologiese tegnieke en inhoudelike opvattinge gefokus. Vir die moderne leser is die vorm van die *Íslendingasögur* ook minder vreemd as ander Middeleeuse geskryfte omdat dit soos 'n film aan die leser openbaar word. Daar is interessante bo-natuurlike insidente met *draugar* en mense wat die vorm van diere kan aanneem, maar dit word nie in 'n fantasie-wêreld aan die leser gebied nie; dit is deel van die leefruimte van die karakters in die werklikheid. Dit speel nie af op mistieke eilande of in kastele wat deur drake bedreig word nie, en dit is nie idilliese literêre karakters wat hindernisse oorkom as gevolg van hulle reinheid of deugde nie. W. P. Ker (1931: 245) skryf:

The Sagas give the look of things and persons at the critical moments, getting as close as they can, by all devices, to the vividness of things as they appear, as they happen; brief and reserved in their phrasing, but the reverse of abstract or limited in their regard for the different modes and aspects of life, impartial in their acknowledgement of the claims of individual

character, and unhesitating in their rejection of conventional ideals, of the conventional romantic hero as well as the conventional righteous man. The Sagas are more solid and more philosophical than any romance or legend.

Afgesien van die kulturele en linguistiese konneksie, vertoon die Yslandse opset baie ooreenkomste met die Afrikaner s'n. Onderdruk in hul moederland, klim dié wat nie die knie wou buig nie op skepe en gaan soek 'n ander heenkome. Hulle lê plase uit, boer en stry met die bure oor weidingsgebied. 'n Unieke letterkunde word gevorm en die geskiedenis word opgeteken, en hulle taal begin verskille met die taal vertoon wat hulle in hulle land van herkoms gepraat het. In Ysland kon enige ambisieuse mens met inisiatief 'n lewe vir homself maak, ongeag sy sosiale stand (alhoewel goeie familiebande altyd 'n pluspunt is).

Onderlinge geskille in Ysland - wat tot 'n burgeroorlog gelei het in die tyd wat die sagas opgeteken is - het tot die verlies van hul onafhanklikheid gelei en die kultuur onherroeplik verander. In die veertiende en vyftiende eeu het die Yslanders die *Íslendingasögur* uitgefaseer en hulle meer begin toespits op onder andere die Romaans-georiënteerde *lygisögur*, en daardeur het 'n versmelting met Europese literêre strominge plaasgevind wat veroorsaak het dat die Yslandse literatuur se uniekheid tot niet gegaan het. Vandag word die Middeleeuse Yslandse skrywers onthou vir die *Íslendingasögur*, aangesien dit hulle eie was, en nie vir hulle interpretasies van kontinentale literêre modes nie. Soos altyd is daar baie waardevolle lesse om uit die verlede te leer. As ek dit kan waag om 'n baie polities onkorrekte bron aan te haal: Adolf Hitler het gesê:

[W]e do not learn history just in order to know the past, we learn history in order to find an instructor for the future and for the continued existence of our own nationality (Manheim, 2000: 383).

Dit geld vir alle rasse- en taalgroepe tans in Suid-Afrika wie se kultuur deur globalisme verswelg word. Dalk is dit die les wat uit die *Íslendingasögur* geleer kan word, veral in hedendaagse Suid-Afrika.

Bibliografie

Alexander, Michael. 1983. *Old English literature*. Londen: MacMillan Education.

Andersson, Theodore M. 1980. "Tradition and design in 'Beowulf'". In Niles, John D. (red.). *Old English literature in context*. New Jersey: D. S. Brewer.

Andrews, Ted. 2003. *Animal speak: the spiritual and magical powers of creatures great and small*. Minnesota: Llewellyn.

apRoberts, Robert, P. 1975. "Gnomic Poetry". In Preminger, Alex (red.) *Princeton Encyclopedia of Poetry and Poetics*. Londen: Macmillan.

Aswynn, Freya. 1998. *Northern mysteries and magick: runes, gods and feminine powers*. Minnesota: Llewellyn.

Baird, James and Gudas, Fabian. 1975. "Primitivism". In Preminger, Alex (red.) *Princeton Encyclopedia of Poetry and Poetics*. Londen: Macmillan.

Beck, Richard. 1975. "Dróttkvætt". In Preminger, Alex (red.) *Princeton Encyclopedia of Poetry and Poetics*. Londen: Macmillan.

Beck, Richard. 1975. "Fornyrðislag". In Preminger, Alex (red.) *Princeton Encyclopedia of Poetry and Poetics*. London: Macmillan.

Beck, Richard. 1975. "Kviðuhátt". In Preminger, Alex (red.) *Princeton*

Encyclopedia of Poetry and Poetics. Londen: Macmillan.

Beck, Richard. 1975. "Málahátrr". In Preminger, Alex (red.) *Princeton Encyclopedia of Poetry and Poetics*. Londen: Macmillan.

Beck, Richard. 1975. "Old Norse Poetry". In Preminger, Alex (red.) *Princeton Encyclopedia of Poetry and Poetics*. Londen: Macmillan.

Benson, Larry D. (alg. red.). Robinson, F. N. (red.). 1988. *The Riverside Chaucer*. Oxford: Oxford University Press.

Bessinger, Jess B. 1975. "Alliterative Meter". In Preminger, Alex (red.) *Princeton Encyclopedia of Poetry and Poetics*. Londen: Macmillan.

Bessinger, Jess B. 1975. "Old Germanic Prosody". In Preminger, Alex (red.) *Princeton Encyclopedia of Poetry and Poetics*. Londen: Macmillan.

Bessinger, Jess B. 1975. "Kenning". In Preminger, Alex (red.) *Princeton Encyclopedia of Poetry and Poetics*. Londen: Macmillan.

Bill, Jan. 1997. "Ships and seamanship". In Sawyer, Peter (red.). *The Oxford illustrated history of the Vikings*. Oxford: Oxford University Press.

Bowra, C.M. 1990. "Some characteristics of literary epic". In Draper, R.P. (red.). *The epic: developments in criticism*. Londen: MacMillan.

Burgess, Glyn (vert.). 1990. *The song of Roland*. Londen: Penguin.

Byock, Jesse. 2001. *Viking Age Iceland*. Londen: Penguin.

Bætke, Walter (red.). 1974. *Die Isländersaga*. Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft.

Bætke, Walter. 1974. "Zum Erzählstil der Isländersagas". In Bætke, Walter (red.). *Die Isländersaga*. Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft.

Carlyle, Thomas. 1983. *On Heroes, Hero Worship and the Heroic in History*. New York: Chelsea House.

Cloete, T.T. 1992. *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr.

Clover, Carol J. 1982. *The medieval saga*. Londen: Cornell University Press.

Craigie, W.A. 1933. *The Icelandic Sagas*. Cambridge: Cambridge University Press.

Crossley-Holland, Kevin (vert.). 1965. *The Battle of Maldon and Other Old English Poems*. New York: Macmillan.

Crossley-Holland, Kevin. 1980. *The Norse myths*. New York: Pantheon Books.

Damon, Phillip. 1980. "The center of things: narrative patterns in the 'Iliad', 'Roland' and 'Beowulf'". In Niles, John D. (red.). *Old English literature in context*. New Jersey: D. S. Brewer.

Dasent, Sir George Webbe (vert.). 1907. *The story of Burnt Njal*. Londen: Norrœna Society.

Davis, R.H.C. 1970. *A history of medieval Europe: from Constantine to Saint Louis*. Londen: Longman.

De Vries, Jan. 1977. *Altnordisches etymologisches Wörterbuch*. Leiden: EJ Brill.

Draper, R.P. (red.). 1990. *The epic: developments in criticism*. Londen: MacMillan.

Eddison, E.R. (vert.). 1930. *Egil's Saga*. Cambridge: Cambridge University Press.

Farweck, F. E. 1978. *Noordeuropese mysteriën en hun sporen tot heden*. Deventer: Ankh-Hermes.

Fogle, Richard Harter. 1975. "English Poetry". In Preminger, Alex (red.). *Princeton Encyclopedia of Poetry and Poetics*. London: Macmillan.

Foley, John Miles. 1980. "'Beowulf' and the traditional narrative song: the potential and limits of comparison". In Niles, John D. (red.). *Old English literature in context*. New Jersey: D. S. Brewer.

Foote, Peter. 1974. "The audience and vogue of the Sagas of the Icelanders - some talking points". In Turville-Petre, Gabriel en Martin, John Stanley. *Iceland and the medieval world: studies in honour of Ian Maxwell*. Australië: The Organising Committee for Publishing a Volume in Honour of Professor Maxwell.

Frank, Roberta. 1991. "Germanic Legend in Old English literature". In Godden, Malcolm en Lapidge, Michael. *The Cambridge Companion to Old English Literature*. Cambridge: Cambridge University Press.

Frazer, Sir James. 1993. *The Golden Bough*. Hertfordshire: Wordsworth Editions.

Frye, Northrop. 1990. "Theory of genres". In Draper, R.P. (red.). *The epic: developments in criticism*. Londen: MacMillan.

Godden, Malcolm en Lapidge, Michael. 1991. *The Cambridge Companion to Old English Literature*. Cambridge: Cambridge University Press.

Gordon, E.V. 1957. *An introduction to Old Norse*. Oxford: Oxford University Press.

Graves, Robert. 1968. *New Larousse encyclopedia of mythology*. Middlesex: Hamlyn.

Grové, A.P. 1992. "Rym". In Cloete, T.T. *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr.

Hallakarva, Gunnora. www.vikinganswerlady.com. Datum geraadpleeg: 25 Augustus 2004.

Hallberg, Peter. 1962. *Old Icelandic poetry: Eddic lay and skaldic verse*. Lincoln: University of Nebraska Press.

Hatto, Arthur Thomas (vert.). 1965. *The Nibelungenlied*. Engeland: Penguin Books.

Haywood, John. 1995. *The Penguin historical atlas of the Vikings*. Londen: Penguin.

Heaney, Seamus (vert.). 1999. *Beowulf*. Londen: Faber and Faber.

Hight, Gilbert. 1990. "Beowulf". In Draper, R.P. (red.). *The epic: developments in criticism*. Londen: MacMillan.

Hollander, Lee M. 1936. *Old Norse poems: the most important non-skaldic verse not included in the Poetic Edda*. New York: Columbia University Press.

Hollander, Lee M. 1947. *The skalds: a selection of their poems*. Princeton: Princeton University Press.

Hollander, Lee M. 1955. *The saga of the Jónsvíkings*. Texas: University of Texas Press.

Jack, George. 1994. *Beowulf: a student edition*. Oxford: Clarendon Press.

Jessen, E. 1974. "Glaubwürdigkeit der 'Egilssaga' und anderer Isländersagas". In Bætke, Walter (red.). *Die Isländersaga*. Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft.

Johnson, Barbara. 1981. "The frame of reference: Poe, Lacan, Derrida". In Young, Robert (red.). *Untying the text: a post-structuralist reader*. Boston: Routledge & Kegan Paul.

Jones, Gwyn (vert.). 1961. *Eirik the Red and other Icelandic sagas*. Oxford: Oxford University Press.

Jónsson, Finnur. 1973. *Den Norsk-Islandske skjaldedigtning 800-1200 Vol. 1*. København: Rosenkilde og Bagger.

Jónsson, Finnur. 1973. *Den Norsk-Islandske skjaldedigtning 1200 – 1400 Vol. 2*. København: Rosenkilde og Bagger.

Jónsson, Finnur. 1974. "Die Geschichte der altnordischen und altisländischen Literatur". In Bætke, Walter (red.). *Die Isländersaga*. Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft.

Ker, W.P. 1906. *The Dark Ages*. London: William Blackwood and Sons.

Ker, W. P. 1931. *Epic and Romance: essays on Medieval literature*. London: Macmillan and Co.

Keynes, Simon. 1997. "The Vikings in England, c. 790 - 1016". In Sawyer, Peter (red.). *The Oxford illustrated history of the Vikings*. Oxford: Oxford University Press.

Kálund, K.R. (red.). 1896. *Laxdæla Saga*. Kopenhagen: Max Niemeyer.

- Lacey, Robert en Danziger, Danny. 2000. *The year 1000*. Londen: Abacus.
- Larrington, Carolyne (vert.). 1996. *The Poetic Edda*. Oxford: Oxford University Press.
- Lord, Albert B. 1975. "Narrative Poetry". In Preminger, Alex (red.). *Princeton Encyclopedia of Poetry and Poetics*. Londen: Macmillan.
- Lord, Albert B. 1980. "Interlocking mythic patterns in 'Beowulf'". In Niles, John D. (red.). *Old English literature in context*. New Jersey: D. S. Brewer.
- Lönnrot, Elias vert. deur Bosley, Keith, met inleiding deur Lord, Albert B. 1989. *The Kalevala*. Oxford: Oxford University Press.
- Lönnroth, Lars. 1997. "The Vikings in history and legend". In Sawyer, Peter (red.). *The Oxford illustrated history of the Vikings*. Oxford: Oxford University Press.
- Lund, Niels. 1997. "The Danish Empire and the end of the Viking Age". In Sawyer, Peter (red.). *The Oxford illustrated history of the Vikings*. Oxford: Oxford University Press.
- Magnússon, Eiríkr en Morris, William (vert.). 1900. *The story of Grettir the Strong*. Londen: Longmans, Green & Co.
- Magnusson, Magnus en Pálsson, Hermann (vert.). 1965. *The Vinland sagas: the*

Norse discovery of America. London: Penguin.

Manheim, Ralph, vertaling van Hitler, Adolf. 2000. *Mein Kampf*. Londen: Pimlico.

Martin, J.S. 1974. "Baldr's death and 'The Golden Bough'". In Turville-Petre, Gabriel en Martin, John Stanley (reds.). *Iceland and the medieval world: studies in honour of Ian Maxwell*. Australië: The Organising Committee for Publishing a Volume in Honour of Professor Maxwell.

Mattingly, H, vertaling van Tacitus P. Cornelius. 1970. *The Agricola and the Germania*. Londen: Penguin Books.

Mitchell, Bruce en Robinson, Fred C. 1986. *A guide to Old English*. Oxford: Basil Blackwell.

Monsen, Erling, vertaling van Sturluson, Snorri. 1931. *Heimskringla or The Lives of the Norse Kings*. Cambridge: Cambridge University Press.

Müller, F. Max. 1906. *The German classics from the fourth to the nineteenth century: vol. 1*. Oxford: Clarendon Press.

Mueller, Martin. 1990. "Oral poetry, the 'Iliad' and the modern reader". In Draper, R.P. (red.). *The epic: developments in criticism*. Londen: MacMillan.

Nagler, Michael N. 1980. "'Beowulf' in the context of myth". In Niles, John D. (red.). *Old English literature in context*. New Jersey: D. S. Brewer.

Nelson, Janet L. 1997. "The Frankish Empire". In Sawyer, Peter (red.). *The Oxford illustrated history of the Vikings*. Oxford: Oxford University Press.

Nerman, Birger. 1931. *The poetic Edda in the light of archæology*. London: Curtis and Beamish.

Niles, John D. (red.). 1980. *Old English literature in context*. New Jersey: D. S. Brewer.

Niles, John D. 1991. "Pagan survivals and popular beliefs". In Godden, Malcolm en Lapidge, Michael. *The Cambridge Companion to Old English Literature*. Cambridge: Cambridge University Press.

Noonan, Thomas S. 1997. "Scandinavians in European Russia". In Sawyer, Peter (red.). *The Oxford illustrated history of the Vikings*. Oxford: Oxford University Press.

Nordal, Sigurður. 1957. *The historical element in the Icelandic Family Sagas*. Glasgow: Jackson, Son & Co.

Oakeshott, Ewart. 1960. *The Archaeology of Weapons*. New York: Boydell and Brewer.

Ó Corráin, Donnchadh. 1997. "Ireland, Wales, Man and the Hebrides". In Sawyer, Peter (red.). *The Oxford illustrated history of the Vikings*. Oxford: Oxford University Press.

O'Brien O'Keefe, Katherine. "Heroic Values and Christian ethics". In Godden, Malcolm en Lapidge, Michael. 1991. *The Cambridge Companion to Old English Literature*. Cambridge: Cambridge University Press.

Odendal, F. F. (hoofred.), Schoonees, P. C., Swanepoel, C. J., Du Toit, S. J., Booyesen, C. M. 1979. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Johannesburg: Perskor.

Parrinder, Geoffrey (red.). 1973. *An illustrated guide to the world's religions*. Middlesex: Newnes Books.

Phillpotts, Bertha S. 1931. *Edda and saga*. New York: Henry Holt & Co.

Potter, Alex. 1987. *The Context of Literature written in English*. Kaapstad: Maskew Miller Longman.

Preminger, Alex (red.). 1975. *Princeton Encyclopedia of Poetry and Poetics*. Londen: Macmillan.

Priebsch, R. en Collinson, W. E. 1948. *The German language*. Londen: Faber & Faber.

Proctor, Robert (vert.). 1903. *The story of the Laxdalers*. Plek van uitgawe onbekend: Chiswick Press.

Rafnsson, Sveinbjörn. 1997. "The Atlantic Islands". In Sawyer, Peter (red.). *The*

Oxford illustrated history of the Vikings. Oxford: Oxford University Press.

Renfrew, Colin. 1989. *Archaeology and language: The puzzle of Indo-European origins*. Londen: Penguin.

Roesdahl, Else. 1998. *The Vikings*. Londen: Penguin.

Robinson, Fred C. "Beowulf". In Godden, Malcolm en Lapidge, Michael (reds.). 1991. *The Cambridge Companion to Old English Literature*. Cambridge: Cambridge University Press.

Rudgley, Richard. 1999. *Lost Civilizations of the Stone Age*. Parktown: Arrow Books.

Rubow, Paul V. 1974. "Die isländischen Sagas". In Bætke, Walter (red.). *Die Isländersaga*. Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft.

Sawyer, Peter. 1997. "The age of the Vikings, and before". In Sawyer, Peter (red.). *The Oxford illustrated history of the Vikings*. Oxford: Oxford University Press.

Sawyer, Peter. 1997. "The Viking legacy". In Sawyer, Peter (red.). *The Oxford illustrated history of the Vikings*. Oxford: Oxford University Press.

Sawyer, Peter (red.). 1997. *The Oxford illustrated history of the Vikings*. Oxford: Oxford University Press.

Schier, Kurt. 1970. *Sagaliteratur*. Stuttgart: J. B. Metzlersche Verlagsbuchhandlung.

Schlauch, Margaret (vert.). 1930. *The Saga of the Volsungs*. Londen: George Allen & Unwin.

Schlauch, Margaret. 1933. *Romance in Iceland*. Londen: George Allen & Unwin.

Sigurðsson, Gísli vert. deur Jones, Nicolas. 2004. *The medieval Icelandic saga and oral tradition: a discourse on method*. Cambridge: Milman Parry Collection of Oral Literature.

Simpson, Jacqueline. 1987. *European mythology*. Middlesex: Hamlyn.

Sinclair, Andrew. 1999. *The discovery of the Grail*. Londen: Arrow Books.

Spiegelman, Willard. 1990. "Some versions of heroism". In Draper, R.P. (red.). *The epic: developments in criticism*. Londen: MacMillan.

Squire, Charles. 1999. *Celtic mythology*. Skotland: Geddes & Grosset.

Squire, Charles. 2000. *The mythology of the British Islands*. Hertfordshire: Wordsworth.

Stenkamp, Willem en Eureka. 1977. *My kind se naam: die oorsprong en betekenis van eiename*. Kaapstad: Human en Rousseau.

Sørensen, Preben Meulengracht. 1997. "Religions old and new". In Sawyer, Peter (red.). *The Oxford illustrated history of the Vikings*. Oxford: Oxford University Press.

Thorsson, Edred. 1998. *Northern magic: rune mysteries and shamanism*. Minnesota: Llewellyn.

Tillyard, E.M.W. 1990. "The epic spirit". In Draper, R.P. (red.). *The epic: developments in criticism*. Londen: MacMillan.

Turville-Petre, Gabriel en Martin, John Stanley (reds.). 1974. *Iceland and the medieval world: studies in honour of Ian Maxwell*. Australië: The Organising Committee for Publishing a Volume in Honour of Professor Maxwell.

Turville-Petre, Gabriel. 1974. "The Sonatorrek". In Turville-Petre, Gabriel en Martin, John Stanley (reds.). *Iceland and the medieval world: studies in honour of Ian Maxwell*. Australië: The Organising Committee for Publishing a Volume in Honour of Professor Maxwell.

Young, Jean I. vertaling van Sturluson, Snorri. 1954. *The Prose Edda*. Londen: University of California Press.

Young, Robert (red.). 1981. *Untying the text: a post-structuralist reader*. Boston: Routledge & Kegan Paul.

Van der Merwe, H. J. J. M. (red.). 1972. *Afrikaans: sy aard en ontwikkeling*. Pretoria: J. L. Van Schaik.

Van der Westhuizen, J. E. 1981. *Literature and crisis: a medieval Icelandic response*. Kaapstad: Universiteit van Kaapstad.

Vaughan, Jane. 1974. "'Með ólögum eyða': a note on the witch-ride in Njáls saga". In Turville-Petre, Gabriel en Martin, John Stanley (reds.). *Iceland and the medieval world: studies in honour of Ian Maxwell*. Australië: The Organising Committee for Publishing a Volume in Honour of Professor Maxwell.

Vos, Bert J. vertaling van De La Saussaye, P. D. Chantepie. 1902. *The religion of the Teutons*. Londen: Ginn & Co.

Wells, H. G. 1951. *The outline of history: being a plain history of life and mankind*. Londen: Cassel & Co.

Wheal, Donald James en Shaw, Warren. 1997. *The Penguin dictionary of the Third Reich*. Londen: Penguin.

Wheelwright, Philip. 1975. "Myth". In Preminger, Alex (red.). *Princeton Encyclopedia of Poetry and Poetics*. Londen: Macmillan.

Whyte, Dylon. 2003. *The art of European Chainmail vol.1: European patterns*. Ontario: Dylon Whyte.

Wood, Michael. 1982. *In search of the Dark Ages*. Londen: British Broadcasting Corporation.

Wright, Thomas (red.). 1865. *La Mort d'Arthur*. Londen: John Russell Smith.

DEEL 2

KREATIEWE DEEL

Valgarðs saga Gunnvaldsson

Aan Rinnie (1 Augustus 1993 - 29 Mei 2004)

And sense the solving emptiness
That lies just under all we do,
And for a second get it whole,
So permanent and blank and true.

Philip Larkin

Inhoudsopgawe

Verantwoording		i
Stambome:	Geirrekr se nageslag	vii
	Gunnvaldr se nageslag	vii
	Þorsteinn se nageslag	viii
Kaarte:	Die wêreld van Valgarðs saga Gunnvaldsson	ix
	Skandinawië	x
Regeerders van die tiende eeu:	Prinse van die Rus by Kiëf	xi
	Konings van Denemarke	xi
	Konings van Noorweë	xi
	Konings van Swede	xii
	Konings van Engeland	xii
	Hertoë van Normandië	xii
	Konings van die Saksiese Ryk	xiii
	Konings van Frankryk	xiii
Chronologie		xiv
<u>Valgarðs saga Gunnvaldsson</u>		
Hoofstuk 1		1
Hoofstuk 2		3
Hoofstuk 3		8
Hoofstuk 4		10
Hoofstuk 5		12
Hoofstuk 6		18

Hoofstuk 7	22
Hoofstuk 8	25
Hoofstuk 9	31
Hoofstuk 10	37
Hoofstuk 11	44
Hoofstuk 12	49
Hoofstuk 13	57
Hoofstuk 14	62
Hoofstuk 15	65
Hoofstuk 16	71
Hoofstuk 17	78
Hoofstuk 18	82
Hoofstuk 19	85
Hoofstuk 20	92
Hoofstuk 21	95
Hoofstuk 22	97
Hoofstuk 23	100
Hoofstuk 24	102
Alfabetiese lys van eiename genoem	104
Lys van vreemde plekname	115
Alfabetiese lys van notas	120
Opsomming	137
Summary	140
Key terms	143

Verantwoording

Daar moet op 'n paar punte gelet word wanneer *Valgarðs saga Gunnvaldsson* gelees word. Ek het gepoog om 'n atmosfeer te skep wat myself en die leser in die tiende eeu kan plaas. Om hierdie rede het ek so na as moontlik aan die oorspronklike *Íslendingasögur* gewerk, maar soms het die moderne tyd deureskemer - hetsy intensioneel of onintensioneel. Wat die deiktiese posisie van die verteller betref het ek sover moontlik gepoog om die perspektief van die tiende eeu te rekonstrueer omdat die verteller se posisie¹ myns insiens 'n integrale deel van hierdie genre vorm. Dit is egter onmoontlik om die een-en-twintigste eeu totaal uit 'n mens se verwysingsraamwerk te verwyder en dit kan sterk betwyfel word of die dertiende eeuse skrywers van die *Íslendingasögur* hulle perspektief uit hulle sagas kon hou, alhoewel hulle myns insiens ook 'n poging daartoe aangewend het. Dit sou immers sinloos wees om die *Zeitgeist* waarin die teks geskryf is, totaal uit die teks te ontnem (as so iets enigsins moontlik was), aangesien die teks dan van mindere waarde vir die leser in die huidige tyd sou wees.

In styl (byvoorbeeld wat sintaksis en stelswyses betref) en inhoud (wat byvoorbeeld perspektiewe op die wêreld en die hiernamaals betref, asook geografiese verwysings) behoort die teks dus amper soos 'n geverfde muur te funksioneer waar 'n enkele laag ligte verf oor 'n donker laag geverf is : met die tiende- en een-en-twintigste eeu wat gelyktydig soos verflae bo-oor mekaar sigbaar is. Die titel van hierdie verhandeling weerspieël dit ook: dit is 'n

¹ Hiermee word bedoel dat die verteller homself in 'n nie-moderne samelewing bevind, nie dat hy homself in die tiende eeu bevind nie. Hy kan homself egter in die tiende eeu probeer indink, maar dit is onmoontlik om te bepaal hoeveel van die dertiende eeuse verwysingsraamwerk neerslag in die *Íslendingasögur* gevind het.

"kreatiewe Afrikaanse perspektief" op die Middeleeuse Yslandse saga, nie slegs nog 'n Middeleeuse Yslandse saga nie. As daar slegs gepoog is om die *Íslendingasögur* aan die algemene publiek bekend te stel, sou dit meer funksioneel wees om net een van die sagas in Afrikaans te vertaal. Maar die doel van hierdie verhandeling is nie só beperk nie: daar word kommentaar op die moderne samelewing gelewer en verbintenisse uitgelig tussen die moderne tyd en die verre verlede, juis sodat die leser tot insigte kan kom soos byvoorbeeld dat mense slegs op die oppervlak verander en nie veel persoonlike vordering oor die eeue toon nie (en vele ander wat ek aan die leser self wil oorlaat).

Plekname illustreer die dualistiese perspektief - met voorkeur aan die tiende eeu: waar moontlik het ek die oorspronklike Oud-Noorse name gebruik, maar soms moes na plekke verwys word waarvan ek nie toegang tot Oud-Noorse vorme gehad het nie en is moderne name gebruik. Ek kon byvoorbeeld nie die oorspronklike naam vir Tromsø opspoor nie, maar dit was noodsaaklik om die plekverwysing te gebruik sodat die leser homself ten opsigte van ruimte kan oriënteer. Waar moontlik is daar geen naam aangedui waar die oorspronklike naam nie gevind kon word nie, en dan is die moderne naam met behulp van 'n voetnota aangedui sodat die leser hom/haarself kan oriënteer. 'n Voorbeeld hiervan is in hoofstuk 8 waar slegs van "'n rivier" gepraat word, en die naam van die rivier (die Charente) met 'n voetnota aangedui is. Konsekwentheid in hierdie opsig was ongelukkig nie haalbaar sonder om afbreuk aan die saga te doen nie; daar is byvoorbeeld gemeen dat dieselfde metode in hoofstuk 7 met die verwysing na die Volkhov-rivier die verteltrant van die storie sou ondermyn, en daarom is hierdie rivier se moderne naam eerder in die teks geïnkorporeer.

Daar is besluit om nie eiename te moderniseer of te verafrikaans nie aangesien

dit myns insiens die atmosfeer van die vertelling skade sou berokken. Afgesien van wat in die teoretiese inleiding genoem is, naamlik dat dit die leser wat verder ondersoek wil instel se taak bemoeilik om byvoorbeeld van Erik die Rooie in plaas van Eiríkr rauði te praat, skep sekere verafrikaansings amper 'n "plat" gevoel wat nie tot die teks hoort nie. Vergelyk byvoorbeeld die gevoelswaarde wat aan Eiríkr blóðøxe gekoppel word, met die Afrikaanse Erik Bloedbyl, of Sigríðr Stórráða met Sigríð die Hoogmoedige/Ambisieuse. Waar die verklaring van 'n naam sinvol was, is die Afrikaanse vertaling in die lys van name gegee om die leser met sy interpretasie te help, soos by die genoemde voorbeelde. Ek is verder van mening dat 'n mens nie iemand se naam by jou aanpas sodat dit vir jǫú makliker is om uit te spreek en te onthou nie; om iemand se naam korrek te gebruik is 'n teken van respek teenoor daardie persoon.

In die Yslandse tradisie word vanne met 'n hoofletter geskryf waar dit "seun van" (byvoorbeeld Sveinn Haraldsson) of "dogter van" (byvoorbeeld Áshildr Valgarðsdóttir) aandui. Byname, soos byvoorbeeld by Hálfðanr svartí ("die swarte"), word egter met 'n kleinletter geskryf. Alhoewel dit vreemd mag wees vir 'n Afrikaanse leser dat party "vanne" dan met 'n kleinletter geskryf word, word Gísli Sigurðsson (2004) en andere in hierdie opsig gevolg ter wille van akkuraatheid.

Wat plekname betref het ek ook eenvormigheid nagestreef; nie net as gevolg van die verteller se posisie soos vroeër gestel is nie, maar ook ter wille van diegene wat verder ondersoek wil instel, asook ter wille van die atmosfeer van die saga. Laasgenoemde is vir my die deurslaggewende rede om die oorspronklike name te gebruik, want dit vestig dadelik die leser se aandag daarop dat hy homself bevind in 'n wêreld wat verskil van sy alledaagse ervaringswêreld, nie slegs die

feit dat hy met 'n ander ruimtelike plasing te doen het nie, maar ook dat hy homself in 'n ander tyd bevind.

Soos wat in die teoretiese deel genoem is, is die sagas altyd deur 'n derdepersoonsverteller vertel. Maar hy is, in teenstelling met die derdepersoonsverteller van die moderne roman, nooit alwetend nie en kan nie die gedagtes van karakters weergee nie. Die karakters kan slegs deur hulle handeling openbaar word en poësie is die enigste vorm waarin emosie uitgedruk kan word. Karakterbeelding in die *Íslendingasögur* word op 'n unieke wyse gedoen deur elke woord en daad met eenvoud te beklemtoon; dit is nooit introspektief nie, want 'n goeie saga-verteller benodig nie telepatie of refleksie nie - die handeling spreek vanself. Die vertelwyse kan met 'n filmkamera vergelyk word wat slegs van buite inkyk, soos Bätke (1974: 170) skryf: "Er läßt uns die Menschen und ihr Erleben so sehen, wir [sic] wir sie im Leben sehen: nämlich von außen". Daar moet dus op dialoog in *Valgarðs saga Gunnvaldsson* gelet word wat byvoorbeeld onderlinge wrywing of aangetrokkenheid tussen karakters suggereer, en hulle motiewe wat handeling tot gevolg het moet ondersoek word. Die Middeleeuse Yslandse saga verg dus 'n skerpsinnige leser.

Omdat emosie nie andersins direk oorgedra kan word nie, is poësie gebruik, maar daar is verkies om by Oud-Noorse digvorme te hou aangesien dit myns insiens beter by die milieu inpas. Skaldiese poësie is egter moeilik verstaanbaar en vreemd aan die moderne leser en sy smaak, maar die vervreemding wat dit tot gevolg het dra by tot die skepping van die atmosfeer. Die verteller is verder ook nie in 'n posisie om die dialoog weer te gee wanneer twee persone in die privaat 'n gesprek voer nie, so wanneer dit in *Valgarðs saga Gunnvaldsson* voorkom is dit funksioneel. In die tradisie van die *Íslendingasögur* begin die saga

verder met vertellings oor die hoofkarakter se voorgeslagte en eindig met vertellings oor sy nageslagte se ervarings, so waar *Valgarðs saga Gunnvaldsson* hiervan verskil of hiermee ooreenstem is dit ook funksioneel.


Postmodernistiese literatuur is vertrou met dubbelsinnigheid en onsekerhede, maar dit is nie vreemd binne die konteks van die *Íslendingasögur* nie. Die insident in *Grænlandinga saga* waar Guðríðr Þorbjarnardóttir die spook met dieselfde naam as hare sien, word byvoorbeeld nie verklaar nie (Kaðlin vertel hiervan in *Valgarðs saga Gunnvaldsson*). Die postmodernistiese verwysingsraamwerk waaruit die verteller van *Valgarðs saga Gunnvaldsson* werk het egter die gevolg dat 'n aansienlik groter klem op onsekerheid gelê word, soos byvoorbeeld die vraag oor wat presies met Valgarðr gebeur in hoofstuk 14 nadat hy in hoofstuk 13 gewond is. Ook is daar die vraag of Valgarðr werklik vir Guðríðr en haar vriendinne by Hjörungavágr gesien het, en of hulle *valkyrjur* was. En wie of wat is Pagall? Onsekerheid is dus 'n voorbeeld van hoe die wisselwerking tussen die moderne en die tiende-eeuse verwysingsraamwerk funksioneer: een dra soms meer gewig as die ander, maar elkeen is deurgaans teenwoordig, al is die een soms op die agtergrond.


Haganrich is 'n karakter wat op die oog af baie modern voorkom, maar die vraag is of hy wêrklik modern is en of hy slegs 'n moderne vergestaltung van 'n antieke elitistiese krygersmentaliteit is. Sy samelewing is gestratifiseer in verskillende sosiale klasse, so is dit werklik verrassend dat hy neersien op mense van 'n laer sosiale stand? Die punt is dat selfs hier - wat een van die ooglopend mees moderne insette vergestalt - die tiende eeuse denkriktigting nie só ver in die agtergrond is as wat met die eerste oogopslag mag blyk nie. Die leser moet deurgaans aan hom/haarself die vraag stel of iets in die teks staan, en of dit


daarin ingelees word as gevolg van die verteller se doelbewuste manipulerings van betekenis soos geskep deur die wisselwerking tussen verskillende verwysingsraamwerke. Met ander woorde: is byvoorbeeld Haganrich 'n Nazi² of lyk dit net so omdat die moderne leser se verwysingsraamwerk so 'n konnotasie tot gevolg het? Sulke insidente kom op verskeie plekke in die teks voor, nie net ten opsigte van Haganrich nie.

Ter afsluiting is die verteller dus deurgaans in die tiende eeu, maar sy een-en-twintigste eeuse verwysingsraamwerk sal noodwendig op 'n gereelde basis in 'n meerdere of mindere mate deursyfer. Dit is egter funksioneel dat hy poog om in die tiende eeu te wees en voorkeur daaraan gee, omdat dit deel uitmaak van die *Íslendingasögur* en die leser daardeur by die wêreld van die teks betrek. Die wyse waarop naamgewing geskied het ten doel om die leser by die milieu te betrek, en so ook die beskrywing van historiese gebeurtenisse asook die styl waarin die teks geskryf is. Beide die moderne en die tiende eeuse perspektiewe sal deurgaans sigbaar wees, en die teks ontstaan uit 'n wisselwerking tussen die twee. Soms sal die tiende eeuse perspektief domineer, ander kere, soos by die voorkoms van onsekerhede, domineer die moderne perspektief, maar dit beteken nooit dat wanneer die een domineer die ander een wegval nie; dit verskuif slegs op die agtergrond.

² Ek verkies in hierdie konteks die woord "Nazi" bo "rassis", om redes wat ek ter wille van my teks nie wil verstrek nie.







Noordsee

Finnmörk

Kirkenes

Lofoten eilande

Narvik

Hålogaland

Lapland

Salptinfjörðr

Hlaðr
Niðarós

Prándheimr

HOD

Hörðaland

Raumaríkr

Viken

Uppsälir
Mälaren
Sigtún
Birka

Kaupang

Skaggerak

Gautland


Jutland

Danmörk

Sleswick

Danevirke

Jómsburg



Regeerders van die tiende eeuPrinse van die Rus by Kiëf

- c. 879 - 913 Oleg
- 913 - 945 Igor
- 945 - 971 Svjatoslav
- 972 - 978/80 Yaropolk
- 978/80 - 1015 Vladimir
- 1019 - 1054 Yaroslav Spaki

Konings van Denemarke

- c. 900 - 936 Sweedse Óláfr dynastie (Óláfr, Gnupa, Gurd, Sigtrygg)
- c. 936 - 940 Hardegon
- c. 936 - 958 Gormr Gamli
- 958 - 987 Haraldr Gormsson Blátand
- 987 - 1014 Sveinn Haraldsson Tjúguskegg

Konings van Noorweë

- c. 860 - 930 Haraldr Hárfagri
- c. 930 - 936 Eiríkr Blóðøxe Haraldsson
- c. 936 - 960 Hákon Aðalsteinnsfóstri Haraldsson
- c. 960 - 970 Haraldr Gráfell Eiríksson
- 995 - 1000 Óláfr Tryggvason

Konings van Swede

900 - 980	Onbekend
980 - 995	Eiríkr Sigrsæll Björnsson
995 - 1022	Óláfr Skotkonung Eiríksson

Konings van Engeland

871 - 899	Alfred die Grote
899 - 924	Eadward I
924 - 939	Æþelstan
939 - 946	Edmund
946 - 955	Eadred
955 - 959	Eadwig
959 - 975	Edgar
975 - 978/979	Eadward II
978/79 - 1013	Æþelred Unræd

Hertoë van Normandië

911 - c. 925	Hrólfr (Rollo)
c. 925 - 942	Willem Langswaard
942 - 996	Richard I
996 - 1026	Richard II

Konings van die Saksiese Ryk

900 - 911	Lodewyk die Kind (koning van Oos-Frankiese Ryk)
911 - 918	Koenraad I
918 - 936	Hendrik I (die Voëlvanger)
936 - 973	Otto I (die Grote)
973 - 983	Otto II
983 - 1002	Otto III
1002 - 1024	Hendrik II

Konings van Frankryk

898 - 929	Karel III (die Eenvoudige)
922 - 923	Robert I (regeer teenoor Karel III)
923 - 936	Rudolf I (regeer aanvanklik teenoor Karel III)
936 - 954	Lodewyk IV
954 - 986	Lotharius
986 - 987	Lodewyk V
987 - 996	Hugo Capet
996 - 1031	Robert II (die Vrome)

Chronologie

894

- Geboorte van Aldúlfr Geirreksson

895

- Sihtric, seun van Ivar, sterf in dispuut tussen faksies van die Dublin *vikingar*

899

- Dood van Alfred die Grote
- Geboorte van Grettir

913

- Geboorte van Knútr Aldúlfsson
- Igor word prins van Kiëf

924

- Eadward sterf en word deur Aðalsteinn opgevolg
- Troue van Svanhildr Sveinnsdóttir en Grettir Þorsteinnsson

926

- Sihtric trou met Aðalsteinn se suster
- Geboorte van Þorvaldr Grettirsson

930

- Stigting van die Yslandse Alþing
- Geboorte van Gunnvaldr Aldúfsson
- Haraldr hárfagri laat sy koninkryk aan sy seun, Eiríkr blóðøxe

933

- Dood van Haraldr Hárfagri

934

- Hákon Aðalsteinnsfóstri word koning in Noorweë wanneer hy Eiríkr

blóðøxe onttron

- Troue van Knútr Aldúlfsson en Aðísla Goðinsdóttir
- 938
- Ríkvíðr Aldúlfsson trou met Hrefna Ölvirdóttir
- 939
- Geboorte van Steinarr Ríkvíðsson
 - Dood van Aðalsteinn
- 950
- Troue van Gunnvaldr Aldúlfsson en Halla Avangrsdóttir
- 951
- Geboorte van Arnbjörn Gunnvaldsson
 - Troue van Þorvaldr Grettirsson en Ásleifr Arnfiðrsdóttir
- 953
- Geboorte van Hróaldr Gunnvaldsson
 - Geboorte van Garðr Þorvaldsson
- 954
- Dood van Eiríkr blóðøxe by Steinmore
- 955
- Slag van Rastarkálfr
 - Geboorte van Otto II
 - Dood van Knútr Aldúlfsson
- 958
- Dood van Gormr Gamli, koning van Denemarke; sy seun Haraldr blátand (Haraldr Gormsson) word hierna koning
- c. 960
- Harald Gormsson herstel Denemarke se oorheersing van Noorweë
 - Eiríkr rauði emigreer na Ysland

961

- Dood van Hákon Aðalsteinnsfóstri na slag van Fitjar by Stord teen die seuns van Eiríkr Blóðøxe
- Dood van Ríkvíðr Aldúlfsson

962

- Dood van Aldúlfr Geirreksson

963

- Dood van Sigurðr Hlaðar; Hákon Sigurðsson word jarl in Þrándheimr
- Geboorte van Druian MacManus

964

- Geboorte van Valgarðr Gunnvaldsson

965

- Haraldr Gormsson aanvaar die Christendom
- Geboorte van Guðríðr Þorvaldsdóttir

966

- Geboorte van Kaðlin, Manus se dogter

967

- Geboorte van Mýrún, Manus se dogter

968

- Geboorte van Óláfr Tryggvason
- Danevirke herstel in verdediging teen Duitsers
- Hákon Sigurðsson in Denemarke
- Gunnvaldr Aldúlfsson na Denemarke
- Haraldr gráfell stel Þrándheimr onder sy beheer, stel Erling aan om in sy afwesigheid te regeer. Erling sterf in rebellie.

969

- Met Haraldr Gormsson se hulp kom Noorweë weer onder Hákon

- Sigurðsson se beheer, onder oppergesag van Denemarke
- Gunnvaldr na Jorvik, neem Druian, Mýrún en Kaðlin saam terug
- 972
- Yaropolk regeer in Kiëf
- 973
- Gunnvaldr terug na Denemarke
- 974
- Duitsland verslaan Denemarke, breek deur die Danevirke en neem suidelike gebiede oor, onder andere Hedeby
- c. 975
- Stigting van Sigtuna
 - Birka verval in onbruik
- c.978
- Snæbjörn Galti se ekspedisie na Groenland
 - Ongeluk by Wiltshire in Engeland waartydens mense deur die vloer geval het
- 979
- Gunnvaldr Aldúlfsson ontmoet Þorvaldr Grettirsson
- 980
- Vladimir prins van Kiëf
 - Grettir en Þorvaldr na Kiëf
 - Dood van Grettir
 - Eiríkr Björnsson sigrsæll word koning van die Svíar
- c. 981
- Eiríkr rauði verken Groenland
- c. 982
- Dood van Egill Skállagrimsson

- Gunnvaldr se Valland-ekspedisie
- 983
- Hákon Sigurðsson in Denemarke; veg teen Otto II; daarna na Swede.
 - Denemarke herwin gebied verloor in 974
- 985
- Eiríkr rauði koloniseer Groenland
 - Dood van Gunnvaldr Aldúlfsson
- 986
- Dood van Haraldr Gormsson in rebellie teen hom; Sveinn Haraldsson word koning van Denemarke
 - Slag van Hjörungavágr
 - Dood van Hallsteinn en Steinarr Ríkvíðsson
 - Troue van Valgarðr Gunnvaldsson en Guðríðr Þorvaldsdóttir
- 988
- Geboorte van Ashildr Valgarðsdóttir
 - Vladimir aanvaar Christelike geloof
- 991
- *Vikingar* verslaan die Engelse by die slag van Maldon.
- 994
- Vloot gelei deur Sveinn Haraldsson en Óláfr Tryggvason omring London
- 995
- Dood van Hákon Sigurðsson
 - Geboorte van Óláfr Haraldsson
 - Óláfr Tryggvason vorm alliansie met Aðalráðr Játgeirsson (Æþelred Unræd), keer terug na Noorweë en word koning
 - Eiríkr Hákonarsson na Swede

999

- Gerbert word pous, verder bekend as Sylvester II

1000

- Dood van Óláfr Tryggvason by slag van Svöld teen alliansie van Sveinn Haraldsson, Óláfr Skotkonung Eiríksson en Eiríkr Hákonarson; Deense mag in Noorweë herstel

c. 1000/1001

- Ysland aanvaar Christendom by die Alþing
- Ontdekking van Vínland

1002

- Aðalráðr Játgeirsson beveel die uitwissing van alle Dene in Engeland

1003-5

- Sveinn Haraldsson se ekspedisie in Engeland

1006

- Groot Deense vloot val Engeland binne en word in 1007 afgekoop met 36 000 pond.

1009

- Groot vloot gelei deur Þorkell begin plunder in Engeland; Aðalráðr beveel religieuse rituele om God se hulp te vra

c. 1010

- Þorfinn Karlsefni in Vinland

1012

- Þorkell se weermag neem Canterbury in en vermoor aartsbiskop Ælfheah; afkoopgeld van 48 000 pond word betaal en Þorkell stem in om met 45 skepe onder Aðalráðr te dien

1013

- Sveinn Haraldsson val Engeland binne, verdryf Aðalráðr na Normandië

en word koning van Engeland

1014

- Sveinn sterf by Gainsborough op 3 Februarie, Aðalráðr word weer koning en dwing Sveinn se seun, Knútr, om na Denemarke terug te keer; Aðalráðr word vergesel deur Óláfr Haraldsson van Noorweë.

1015

- Óláfr Haraldsson (St Olaf) koning van Noorweë

1016

- Aðalráðr sterf en word deur sy seun, Edmund Járnsíða (Ystersye) opgevolg
- Edmund en Knútr ontmoet mekaar by die slag van Assandun op 18 Oktober waarin Edmund verslaan is, waarna Engeland tussen hulle verdeel word
- Na Edmund se dood op 30 November word Knútr alleenheerser oor Engeland

1492

- Christopher Columbus herontdek Amerika vir die weste

Hoofstuk 1

Naby Tromsø in die noorde van Norvegr het 'n man saam met sy familie gewoon, en hy is Aldúlfr genoem. Hy is gebore in die winter voordat Sihtric Ivarson in 'n dispuut tussen faksies van die Dublin *vikingar* omgekom het en was getroud met Hrafnhildr, die dogter van 'n prominente weduwee in die distrik genaamd Guðrún. Hulle het drie seuns gehad: Knútr, die oudste, wat gebore is toe Igor die prins van Kœnugarðr was; Ríkvíðr, die middelste; en Gunnvaldr, die jongste, wat gebore is in die jaar toe die *Alþing* in Ísland ingestel is.

Aldúlfr was 'n *lendr maðr* wat sy grond by sy vader, Geirrekr, oorgeërf het. Sy boerdery het hoofsaaklik die jag van rendiere behels en hy het ook mak rendiere aangehou as lokaas, maar sy ondernemings het ook die herdistribusie van Lapplandse pelse en ander waardevolle besittings ingesluit, met of sonder die Lapplanders se goedkeuring. Geirrekr het die erfplaas Hjartar-horn¹ genoem en die woning was teen die berg Aldinngáta² geleë sodat dit oor die fjord kon uitkyk wat destyds Signavágr³ genoem is.

In Aldúlfr se sewe-en-twintigste winter het hy op 'n amptelike besoek aan Finnmörk 'n *kveldríða* ontmoet, soos wat Kveldúlfr van Hálogaland ook was, die vader van Skallagrímr, die vader van Egill. Sy naam was Þagall en hy het gewoon naby die plek wat vandag Kirkenes genoem word, naby die Varangrfjörðr. Daar het hy 'n versonke reghoekige huis met 'n skamele see-uitsig gebou - wat slegs van buite sigbaar was - aangesien die klimaat nie veel ander

¹ "Horing van hert"

² "Ou raaisel". "Aldinngata" sou "ou weg/pad" beteken.

³ "Baai gemerk met die teken van die kruis".

argitektoniese style toegelaat het nie. 'n Uitgekerfde perdekop van klip het van bo-op die huis toegekyk en 'n adderskedel met 'n *skjöldknútr* tussen sy tande het die deur bewaak. Þagall het oor baie oorgeërfde kennis beskik aangesien hy self ouer was as wat enigeen kon onthou. Hy was 'n wyse man en ingelig, en het daarom in Aldúlfr se tyd die leidende posisie tydens religieuse aangeleenthede ingeneem as *vitki*. Ander kere het hy sy vorm glo verander en deur die woud gereis, vinniger as wat 'n perd hom sou kon dra. Niemand het geweet waarheen hy in sy veranderde toestand gegaan het of wat hy gedoen het nie, maar 'n trop wolwe is een nag by 'n naburige plaas opgemerk waarvan die een menslike oë gehad het.

Aldúlfr het baie maal na Finnmörk gegaan om pelse te gaan invorder namens Haraldr Hárfagri, en hy het ook dan by Þagall aangegaan. Die twee het baie wyn gedrink terwyl Aldúlfr sy stories met Þagall gedeel het, en Þagall het gedigte vir Aldúlfr geleer. Þagall het baie pelse vir Aldúlfr gegee wat hy van die *skrælingar* bymekaargemaak het, maar hy het dit meer uit vriendskap gedoen as enigiets anders. Aldúlfr het eenmaal sy mes aan Þagall gegee as teken van hulle vriendskap, en daar was 'n arend op die hef wat van walrusivoor gemaak was. Þagall het hom daarvoor bedank, en voor Aldúlfr se vertrek aan hom gesê: "Lig word uit duisternis gebore. Maar iets of iemand moet vir die begin van die verdonkering verantwoordelik wees. Daar kan beweer word dat dit gemanifesteer word as Óðinn."

"Jou leefwêreld is duister en ek is nie die een wat dit sal betree nie. My pad sal my eerder neem na waar Salgofnir⁴ my sal wakkermaak."

Aldúlfr het staalgrys hare en 'n gedeeltelik gevlegde baard gehad, en

⁴ Die haan wat die inwoners van Valhöll (die Einherjar) wakkermaak.

ledemate waarvan geeneen die bene kon voel nie. Hy het Sigurðr Hlaðar ondersteun by die *Ping* in Prándheimr toe Hákon Aðalsteinnsfóstri, Haraldr hárfagri se ander seun, as koning oor die hele Norvegr aanvaar is, en Eiríkr blóðøxe daardeur onttroon is. Hy het verder teen die seuns van Eiríkr geveg onder Sigurðr in Danmörk en Svíþjóð, soos Snorri Sturluson geskryf het in die *Heimskringla*. Baie veldslae is in hierdie tyd teen die seuns van Eiríkr geveg, en baie het omgekom soos wat Gunnhildr konungamóðir hulle en hul vader aangehits het. Aldúlfr en sy seuns het Hákon Aðalsteinnsfóstri gevolg deur hierdie stormjare, en het die huis en boerdery aan Hrafnhildr oorgelaat in die lang tye wat hulle saam met Hákon en Sigurðr was.

Hoofstuk 2

'n Man van die Hálogaland distrik met die naam Avangr was getroud met Rúna en het drie seuns en twee dogters by haar gehad. Die seuns was Hallmund, Óláfr en Snæbjörn, terwyl die dogters Halla en Folkvé genoem is. Halla was die oudste van die twee dogters en het met Gunnvaldr Aldúfsson in die huwelik getree in Gunnvaldr se twintigste winter.

Halla en Gunnvaldr het soos haar ouers drie seuns en twee dogters gehad: Arnbjörn, Hróaldr, Valgarðr, Gunnhildr en Vérún. Arnbjörn was intelligent en sterk en die oudste, Hróaldr die roekelose en Valgarðr die een met die deurdringende oë. Arnbjörn is 'n jaar na die huwelik gebore en Hróaldr twee jaar later. Valgarðr is gebore 'n jaar nadat Sigurðr Hlaðar dood is, maar die twee dogters is voor hom gebore. Halla het saam met Hrafnhildr by Hjartar-horn agtergebly en na die kinders omgesien wanneer Gunnvaldr gaan veg het.

Ríkvíðr Aldúfsson is getroud met Hrefna Ölvirdóttir en het drie seuns gehad wat Steinarr, Bjólfr en Hallsteinn genoem is. Die oudste, Steinarr, is

gebore in die jaar wat Aðalsteinn dood is, en almal was sterk seuns wat van kleins af geleer is om wapens te hanteer, te seil en perd te ry sodat hulle eendag in die koning se *hirð* kon dien, wie hy ook al op daardie stadium sou wees.

Knútr Aldúlfsson is getroud met Aðísla Goðinsdóttir in die jaar wat Hákon Aðalsteinnsfóstri koning in Norvegr geword het. Hy het twee seuns en 'n dogter gehad: die seuns was Gunnarr en Sørkvir en die dogter Heiðr. Heiðr was lank en skraal en het van vroeg af dieselfde bleekwit skoonheid as haar moeder vertoon, maar die seuns het stewige ledemate gehad. Die drie families het saam met Aldúlfr in die woning op Hjartar-horn gewoon omdat dit veiliger was, en al die kinders het gevolglik saam grootgeword en saam geleer om die wêreld te ervaar en te benader soos wat omstandighede dit bepaal het.

Kort na Eiríkr blóðøxe se dood by Steinmore het Aldúlfr en sy drie seuns onder Hákon geveg by die slag van Rastarkálfr teen Eiríkr se seuns. Gunnarr en Sørkvir het saam met hulle vader gegaan, asook Steinarr, maar Ríkviðr se ander twee seuns - Hallsteinn en Bjólfr - was nog te jonk. Daardie dag het Gamle Eiríksson, een van Eiríkr se seuns, gesneuwel saam met 'n man genaamd Egill wat saam met Hákon geveg het. Egill het vroeër in sy lewe die vaandel vir Haraldr hárfagri gedra, en Hákon het sy liggaam in 'n skip saam met van die ander gesneuweldes en hul besittings geplaas en daar begrawe. Die grafte kan steeds gesien word waar die monoliete vir Egill suid van Frædarberg opgerig is. Knútr Aldúlfsson het ook daar gesneuwel, maar is eerder na Hjartar-horn teruggeneem. Gunnarr en Sørkvir het gehelp om hom langs Geirrekr in die grot in Aldinngáta te begrawe saam met sy skild en swaard, en klippe is daarna in die vorm van 'n skip om die graf gepak. Die bloed is nooit van die swaard afgevee nie, omdat Aldúlfr gesê het, "dit sal as bewys dien aan Óðinn dat hy sy plek in

Valhöll verdien het." Aldúlfr het die grot hierna Roðinnhellir⁵ genoem en beveel dat almal hier begrawe sal word soos wat hulle gesterf het; sonder dat bloed van hulle óf hul besittings afgewas is. Ríkviðr en Gunnvaldr het saam met hulle vader 'n steen op die kruin van Aldingáta opgerig ter nagedagtenis aan Knútr, en agterna het hulle saam met Gunnarr en Sørkvir na Aðísla omgesien. Dit het in die een-en-sestigste winter van Aldúlfr se lewe gebeur.

Aldúlfr het soms alleen na Roðinnhellir gegaan en die nag daar deurgebring. Ríkviðr en Gunnvaldr het hom een aand gevolg en net binne hoorafstand gaan sit sodat hulle hom kon dophou. Hy het binne 'n kring van klippe gaan staan, runes gekerf met sy mes en dit met sy bloed gevlek, en gesê: "Vader, luister wanneer u seun u benodig:

mag die mure duister vashou
 en ons vingers bloei soos een
 mag die voetstap eggo's heilig
 van die wye vlerk alleen
 mag die koue ongebuig bly
 ongebroke deur die mis
 en mag ons siele stilte terughou
 van gesmede ystersale.⁶

Kort daarna het Geirrekr vanuit die skadu's na vore gekom. Aldúlfr wou weet waar sy seun is; of hy in Niflhel of in Valhöll by Óðinn is, maar Geirrekr het sy kop geskud, geglimlag en na die skadu agter Aldúlfr gewys. Knútr het daaruit in die lig getree en sy pa gegroet, en gesê: "Ek kan nie hier weg nie; ek bly

⁵ "Rooi/bloedbevlekte grot".

⁶ Hierdie is die *Þagallsmál*

waar my hart is." Hierna het die drie gaan sit en staaltjies uitgeruil, en gepraat totdat slegs Aldúlfr oorgebly het. Hy het homself onder sy wolfpels toegetrek en die nag daar geslaap. Ríkvíðr en Gunnvaldr het die gebeure stil bekyk, en weer na die huis gegaan om self te gaan slaap. "Het jy gesien dat die grafte versteur is?" het Ríkvíðr gevra.

"Dit is nie," was al wat Gunnvaldr geantwoord het.

Ses winters na die slag van Rastarkálfr het Haraldr Eiríksson sy broers in 'n aanval op koning Hákon Aðalsteinnfóstri gelei. Saam met hom was die broers van Gunnhildr Konungamoðir: Eyvindr Skröia en Alf Askman. Hákon het 'n man genaamd Þoralfr Skolmsson in sy *hirð* gehad wat volgens oorlewering net so sterk soos die koning self was, en Aldúlfr en sy seuns was op daardie tydstip ook by Hákon, asook Gunnarr, Sørkvir, Steinarr, Bjólfr en Hallsteinn. Die veldslag is by Fitjar op die eiland van Stord geveg, en Þoralfr was deurgaans aan Hákon se sy. Aldúlfr het van sy seuns en kleinseuns geskei geraak soos die veldslag gevorder het, en liggame het oral oor die veld gestrooi gelê. Hákon self het Eyvindr Skröia se skedel met sy swaard, Kvernbítr, deurgekloof, en Þoralfr Skolmsson het Alf Askman doodgemaak. Hierna het Eiríkr se seuns gevlug, en baie is gedood op pad na hulle skepe.

'n Pyl het Hákon in die arm getref, maar die bloeding kon nie gestop word nie en sy kragte het teen die aand skerp afgeneem. Voor sy dood het hy gesê dat sy koninkryk deur die seuns van Eiríkr oorgeneem moes word, aangesien hy geen seuns van sy eie gehad het nie en hulle van die bloedlyn van Haraldr hárfagri was. Sy liggaam is by Seim in die noorde van Horðaland begrawe. Hieroor het Eyvindr Finnsson skáldaspillir 'n gedig geskryf en dit *Hákonarmál* genoem, maar dit nie nodig geag om 'n lys name van gesneuweldes in te sluit nie.

Na die veldslag het Aldúlfr na sy seuns gesoek tussen die gewondes en gesneuweldes, en telkens liggame met die agterkant van sy spies omgerol waarvan hy nie die gesigte kon sien nie. Gunnvaldr en die ander is uiteindelik knielend en gewond by die liggaam van Ríkvíðr gevind. Aldúlfr het langs hom gehurk maar niks gesê nie, en eers na 'n ruk sy gedagtes gedeel: "Hákon lyk nie asof hy die nag gaan deurleef nie; hy sê Norvegr moet aan Eiríkr se seuns gaan."

"Wat het ons dan hier gedoen?" wou Gunnvaldr weet terwyl hy na Aldúlfr gedraai het.

"Ek weet nie. Dit het gelyk na die regte ding op sy tyd. Ons sal nie die fees by Sigurðr Hlaðar bywoon op pad terug nie." Na 'n lang stilte het hy voortgegaan: "Ek gaan nie my kind hier los nie: hy sal lê waar sy familie lê en nie waar Hákon of enigeen van sy mense lê nie." Gunnvaldr se wonde is verbind, en die volgende dag het hulle Ríkvíðr weggeneem en langs Knútr in die grot in Aldinngáta begrawe soos wat Aldúlfr dit beveel het: met 'n bloedbevlekte swaard op sy bors. By die graf het hy aan Gunnvaldr gesê: "Jy moet jou kinders vertel dat hulle hier begrawe moet word, en jy moet ook. Ek wil nie my seuns alleen los nie." Hy het na Knútr en Ríkvíðr se kinders gedraai: "Ons almal hoort hier en nie elders nie." Gunnvaldr en die ander het ingestem, en hulle het elkeen vir hulle 'n plek in Roðinnhellir uitgemerk. Hulle het ook 'n steen langs Knútr s'n opgerig wat ook na die noorde gekyk het.

Aldúlfr het na die dood van Ríkvíðr stil geword, en eers op sy sterfbed die volgende winter sy tong gevind toe hy die volgende *kviðlingr* in *fornirðislag* spreek:

Wat kan werklik weidse leemtes
 opvul, offers ongedaan maak;
 kan daar klaarheid kom en vrede

as die aandlug ankers wegneem?

Dalk net dwaal alles dood in sirkels
sonder sin en sekerheid, en
laat die leemtes laggenderwys
teist'rend tot ek tasbaar wegsterf.

Aldúlfr se hare het baie winde gesien en hy het uiteindelik sy bene by Hjartar-horn gelaat, waarna Gunnvaldr hom na Roðinnhellir geneem en daar begrawe het. Hy het ook 'n steen vir sy pa langs dié van sy broers opgerig, en saam met sy gesin Hjartar-horn en al die verantwoordelikhede wat daarmee saamgegaan het, beërwe. Gunnvaldr het baie dae op die grafte in Roðinnhellir deurgebring en hulle vertel van die plaas en die politiek, maar niemand ken die besonderhede van wat daar gesê en uitgeruil is nie.

Hoofstuk 3

Daar het 'n man op die Lofoten eilande met die naam Grettir gewoon, en hy was die seun van Þorsteinn en 'n *óðalsbóndi* van geboorte. Hy is gebore in die jaar wat Alfred die Grote afgesterf en sy koninkryk aan sy seun, Eadward, oorgelaat het. Alhoewel hy op die plaas grootgeword het, het hy nie sy vader se vermoë gedeel om na plante en diere om te sien en aan die lewe te hou nie. Hy was egter vaardig met sy hande en het 'n sterk besigheidsin gehad, en hy het saam met ander ambagsmanne 'n *félag* gestig en 'n *knörr* gebou wat hy Feitrnót⁷ genoem het. Hiermee het hy baie maal na Ísland gevaar om handel te dryf met die nuwe

⁷ "Vet vrou"

kolonie. Hy het dan in Borg oorwinter by Skallagrímr Kveldúlfsson en in die somer met wol teruggekeer wanneer die ys genoegsaam teruggetrek het. Skallagrímr het hom baie geleer aangesien hulle dieselfde talente gehad het, maar Skallagrímr het oor meer kennis beskik en was meer ervare. Ander kere het Grettir die ryk viswaters by die Lofoten eilande ontgin en *skreið* gemaak. Soos Skallagrímr het Grettir nie veel ooghare vir Haraldr hárfagri gehad nie, en gevolglik het hy hom so ver moontlik vermy en slegs sy pligte nagekom.

Grettir het getrou met Svanhildr, die dogter van Sveinn, wat op die eiland gewoon het wat destyds Steinnsnes genoem is. Na die troue - in die winter van die jaar toe Eadward dood en deur Aðalsteinn opgevolg is - het Grettir sy woning naby die plek gemaak wat vandag Narvik genoem word, en sy vesting is Grettistaðr genoem. Dit was 'n kleinerige *langhús*, maar het genoeg ruimte vir sy onderneming verskaf. Van daar het hy sy handels- en visvangekspedisies bedryf en pelsjasse en skoene gemaak, wat hy soms in Þrándheimr gaan verkoop het wanneer daar 'n *þing* gehou is. Svanhildr het met stik- en snywerk uitgehelp en het klere gemaak wat hy saamgeneem het om elders te verkoop. Op hierdie manier het hulle saam hulle besigheid bedryf. Grettir wou egter nie na Jorvik of Birka verhuis om permanent daar handel te dryf nie, omdat hy gesê het dat die samekoms van mense 'n sagte teiken vir aanvalle uitgemaak het.

Grettir en Svanhildr het slegs een seun gehad en het hom Þorvaldr genoem, en hy is gebore in die jaar toe Sihtric Ivarson met Aðalsteinn se suster getroud is. Þorvaldr het nie sy vader se ambagstalente gedeel nie, maar was wel 'n goeie jagter. Hy het soms rendiere en bere in Finnmörk en Svíþjóð gejaag, maar ook walrusse en robbe wanneer hy hulle kon vind. Soos sy vader het hy die politieke arena vermy en meesal sy eie koers ingeslaan, en hy was min tuis in sy eerste twintig lewensjare en daar is min om daarvan te vertel.

In sy vyf-en-twintigste winter is Þorvaldr met die dogter van Arnfiðr en

Gísla, wat Ásleifr genoem is, getroud. Hulle het drie seuns en drie dogters gehad, by name Garðr, Hvalr en Steinbjörn, en die dogters was Hildigarðr, Ragnhildr en Guðríðr. Garðr was die oudste en is gebore in dieselfde jaar as Hróaldr Gunnvaldsson, en Guðríðr was die jongste en is gebore toe Otto II tien winters oud was. Namate sy seuns ouer geword het, het Þorvaldr hulle saamgeneem op jagekspedisies waartydens hy sy ondervinding met betrekking tot spoorsny en boogskiet aan hulle oorgedra het. Baiemaal het hy sy dogters ook saamgeneem en hulle sou nooit vir hulle broers terugstaan nie, selfs nie wanneer 'n karkas afgeslag of deur die woud gedra moes word nie. Guðríðr het 'n ligte gelaatskleur gehad met oë en hare wat sterk daarteen afgesteek het, maar Ragnhildr en Hildigarðr se hare was lig. Tydens jag ekspedisies is daar dan pelse vergader wat Grettir in Ísland verkoop het, en ander kere het Grettir na Birka en Aldeigjaborg gegaan om walrusivoor te verkoop. Op sulke langer togte het Þorvaldr en sy seuns gewoonlik saam met Grettir gegaan, en Grettir het tot die dag van sy dood sy eie besigheid gelei.

Hoofstuk 4

Gunnvaldr Aldúlfsson en sy seuns Hróaldr en Arnbjörn is een somer na Aldúlfr se dood op 'n ekspedisie na Finnmörk en het die plek gaan besoek wat vandag Kirkenes genoem word. Dit was 'n aankoopekspedisie en hulle het meer pelse in 'n kort ruk bekom as wat beoog is.

"Het Aldúlfr nie vroeër jare 'n vriend hier naby gehad nie?" het Arnbjörn gevra.

"Hy is sekerlik al dood; dit was lank terug."

"Ek onthou nog hoe om daar te kom; Aldúlfr het die storie aan my vertel."

"Ek is nooit vertel van enige familie wat hy gehad het nie, so dalk is daar

iets in sy huis wat van waarde is, as hy dood is. Andersins sal hy bly wees om Aldúlfr se afstammeling te sien." Arnbjörn het die pad deur die woud gelei soos hy die storie onthou het, en 'n paar uur later het 'n houthuisie te voorskyn gekom. Gunnvaldr het aan die deur gaan klop en die man wat oopgemaak het, het homself voorgestel: "Party noem my Þagall."

"Party noem my Illi-ligr, maar nooit reg in my oë nie," het Gunnvaldr geantwoord. Þagall het geglimlag, waarna Gunnvaldr en sy seuns die huis binnegegaan en hulself voorgestel het. Die huis was donker en stilte het saam met die rook daarin gehang, en daar was min weelde om van te vertel. Þagall het sy vingers geklap en drie *skrælingr* slavinne het te voorskyn gekom. Hulle het vaal gekoekte hare gehad wat tot by hulle heupe gehang het, en soos as uit verskillende skakerings van grys bestaan het. Þagall het hulle voorgestel as Dagný, Drífa en Sigrún, en gesê dat hulle susters was. Hy was altyd geklee in 'n leertuniek en wolbroek met 'n mantel van wolwevel wat oor sy breë skouers gedrapeer en met 'n lang silwer naald vasgesteek is. In sy regterhand was altyd sy spies, Algrár⁸, waarop hy onnodiglik gesteun en as wandelstaf gebruik het. Sy slavinne het nooit 'n woord gepraat of op enige ander wyse gekommunikeer nie.

"Wat doen jy op 'n daaglikse basis hier?" het Arnbjörn aan Þagall gevra.

"Ek is."

"Ons kan 'n sterk man met ondervinding gebruik in hierdie gewelddadige wêreld."

"Die verwickeldhede van die menslike noodlot, die lewens en swaarkry van hulle dra geen betekenis vir my meer nie; die dae wat ek 'n *vitki* was, is verby. Die mens is 'n swak en patetiese skepsel; sy emosie, mortaliteit, ideale,

⁸ "Alles grys"

opinies en denke walg my. Ek stel nie meer belang daarin om deel van die menslike intriges te wees nie."

"Hoekom praat jy enigszins dan met ons; die skepsels wat jou walg?" wou Gunnvaldr weet.

"Dit pas my."

"Aldúfr het altyd gesê jy's vol kak." Þagall het geglimlag.

"En dit was tóé. As hy my nou kon sien." Hy het 'n mes uitgehaal, en gesê: "Aldúfr het hierdie mes eenmaal aan my gegee, maar ek verlang nou dat dit aan sy familie terugbesorg word. Gee dit aan Gunnhildr, en sê vir haar om dit oordeelkundig te gebruik." Gunnvaldr het die mes geneem en aangepord, en daar was 'n arend op die hef, soos reeds geskryf is.

Þagall het huisvesting aan hulle gebied vir 'n paar aande, waarna hulle teruggekeer het na Hjartar-horn en vir Valgarðr van hulle ekspedisie vertel het. Gunnvaldr het ook die mes aan Gunnhildr gegee, en hierna het sy dit altyd aan haar sy gedra.

Hoofstuk 5

Sigurðr Hlaðar is twee winters ná Hákon Aðalsteinnsfóstri oorlede en is deur sy seun, Hákon Sigurðsson, vervang. Hy het regeer oor die grootste deel van Norvegr en Gunnvaldr het baie ekspedisies meegemaak wat deur hom aangevoer is, beide in Dannmörk en in Norvegr. In Valgarðr se vierde jaar is Gunnvaldr na die Danevirke om saam met Haraldr Gormsson teen die Duitsers te veg.

Die Danevirke is aanvanklik deur die Deense koning Ongendus gebou in die tyd van Karl Martel toe dié se kruistog teen die Saksers Dannmörk in die

gedrang gebring het. Godfred het baie jare later die muur verleng sodat dit vanaf die Noordsee tot by die Baltiese see gestrek het, omdat sy koninkryk deur Karl die Grote se magsuitbreiding bedreig is. In die tyd van Gunnvaldr Aldúlfsson is die skermutseling egter aangevuur deur Otto die Grote se ideale, en aangesien Hákon Sigurðsson en Haraldr Gormsson in 'n noue verbintenis tot mekaar gestaan het, is die mense van Þrándheimr en Hálogaland ook daarby betrek.

Haraldr Eiríksson was die magtigste van die seuns van Eiríkr blóðøxe in hierdie tyd. Hy het die begeerte gehad om die koninkryk te besit wat deur Haraldr hárfagri aan sy vader gegee is en deur Hákon Aðalsteinnsfóstri na die slag van Fitjar aan hom oorgelaat is. Hákon Sigurðsson wou egter nie sy mag opgee nie en die twee het eers vrede gemaak nadat vele veldslae geveg is waarin menige krygers omgekom het. Eendag het Haraldr Eiríksson 'n gryspels by 'n handelaar van Ísland gekoop en sy volgelingen aangemoedig om sy voorbeeld te volg, wat daartoe gelei het dat die man al sy pelse verkoop en tevrede met sy versadigde beursie kon terugkeer. Hierna is hy Haraldr gráfell genoem. Daar was vir baie jare vrede tussen hom en Hákon, maar mettertyd het daar weer sporadiese struweling ontstaan wat beide se volgelingen meegesleur het en Gunnvaldr was dus gereeld by 'n skermutseling betrokke. Hákon Sigurðsson is uiteindelik permanent na Haraldr Gormsson in Danmörk om die konflik te ontsnap. Hy het lank in sy bed vertoef, maar later begin om planne vir sy hertoetrede uit te dink.

Haraldr gráfell het Þrándheimr onder sy beheer geplaas na die vertrek van Hákon en het 'n man met die naam Erling aangestel om in sy afwesigheid te regeer. Gunnvaldr was steeds in Danmörk toe hy hoor wat in Þrándheimr

gebeur het, en het Hákon gevra om 'n ekspedisie te lei om Þrándheimr te herwin omdat Erling te veel belasting van die mense verwag het. Hákon het geweier en in sy bed gebly, maar 'n paar man aan Gunnvaldr toegestaan en hulle het Hákon daar verlaat en teruggekeer na Þrándheimr. Daar is te perd deur Svíþjóð gereis omdat 'n skip nie aan hulle gegee is nie, en omdat hulle Haraldr se vloot probeer vermy het. Uiteindelik het hulle in die nag ongesiens by Þrándheimr aangekom en saam met die Þrándheimers beplan. Erling is tydens een van sy staatsgesubsidieëerde feeste oorval sodat hy en sy volgelinge om die lewe gebring is. Hierna is Gunnvaldr terug na Hjartar-horn omdat daar hongersnood as gevolg van 'n koue somer en die onlangse swak regerings se plaasbrandbeleide in die omgewing was.

In die somer van die jaar nadat Norvegr weer onder Hákon Sigurðsson se beheer gekom het, is Gunnvaldr op 'n handelsekspedisie na Jorvik om daar van pelse ontslae te raak. Alhoewel hy nie gewoonlik slawe gekoop het nie, het hy hier drie slawe gevind wat hy teruggeneem het na Norvegr. Daar was 'n seun met die naam Druian wat om en by dieselfde ouderdom as Valgarðr was, en die twee dogters was Kaðlin en Mýrún. Gunnvaldr kon uitvind dat hulle kinders van dieselfde ouers - Manus en Aþmiul - was, en dat hulle oorspronklik van Skotland geneem was. Hy kon egter nie uitvind onder watter omstandighede hulle in Jorvik beland het nie, veral nie op so 'n jong ouderdom nie, maar het besluit om nie die kinders te skei nie. Omdat hulle nog te jonk was om te werk, het Gunnvaldr 'n billike prys vir hulle betaal.

Valgarðr was toe vyf winters oud en hy en Druian het goed oor die weg gekom, maar die twee dogtertjies was nog jonger en kon nie by Gunnhildr en Vérún se leefruimte aanpas nie. Hulle het gevolglik met mekaar gespeel en saam oral gegaan, maar Halla wou hulle nie laat werk nie omdat hulle nog te jonk was.

Kaðlin was drie en Mýrún twee winters oud toe hulle by Hjartar-horn aangekom het. Later van tyd het sy hulle wel gebruik, maar Gunnvaldr het gesê dat hulle nooit harder moes werk as Vérún en Gunnhildr nie, omdat hulle helder oë gehad het.

Met verloop van tyd het Gunnvaldr uitgevind waar hulle ouers gewoon het, en wanneer hy na Jorvik gegaan het, het hy hulle saamgeneem om kontak met hulle te behou. Manus het egter gevra dat Gunnvaldr na hulle omsien, omdat hy Norvegr veiliger geag het en Gunnvaldr in 'n beter posisie was om hulle te beskerm en vir hulle te sorg.

Valgarðr en Druian het gereeld saam met die omgewing se ander seuns in die fjords gaan roei en in die woud probeer jag, maar hulle beste vriende was Valgarðr se broers, Hróaldr en Arnbjörn, asook sy neefs Sørkvir en Gunnarr Knútsson, en Bjólfr, Steinarr en Hallsteinn Ríkviðsson, alhoewel hulle ouer as Valgarðr was.

Gunnvaldr het eers na Danmörk teruggekeer in Valgarðr se negende lewensjaar. Die aand voor sy vertrek is aandete geëet, en Arnbjörn en Hróaldr het versoek om saam te gaan. Gunnvaldr het gesê: "Ek sou myself gelukkig ag as ek nie die grafte van my seuns hoef te sien nie."

"Is die regte ding dan om hulle saam te neem?" het Halla gevra.

"Elkeen moet uitvoer wat hy dink sy plig is. As dit vir my en/of my seuns bestem is om in Danmörk te sterf, dan is dit so. Dit wat gedaan is sal van gesprek word, nie dit wat gedink is nie."

"Laat ander se wonde jou waarskuwing wees," het sy gesê.

"Die noodlot alleen sal die uitkoms bepaal; dit is nie vir my bestem om die noodlot te ontken nie." Halla het nie veel daarna gesê nie en voorbereidings is getref vir die ekspedisie. Halla is in beheer van die huis geplaas en teen

dagbreek die volgende oggend het Arnbjörn en Hróaldr saam met Gunnvaldr na Danmörk gegaan.

Otto II het kort vantevore aan bewind gekom en sy magte gereedgemaak en Danmörk aangeval. Saam met hom was huursoldate van Saxland, Friesland en Valland, asook Burislav van Vendland en sy skoonseun, Oláfr Tryggvason. Ook was daar 'n groot weermag van Holtseteland met perderuiters en voetsoldate. Haraldr Gormsson het Hákon Sigurðsson en sy magte na die Danevirke gestuur om dit te gaan verdedig, en Gunnvaldr en sy seuns het saamgegaan. Keiser Otto II het aangeval en groot dele van sy weermag het daar gesneuwel, party het gesê "soos wat golwe oor rotse breek", maar hy het hulle telkens aangehits en beveel om aan te hou probeer deurbreek. Die mense van Norvegr het hulle plig gedoen en die magte van Otto telkens gestuit.

Arnbjörn en Hróaldr het baie Duitsers na Óðinn gestuur, en op 'n dag 'n paar krygsgevangenes ook bekom. Hulle het die krygsgevangenes laat kniel en hulle name gevra, en daar was tien in totaal. Hróaldr het een met die naam Haganrich laat gaan omdat hy gesê het "ek hou van hoe sy naam klink." Daar was volgens Gunnvaldr in elk geval te veel gevangenes. Die oorblywende nege is elk met 'n spies gemerk deur die *maðr*-rune op hulle uit te kerf, en daarna opgehang waar hulle weermagte hulle duidelik kon sien. Die volgende dag het die stryd voortgegaan en baie meer van Otto se krygers is dood en minder van Norvegr is beseer.

Uiteindelik het Otto II sy weermag na Sleswick geneem, 'n vloot bymekaargekry en na Jutland gegaan om teen Haraldr Gormsson te gaan veg, maar Hákon was steeds by die Danevirke. Hier het Otto se magte die oorhand gekry en Haraldr het gevlug na die Limfjörðr. Daar is 'n kompromie aangegaan tussen Otto en Haraldr, en Otto se magte het 'n paar winters in die suide van

Dannmörk aangebly. Hákon het hierna weggeseil na Gautland waar hulle hulle skepe verbrand het, en is te perd terug na Þrándheimr. Gunnvaldr en sy seuns het saamgegaan en daar is baie rykdom van Gautland teruggeneem na Hjartarhorn, tesame met wapens en helms wat van die dooies afgeneem is. Otto II is terug na sy koninkryk in Saxland en hy en Haraldr het mekaar as vriende verlaat, soveel so dat hy die peetpa van Haraldr se seun Sveinn geword het. Later het Sveinn met Burislav se dogter, Gunnhildr, getrou en hulle het twee seuns gehad: Haraldr en Knútr.

Net na sy terugkeer het Gunnvaldr en al sy seuns na Þagall gegaan om uit te vind of dié nog lewe, en het 'n paar nagte daar oornag. Þagall het sy gaste ontvang en rooiwyn voorgesit, en Gunnvaldr het algemene verwickelinge met Þagall gedeel: "Ek is vertel dat daar onlangs 'n ongeluk in Wiltshire in Engeland was, by die koningspaleis in Calne. Bykans die hele koningshuis het deur die vloer van die tweede verdieping geval toe dit meegee. Talle lewens is geëis en slegs aartsbiskop Dunstan het nie deurgeval nie".

"Christelike aartsbiskop?" het Arnbjörn gevra.

"Hoe anders?"

"Hulle probeer steun werf. Ek hoor dit al hoe meer deesdae."

Þagall het gesê: "Sukses word geverf met bloedskakerings. Ek is nog nie voorgestel aan die nuwe een nie," het Þagall opgemerk.

"Dis Valgarðr, die jongste," het Gunnvaldr geantwoord.

"So dit is Valgarðr. Jy sal gebore word in jou veertiende winter."

"Ek is klaar in my veertiende winter."

"Ons is almal in 'n voortdurende proses van wording."

"Moenie vir Þagall probeer verstaan nie; hy beweer hy's onpeilbaar. En sekerlik is baie van sy uitings wél," het Gunnvaldr opgemerk. Valgarðr het

agterdogtig na Þagall gekyk, en die gesprek het gevorder na bespiegelings oor veediefstalle deur Lapplanders en weerpatrone, waarna almal gaan slaap het. Na 'n paar nagte is Gunnvaldr en sy seuns terug huis toe.

Hoofstuk 6

Daardie winter het Valgarðr een nag van 'n meisie gedroom met lang blonde hare wat tot onder haar knieë gehang het, en sy het 'n wit rok aangehad. Sy het op haar tone na hom aangesweef gekom asof iets haar vorentoe gesleep het, en deurgaans het sy met haar arms langs haar sye gefluister: "Burghard, Burghard, Burghard," totdat sy deur hom gegaan en hy wakker geword het. Toe hy wakker word, was hy by 'n meer en het sy op 'n tak van 'n boom langs die meer gesit. Haar oë was groot en leeg en haar vel blouwit waaronder die are gesien kon word, en sy was nat. Sy het op haar hurke in die boom gesit, haar haartoutjies met haar wysvinger rondgedraai en op een noot herhalend geprewel:

uit die duister kom die lig
deur die slagaarrooi na niks

Op 'n stadium het sy gestop en na hom gekyk asof sy deur hom sien, en kort daarna in die meer geduik en onder die water verdwyn.

Gunnvaldr het nie geweet wat die droom beteken nie en gesê dat dit met Þagall bespreek moes word, want "klaarblyklik is hierdie Burghard 'n betekenisvolle figuur in jou lewe, en daar moet bepaal word hoe hy inskakel in ons lewens." Valgarðr het ingestem en daar is weer na Þagall gegaan, wat hulle

vriendelik ontvang het, en 'n ete is deur die stil slavinne voorgesit. Deur die loop van die aand het Valgarðr van die droom vertel toe die anekdotes en staaltjies opgeraak het, en Þagall het lank gedink voordat hy uiteindelik gesê het: "Julle is nie in 'n posisie om te verstaan wat ek moet sê nie, en ek is nie in 'n posisie om dit te kan formuleer nie." Daar is vir nog 'n week aangebly sodat Valgarðr alles self kon deurdink en beredeneer, maar vir eers is daar nie verder hieroor gepraat nie.

Toe Valgarðr op sy perd, Fjöðr⁹, klim om na Hjartar-horn terug te keer, het Þagall weer gesê: "Die probleem met mense is dat hulle altyd hindernisse oorskat." Hy het 'n swaard aan Valgarðr gegee wat hy Vekja¹⁰ genoem het. Daar was patrone op die lem, die hef was wit soos ys en die skede was gitswart en het alle lig totaal geabsorbeer. Gunnvaldr en sy seuns het die pad aangepak en stilte deurgaans gehandhaaf.

Met verloop van tyd het kindertydvriende in *félagi* verander en alhoewel Valgarðr self grootgeword het, het sy oë net so helder gebly soos in sy kinderdae. Teen die tyd dat hy sestien winters oud was, het hy aan 'n *félag* behoort wat bestaan het uit sy broers Arnbjörn en Hróaldr, sy neefs Sørkvir en Gunnarr Knútsson, en Bjólfr, Steinarr en Hallsteinn Ríkvíðsson, asook Druian MacManus. Hierdie nege jong mans het oral saamgegaan en saam ekspedisies onderneem, maar geeneen was amptelik die leier nie. Saam met vyftien ander mans uit die omgewing het hulle 'n kleinerige skip beman wat vir meerdoelige funksies aangewend is, hetsy handel of plunder. Die ander vyftien was Hákon Fróstúlfr, Hálfðanr Grásteinn, Hrafnkell, Sigurðr rafnsvartr, Hlífsteinn Hvítr, Einarr, Björn

⁹ "Veer/Vlerk"

¹⁰ "Om wakker te maak"

sørkell, Hálfr, Kolgrímr, Þorsteinn járnkeggi, Eiríkr, Sveinn Aðalbrandr, Rúnólfr, en Sköldúlfr.

In die herfs het Valgarðr, Druian en sy broers baie maal te perd na Finnmörk gereis om te jag en pelse te bekom. Hulle het ysbeerpelse aangekoop, wat op daardie stadium 'n goeie prys op die kontinent verkry het, maar ook swart beervelle sowel as vos- en robpelse. Wanneer hulle na hulle mening genoeg gehad het, het hulle teruggereis na Hjartar-horn en hulle handelsware van daar af versprei.

Eenmaal het hulle 'n *knörr* gereël en suid geseil, deur die Skaggerrak en Kattegat tot in die Baltiese see, en is uiteindelik na Aldeigjaborg. Daar het hulle die pelse van die hand gesit, en juwele en edelgesteentes is daar aangekoop. 'n Paar robynoorbelle is by 'n handelaar van Hólmgarðr gevind, en ook los robyn en haematietstene, en krale van Venesië en Arabiese silwer, alhoewel laasgenoemde toe reeds aansienlik skaarser begin word het.

Hierna het hulle besluit om verder te seil na Yaropolk in Kœnugarðr om die res van die ysbeerpelse aan die monargie te gaan verkwansel. Hulle is vriendelik ontvang en het die amptelike doel van hulle reistog aan Yaropolk gaan bekend maak, en hy het twaalf spierwit pelse vir sy belangrikste amptenare aangekoop, teen 'n verhoogde prys wat Valgarðr "rykmansbelasting" genoem het. 'n Feesmaal is voorgesit en Valgarðr en sy groep is naby die prins sitplek gegee. Langs Valgarðr het 'n man gesit wat aan hom gevra het: "Hoe keer jy dat 'n *skrælingr* verdrink?"

"Vertel maar."

"Haal jou voet van sy kop af." Hy het só gelag vir sy eie grap dat daar trane in sy oë was, en toe asem geskep en vervolg: "Wat gooi jy vir 'n *skrælingr* wat verdrink? Sy vrou en kinders." Hierdie keer het die ander al begin saamlag, en

almal het na die man geluister.

"Hoekom speel *skrælingar* nie wegkruipertjie nie? Want niemand sal hulle soek nie," het hy vervolg.

"Iets sê vir my jy hou nie van hulle nie," het Valgarðr onderbreek.

"Wag, ek't nog baie. Hoekom het vlieë vlerke? Sodat hulle kan wegkom van die *skrælingar*." Teen hierdie tyd het almal só gelag dat niemand kon eet of drink nie.

"Wat noem hulle jou?"

"Baas!" het hy trots gesê en breed geglimlag, en Valgarðr het ook gelag.

"En wat noem óns jou?"

"Haganrich," het hy homself voorgestel, "van Brandenburg."

"Wel, Haganrich, hoe het jy in Kœnugarðr beland?"

"Julle ken die Heilige Graal, né?"

"Die legendes daarvan, ja. Die Kookpot van Oorvloed, die pot Eldhrímnir waarin die vlees van die ewige vark Sæhrímnir gekook word, wat nooit kan opraak nie. Dis soos die bok Heiðrún se tepels wat *mjöðr* verskaf wat ook nooit kan opraak nie. Albei word in Valhöll gevind," het Arnbjörn geantwoord.

"Dagda het 'n kookpot genaamd Undri gehad, wat ook onophoudelik aan die hongeres kon voorsien," het Druian ingetree. "Daar was ook die Gunderstrup Kookpot waarop offers en herlewing uitgebeeld is, en die spies wat kon wond en genees."

"Of die Silwer Steen van die Ooste, of die swart steen van die Moslems by Ka'aba" het Valgarðr opgemerk.

"Wat weet jy van Moslems?" het Gunnarr aan Valgarðr gevra.

"Handelaars praat soms. Ek ken ook die Franse legendes van Arthur en die Heilige Graal."

"Einste. Nou wat is die verskil tussen die Heilige Graal en 'n *skrælingr* se

pa? 'n Mens kan die Graal dalk nog opspoor." Vir 'n ruk was daar stilte, waarna die bedoeling ingesien is en almal begin lag het. Daar is verder oor baie dinge gesels wat nie genoem hoef te word nie, en 'n week later is Valgarðr-hulle terug na Hjartar-horn met goeie wense en 'n hele paar pond silwer, waar hulle die hele reistog aan hulle familie oorvertel het.

Hoofstuk 7

Grettir, Þorvaldr en sy seuns het een somer vanaf Ísland teruggekeer met walrusivoor en Íslandzkr-wol, en hulle het besluit om dit na die nuwe handelsdorpie, Sigtún, te neem om daar van die hand te sit. Hulle het Grettir se *knörr*, Feitrsnót, vol gelaai met sulke voorrade soos wat vir die tog noodsaaklik was, asook die handelsware. Daar is sonder insident na die Baltiese see geseil en hierna verby Tör tot in die meer Mälaren. By Sigtún het hulle vasgemeer en die nodige besigheid voltrek, waartydens hulle uitgevind het dat Vladimir binnekort ingelyf sou word as prins van Kœnugarðr. Steinbjörn, Garðr en Hvalr wou daarheen gaan met die oorblywende ware en op 'n goeie voet met die prins kom, maar Þorvaldr en Grettir was daarteen gekant. Grettir het gesê: "Dood loop saam met die politici, en lewens word verspeel wat andersins iets kon beteken het."

"Steeds sal dit 'n belewenis wees om 'n paleis binne te gaan, en 'n les wat ek vir myself sou wou leer," het Hvalr geantwoord.

"Alles kom uiteindelik teen 'n prys, die vraag is wat op daardie stadium vir jou die meeste weeg: die prys of die beloning." Þorvaldr het 'n ruk nagedink, en toe vervolg: "Tog sal ek liever saam met julle gaan as wat julle alleen daardie wêreld betree."

"Dan is die besluit geneem; Verðandi en haar susters het gespreek," was

Grettir se antwoord.

Die *knörr* is as sekuriteit vir 'n kleiner skip geruil met dien verstande dat hulle die kleiner een weer sou terugbesorg en Feitrsnót terugkry sodat hulle kon teruggaan huis toe. Hulle het die Baltiese see oorgesteek en in die Golf van Finland opgeseil. Van daar is hulle na die meer Aldeigja en Aldeigjaborg, waarvan hulle met die rivier Volkhov opgeseil het tot by Hólmgarðr, en hierna het hulle na Koenugarðr gegaan. Waar daar nie geseil kon word nie, is die skip op rollers oor land getrek. Uiteindelik het hulle daar aangekom en na Vladimir gegaan, en hy het hulle luidrugtig ontvang en genooi om die feesmaal met hom te deel. Hulle het 'n paar walrustande aan hom gegee, wat hy 'n ruk aangekyk het, en hulle toe vriendelik daarvoor bedank het. Die fees is voorgesit en later het Þorvaldr met die man langs hom begin gesels.

"Hoe kry julle dit reg om as vreemde volk oor hierdie mense te regeer, in hulle eie land, as hulle duidelik aansienlik meer as julle is?"

"Vrees. Die *skrælingar* kan nie toegelaat word om te besef dat ons kwesbaar is nie; hulle glo steeds ons is gode en onoorombaar."

"En as hulle uitvind dat dit nie die geval is nie?"

"Dit sal nie gebeur nie. Ons beheer informasie, ons intimideer hulle met ons militêre oormag, ons beperk hulle vryheid van denke en beweging."

"Moet daar nie miskien dan 'n reël oor omgang met hulle wees nie; iets om te verhoed dat julle gene uitgeteel word? Of iets om julle kultuur te behou, sodat hulle die onderskeid tussen julle en hulle nog duidelik kan sien? Nie eens julle name is meer Skandinawies nie."

"Dit is alles onder beheer," het die amptenaar geantwoord. "Ons probeer net deesdae om meer met hulle te identifiseer; werf bietjie steun uit die gemeenskap. Ons verskaf immers die infrastruktuur wat hulle self te dom en lui is op die been te bring of in stand te hou."

"Julle ondernemings is vir hulle eie beswil."

"Dit help dat hulle te swaksinnig en onderontwikkeld is om ons behoorlik aan te vat. Jy weet hoe laat jy 'n *skrælingr* verarm? Jy steek sy geld onder sy werkstewels weg. Maar ek hoor wat jy sê en ek verskil van die ander se benadering. Net verlede week het ek 'n spulletjie tereggestel hier naby in 'n kloof, net om 'n boodskap tuis te bring, maar dit vertel jy nie aan Vladimir nie. *Skrælingar* verdien eintlik ook nie eens werklik om oor gepraat te word nie. Wat word jy genoem?"

"Þorvaldr Grettisson."

"Haganrich." Haganrich het vertel van sy ervarings by die Danevirke en hoe hy in Kœnugarðr aangekom het, en bygelas: "Ek het onlangs eers vir Arnbjörn Gunnvaldsson werklik ontmoet en met hulle gesels, toe hulle hier was. Hy is 'n ernstige man."

"Ek het al van Gunnvaldr en sy seuns verneem, maar ons paaie het nog nie gekruis nie," het Þorvaldr die gesprek vervolg.

"Neem my saam met julle terug, sodat dit kan," het Haganrich aangebied.

"Ek kan geen ongeluk daarin sien nie," en dit is ooreengekom dat Haganrich saam met hulle sou teruggaan. Daar is 'n paar weke in Kœnugarðr oorgebly, waarna die terugtog aangepak en Feitrsnót by Sigtún teruggekry is.

Haganrich het saam met hulle na Hjartar-horn gereis op pad terug na Grettistaðr, en Gunnvaldr en sy seuns het hulle verbaas maar vriendelik ontvang, en hulle genooi om oor *Jól* aan te bly. Valgarðr was geïnteresseerd in wat Haganrich die afgelope tyd gedoen het, maar daar was nie veel wat nou van vertel kan word nie. Toe Grettir, Þorvaldr en hulle seuns terug is na Grettistaðr was daar 'n goeie vriendskap tussen Þorvaldr en Gunnvaldr. Haganrich het gekies om voorlopig by Hjartar-horn agter te bly.

Grettir is kort hierna oorlede, en is by Grettistaðr begrawe. Sy hare het een-en-tagtig winters gesien en beleef. Porvaldr het die huishouding oorgeneem en sy eie besigheid verder bedryf, en sy seuns het hom daarin gehelp.

Hoofstuk 8

In die lente het Gunnvaldr saam met sy seuns 'n ekspedisie na Valland onderneem, en *friðland* gevind in Normandië by Skerrisborg. Hier het hulle inligting ontvang oor waar die Frankiese weermag hulself bevind, en wat die politieke opset in daardie tyd was. In hierdie tyd het Richard I, wat ook die Vreeslose genoem is, oor Normandië regeer. Daar is vir hulle vertel dat daar 'n burgeroorlog tussen die Oos- en Wes-Franke was, en hulle sou gevolglik nie agterkom as een skip 'n paar dorpies plunder nie. Hulle het 'n paar dae later weggevaar en wes geseil¹¹, teen die kus heelwat verder suid, totdat hulle 'n rivier gevind het wat gepas gelyk het, en daarin opgeseil.

Hulle het 'n ent in die rivier opgeseil voordat hulle 'n heuwel aan die bakboordkant gesien het waarop 'n verlate fort of kerk se murasies gestaan het. "Volgens my inligting behoort daar 'n dorpie hier naby te wees, maar ek sien niks nie," het Gunnvaldr opgemerk.

"'n Mens sal beter van daar bo kan sien," het Ansvarr voorgestel en na die toring van die murasie gewys. Sy voorstel is aanvaar en die skip is daar vasgemeer om die omgewing te verken. Ansvarr het aangebied om te gaan, en Björn sørkell saam met hom, terwyl die res by die skip gewag het. Hulle is teen die heuwel uit en het die murasie binnegegaan, en het die skip uit die oog

¹¹ Die gebied waarrondom geseil word, is Bretagne in Frankryk. Die rivier waarin opgeseil word is die Charente.

verloor. Binne die murasie het daar 'n man om 'n hoek gespring met 'n gaffel, en dit in Ansvarr se bors ingedryf sodat dit deur sy *brynja* gestee het, en dit was sy dood. Hierna het die man weggehardloop, en Björn het hom agternagesit. Aan die agterkant van die murasie het die man hom by 'n groep kleinboere aangesluit wat almal op dieselfde wyse gewapen was, en daar was om en by tagtig van hulle. Björn het vinnig omgedraai en teruggehardloop na die skip, en is agternagesit deur die groep kleinboere.

Intussen het Gunnvaldr en die res by die skip gewag en die horison dopgehou, en Björn gewaar soos hy teen die koppie afgehardloop gekom het. In die verte kon hulle die groep kleinboere gewaar wat hom agternasit, maar hy was vinnig besig om die afstand tussen hom en sy agtervolgers te vergroot. Toe hy by die skip kom, was almal reeds aan wal om hom tegemoet te gaan.

"'n Sluipmoordenaar het Ansvarr doodgemaak; hy lê in die fort."

"Waar kom al dié kleinboere vandaan?" het Arnbjörn gevra.

"Jy sien, as 'n man en 'n vrou in liefde bymekaar kom. [...]"

"Druian," het Gunnvaldr kortaf gesê.

"Agter die fort geskuil; gewag dat ek om die hoek kom."

"Gaan ons sy liggaam haal?" Valgarðr het na die res gekyk terwyl hy die aanstormende kleinboere beskou het.

"Verseker," het Hróaldr geantwoord, en almal het hulle skilde van die skip afgehaal en wapens geneem.

Toe die kleinboere die *vikingar* van nader gewaar, het hulle vasgesteek en teruggehardloop na die heuwel. Met Ansvarr dood was die *vikingar* vier-en-twintig, en hulle het die skip daar onbeman gelos om die kleinboere agterna te sit.

Valgarðr was die eerste wat hulle ingehardloop het, en het 'n man se rug van agter oopgekap met Vekja, en dit was sy dood. Arnbjörn het een se

haksenings in die hardloop afgekap, en hierna het die res ook bygekom en die kleinboere van agter gevel. Die kleinboere het vasgesteek en hulself probeer verdedig, maar is een na die ander om die lewe gebring. Binne minute was daar nie een staande nie, alhoewel een op sy knieë gaan sit en sy hande gelig het om oor te gee. Valgarðr het na hom gestap en hom onthoof. "Dit was ons enigste informant," het Druian genoem.

"Hoe ver kan tagtig kleinboere loop? Die dorp is hier naby," was Valgarðr se antwoord. "Maak seker dié wat lê is dood," het hy vervolg terwyl hy Vekja deur een wat gesteun het se keel gedruk het, en die ander gewondes is almal ook op die grond doodgemaak. Eers toe het hulle die liggaam van Hlífsteinn hvítr gevind, sy skedel gebars deur 'n piksteel.

"Ek stel voor jy en Druian spoor die dorp op; Björn, Sköldúlfr, Þorsteinn en Eiríkr begrawe Ansvarr en Hlífsteinn, en die res help om die perde en nodige voorrade van die skip af te laai. Ons slaap vanaand hier. Arnbjörn en Hróaldr kan wagstaan terwyl die res werk," het Gunnvaldr beveel, en almal het met hulle take begin.

"Ons sal vinnig moet opvolg; die res van die kleinboere sal onraad merk en ons taak bemoeilik," het Druian gesê.

"Jy gee hulle baie krediet," het Hróaldr gemerk, maar Arnbjörn het saamgestem, en gesê: "Dit sal binnekort ook donker wees." Teen die tyd wat die nodige voorrade afgelaai en in die murasie gestoor is, was Ansvarr en Hlífsteinn hvítr begrawe terwyl Valgarðr en Druian intussen die dorp opgespoor het deur Ansvarr se plan uit te voer. Daar is besluit dat sestien die dorp sou gaan besoek, terwyl sewe na die skip en voorrade sou omsien. Björn sörkell, Hákon Frostúlfr, Hrafnkell, Hálfðanr Grásteinn, Kolgrímr, Hálfur en Sveinn Aðalbrandr sou na die voorrade omsien, terwyl die res te perd na die dorp is.

Gunnvaldr het sy seuns en die res van die *félag* net voor skemer in die dorp ingelei, en blykbaar het die nuus nog nie die dorp bereik nie. Daar is te perd in die dorp ingejaag en gillende mense is in die hardloop van die perde af doodgekap. Toe alles bedaar het, het hulle afgeklim en alles van waarde versamel: daar was geen wapens nie, maar wel silwer en juwele. "Leer nou: dié wat lewe weet dalk waar daar nog goed weggesteek is en sal vir jou alles sê as hulle dink jy gaan hulle daarvoor spaar," het Druian teenoor Valgarðr opgemerk. Dit is beproef en 'n trommel vol juweliersware is gevind, waarna die informant om die lewe gebring is.

"Jou teorie is toetsbaar en geldig," het Valgarðr met 'n glimlag aan Druian gesê.

"Wat was die storie met die kleinboere by die murasie?" het Druian aan 'n oorlewende vrou gevra wat gevange geneem is.

"My man het julle gesien aankom, en die mans kom haal. Wat het van hulle geword?" Druian het 'n sakkie vol silwer munte in haar hand gestop, en Valgarðr het sy voorbeeld gevolg.

"Dood?" het sy gesê-vra.

"Hy sal nie weer terug wees in sy leeftyd nie, maar omdat hy probeer het verdien jy iets. Dit was 'n goeie dood, veral vir 'n kleinboer." Hy het na Valgarðr gekyk: "Ons moet gaan." Nadat alles van waarde geneem is, het hulle teruggery na die murasie en die nag daar deurgebring. Die volgende oggend het hulle gelaai wat gelaai moes word en toe teruggeseil soos hulle gekom het, en 'n paar nedersettings langs die pad ook ontgin. Hulle het weer by dieselfde fort oorgebly en stories uitgeruil, maar moes uiteindelik terug. Dit was nog nie herfs toe hulle by Hjartar-horn aangekom het nie.

'n Paar seisoene later het Valgarðr en sy *félag* te perd na Þrándheimr gegaan

om Hákon Sigurðsson by te staan in sy ekspedisie na Danmörk, maar Gunnvaldr het agtergebly om na Hjartar-horn om te sien. Valgarðr het sy swaard Vekja, skild, *brynja* en die ander nodige toerusting saamgeneem. Op sy skild was daar 'n kruis van swart staal teen 'n grysleer agtergrond. Die kruis het nie tot by die rand gekom nie, en dit is omring deur 'n swart staal sirkel, wat die rand gevorm het. Op sy helm was 'n diskrete swart arendmotief ingeëts. Hier het hy die wapens ingewy wat na die Valland-ekspedisie bekostig kon word, maar Vekja het hy reeds besit. Valgarðr se *félag* was van die voorstes by die geveg vir die Danevirke en het baie eer daardeur verower. Dit was die jaar toe Otto II se magte teruggedryf en die Danevirke herwin is, met hulp van die Slawiese stamme. Hierna het hulle Saxland besoek en ontgin, en toe teruggekeer na Hjartar-horn.

Gunnvaldr het kort na hulle terugkeer sy bene neergelê en hom by Geirrekr, Aldúlfr, Knútr en Ríkvíðr aangesluit waar hulle saam met Óðinn gewag het dat hulle kinders sterf. Dit het gebeur in die lente van die jaar waarin Eiríkr rauði Groenland begin koloniseer het. Gunnvaldr se oorskot is deur sy seuns in Roðinnhellir begrawe saam met sy swaard, skild en *brynja*, en hulle het besluit om takbokhorings in die vorm van 'n skip om sy graf in die grond te steek. Hy was drie-en-vyftig winters in Miðgarðr, en dit was drie-en-vyftig goed benutte winters. Toe almal na afloop van die begrafnis na Hjartar-horn terug is, het Valgarðr, Hróaldr, Arnbjörn, Sørkvir, Gunnarr, Hallsteinn, Bjólfr, Steinarr en Druian by die graf bly staan. "Ek weet waar julle sal lê wanneer die *valkyrjur* hulle plig kom doen, maar wat sal van my word?" het Druian gevra.

"Jy hoef nie te vra nie," was Valgarðr se antwoord. "Reg?" het hy aan die ander gevra.

"Ek het agt broers, en almal van hulle sal saam met my eendag by hierdie

plek rus vind," het Arnbjörn geantwoord, en Hróaldr het geknik.

Hulle het 'n runesteen vir Gunnvaldr langs sy broers op die kruin van Aldinngáta opgerig, en daarop geskryf:

"Ter herinnering aan Gunnvaldr, seun van Aldúlfr, seun van Geirrekr. Hy het geveg in Danmörk, Valland en in Norvegr. Sy seuns het hierdie steen vir hom opgerig, almal van hulle. Hulle is Arnbjörn, Hróaldr, Valgarðr, Sørkvir, Gunnarr, Hallsteinn, Bjólfr, Steinarr en Druian. Hy het sy swaard goed gebruik, en neem hom nou na Valhöll.

mag die mure duister vashou
 en ons vingers bloei soos een
 mag die voetstap eggo's heilig
 van die wye vlerk alleen
 mag die koue ongebuig bly
 ongebroke deur die mis
 en mag ons siele stilte terughou
 van gesmede ystersale."

Valgarðr het baie maal op Gunnvaldr se graf gaan sit en prewel sodat geeneen sy woorde kon hoor nie, en soms het sy broers saamgegaan, en soms het almal van die *félag* saamgegaan. Soms het hulle in stilte gesit, soms het hulle met mekaar gesels oor allerhande alledaagshede, en soms het hulle Aldúlfr en sy seuns om raad gevra. Almal het gesê dat Norvegr armer gelaat is deur Gunnvaldr se vertrek, maar Halla het niemand toegelaat om dit voor haar te sê nie. Sy is kort daarna oorlede en is in die familiebegraafplaas naby die huis op Hjartar-horn begrawe.

Hoofstuk 9

Die Jómsvíkingar is aanvanklik deur Haraldr Gormsson gestig om Danmörk te beskerm teen die Vends, wat op daardie stadium onder Burislav geveg en 'n bedreiging vir Danmörk ingehou het. Die Jómsvíkingar se vesting is by Jómsborg gebou by die mond van die Oderrivier waar dit uitmond in die Baltiese see. Baie legendes het rondom hulle ontstaan en hulle is aangevoer deur die jarl Sigvaldi, die seun van Strút-Harald, en sy broers, Heming en Þorkell. Daar was verder ook Búi Digre en sy broer Sigurðr, die seuns van Veseti, asook Vagn Akason en Þorgunna.

Sigvaldi het op 'n stadium met Astrið getrou, die dogter van Burislav, in 'n poging om die vyandigheid tussen die twee nasies te beëindig. Hy het ook die troue van Sveinn Haraldsson met Burislav se ander dogter, Gunnhildr, aangemoedig, en dat Burislav met Sveinn se suster, Tyri Haraldsdóttir, trou. Hiermee is stabiliteit in die gebied verkry en nie-aanvalsverdragte is gesluit.

Sveinn Haraldsson het 'n rebellie teen sy vader, Haraldr Gormsson, gelei waarna Haraldr aan sy wonde beswyk het. Sveinn het hierna koning van Danmörk geword en was jonk en ambisieus: eers wou hy Norvegr onder sy beheer plaas, en later het hy sy fokus na Engeland verskuif. Hákon Sigurðsson sou egter nooit onder Sveinn staan nadat hy sy onafhanklikheid vir soveel jare teen die seuns van Eiríkr blóðøxe verdedig het nie, en gevolglik het Sveinn die Jómsvíkingar gereed gemaak om namens hom Hákon met geweld te verwyder.

Toe Eiríkr Hákonarson hiervan uitvind was hy by Raumaríkr in Norvegr en

het hy sy vader in Þrándheimr hiervan gaan inlig. Die oorlogspyl is oor die hele Norvegr opgeskiet en mans van ooraloer het tot die *jarlar* se hulp gekom.

Valgarðr en sy *félag* was by Hjartar-horn toe 'n perderuiter in die nag hulle kom wakkerklop het: "Wie's daar?" het Valgarðr agter die toe deur gevra.

"Herjan."

"Herjan wie?"

"Herjan die boodskapper."

"Jou grappie is flou. Gaan weg."

"Ek het nuus gebring; Hákon vra om hulp." Steinarr en Sveinn het die deur oopgemaak en Herjan ingelaat.

"Geeneen van ons is iets teenoor hom verskuldig nie. Wie het jou gestuur?" het Valgarðr gevra.

"Eiríkr, seun van Hákon. Hy gesê dat ek julle aan sy vriendskap met die mense van Hjartar-horn moet herinner."

"Vir 'n verandering het die *jarl* ons nodig."

"Daar word beweer dat die Jómsvíkingar op pad is," het die boodskapper bygevoeg.

"Ons sal voor sonsopkoms vertrek," het Valgarðr gesê, en Gunnar en Arnbjörn het dié wat nog geslaap het, wakkergemaak. Druian het sy swaard, Ben-grefill¹², aangegord en die perde gaan opsaal.

"'n Mens se waarde lê in wat dit neem om hom dood te maak; die manier hoe die mens oorkom word definieer sy reputasie; en die reputasie definieer die mens," het Þagall ingetree.

"Sal ons dit neem as 'n aanbod om saam te kom?" het Valgarðr gevra.

¹² "Wond-graveerder"

"Die feit dat jy dit vra, wys daarop dat daar nog baie is wat jy nie van my verstaan nie," het hy geantwoord, en buitentoe gestap om die son in te wag.

"Ek weet net dat daar geen skande in opgesluit is as 'n mens deur 'n Jómsvíkingr om die lewe gebring word nie," het Valgarðr weer die gesprek hervat, "eerder as wat jy sterf terwyl jy vir die sonsopkoms wag," maar Þagall het nie geantwoord nie. Hy het steeds gewag toe die hele *félag* te perd op pad na Eiríkr vertrek het, onder leiding van Herjan die boodskapper. Maar toe Valgarðr op Fjöðr klim, het Þagall gesê: "Óðinn is god omdat hy onder andere die duisternis in die oë gestaar en homself daarmee verenig het, sonder om die lig te vergeet."

"Wat praat jy só?"

"Óðinn het hom aan my as Vili geopenbaar."

"Die noodlot sal bepaal of hierdie gesprek voortgesit word," het Valgarðr geantwoord en weggery.

Die adelstand van Norvegr, veral uit Þrándheimr en Hálogaland, het saamgekom om die beloftes wat hulle teenoor hulle leiers gemaak het, gestand te doen. Onder Hákon Sigurðsson het sy buite-egtelike seun Eiríkr geveg, asook sy ander seun Sveinn. Guðbrandr Hvítr, Styrkar van Gimsar, Þore van Hálogaland, Þorkell Leira van Víken, Ragnvaldr van Ærvik in Stad, Skeggi van Ophaug en Sigurðr Steikling van Hálogaland het onder die leiers van Hákon se weermag getel. Verder was daar Þórir Hart, Þorkell Midlong, Hallsteinn Kerling, Arnmód en sy seuns Arni en Finn, Erling van Skuggi, Geirmundr Hvítr, Einarr lítill en Hávarðr van Flydruness, en talle ander wat nie genoem is nie.

Die invallende Jómsvíkingar is naby Hod ontmoet, by 'n baai genaamd Hjörungavágr. Daar is ook 'n saga hieroor geskryf, die *Jómsvíkinga saga*, en Snorri

Sturluson het dit ook in sy *Heimskringla* genoem. 'n Paar *skalds* van Ísland was in die vloot van Hákon Sigurðsson en het ook verse oor die slag van Hjörungavágr gekomponeer. Een - Einarr Helgason - was aanvanklik bekend as Skaldmeyar-Einarr omdat sy moeder 'n vroue *skald* was. Hákon het 'n weegskaal aan hom gegee voor Hjörungavágr om hom te oortuig om saam te veg, waarna hy Einarr skálaglamm genoem is. Die ander skalds was Vígfús Vígaglúmsson, Þord en Þorleifr Skúma.

Die geveg het op die skepe plaasgevind, wat met toue aanmekaar vasgebind is. Aanvanklik het meer aan Hákon se kant gesneuwel, want die Jómsvíkingar het hul reputasie van dapperheid gestand gedoen. Daar het tydens die slag 'n haelstorm uitgebreek, wat ongewoon in hierdie deel van die wêreld was, en dit het donkerte en onstuimigheid gebring wat almal se take bemoeilik het. Valgarðr was op Eiríkr Hákonarson se skip wat teenoor Vagn Akason se skip geveg het, en hier was die geveg die hewigste. Valgarðr se oë was helder en skerp soos altyd, maar wild ook soos 'n dier s'n, en bloedwater het teen sy slape afgestroom aangesien hy nie 'n helm aangehad het nie. Hy het Jómsvíkingar aan alle kante doodgemaak, maar nie een hou het deur sy vel gesny nie en die bloed was nie syne nie. In die warboel het 'n spiespunt teen sy keel tot stilstand gekom, en dit was 'n vrou met donker bebloede hare en donker deurdringende oë wat die spies in albei hande gehou het. Hy het agteruit getree en gestruikel, maar sy het net geglimlag, omgedraai en verder Jómsvíkingar met albei kante van die spies doodgemaak. Later het Valgarðr vertel dat hy twaalf ander meisies tussen die mans kon sien, en dat hulle beweeg het met 'n spoed wat hy kwalik met die oog kon sien, veral deur die storm. Die ander het egter blonde hare gehad.

"Wat de hel?" het hy uitgeroep nadat hy sy bene onder hom gekry het.

"Wat?" het Druian geantwoord.

"Daar! Die meisies!" het hy gewys. Druian het rondgekyk.

"Jy yl! Gaan vind vir jou sitplek!"

"Fok jou!" het Valgarðr met 'n glimlag teruggeskree, waarna hy 'n Jómsvíkingr se keel oopgekap en toe die geveg hervat het. 'n Man met die naam Hávarðr höggvandi het beweer dat hy Þorgerðr Holgabruð en haar suster, Irpa gesien het. Hulle was glo die beskermgodinne van Hákon Sigurðsson, maar Valgarðr het geglo dit was nie dieselfde figure nie en het hulle daarteenoor nie gesien nie.

Geleidelik het die geveg teen die Jómsvíkingar gedraai en al hulle skepe is stelselmatig skoongemaak. Vagn Akason en dertig ander is gevange geneem; die res het ontsnap of is gedood, en sommige is gedood terwyl hulle probeer ontsnap het. Þorkell Leira het die gevangenes een vir een tereggestel na 'n kort reeks vrae, waarin hulle almal beweer het dat hulle nie die dood vrees nie. Valgarðr, Druian en sy broers het by Eiríkr Hákonarson gestaan en die toneel aanskou, en Eiríkr het gesien dat Sigurðr 'n edele man was en hom vrede aangebied. Dié het dit aanvaar op voorwaarde dat sy mede Jómsvíkingar ook vrede kry, wat toegestaan is. Teen hierdie tyd was agtien Jómsvíkingar egter reeds tereggestel, en net twaalf het dus amnestie verkry, onder hulle Vagn Akason ook.

Baie van Norvegr het gesneuwel met die slag van Hjörungavágr, maar min is genoem in die saga en deur Snorri. Van Valgarðr se *félag* is Kolgrímr, Eiríkr, Þorsteinn járnскеggi, Sigurðr rafnsvartr, Hákon frostúlfr en Hálfðanr grásteinn dood en hulle oorskot is daar aan Rán gegee. Steinarr en Hallsteinn Ríkviðsson se liggame is na Aldinngáta teruggeneem waar hulle langs hul vader begrawe is.

"Ons vriende is verlos," het Hróaldr gemerk terwyl hulle na die nuwe

hopies grond gestaar het.

"Hulle het 'n goeie kans gehad; 'n goeie lewe en 'n goeie dood; hulle sal goed onthou word," het Arnbjörn geantwoord, "daar is min waarvoor 'n mens meer kan vra as dit."

"Ek wag gretig op die dag wat die noodlot my waardig ag om my hier weg te neem," het Bjólfr bygevoeg.

"Ons almal, Bjólfr, ons almal," het Druian gesê, en hulle het die grot verlaat.

Valgarðr het na hierdie slagveld verwys in 'n gedig wat hy later in *dróttkvætt* geskryf het, sy *Dauðrkviða*:

Gryslug groei oor maste,
 golwe breek oor winde,
 valke kaard soos kalkblits',
 kloof - oogknip - die oorgang
 tussen wolk en Vóden,
 wentelflits en kantel
 grondwaarts; haas in antwoord
 af na stof en howe.

Wolwe woudlangs onder,
 weef deur bosse, skeur soos
 vlermuisskadu's skerplig,
 skitter wild in pelse
 na die roep van rigters:
 roem volg in 'n bloedspoor,
 vind in keel wat kantel
 krygsrykdom en seile.

Vagn Akason het met Þorkell Leira se dogter Ingibjörg getrou en Eiríkr Hákonarson het 'n ten volle toegeruste *langskip* aan hom gegee. Hierna is Vagn na Danmörk terug en het baie aansien verkry.

Hoofstuk 10

In die vroeë winter het Valgarðr en sy familie te perd deur Hálogaland gereis en besluit om na Þorvaldr Grettisson te gaan by Grettistaðr. Hulle is vriendelik ontvang en ingenooi, en Þorvaldr het beveel dat banke en tafels ingedra word. Terwyl hulle gewag het dat die kos en drank gereedgemaak word, het Þorvaldr na Gunnvaldr gevra, waarop Valgarðr die situasie aan hom verduidelik het. "Elke kryger loop een of ander tyd die pad na Valhöll, daar is geen ander uitweg nie," het Þorvaldr gesê.

"Daar is in elk geval geen rede waaraan ek aan kan dink om onwillig hierdie plek te verlaat nie," het Valgarðr geantwoord.

"Nie een van ons het nog ooit werklik gedink dat ons na Valhöll sou gaan nie; ons gaan na waar ons familie vir ons wag: in Roðinnhellir," het Arnbjörn aangesluit.

"Óðinn kan eintlik maar sy Valhöll druk: ek veg omdat dit my pas, vir niemand anders as myself nie. In elk geval het ek nie sy hulp nodig nie," het Valgarðr vervolg, "nie in hierdie lewe óf die hiernamaals nie."

Þorvaldr het geluister, en sy gedagtes in woorde gesit: "Dit is beter as elkeen toegelaat word om te glo waarin hy wil; ek gee nie om wie reg of verkeerd is nie; dalk ís daar nie eens só iets soos reg en verkeerd nie." Op hierdie stadium het sy dogters - Hildigarðr, Ragnhildr en Guðríðr - elkeen met twee bekere *mjóðr* in die vertrek ingekom, tesame met Ásleifr, wat drie bekere gedra het.

Guðríður het gaan staan en gesê: "Neem hierdie bekers as teken van ons goedgesindheid teenoor julle. Mag ons gou weer die geleentheid kry om julle te bedien." Hierna het sy 'n beker aan Valgarður en een aan Arnbjörn gegee, en Hildigarður het aan Hróaldr en Sørkvir gegee. Ragnhildr het dieselfde gedoen en aan Gunnarr en Hallsteinn oorhandig, terwyl Bjólfr, Steinarr en Druian elk 'n beker van Ásleifr geneem het. Valgarður het sy beker geneem en op die heildronk gedrink sonder om 'n woord te sê, en na die heildronk het Steinbjörn sy tong gevind: "Ons vader is baie gewillig om ander in ag te neem. Alhoewel ek en my broers bereid is om saam met die Christene te lewe, sal ons nie ons geloof opgee ter wille daarvan om die vrede te bewaar nie. Nooit sal ons saam met die Europeërs en die Jode en die Moslems glo nie; ons glo eerder in onself."

"Ek verneem dat die woord 'moslem' beteken: 'een wat homself onderwerp aan die wil van God'¹³," het Arnbjörn gesê.

"Dit is hoekom ek nooit 'n Moslem sal wees nie. Die punt is om absolute vryheid te verkry; om weg te breek en jouself aan niks te onderwerp nie," het Valgarður gesê.

Daar is gedrink en verder gesels, maar na 'n ruk het Valgarður weer sy tong gevind en aan Þorvaldr gevra: "Waar was jou dogter, die een wat jy Guðríður noem, toe ons by Hjörungavágr was?"

"Sy en 'n paar vriendinne was nie in daardie tyd hier by my huis nie; Guðríður het gesê hulle het iets om te gaan doen. Maar hulle't nie gesê wat en waar nie; seker gaan inkopies doen by Prándheimr se mark of iets."

"Interessant. Het jy die vriendinne gesien?"

"Al twaalf, ja. Mooi meisies. Hulle't haar te perd hier kom haal. Sy't nog altyd haar eie kop gevolg. Ek en Ásleifr het maar geleer om haar haar vryheid te

¹³ Vergelyk Davis (1970: 90)

gun; sy doen in elk geval wat sy wil."

Valgarðr het geglimlag, en vervolg: "Ek sou haar eintlik in die huwelik wou neem."

"Sy sal die finale goedkeuring moet gee - 'n mens kan niks op háár afdwing nie - maar ek is nie daarteen gekant nie," was Þorvaldr se antwoord.

"Eerder jy as ek," het Steinbjörn gesê.

"As dit jy was, was dit siek," het Druian teenoor Steinbjörn opgemerk.

Guðríðr is ingeroep, en sy is ingelig van Valgarðr se aanbod. "Ek kan aan baie slegter voorstelle as dit dink," het sy met 'n glimlag geantwoord.

"Die oë van 'n meisie verrai altyd waar haar hart se belange lê," het Þorvaldr opgemerk nadat sy hulle verlaat het.

"En watter tipe siel haar liggaam huisves," het Arnbjörn bygevoeg.

Reëlins is getref om kort daarna die bruilof by Hjartar-horn te hou en daar is ook op 'n *heimanfylgja* besluit. Uiteindelik is daar vir 'n week oorgebly, waarna Valgarðr en sy broers besluit het dat elke gas 'n tyd het waarop hy moet vertrek.

Op pad huis toe het Druian aan Valgarðr, Arnbjörn en Hróaldr gevra of hulle 'n huwelik tussen hom en hul suster, Vérún, sou goedkeur. "Ons sal haar by die huis vra, maar 'n beter swaer as jy kan ons nie verwag nie," het hulle geantwoord.

"Terwyl ons nou hiervan praat: dit het tyd geword dat ek ook aan trou begin dink. Ek sou jou suster, Mýrún, in die huwelik wou neem," het Bjólfr Ríkviðsson aan Druian gevra. Hy het ingestem, en Arnbjörn het ook na Druian gedraai: "Jou rooikopsussie..."

"Ons raak so ingetroud soos die Haraldr Gormssons," het Druian hom onderbreek, "maar jy is welkom om om Kaðlin se hand te vra. Dan hou ons een fees vir almal, en kyk of ons 'n klein volkie kan organiseer." Na 'n ruk het hy aan

Valgarðr gevra: "Wat dink jy is die betekenis daarvan dat Guðríðr en haar vriendinne dieselfde getal opmaak as die *valkyrjur*?"

"Insinueer jy dat hulle *valkyrjur* is?"

"Nee, ek let net op die toevalligheid."

"Ek wonder of dit betekenisvol is, of soos so baie ander gebeure slegs iets is wat betekenisvol voorkom."

'n Groot fees ter viering van die huwelike is georganiseer vir *Jól* daardie winter, en gaste het vanaf *Óðinsdagr* begin opdaag vir die seremonie op *Frjádagr*. Guðríðr het saam met haar *heimanfylgja* haar familie gebring, en sy was die enigste bruid wie se vader haar nog kon sien trou. Þorvaldr het 'n ysbeerpels as geskenk gebring, afgesien van die *heimanfylgja*, en aan Valgarðr gegee. Hierop het Valgarðr die *mundr* aan Þorvaldr gegee, wat gelykstaande aan die *heimanfylgja* was en bestaan het uit amper vier en 'n half kilogram silwer. Hulle het wedersyds as mekaar se getuies opgetree om die huwelike wettig te maak.

Hjartar-horn is versier deur al die skilde van dié wat die fees bygewoon het, teen die mure te hang. Valgarðr se skild was daar met die kruis van swart staal teen 'n staalgrys leer agtergrond, soos wat reeds van vertel is. Druian s'n het 'n swart Keltiese kruis opgehad met 'n silwer agtergrond, en 'n ongewoon breë rand wat rooi gekleur was. Arnbjörn se skild was met 'n groot swart *hagall-rune* versier op 'n bruin agtergrond, en Hróaldr se skild het soos Druian s'n 'n groot swart Keltiese kruis met 'n swart raam en 'n houtskool agtergrond van leer gehad. Op Sørkvir se skild was 'n breë swart kruis met 'n wit agtergrond, Gunnarr se skild was in kwarte van wynrooi en grys opgedeel, met 'n gewone staal kruis binne 'n sirkel, en Bjólfr se skild is in houtskool en silwer kwarte verdeel.

Valgarðr het in volle wapenrusting getrou en Druian het gesê sy blinkgeskuurde *brynja* het geglinster "soos ölpis in die maanlig". Sy swaard, Vekja, met sy yswit hef is ook skoongemaak en in 'n silwer skede aangevord vir die geleentheid. Valgarðr het uitsonderlik ligte hare gehad, wat meer asgrys as blond was. Dit het altyd in sy oë gehang, maar die probleem is vir die geleentheid opgelos deur die voorste deel in twee klein vlegsels te vleg. Die ysbeerpels is oor sy skouers gehang en oor die regter skouer met 'n silwer borsspeeld vasgesteek. Onder die *brynja* het sy wasbleek linnetuniek uitgesteek sodat die geborduurde silwer randjie gesien kon word.

Guðríðr het 'n lang noupassende houtskoolgrys rok van sy aangetrek, wat saam met haar raafswart hare en donker oë sterk teen haar kalkwit vel afgesteek het. Om haar nek was 'n haematiet steen wat in silwer geset is deur 'n smid by Kaupang, en haar ruiker was van donkerpers rose, amper swart, wat styf teen mekaar ingedruk is.

Mýrún is in 'n silwer rok geklee, met soveel silwer juwele as wat gedra kon word. Sy het ringe aan elke vinger aangehad, en armbande met Keltiese ontwerpe het haar voorarms byna toegemaak. Om haar nek was 'n groot silwer Keltiese kruis, en deurgaans was daar geen edelgesteentes wat kleur verleen het nie, sodat haar silwerwit hare daarby ingepas het. Haar oë het die vermoë gehad om by hul omgewing in te pas, en het staalgrys saam met die agtergrond vertoon.

Vérún het slegs 'n noupassende wit syrok aangehad, wat Arnbjörn vir haar vanaf Aldeigjaborg teruggebring het. Dit was sonder borduurwerk of 'n randjie, het tot op haar enkels gekom en sy het geen juwele gedra nie. Haar leliewit hare en vel het daarmee versmelt, sodat haar blou oë al kleur in haar uitrusting was.

Kaðlin het lang, steil donkerrooi hare en 'n ligte gelaatskleur gehad, en 'n wynrooi rok met 'n roosruiker. 'n Robyn is om haar nek gehang en aangevul met

karmosyn glaskrale van Venesië, waarvan die gaatjies met silwer uitgevoer is om die kleur te verhelder. Robynoorbelle wat op die onlangse handelsekspedisie na Aldeigjaborg aangekoop is, het die motief voortgesit, alhoewel oorbelle op hierdie stadium nog vreemd in Skandinawië was.

Die troue is op die kruin van Aldinngáta gehou, waarna die fees na die *langhús* op Hjartar-horn verskuif is. Gunnhildr het 'n groot silwer beker rooiwijn ingebring en gesê: "Ek wil die *Pagallsmál* gebruik en julle herinner: Mag ons leer om die negatiewe dinge waarteen ons geveg het, te gebruik om ons teen ander negatiewe elemente te beskerm. Mag ons nooit verdeeld wees nie, nie as groep nie, en nie binne onself nie, en mag ons altyd só 'n verenigde front teen ons vyande bied. Mag elke tree wat ons neem, 'n eggo wees van die arend se vlug; mag ons sodoende alles met trots, dapperheid en eerbaarheid doen. Mag ons daardeur 'n refleksie wees van dít wat hoër as ons is, en dít binne onself vind en ontgin wat hoër as onself is. Mag ons oortuigings vasstaan, ons kennis en ons wil en denke, onwrikbaar en onvernietigbaar, en mag ons nooit verward raak wanneer die wêreld om ons deurmekaar word en nie sin maak nie. Mag ons sodoende nooit rigting of helderheid van oortuiging verloor nie, selfs al bestook die wêreld ons met teenstrydige gedagtes. Maar bowenal, mag ons in ons diepste wese onthou wát ons opgeoffer het en waarvoor ons geveg het: om te wees wat ons is en om te bereik het wat ons bereik het. Mag daardie wete vir ons vrede bring, indien nie van buite nie, dan van binne. Dít is my wens vir ons almal vandag, en vir ons nageslagte wat uit hierdie integrasies sal voortspruit."

"Heil!" het hulle haar begroet, en daar is daarop gedrink. Sy het die mes geneem wat Pagall destyds vir haar gestuur het, haar hand gesny en die bloed in die beker laat drup. Hierna het sy die mes en die beker omgestuur, en almal het dieselfde gedoen totdat die beker weer by haar uitgekome het. Hierna het sy uit

die beker gedrink en dit weer omgestuur sodat almal kon drink.

Guðríðr Þorvaldsdóttir het opgestaan waar sy langs Valgarðr gesit het, en bygevoeg: "Ek is nie een vir liefdesgediggies en handjies vashou langs die strand nie; Hel, ek dink nie enigeen van ons is nie: dít hoort by die mense van Valland. Ek kan ook nie sien dat ek 'n huisvrou kan wees nie; ek is meer tuis in 'n *brynja* as in hierdie rok, maar daar is 'n punt waar twee mense mekaar kan vind, wat nie tot 'n uiterlike wêreld beperk is nie. Dit was die geval toe ek vir Valgarðr die eerste keer gesien het. Ek het 'n gevoel dat hierdie huwelik 'n beduidende invloed op my sal hê; op ons albei. Nou: drink soveel as wat julle wil, moet net nie in my huis kots nie - die slavinne gaan nie baie ingenome daarmee wees nie."

"Ek hou van haar. Ek ruil jou," het Druian aan Valgarðr gesê, waarop hy 'n speelse klap van Vérún ontvang het, en hy het ondeund vir haar geglimlag.

"Daardie vertraagde glimlag is 'n moontlike mengsel van liefde en dronkenskap," het Hróaldr gemerk.

"Die steunpilare van my bestaan," het Druian geantwoord.

Valgarðr het ook opgestaan: "Ek wil net een laaste ding sê: ek stel voor dat ons nog 'n plek in Roðinnhellir uithou. Arnbjörn?"

"Daar sal plek wees vir haar."

Druian het die teken gegee dat die musiek moet voortgaan, en daar is tot laat gedrink en gedans, waarna almal gaan slaap het.

Die volgende oggend is die *morgen-gifu* aan Guðríðr gegee, wat 'n waarde van amper twee en 'n kwart kilogram silwer was, en sy het ook kopieë van die huis se sleutels ontvang. Die ander kopieë is deur Vérún en Gunnhildr gehou.

Hoofstuk 11

Valgarðr en Guðríðr het baiemaal alleen in die berge gaan wandel, en uiteindelik het Valgarðr 'n houthousie in 'n beboste deel van Aldinngáta gebou wat hy Heillstaðr¹⁴ genoem het. Dít het hulle gebruik as hulle van die warboel van Hjartar-horn wou wegkom, maar daar is nie veel om nou daarvan te vertel nie.

Twee herfste na die troue het Guðríðr geboorte geskenk aan een met klein vingertjies, en sy is deur Valgarðr Áshildr genoem. Ter viering van dié blondkop dogtertjie se geboorte het Valgarðr 'n spesiale fees gehou waartydens die hele familie en skoonfamilie teenwoordig was. Die banke is ingedra en selfs Pagall en sy slavinne het opgedaag.

"Ek dog sulke dinge is benede jou," het Arnbjörn Pagall begroet.

"Dit is altyd betreurenswaardig as 'n gees 'n menslike vorm aanneem, maar ook verblydend omdat dit 'n kleurvolle tyd inwy."

"En in hierdie kort en wreedaardige lewe moet 'n mens enige geleentheid aangryp om fees te vier, en te drink," het Druian bygevoeg terwyl hy breed glimlag. "Dit is hoekom ons die fees reël."

Áshildr is met water besprinkel en daar is 'n feesmaal van rendiervleis en brood en wyn voorgesit, en vir 'n paar dae is daar feesgevier.

Namate die wyn begin vloei het, het Druian gesê: "Ek verstaan vir Óðinn. Ek verstaan hoekom hy net wyn drink, en ek verstaan hoekom hy so inkonsekwent optree wanneer hy kies wie moet doodgaan. Hy's een van my

¹⁴ "Veilige plek"

helde; ons moet almal net sit en wyn drink en wag vir Ragnarøkr."

"Wie's jou ander helde?" het Kaðlin gevra.

"Boudica en Guðrún Gjúkadóttir, die vrou van Sigurðr Fáfnisbani Sigmundsson."

"Ek ken nie vir Boudica nie," het Hróaldr gesê.

"Ek onthou dat ek vertel is, toe ek klein was in Skotland, van 'n vrou wat 'n opstand teen die Romeine gelei het in die suid-ooste van die eiland. Haar naam was Boudica, en sy was getroud met die koning van die stam Iceni, Prasutagus - wat haar die koningin gemaak het. Daar was voor sy dood reeds wrywing tussen die Romeine en die Iceni, maar dit was eers ná sy dood wat probleme in erns begin het. Die Romeine het die Iceni se erfgrond onteien, Boudica gegesel en haar dogters verkrag. Dit het haar uiteraard genoodsaak om wraak te neem. Hulle is na Colchester en op pad soontoe is al die Romeinse setlaars wat hulself op die platteland gevestig het, uitgemoor. Colchester self is omsingel en tot op die grond afgebrand, en al die Romeine en uitlanders daarbinne is om die lewe gebring. Die enigste plek waar die oorblywende inwoners hulself veilig geag het, was in die tempel. Hier het hulle vir 'n dag of twee uitgehou, totdat Boudica se soldate die tempel bestorm en almal daarbinne om die lewe gebring het. Die begraafplaas is ook geteiken, en alle grafte van uitlanders is vernietig.

"Die naaste Romeinse legioen het na Colchester gegaan om die rebellie te gaan onderdruk, maar hulle het in 'n hinderlaag vasgeloop en al twee duisend Romeinse soldate is uitgewis; dit was net die kavallerie wat ontsnap het. Hierna is Boudica na Londen - wat tien jaar vantevore gestig is - en het die Colchester-insident herhaal. Party van die inwoners het betyds gevlug, maar dié wat agtergebly het is doodgemaak, en die stad afgebrand tot op die grond, en daar word gesê dat tot sewentig duisend mense in al hierdie slagtings doodgemaak is.

"Hierna is Boudica met Watlingstraat op om die legioene van die

goewerneur aan te val. Die Romeine se getalle is geskat op twaalf duisend man, terwyl Boudica (ander stamme het hulself by die Iceni gevoeg) se magte 'n getal van tot soveel as 'n honderd duisend opgemaak het. Maar hulle was swak toegerus en het meesal nie oorlogsondervinding gehad nie. Die Romeine het hulle verpletter en so te sê elkeen wat onder Boudica geveg het is doodgemaak - daar is gesê dat tagtig duisend dood is - terwyl die Romeine net 'n paar honderd verloor het. Die vrouens, kinders en diere wat saamgeneem is na die slagveld, is ook uitgewis soos wat die Romeine meegevoer geraak het deur die bloed en vernietiging. Boudica self het gif gedrink, en is op 'n onbekende plek begrawe, en amper 'n hele generasie van jong mans was uitgewis.¹⁵

"So alles was verniet?" het Mýrún opgemerk.

"Jy kan nie ernstig wees nie. Boudica is mishandel en sy het haarself laat geld. Dit is 'n dood wat min mense waardig is; 'n dood wat werklik 'n karakter uitlig bo sy tydgenote, en wat onthou behoort te word."

"Is al jou helde vroulik?" het Vérún gevra.

"Daar's iets van 'n vrou met 'n swaard wat dit absoluut vir my doen. Soos Ráðgríðr; ek's verlief op die naam self. Ek het met 'n *valkyrja* getrou," het hy met 'n glimlag gesê.

"En jy, wie's jou helde?" het Kaðlin aan Valgarðr gevra.

"Attila. Daardie spoed, soos 'n stormwind wat waai oor grasvlaktes en alles in sy pad vernietig met 'n onstuitbare momentum; wat soos donderweer aanrol en dood en bloed en vuur in sy volgstream agterlaat." Guðríðr het gelag:

"Ek hoop jy kry jou droom, want ek weet nou wat jy in nagte doen as jy nie kan slaap nie."

"En joune?" het Kaðlin aan Guðríðr gevra.

¹⁵ Vergelyk Wood (1982: 15 – 39)

"Ek sal saam met Druian moet stem vir Guðrún Gjúkadóttir. As 'n man jou familie skade aandoen, sny jou kinders wat jy by hom gehad het se kele af, slag hulle, kook hulle op en bedien hulle vir hom. Vertel hom dan daarvan nadat hy hulle geëet het, waarna jy hom en sy generaals stukkend kap en sy paleis afbrand, met jouself daarbinne.¹⁶"

"Wie's jou helde?" het Kaðlin aan Arnbjörn gevra.

"Dit sal Hálfðanr svartí moet wees. Goeie koning; as jou mense so stry oor waar jou liggaam moet wees - omdat elkeen glo dat dit met hulle streek goed sal gaan as jy by hulle begrawe word - dat hulle jou in vier dele opsny om oorals te begrawe, dan was jy die moeite werd om van te vertel. Nie soos Haraldr hárfagri nie; wat deur so baie gehaat is.¹⁷"

"En joune, Vérún?"

"Dalk Sigrún Hognisdóttir, Helgi Hundingsbani se vrou. Dit mag simpel klink, maar om daardie toewyding te hê aan iemand, dat selfs die dood julle nie kan skei nie: dít is iets wat ek kan respekteer." Druian het geglimlag, en bygevoeg:

"Ek het gedink Valgarðr was vol kak toe hy vir my gesê het hy sien vir Guðríðr by Hjörungavágr. Ek glo hom nog steeds nie dat sy daar was nie, maar dalk het hy haar nietemin gesien, en dis seker wat tel. Ons drink op wyn, in die eerste plek. Maar veral op Valgarðr en Guðríðr en Áshildr in die besonderheid: mag 'n drietal volmaaktheid bring en almal se ideale verwesenlik word!" Almal het hulle horings gelig, en gedrink op die voorstel.

Daar is verder oor vele dinge gepraat wat nie nou genoem hoef te word nie,

¹⁶. Soos in die *Atlakviða* (Larrington, 1996: 210 - 216), maar sien ook die *Atlamál* (Larrington, 1996: 217-233)

¹⁷ Vergelyk Snorri Sturluson se *Heimskringla* (Monsen, 1931: 36 - 42)

maar later het Guðríðr aan Valgarðr gesê:

"Die idee van geluk het altyd 'n bekoring vir my gehad, maar drome en ideale is soms meer aangrypend as die werklikheid self."

"Ontnugter die werklikheid jou?"

"Die werklikheid anker 'n mens se ideale. Ek sou vryer as dit wou wees."

"Ontsnap uit die beperkings van materie. Die wonder van kinders hê vergaan vinnig as jy moet doeke omruil."

"Ek ruil nie doeke om nie."

"Wie doen dit dan?"

"Een van die slavinne, ene Sigrún. Ek ruil nie fokken doeke om nie."

"Ek sal beter moet begin oplet. Wat pla jou dan van die werklikheid?"

"Die feit dat daar soveel dinge is wat ek sou wou hê ons moet doen, waarvoor daar net eenvoudig nie tyd of geleentheid is nie." Hulle het nog 'n ruk gesels, waarna Þagall alleen met Valgarðr wou praat.

"Jy besef dat hierdie gebeurtenis nie tot jou ontwikkeling bydra nie," het hy aan Valgarðr gesê.

"Om watter rede?"

"Die hoofmotief van spirituele ontwikkeling is om 'n toestand van ewewig te bereik waar daar geen aanvaarding of verwerping is nie, geen goed of kwaad, geen reg of verkeerd en geen emosionele betrokkenheid of onbetrokkenheid nie. Dit is die geval omdat dit wil voorkom asof die verwysingsraamwerk wat herkenning regeer 'n essensiële element in die blindheid van enige interpreterende insig is¹⁸. Jy moet sonder verwysingsraamwerk interpreteer as jy

¹⁸. Barbara Johnson (vgl. Young, 1981: 238) skryf: "It would seem that the theoretical frame of reference that governs recognition is a constitutive element in the blindness of any interpretative insight".

by die waarheid wil uitkom; as jy absolute vryheid wil hê. Van daar af kan gepoog word om uit die noodlot se greep te ontsnap."

"Wat laat jou dink ek het sulke groot ideale?"

"Ek is altyd reg met sulke goed."

"So wat nou?"

"Nou sal ons 'n ander roete moet vind."

Áshildr Valgarðsdóttir was 'n skerp waarnemer en nuuskierig, maar ook selfstandig en het haarself baie maal vermaak. Valgarðr en Guðríðr het baie aandag aan haar gegee, en Valgarðr het haar altyd van alles probeer leer. Toe sy vier winters oud was, het sy eendag op die vloer gesit en speel, met haar handjie teen haar werwelkolom afgevoel, en toe gesê:

"Ek tel vier en twintig wat my regop hou."

"Jy kan al só ver tel?" het Guðríðr geantwoord.

"Hoekom bestaan daar getalle?"

"Hoekom dink jy?"

"Om die wêreld te verstaan is die eerste stap daarheen om dit te beheer."

"Jou kind is aardig, Valgarðr," het Guðríðr gesê, "haar insigte pas nie by haar ouderdom nie."

"Sy spandeer te veel tyd met Þagall."

Hoofstuk 12

Hákon Sigurðsson se liefde vir vroue het in hierdie latere jare vermeerder en baie landeienaars ontstig. Hy het sy mag misbruik en nie na sy volgelinge omgesien nie, wat veroorsaak het dat hy sy steun stelselmatig verloor het.

Óláfr Tryggvason het heelwat suksesvolle ekspedisies in Engeland gelei in die dae van Aðalráðr Játgeirsson, veral saam met Sveinn Haraldsson in die vroeë negentigerjare. Die bekendste veldslag in hierdie tyd was sekerlik by Maldon waartydens die Engelse verslaan is, en daaroor is ook 'n gedig geskryf waarin die een Engelse soldaat, Byrhtwold, glo gesê het: "Hige sceal þe heardra, heorte þe cenre, mod sceal þe mare, þe ure mægen lytlað"¹⁹, en ander bekende heroïese woorde soos hulle tot die dood geveg en verslaan is.

'n Paar jaar later is Óláfr na Norvegr met 'n groot gevolg, waarvoor betaal is met die winste van sy ekspedisies en die ondersteuning van Aðalráðr Játgeirsson. Party landeienaars was lojaal teenoor Hákon en is doodgemaak deur Óláfr se mense; ander het hom as koning aanvaar omdat Hákon so 'n swak leier geword het, en omdat Óláfr van die bloedlyn van Haraldr hárfagri was. Die Þrándheimers het gesê dat dit weer tyd geword het vir 'n koning om te regeer, na die ontstuimigheid van die laaste paar dekades. Hy is daarom by Þrándheimr amptelik as koning van Norvegr aanvaar en die meeste van die landbewoners was goedgesind teenoor hom. Kort hierna is Hákon self om die lewe gebring deur sy slaaf, Kark.

Eiríkr Hákonarson en sy broer Sveinn het hulle steun verloor as gevolg van hulle vader se rondslapery en was verplig om saam met ander familieleden en vriende te vlug. Hulle is na Óláfr Skotkonung in Svíþjóð, wat hulle met ope arms ontvang het, en het daar begin beplan aan hulle terugkeer uit ballingskap. Valgarðr en sy broers het in Hálogaland agtergebly omdat hulle nie hulle grond wou agterlaat nie, maar ook omdat hulle nie werklik omgee het wie die koning of regeerder was nie.

¹⁹ Teks uit Mitchell en Robinson (1986: 236) "Gedagtes sal moeiliker wees, die hart vuriger, moed sal meer wees soos ons mag verminder" (my vertaling).

Die tyd van transformasie onder die nuwe regering het aangebreek. Óláfr Tryggvason was 'n Christen en wou Norvegr ook Christelik maak. In teenstelling met Hákon Aðalsteinnsson destyds, wat ook 'n Christen was, het hy deur die land gegaan met sy weermag en almal gebied om Christene te word; dié wat hom teëgestaan het, is óf vermink óf doodgemaak óf van hulle plase onteien, of 'n kombinasie hiervan is uitgevoer. Heidene is uit magstposisies geneem en Christene is in hulle plekke aangestel, maar min georganiseerde teenstand kon gebied word en almal was te bevrees om hom teë te gaan omdat hy so 'n groot weermag besit het.

In Hlaðr, waar Hákon Sigurðsson se grond destyds was, is die tempel afgebrand en alles van waarde daarbinne geroof. Hier het Óláfr 'n goue ring van die tempeldeur verwyder wat Hákon laat maak het, en vir homself geneem. Die standbeelde is gebreek en weggegooi, sodat alle tekens van die vorige bewind verwyder is, en dit het saamgehang met die verspreiding van die nuwe boodskap wat baie mense laat glo het dat hulle altyd die wêreld uit die verkeerde perspektief gesien het. Baie het die verandering egter verwelkom omdat dit nuwe handelsmoontlikhede met die Europeërs oopgestel het.

'n Priester met die naam Angan²⁰ is gestuur om voorbrand in Hálogaland te maak vir die koms van Óláfr. Hy het deur Hálogaland gereis en van huis tot huis sendingwerk gedoen, en dit was nie lank voordat hy en sy metgeselle by Hjartar-horn opgedaag het nie. Dit was laat middag en Guðríðr en Áshildr was besig om na die perde om te sien, en hy het na hulle gegaan.

"Ek kom in die naam van Óláfr Tryggvason," het hy gesê .

"Het jy sonder 'n naam in hierdie wêreld ingekom, rokdraende

²⁰ "Geliefde een"

vreemdeling?" het sy aan hom gevra sonder om van Fjöðr weg te draai.

"Ek is Angan, die priester van God. En dit is nie 'n rok nie."

"Vertel jouself wat jy wil. Het jy vir jouself daardie naam gegee?" wou sy weet.

"My ouers. Is die man van die huis hier?"

"Ek gaan roep hom." Sy het ingegaan en vir Valgarðr vertel dat 'n priester van Óláfr daar opgedaag het, en hy is ingenooi. Hy het aan Valgarðr en sy familie van die Christelike geloof vertel, waarna Valgarðr gesê het dat hy verkies om die geloof van sy voorouers te behou.

Maar Angan het verder met Valgarðr gepraat: "Glo julle werklik julle sal 'n ewigheid in 'n grot of in Valhöll sit? Kyk, die God van die lig bied julle ewige vrede, as julle net julle swakheid teenoor hom erken, voor hom buig en sy wil gehoorsaam. En natuurlik trou sweer aan die pous, wat saam met die ander geestelikes jou enigste weg na die ewige lewe is."

"Jou lys is lank. Ek sal nie onderdanig aan enigeen van hulle wees nie," het Valgarðr gesê.

"Maar God bring jou ewige vrede, neem al jou swaarkry weg. Wil julle nie hê dat alles beter moet wees nie?"

"Sekerlik teen vergoeding, betaalbaar in kontant aan die plaaslike priester," het Arnbjörn ingetree.

"Daar is altyd kostes; alles kom met 'n prys. Onwrikbare hoop is iets waarvoor geeneen té veel kan betaal nie."

"Hoop op geluk is vir swakkelinge. Die sterkes is sterk genoeg om dit nie te benodig nie," het Valgarðr vervolg.

"Wat is daar anders as hoop?"

"Bloed, eer, lojaliteit. Vryheid. Konsepte wat verlore is op 'n kleinboer. Ek koop nie jou idealisme nie; dit is nie vir my nodig om vir myself leuens te vertel

sodat ek met die wêreld kan saamleef nie."

"Ek hou van die Christelike Kerk: daar is altyd baie artikels daarbinne wat goed lyk in my tuin," het Hróaldr gesê.

"As julle nie glo nie, sal Óláfr hierheen kom en julle almal om die lewe bring," het Angan vervolg.

"Laat hy kom. Ons vrees nie jou koning of jou God nie," het Guðríðr gesê.

"Die Hel sal julle almal neem, en julle sal brand saam met die demone van Satan."

"Die spel sal bepaal word deur die eerste skuif. Ek tel dit nie onder my sorg as ek jou nooit weer sien nie, maar as ons mekaar weer ontmoet, sal ek jou na Hel stuur," het Valgarðr gesê, waarna die priester weggegaan en die insident aan Óláfr gaan vertel het.

"Hierdie ding gaan vir ons groot probleme veroorsaak," het Arnbjörn gesê toe die priester hulle verlaat het.

"Daar is geen ander uitweg nie, wat moet gebeur sal gebeur. Dit is die wil van die noodlot, en kan nie vermy word nie," het Druian geantwoord.

Óláfr het besluit om self na Hálogaland te seil om die mense daar te kersten soos wat hy dit in ander dele van Norvegr gedoen het, aangesien hulle nie respek vir sy boodskapper gehad het nie. Toe die Halegeyrs hiervan uitvind het hulle besluit om hom teen te staan en die oorlogspyl is opgeskiet. Valgarðr en sy broers het hulle aangesluit by die hoofleiers van die weermag: Hárekr í Þjóttu, Pore van Vagar en Eyvindr Kelda. Óláfr het verneem dat 'n weermag teen hom saamgetrek het en haastig teruggeseil na Víken, om te wag vir 'n beter geleentheid.

Daar het 'n man in Svíþjóð gewoon wat Skoglar-Tósti genoem is en hy het 'n

dogter met die naam Sigríðr Stórráða Tóstadóttir gehad wat op daardie stadium die koningin van Svíþjóð was. Sy was voorheen getroud met die koning van die Svíar, Eiríkr Björnsson Sigrsæll. Óláfr Tryggvason wou haar in die huwelik neem, en toe hy uitvind dat sy goedgesind was teenoor hom, het hy die goue ring wat hy van die tempel in Hlaðr afgeroof het, aan haar gestuur. Haar smede het egter die ring bekyk en besef dat daar iets nie pluis was nie, waarna sy beveel het dat dit oopgebreek moet word. Binne-in was dit van geelkoper en Sigríðr was uiters vererg dat 'n koning so 'n misleidende en goedkoop geskenk aan haar kon stuur.

Óláfr het haar oor die winter laat kalmeer en die volgende jaar met nuwe beloftes en aanbiedinge gekom, waarna sy ingestem het om met hom te trou. Hy wou egter gehad het dat sy haarself moes laat doop en ook 'n Christen word, maar sy het gesê dat sy nie die geloof van haar voorouers sou opgee nie, alhoewel sy geen probleem daarmee gehad het dat hy in iets anders as sy geglo het nie. Dit het Óláfr woedend gemaak en hy het haar geskel, gevloek en toe geklap. Sy het opgestaan, aan hom gesê dat hierdie insident sy dood sal veroorsaak, en uitgeloop. Hy het teruggekeer na Víken, aangesien baie van sy ondersteuners daar was.

Óláfr het sy weermag aangesê om klopjagte uit te voer waartydens na embleme van die vorige bewind - heidense beelde, juwele, kuns ensovoorts - in elke huishouding gesoek is, en diegene wat met sulke items gevang is, is versoek om na hom te gaan. So het hy almal in die Tunsberg distrik bymekaar gekry en die huis aan die brand gestee; daardeur het elkeen daarbinne lewendig verbrand, behalwe die een reeds genoemde man met die naam Eyvindr Kelda. In ander distrikte het hy probleme op soortgelyke wyse opgelos, en waar daar teenstand was is dit deur omkopery, intimidasie of brutaliteit uit die weg

geruim. So byvoorbeeld het Óláfr se huursoldate Eyvindr Kelda ontvoer nadat hulle hom uiteindelik opgespoor het, en na Óláfr geneem. Óláfr het herhaaldelik probeer om hom te kersten, maar selfs na 'n kombinasie van argumente, dreigemente en aanbiedings van rykdom, wou hy nie sy geloof opgee nie. Toe het Óláfr 'n bak warm kole op sy maag laat neersit totdat sy maag gebars het. Eyvindr het so gesterf, maar tot die bitter einde nie sy geloof opgegee nie.

'n BoodsAPPER het een middag by Hjartar-horn opgedaag en aan Valgarðr en sy broers vertel dat Óláfr 'n groot weermag bymekaar gekry het, waarmee hy na Hálogaland op pad was.

"Þore en Rauðr die Sterke het weereens die oorlogspyl opgeskiet, en vra dat almal hulle sal ondersteun teen Óláfr."

"Ek is vertel dat Óláfr se soldate na 'n plaashuis in Hlaðr gegaan het waar 'n man alleen saam met sy gesin gewoon het, en hy wou nie die nuwe kultuur aanneem nie," het Arnbjörn vertel. "Hulle het hom vasgebind en laat toekyk hoe hulle sy kinders se kele afsny. Hierna het hulle 'n yster warm gemaak en sy vrou se vel afgebrand nadat hulle haar verkrag het, en uiteindelik sy maag oopgesny sodat hy hom doodgebloeit het. Die vrou is net daar gelos, en sy het moontlik 'n paar dae later gesterf. Die bure het op die toneel afgekom en die hele gesin begrawe."

"Ek het dieselfde tipe stories gehoor. Só 'n lot sal ons tref as ons nie verander nie," het Bjólfr opgemerk.

"Ek wonder of die haat en afguns teenoor ons sal verdwyn as ons ons geloof en kultuur opgee; ons het immers reeds 'n geskiedenis met Óláfr. Hy sal dit onmoontlik maak om ons eiendom te behou, ons belas, ons regte ontnem, ons nie toelaat om vry handel te dryf nie, omdat ons hom nie ondersteun het toe hy hier aangekom het nie," het Druian bygevoeg.

"Die enigste manier om in vrede voort te gaan, sal wees om een van ons 'n priester te laat maak, en die res moet ook Christene word. Ons sal saam met hom moet voortgaan om alles van vroeër uit te roei, ons sal nie net kan beweer dat ons hom en sy siening aanvaar en dan uitgelos word nie," het Gunnarr gesê.

"Ek sal nie kan toekyk hoe Áshildr se keel afgesny word nie, om nie eens te praat van die ander dinge nie," het Guðríðr ingetree.

"Ons almal. Ons kan nie op Óláfr se beskerming en integriteit vertrou nie, ons moet na onself kyk. My vader sou nie sulke ongeregthede toegelaat het om plaas te vind nie," het Vérún bygevoeg.

"Veronderstel daar was 'n moontlikheid van vrede en versoening, dan moet daar steeds vergelding vir sy wreedheid wees. Dit was immers ons mense," het Hróaldr gesê. "Sy daade kan nie ongestraf gelaat word nie. Dit sal nie moontlik wees om net voort te gaan of te emigreer en te vergeet nie."

"Ek het bekommerd geraak dat ons dalk van ouderdom eendag in oumenspis op 'n siekbed sou sterf," het Druian opgemerk, "dit is goed dat die moontlikheid op daardie uitkoms nou vervaag. Nou kan die uiteinde aan die noodlot oorgelaat word."

"Ek sal nie om vergifnis by Óláfr pleit nie, en nie saamgaan met sy planne net omdat hy oor die mag beskik om sy idees op ons af te forseer nie," het Valgarðr gesê.

"Die vrouens sal hier agterbly. Þorvaldr moet hierheen kom sodat hy na die vrouens en kinders kan omsien," het Arnbjörn aan Guðríðr gesê. "Ons sal saam met Þore gaan veg; ek kan nie 'n ander uitweg sien nie."

Valgarðr, sy broers en die oorblyfsels van sy *félag* het na Þore en Rauðr gegaan, tesame met Guðríðr en die seuns van Þorvaldr - Garðr, Hvalr en Steinbjörn. Guðríðr se susters Hildigarðr en Ragnhildr het saam met Þorvaldr en Ásleifr by Hjartar-horn agtergebly en na klein Áshildr gekyk. Valgarðr se

susters, Vérún en Gunnhildr, het saam met Mýrún en Kaðlin en die res van die vrouens ook agtergebly.

Hoofstuk 13

Die twee groepe het mekaar op hulle skepe ontmoet by 'n plek waarvan die naam vergete is. Óláfr het aansienlik meer krygers in sy weermag gehad en Þore en Rauðr het baie verliese gely. Þorvaldr se seuns het goed geveg en baie van Óláfr se krygers na Hel gestuur, maar uiteindelik het hulle laaste bloed op die dek uitgeloop. Hróaldr het geveg totdat hy nie meer kon staan nie, en toe op sy knieë verder totdat Herfjötur en haar susters hom kom haal het. Sveinn Aðalbrandr en Sköldúlfr het hom kort daarna gevolg. Einarr en Hrafnkell het elk soos 'n *berserkr* geveg, maar is uiteindelik gevangeneem toe twintig van Óláfr se soldate hulle oorrompel het. Die geveg het nog meer hevig geword en pyle het soos hael neergestort op die Halegeyrs, en daar was later min van Þore en Rauðr se soldate wat staande gebly het. Guðríðr is uiteindelik deur sewe mans omring en het rondom haar geveg en houe afgeweer. Druian het dit gesien en 'n pad na haar oopgekap, maar voor hy haar kon bereik het sy met 'n pyl deur haar nek inmekaargeval. Valgarðr is met 'n spies deur die maag gestek en het oorboord geval, maar die meeste van die ander het ontsnap voordat Óláfr hulle gevange kon neem.

Rauðr self is na sy huis by Godöy in die Salptifjörðr, en Þore het op land gegaan en is daar gedood.

Óláfr het al die gevangenes beveel om Christene te word, en dié wat geweier het, is tereggestel. Gunnarr Knútsson, Einarr en Hrafnkell het eenparig geweier. "Daar is niks wat aan my kosbaar is, wat jy van my kan wegneem nie," het Gunnarr aan Óláfr gesê. Hulle is op hulle knieë gedwing, hulle het noord

gedraai en is van agter onthoof. Die dooies is oorboord gegooi en die skepe het Óláfr vir homself geneem.

Hierna is hy op sy skip na Rauðr en het hom uiteindelik gevange geneem. Hy het hom teen 'n paal vasgemaak en 'n wurm in sy keel afgedwing met 'n rooiwarm yster, en so het Rauðr gesterf. Hy het tot die bitter einde nie sy geloof opgegee nie. Óláfr het alles van waarde met hom saamgeneem wat vroeër aan Rauðr behoort het.

Óláfr is verder deur Hálogaland en het almal wat nie hulle geloof wou opgee nie, laat martel of vermoor. Hy het inligting bekom oor wie hom teëgestaan het, en sy hulpbronne daarop toegespits om veral diegene se families op te spoor. Verder was hy deurgaans op soek na dié wat ontsnap het, en het op dieselfde wyse met hulle gehandel as met die ander krygsgevangenes, as hy hulle kon vind.

Na Óláfr se vertrek het Druian, Arnbjörn en die oorlewendes teruggekeer om die liggame te gaan soek wat op die strand uitgespoel het. Toe Druian op Guðríðr se liggaam afkom, het hy gehurk en trane in sy oë gehad. Hy het haar opgetel om haar by die ander liggame te gaan sit, maar sy het 'n kreungeluid gemaak. "Arnbjörn! Hier's een wat nie vandag begrawe gaan word nie!" Arnbjörn het gaan kyk, die pyl verwyder en die wond verbind, maar sy was steeds bewusteloos. "Ons sal haar by die huis moet kry; hier moet vinnig klaargemaak word," het hy beveel. Almal is op die strand begrawe, maar Hróaldr en Gunnarr se liggame is saamgeneem. Valgarðr se liggaam was vermis.

Arnbjörn het Hróaldr en Gunnarr se liggame na Roðinnhellir geneem om daar langs sy vader te begrawe, soos hy beloof het, maar die huis was afgebrand en alles binne geroof. Die vee en slawe was ook vermis, en in die as het hulle die liggame gevind. Guðríðr is langs die huis neergelê toe twee figure op die berg opgemerk is. Kaðlin en Mýrún het hulle broer tegemoetgehardloop toe hulle die mense herken, terwyl Rúnólfr en Hálfir liggame in die as gesoek het.

"Ons was op die berg by die monoliete, toe Óláfr se skip hier aankom. Ons kon niks doen nie," het Kaðlin gesê.

"Arnbjörn! Druian!" het Sørkvir geroep vanaf die fjord waar hy en Bjólfr gestaan het. Hulle het daarheen gehardloop, en by die rand van die meer het Áshildr se liggaam gelê. Lank het hulle na die blou liggaampie gekyk voordat sy uitgehaal en by die ander verskroeiende liggame neergesit is. Hálfir en Rúnólfr het intussen al die liggame in 'n ry langs mekaar neergelê, sodat daar begin kon word om hulle uit te ken. Kaðlin en Mýrún het na Guðríðr omgesien, en later die mans se wonde ook verbind. Daar is besluit om tydelik skuiling in Roðinnhellir te vind, en alles wat gered kon word is daarheen geneem. Die dooies is voor sononder daardie dag begrawe.

Þorvaldr se liggaam is na Grettistaðr geneem en daar begrawe, waarna die mans teruggekeer het na Aldinngáta.

"Ons kan nie vir altyd hier bly nie, Óláfr kan dalk terugkom," het Hálfir opgemerk.

"Ek dink in elk geval nie dis 'n goeie ding dat die amper dooies so saam met die dooies bly nie," het Rúnólfr bygevoeg. "Dalk het dit tyd geword dat ons vir Eiríkr Hákonarson gaan opsoek."

"Dit sal 'n ruk neem voordat Guðríðr geskuif kan word, dalk 'n paar weke, maar ek sien geen ander uitweg nie," het Arnbjörn geantwoord. By die noem

van haar naam het Guðríðr haar oë oopgemaak en half onhoorbaar gesê:

"Valgarðr?" Druian en Arnbjörn het na mekaar gekyk, en Druian het gesê:

"Vermis. Jy is gewond maar behoort dit te maak. Ons is in Roðinnhellir."

"My broers?"

"Dood."

"Was almal by die huis darem veilig?"

"Ja. Jy het rus nodig; moenie verder praat nie." Twee dae later het Druian die waarheid vir haar vertel toe sy wakker word. Sy het 'n sug gegee en na die grot bo haar gestaar. Na 'n ruk het sy gesê: "Moet nooit weer inligting van my weerhou nie; jy sal spyt wees daaroor."

Arnbjörn het geglimlag: "Sy sterk goed aan; dreig selfs al." Dit was egter drie weke voordat hy haar sterk genoeg geag het om die tog na Svíþjóð aan te pak, wat hulle oor land uitgevoer het om Óláfr se vloot te vermy.

Eiríkr Hákonarson het hulle vriendelik ontvang waar hy in Uppsálar by Óláfr Skotkonung was.

"Jy lyk soos 'n vlugteling: vuil en gehawend," het Druian met 'n glimlag aan Guðríðr by hulle aankoms gesê.

"Ek is 'n fokken vlugteling," het sy geantwoord.

"Jy kort nog net 'n mandjie op jou kop, met al jou besittings in, soos die mense van Bláland. Jy moet die hele uitrusting hê om werklik oortuigend te wees."

"Slawe en kleinboere word vlugteling, nie ek nie."

"En jy kort 'n bad; jy ruik soos 'n Europeër."

"Fokof," het sy gesê en hom van sy balans af gestamp.

"Daar sal 'n rede wees hoekom die noodlot bepaal het dat ons hier moes aankom," het Druian vervolg.

"Dit was nie die noodlot nie; dit was hardkoppigheid, julle hardkoppigheid," het Kaðlin gesê.

"Ek ruik eerder soos 'n Europeër en dra gehawende klere as wat ek my laat voorsê, of sterf eerder," het Guðríðr kortaf geantwoord sonder om na Kaðlin te kyk.

"Trots kan jou bondgenoot wees, solank jy op die regte ding trots is," het Kaðlin geantwoord, maar niks verder gesê nie. Eiríkr het nuwe klere aan almal gegee nadat hulle gaan was het, en warm kos en huisvesting.

Eiríkr is intussen getroud met Sveinn Haraldsson se dogter, Gyða, en hulle het 'n seun gehad wat Hákon genoem is. Sveinn Haraldsson, wat ook tjúguskegg genoem is, was ook op hierdie stadium by Uppsalir. Hy was voorheen getroud met Burislav se dogter, Gunnhildr, soos reeds geskryf is. Sy het egter beswyk aan 'n siekte en Sveinn het met Sigríðr Stórráða Tóstadóttir getrou. Sy was die moeder van Óláfr Skotkonung, en sy vader was koning Eiríkr sigrsæll Björnsson. Óláfr Skotkonung se dogter is Ingigerðr genoem wat later met die Russiese prins Yaroslav spaki getrou het. Sigríðr stórráða Tóstadóttir het nie die beledigings van Óláfr Tryggvason teen haar vergeet nie, en het daagliks vir Sveinn daaraan herinner. Sveinn was onwillig om teen sy vorige bondgenoot te draai, maar Sigríðr was nie 'n vrou wat maklik opgegee het nie.

Hoofstuk 14

'n *Rusalka* het Valgarðr tussen die rotse by die see gevind en na haar huis in Lappland geneem. Hy was ernstig gewond en 'n geruime tyd lank bewusteloos, en sy het hom versorg totdat hy mettertyd sterker geword het. Dit was ses weke voordat hy buitentoe kon gaan, rondloop en uitvind waar hy homself bevind het.

Eers toe het hy gemerk dat die dakbalke en omringende bome behang was met menslike geraamtes wat onderstebo gehang het²¹, sommige met verrotte stukkie vleis nog hier en daar waar die kraaie nie alles afgepik het nie.

"Wat word jy genoem?" het Valgarðr gevra.

"Vele dinge, maar my naam is Sigrún Fróstúlfsdóttir," het die *Rusalka* haarself voorgestel. Sy het lang blonde hare gehad wat tot by haar enkels gekom het en groot donker oë wat gelyk het asof dit deur Valgarðr kyk, en haar vel het 'n bloueriige kleur gehad. Dit was altyd skemer in die omgewing van die huis, en teen die deurkosyn af was daar in runes uitgekerf:

uit die duister kom die lig
deur die slagaarrooi na niks

'n Paar dae later het hy haar prewelend by die rivier gevind: "Luister, luister, luister na wat? Luister na die insig van die imbesiele." Sy het nie Valgarðr se teenwoordigheid erken nie en net na die water gekyk. Sy het lank gesit en blykbaar geluister hoe die water oor die klippe kabbel²², en weer begin

²¹ Frazer (1993: 96) beskryf menslike gode op die Washington-eilande in die Stille Oseaan:

The god was a very old man who lived in a large house within an enclosure. In the house was a kind of altar, and on the beams of the house and on the trees round it were hung human skeletons, head down.

²² Frazer (1993: 97) skryf:

The ancient Germans believed that there was something holy in women, and accordingly consulted them as oracles. Their sacred women [...] looked on the eddying rivers and listened to the murmur or the roar of the water, and from the sight and sound foretold what would come to pass.

Die gedagte word ook in die Finse *Kalevala* aangetref (Lönnrot, 1989: 2):

The cold told a tale to me
the rain suggested poems:
another tale the winds brought
the sea's billows drove;

prewel: "Die stem van stilte is die vrede van versteurdheid." Valgarðr het haar verlaat en sy omgewing verder gaan verken. Sy het min met hom gepraat maar baie geprewel sover sy beweeg het, soms gelag en soms geskel, en elke dag by die rivier gaan sit.

Uiteindelik was Valgarðr sterk genoeg om die woning van die *Rusalka* te verlaat. Sy het hom toegerus vir sy reistog met 'n boot en 'n tou waarin daar drie knope was. "Maak een knoop los vir 'n gematigde wind, twee vir 'n stormwind en drie vir 'n orkaan."²³

"Hoekom sal ek 'n orkaan wil ontketen?"

"'n Mens weet nooit." Sy het ook aan hom 'n sweep van seewier gegee en gesê dat hy dit in die rigting van die wind moet slaan en die towerwoord sê as hy die wind wou stop. Sy het verder 'n silwer *fylfot* hangertjie om sy nek gehang en die roete verduidelik wat hy moes neem.

"Wat skuld ek jou?" het hy aan haar gevra.

"Jy sal weet wanneer die oomblik kom."

Valgarðr is vort deur die Barents see en het dadelik twee knope losgemaak. Daar het 'n stormwind opgekom soos wat niemand vir 'n geruime tyd nog beleef het nie, maar sy skip het dit weerstaan en die seile was styf gespan. Hy is om die

the birds added words

the treetops phrases.

²³ Frazer (1993: 81) skryf:

Finnish wizards used to sell wind to storm-stayed mariners. The wind was enclosed in three knots; if they undid the first knot, a moderate wind sprang up; if the second, it blew half a gale; if the third, a hurricane.

Die Eskimo's het 'n manier gehad om die wind stil te maak:

They endeavour to conjure the tempest by making a long whip of seaweed, armed with which they go down to the beach and strike out in the direction of the wind, crying, "Taba (it is enough)!" (Frazer, 1993: 82).

Nordkapp en in die Noorweegse see langs die kus van Norvegr af na Hálogaland om sy mense te gaan soek, en die wind was altyd met hom. Daar aangekom het hy die sweep geneem, na die wind gedraai en gesê: "Taba!", waarna die wind gaan lê het. In Hálogaland het hy na Hjartar-horn gegaan en dit afgebrand en verlate gevind. Daar was geen lewende wese in sig nie, en hy is op na Roðinnhellir om te sien wie nie die veldslag oorleef het nie. Daar het hy die grafte gevind, maar kon nie sien wie daar begrawe was nie. Hy het hierna na die monoliete gegaan, maar daar was nie nuwe toevoegings nie. Terug in die grot het hy teen die rotswand gaan sit, en so aan die slaap geraak.

In hierdie tyd het hy 'n verdere vers tot sy *Dauðrkviða* bygevoeg, en dit lui soos volg:

Swart blink silwer, hartseer
 skyn die veldnag helder,
 kloof met rook die raafpad -
 rimpel - klim die hemel,
 sprei sy vlug en vleg die
 vlaktes; nou's dit ék wat
 oorsprong, wil en woord aan
 weemoed gee: nou leef dit.

Na 'n week is hy terug na sy skip en het in die loop die derde knoop losgemaak, waarna 'n orkaan opgekom het. Hy het suid geseil oor deinings soos heuwels, deur die Skaggerrak en Kattegat tot in die Baltiese see, gevolg deur die houtskoolswart stormwolke en orkaan. By Samsø het hy ongesiens verbygeglip en na Uppsalar gegaan omdat hy geweet het dat Eiríkr Hákonarson daar sou wees. Hy het niemand gesien nie en niemand het hom tydens sy hele reistog

gesien nie. Met sy aankoms in die meer Mälaren het hy die wind stilgemaak en sy skip, sweep en tou verbrand.

In die Mälaren meer is daar 'n eiland genaamd Björkö waar Valgarðr sy laaste nag deurgebring het voordat hy weer sy *félag* gaan vind het. Birka was die naam van 'n ou verlate handelsdorpie op die eiland en Valgarðr het in een van die verlate huisies oornag. In die nag het 'n man met 'n donker kleed en 'n hoed na hom gekom en by sy vuur kom sit, en Valgarðr het al sy kos aan die vreemdeling gegee. Hieroor was die vreemdeling baie opgewonde en het sy sak vol onbekende voorwerpe neergesit en geëet. Hy het die hele nag in stilswye gebly totdat Valgarðr aan die slaap geraak het.

Hoofstuk 15

"O my God wat het ons hier?" het Sveinn Haraldsson gesê toe hy vir Valgarðr in die verlate huis sien slaap. Valgarðr het wakker geword en opgestaan. Dit was oggend en Sveinn het homself voorgestel: "Ons is nie goedgesind teenoor *ein-hleypingar* nie."

"Ek is Valgarðr Gunnvaldsson. Ek is op pad na Eiríkr Hákonarsson om te sien wat van my familie geword het."

"Kom saam met ons, hy verwag my." Valgarðr is saam met Sveinn op die skip na Uppsalar, en tydens die vaart het Sveinn na Valgarðr gevra en wou weet hoe hy daar uitgekom het. Valgarðr het die storie aan hom vertel.

"Ek het geen skip gesien by Birka nie; die dorpie is al 'n spookdorp sedert Sigtún gestig is."

"Ek het hom verbrand, saam met die ander goed."

"Die man wat jy beweer laasnag daar was het ook geen tekens van homself agtergelaat nie, behalwe hierdie sak, wat ek aanneem nou aan jou behoort." Hy

het die sak aan Valgarðr gegee, en daarin was Valgarðr se *brynja* en Vekja. "En ek glo nie in *Rusalki* of towerspreuke wat wind vir jou kan gee nie. Dit klink vir my effens ver gesog."

"Wel, ek betwyfel of die see my daar kon uitgespoel het, en ek kon sekerlik nie alles gedroom het nie."

"Die see sal dit nie doen nie, nie só ver nie. Dalk was jy bewusteloos en iemand het jou opgetel en daar afgelaai."

"Dit klink nie veel meer waarskynlik nie. Ek bly by my storie."

"Glo wat ook al vir jou sin maak." Sveinn het na 'n manskap van hom gekyk, en sy vinger langs sy kop gedraai, maar Valgarðr het dit nie gesien nie.

Hulle het by Uppsalir aangekom in die jaar wat Gerbert pous geword het en die naam wat aan hom toegeken is, verwerp en na Sylvester II verander het. Eiríkr, Arnbjörn en die res was aangenaam verras om hom te sien.

"Julle almal kom so druppelend en ongebad hier aan soos Europeërs," het Eiríkr opgemerk.

"Los die man; hy's bietjie ontsteld," het Sveinn gesê, en sy vingergebaar herhaal. Valgarðr is na Druian en die ander oorlewendes geneem nadat hy die bad besoek het.

Hulle het hulle letsels vir mekaar gewys en hy het die hele verhaal van sy avontuur vertel, waarop hulle met verbystering en gepaste skeptisisme gereageer het.

Daardie aand is daar 'n vergadering gehou waar Sveinn Haraldsson, Óláfr Skotkonung en Eiríkr Hákonarsson teenwoordig was. Hulle het strategie bespreek, en Eiríkr het opgestaan:

"Ek is ook van die bloedlyn van Hálfðanr svartí en Haraldr Hárfagri, en het daarom 'n reg om oor Norvegr te regeer. Met ons drie nasies saam kan ons Óláfr

Tryggvason uit die weg ruim en hom straf vir die ongeregtighede wat onder sy bevel plaasgevind het. Ek sal eerder sterf in die poging as wat ek grondloos - onteien - in ballingskap sterf." Die mense van Norvegr het saam met hom gestem, en Sveinn Haraldsson en Óláfr Skotkonung het albei hulself daartoe verbind om hom te help.

"Ons het verdeelde belange in hierdie stryd," het Sveinn gesê, "want ek het nie my land verloor nie, en ek en Óláfr Tryggvason het 'n lang pad saamgekom. Ek sal nie saam met julle veg omdat sommige van julle die Christene wil straf nie, aangesien ek self een is. Eerder veg ek saam om die onreg wat my vrou aangedoen is, reg te stel. Ek weet Óláfr Skotkonung sal dieselfde vir sy moeder doen. Ek stel voor ons skuif ons geloofsverskille opsy, en doen wat ons almal weet is reg." Hy het na Valgarðr en Arnbjörn gedraai: "Ek verneem julle het 'n persoonlike aandeel in hierdie geskil. Sal julle saam met 'n Christen veg?"

"Geloof was nooit die probleem nie, tirannie was."

"Julle sal my nooit enigiets verskuldig wees nie."

"Dan deel ons dieselfde siening."

"En soos die spreekwoord lui: probleme is voor jou deur wanneer dit binne jou buurman s'n is. Ons sal ook deel wees hiervan," het Óláfr gesê. Die vergadering is verdaag en almal het op hulle eie die situasie verder bespreek, met Sveinn, Eiríkr en Óláfr wat agtergebly het om strategie uit te werk.

Uppsaliir was vir eeue reeds die woonplek van al die gode, en hier het die tempel van die Vanir en die Æsir gestaan, omring deur die heilige woud. Offers is die dag na die vergadering aan hulle gebring met die oog op die konfrontasie, en daar is van alles manlik wat gevind kon word nege koppe geoffer. Die liggame is in die heilige woud opgehang, ter herinnering aan Óðinn, en is elk met 'n spies gemerk. Die plaaslike *vítki* het almal in 'n ry laat staan en met sy

offerskottel voor hulle verbygeloop, terwyl hy hulle met bloed van die geofferde manlikes besprinkel het.

Die vleis van dié wat geslag is, is opgekook en tydens die feesmaal genuttig, maar daar is min gedrink en min ligsinnigheid het plaasgevind. Almal het trou gesweer, en dit was nog vroeg toe almal stil geraak en gaan slaap het.

Eiríkr, Sveinn en Óláfr Skotkonung het gewag dat Óláfr Tryggvason van Vendland terugkeer, en hom by die eiland genaamd Svold ingewag. Valgarðr en sy *félag* het onder Eiríkr geveg, en die veldslag is later deur Snorri beskryf in sy *Heimskringla*. Óláfr Tryggvason se skip is *Ormrinn Langi* genoem en was die beste en grootste skip in daardie tyd. Dit het vier-en-dertig roeisitplekke gehad, 'n vergulde boeg en agterskip en sye so hoog soos 'n *knörr* s'n. Toe hy die weermagte sien, was hy slegs bekommerd oor Eiríkr s'n, want hy het gesê die mense van Norvegr is vegters soos hy, terwyl die Svíar net offers kon maak en daar geen dapperheid in dié van Danmörk was nie. Dit is ook waar die grootste teenstand gelê het, want dit was Eiríkr se weermag wat al die skepe skoongemaak het nadat die ander twee groepe telkens verdryf is.

Dit was Arnbjörn wat die spies oor die vyand se koppe gegooi en gesê het: "Nú gef ek þik Óðni²⁴", waarna die skepe aan mekaar vasgemaak is en 'n bloedige konflik gevolg het. 'n Man met die naam Einarr Tambarskelver het met sy boog na Eiríkr geskiet, en die pyl het net bo sy kop in die skip vasgeslaan. 'n Tweede pyl is tussen sy arm en sy sy deur; hierna het Eiríkr die boogskutter gesien en aan 'n man genaamd Finnur gesê om hom uit die weg te ruim. Finnur se pyl het Einarr se boog getref terwyl hy dit teruggetrek het, en die boog het in die

²⁴ ON: "Nou gee ek julle aan Óðinn" (my vertaling).

helfte gebreek. Einarr het toe Óláfr Tryggvason se boog geneem, maar te ver teruggetrek aangesien dit te swak gespan was. Hy het verder met sy swaard en skild geveg. Aan Eiríkr Hákonarson se kant het ook 'n man geveg met die naam Skuli Þorsteinsson, en hy was van Ísland, die seun van Þorsteinn Egillsson.

Die geveg was bitter en baie het aan albei kante gesneuwel, maar later is al die skepe behalwe *Ormrinn Langi* skoongemaak, waarna die geveg hier plaasgevind het. Arnbjörn Gunnvaldsson is met 'n pyl in die arm getref, en het die boogskutter met 'n spies doodgegooi. Hy het baie meer met sy swaard laat sneuwel voordat sy swaardarm by die skouer afgekap is, en hy só uiteindelik op die dek neergeval het. Rúnólfr het sy been verloor, waarna hy doodgebloeit het. Die man wat daarvoor verantwoordelik was is deur Bjólfr gedood, wat sy byl in een hand en sy swaard in die ander gehad het. Guðríðr het mans aan alle kante met haar swaard doodgemaak, wat sy in albei hande vasgehou het. Hálfr is met 'n swaard op sy sy getref, sodat hy in twee dele op *Ormrinn Langi* se dek neergeval het. Valgarðr het Vekja in sy regterhand gehad, en daarmee baie van Óláfr se vegters na Valhöll gestuur. 'n Swaard het hom op sy helm getref, waarna hy tydelik hardhorend geraak het, maar sy *brynja* het gekeer dat die swaard deur sy skouer kon byt. Bjólfr is uiteindelik skuins op die nek getref, sodat die swaard by sy middel gestop en hy só tot sterwe gekom het. Sørkvir het sy spies in albei hande geneem en mense met albei punte doodgemaak, totdat Randgríðr se susters hom ook weggeneem het. Guðríðr se maag is oopgekap, waarna sy haar ingewande met haar linkerhand binnegehou en verder geveg het. Dit het nog 'n sny op haar keel geneem om haar uiteindelik op die dek te laat neerval.

Óláfr Tryggvason se krygers is van die skepe afgedryf en die dooies en gewondes het na die bodem gesink met hulle wapens en *brynjar*. Uiteindelik het

Druian by Óláfr Tryggvason uitgekóm en aan hom gesê: "Die wiel draai maar die sirkel staan: wat jy uitdeel sal jy terug ontvang." Hierop het Óláfr geantwoord: "Ek is geheel en al normaal, ek het 'n doodnormale lewe gelei."²⁵ Druian het sy swaard deur die koning gestee, en Óláfr het oorboord geval. Hy is nooit weer gesien nie en dit was die laaste wat Druian gedoen het, want hierna het 'n spies hom van agter getref sodat die punt by sy bors uitgestee het. Valgarðr het die man om die lewe gebring, alhoewel die slag toe reeds verby was en almal opgehou veg het.

Daar was min om gevange te neem, maar dié wat wel was, is vrygelaat. Van baie goeie krygers het daardie dag slegs die wind oorgebly, aan beide kante. Valgarðr het die liggame op land gaan neersit sodat Rúnólfr en Hálfr begrawe kon word, en gemerk dat Arnbjörn steeds lewe.

"Dié wond is noodlottig," het hy aan Arnbjörn gesê.

"Dis nie die ergste nie; ek kan saam met Egill sê:

Farit hefk blóðgum brandi,
 mér benþiðurr fylgði,
 ok gjallanda geiri,
 gangr vas harðr af víkingum;

²⁵ Rudolf Höss (1900 - 1947), kommandant van Auschwitz (1940 -1943) was die eerste om Zyklon-B gas te gebruik vir uitwissing. Na 1943 is hy bevorder na die posisie van Adjunk Inspekteur Generaal by die SS hoofkwartier in beheer van konsentrasiekampe. Na 1945 het hy op 'n plaas gewerk totdat hy ontdek is, en het by Nurenburg getuig vir die verdediging van Ernst Kaltenbrunner. Höss is in 1947 deur die Pole by Auschwitz gehang, en in sy outobiografie het hy geskryf: "I am completely normal, I led a completely normal life." Om en by twee miljoen mense is onder sy bevel by Auschwitz uitgewis (Wheal en Shaw, 1997: 142).

gerðum reiðir róstur,
 rann eldr of sjöt manna,
 létum blóðga búka
 í borgliði sæfask.²⁶"

Hierna is Arnbjörn dood, en Valgarðr het sy liggaam verlaat om die ander te gaan haal. Heel laaste het hy Guðríðr se liggaam opgetel en langs die ander gaan neersit. Haar hare was donkerrooi gekoek van halfgedroogde bloed, en daar het bloed by haar maag, haar keel en haar mond uitgekom, maar die bloed was donker. Arnbjörn, Guðríðr, Bjólfr, Sørkvir en Druian se liggame is na Hjartar-horn teruggeneem terwyl Eiríkr, Sveinn en Óláfr Skotkonung Norvegr onder hulle verdeel het.

Hoofstuk 16

By sy tuiskoms het Valgarðr beveel dat sy skip, Vágaviggruðr²⁷, tot bo-op die kruin van Aldinngáta gesleep word en dat almal van sy familie opgegrawe word wat tydens die vorige veldslae omgekom het, insluitend Gunnvaldr, Ríkvíðr, Knútr, Aldúlfr en Geirrekr.

Nege-en-twintig slawe het aangebied om hulle meesters te vergesel, maar

²⁶ Egill Skallagrímsson, *Lausavísur* vers 7; teks uit Jónsson (1973: 43-44). Eddison (1930: 93) se vertaling lui soos volg:

Fared I with bloody sword-blade
 (The wound-partridge follow'd me),
 And strong spear yelling:
 Set on there hard the vikings.
 Made we a wrathful rushing:
 Ran fire o'er men's dwellings:
 I let bloody bodies
 By the burg-gate gasp their lives out.

Valgarðr het slegs een toegelaat. Haar naam was Drífa en sy was van Lappland. Aðísla Goðinsdóttir, Áshildr Valgarðsdóttir, Gunnhildr Gunnvaldsdóttir, Halla Avangrsdóttir, Heiðr Knútsdóttir, Hrafnhildr Guðrúnsdóttir, Hrefna Ölvirsdóttir en VÉRÚN Gunnvaldsdóttir is ook almal opgegrawe waar hulle in die familiebegraafplaas op Hjartar-horn begrawe was, en by die ander lyke gevoeg. Daar was min lewendes by die begrafnis, behalwe slawe en die twee weduwees: Kaðlin en Mýrún.

Al agt-en-dertig lyke is in Valgarðr se ongeverfde *langskip* geplaas saam met hulle wapens. Vrouens se besittings is ook saam met hulle in die skip geplaas - naaldwerkgereedskap, sleutels en borsspelde. 'n Perd is vir Gunnvaldr en sy broers elk geslag en in die skip gelê. Die son het reeds gesak toe Drífa saam met die dooies op die skip gaan staan en gesê het wat Valgarðr haar beveel het:

"Uit die duister kom die lig
deur die slagaarrooi na niks."

Hierna het sy 'n dolk in haarself gesteek en tussen die lyke neergeval. Die skip is op die berg aan die brand gesteek; die vlamme het die skip verswelg en die omgewing verlig. Die skip en die mense se as is later in die mond van Roðinnhellir begrawe waar hulle oor die grond kon toekyk. Valgarðr het belowe om na Kaðlin en Mýrún om te sien totdat hulle by hul moeder in Skotland terug was, aangesien daar geen familie van hulle in Norvegr gewoon het nie. Aan Mýrún het Valgarðr 'n silwer armband gegee van 'n slang wat homself insluk, en aan Kaðlin het hy die *fylfot* om sy nek gegee vir die diens wat hulle broer en eggenote gelewer het. Kaðlin het ook Druian se skild geërf, maar die ander s'n is verbrand, behalwe Guðríðr s'n wat deur Valgarðr gehou is.

²⁷ "Ruiters van die perd-boom", i.e. seevaarder. *Viggruðr* ("perd-boom") sal 'n perderuiter aandui.

"Hoekom moes die ander opgegrawe word?" het Mýrún aan Valgarðr gevra.

"Die vrouens het net so hard soos die mans geveg, alhoewel op ander maniere. En ek kon nie vir Áshildr alleen los nie."

"Druian sou nie daarvan hou dat ek dit vra nie, maar dink jy alles was die moeite werd?" het Kaðlin gevra terwyl sy na die brandende skip staar.

"Dit is wat Druian wou gehad het. 'n Goeie dood het hulle almal gevind."

"En die res wat saamgesleur is in julle twis met Óláfr? Áshildr? Vérún, Hildigarðr, Ragnhildr, Þorvaldr, Ásleifr, Gunnhildr?"

"Ek ken die lys."

"Ek is nie seker of jy enigiets omgee oor die ander nie, maar wat van jou gesin? Was hulle aanvaarbare verliese?"

"Ek het nie gedink hulle sou hierby betrek word nie."

"En het julle die eer verwerf wat dit alles begin het? Maak dit alles beter?" wou Mýrún weet.

"Die feit dat ons ons nie laat intimideer het nie, maak dit in wese 'n oorwinning. Elkeen moet eendag sterf, en dit is soos Druian gesê het: eerder op 'n slagveld as in oumenspis."

"Druian en jou broers met hulle 'plig en eer en trots' en sulke kak, jy ook. 'Dit was in wese 'n oorwinning'. Kak. Dit is goed om te weet dat my broer nie as 'n lafaard gesterf het nie, my man ook nie. Maar julle het 'n plig gehad om julle gesinne te beskerm, hierteen ook. Nou is daar net die wind."

"Hierdie gesprek het sy eindpunt bereik." Hierna het hy in die donker weggestap, en onder by die fjord vir Haganrich gevind waar hy na die ruïnes van Hjartar-horn kyk.

"Dit lyk of ek iets gemis het," het Haganrich gesê, en Valgarðr het hom

vertel wat in sy afwesigheid gebeur het. Hy het gesê dat hy op ekspedisies in die ooste en by Mikligarðr was, en voorgestel dat daar vergeldend opgetree word teenoor diegene wat Óláfr Tryggvason ondersteun het in Hálogaland.

"Dit is een van die sinvolste idees wat ek in 'n lang tyd gehoor het," het Valgarðr geantwoord.

"Hierdie mense is minder werd as *skrælingar*, hulle wat hulle mantels só na die wind draai." Valgarðr het op sy swart hings, Fjöðr, geklim en stil gebly terwyl hy in die donker in staar.

"Perdehoewe." Haganrich het ook sy perd bestyg, en saam geluister.

"Halt!" het Haganrich geroep en sy swaard, Mjötuðr²⁸, uitgetrek. Uit die donker het 'n figuur met 'n fakkell aangery gekom. Om sy middel was 'n lang swaard aangegord, en hy het 'n swart *brynja* aangehad wat tot by sy knieë gekom het. Sy skild was met wynrooi leer oorgetrek wat met staalgrys grootkopspykers vasgeslaan is in die vorm van 'n breë diagonale kruis, met 'n klein sirkel tussen elke arm.

"Hierdie keer is ek teenwoordig," het die ruiter gesê.

"Þagall, dis goed om te sien jy leef nog."

"Dit sal aansienlik meer neem as een menslike koning en sy weermag om van my ontslae te raak."

"Hoekom nóú juis? Waar was jy by Hjörungavágr, of in die gevegte teen Óláfr?" het Valgarðr gevra. "Ek kan dieselfde vir jou vra," het hy aan Haganrich gestel.

"Ek is nie deel van julle politieke landskap nie; ek het ander sake gehad om na om te sien in die ooste, veral ten opsigte van *skrælingar*," het Haganrich geantwoord.

²⁸ "Uitdeler van die noodlot"

"En jy?" het hy aan Þagall gevra.

"Die feit dat jy dink dat al my handeling gemotiveerd moet wees, wys hoe ontoereikend jou kennis betreffend my werklike natuur is. Doelgerigtheid is 'n beperking van die mens en dier, nie van my nie. Daar is vryheid in sinlose optrede."

"Jy is vol kak, maar welkom."

Nadat hulle vertrek het, het Haganrich aan Þagall gevra: "As jy so verhewe is bo die mensdom, waarvoor is die swaard? Moet jy nie spesiale magte hê, soos bliksemstrale uit jou anus of iets nie?"

"Ek hou van die gevoel en geluid wat hy maak as hy deur vlees sny. Sy naam is Hjarn²⁹."

"En die *brynja*? Is jy dan ook gebonde deur mortaliteit?" wou Valgarðr weet.

"Moenie onverantwoordelike aannames maak nie. Dit bring my oë uit." Hy het uitdrukkingloos na Valgarðr gekyk.

"Jy's werklik vol kak. Maar welkom by ons bloedsuiwering."

Þagall het saam met Haganrich en Valgarðr deur Hálogaland gegaan en almal wat hulp aan Óláfr Tryggvason verskaf het, besoek. Hulle is in die nag van huis tot huis en het die bewoners verbrand, en dié wat uitgekom het is met wapens om die lewe gebring. Sover hulle gegaan het, is die mense onthoof, en die koppe is in sakke op perde gelaai wat hulle agter hulle aangelei het. Hulle het ook nie vrouens en kinders laat uitgaan soos wat die gebruik was nie. "Ek kan nie insien hoekom mense gespaar moet word nie, hulle is net so skuldig omdat hulle hulle mans en vaders ondersteun het. Ek gee in elk geval nou nie 'n

²⁹ "Harde sneeu"

fok om nie," het Valgarðr gesê, en Haganrich het hom nie teëgegaan nie.

By een plaas het hulle 'n familie voor hulle laat kniel, en die man het na Valgarðr gedraai: "Woede laat 'n mens net dinge doen waaroor jy later spyt is."

"Dis teen hierdie tyd nie meer woede nie."

"Vergelding? Kan dit regverdig wees teenoor ons?"

"Vergelding dalk 'n bietjie."

"Hierdie gesprek verveel my," het Þagall gesê, en die man se skedel met sy swaardhef geslaan, sodat dit gebars het. Hulle het die res onthoof en die koppe by die ander gevoeg, en die liggame vir die wolwe gelaat. So het hulle van huis tot huis gegaan en sommige groepe van kranse afgegooi, een vir een, of gedwing om te bid terwyl hulle koppe afgekap is. Die liggame is soms op pale gesit voor die afgebrande huise, soms op spiese as daar wapens binne die huis was.

Hulle is ook na Óláfr se kerke en kloosters in die Hálogaland distrik en het die priesters gevang en in bome opgehang, en hulle besittings weggeneem. "Laat Óðinn of Hel of Christus hulle neem, ek het geen gebruik vir hulle nie," het Valgarðr gesê. Þagall het een monnik aan die nek geneem, sy regterhand op sy skedel gesit, en met 'n draaibeweging sy kop van sy lyf verwyder, en toe die kop eenkant gegooi.

"Ek betwyfel of enigeen op jou lys 'n gebruik het vir hulle," het Haganrich opgemerk terwyl hy 'n ander monnik met 'n tou aan 'n boom ophys. Uiteindelik het hulle vir Angan opgespoor.

"Jy onthou wat ek vir jou gesê het toe ons mekaar laas gesien het?" het Valgarðr aan hom gevra.

"Ek het net my werk gedoen. As julle my lewe spaar sal ek julle nooit weer hinder nie, en niemand anders ook nie."

"Dis onvoldoende. Hoe verkies jy om dood te gaan?"

Angan het bewend op sy knieë gegaan en gebid: "Ons Vader wat in die

hemel is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; spaar my vandag," waarop Valgarðr Vekja geneem en Angan onthoof het, en sy kop by die ander gegooi het.

Een van die plase wat hulle besoek het, het vooraf waarskuwing van hulle aankoms gekry. Soos hulle aangery het, het twintig mans uit die huis gekom, en almal was gewapen. Hulle het hulle perde gehalt, en Haganrich het gesê: "Maak dit 'n verskil as ons die element van verrassing verloor het?"

"Dit speel in my guns," het Valgarðr gesê, "ek sou verkies dat die dood ons hier wegneem." Hulle het te perd op die mans afgery, en deur hulle gejaag terwyl hulle aan beide kante mense met hulle swaarde doodgekap het. Hulle het omgedraai en weer gestorm, maar hierdie keer het Fjöðr gestruikel en geval. Valgarðr het opgespring en verder geveg, en saam met Þagall en Haganrich het hulle elkeen om die lewe gebring. Hierna is hulle in die huis in, en het elkeen daarbinne ook doodgemaak en almal se koppe geneem.

Van hier is hulle na 'n krans wat oor Signavágr uitgekyk het, en Valgarðr het die koppe van die perde afgelaai. Hy het die eerste sak opgetel, en gesê: "Hier, Sigrún! Neem wat ek jou skuld!" terwyl hy die sakke een na die ander omgekeer het sodat die koppe in die water geval het.

Uiteindelik is Valgarðr terug na Hjartar-horn, waar hy in Roðinnhellir gaan woon het, en Haganrich het ook daar oorwinter. Daar word gesê dat Valgarðr agt-en-tagtig mense om die lewe gebring het na die begrafnis, maar niemand weet presies hoeveel Haganrich doodgemaak het nie. Þagall het in die eerste nag weggery terwyl die res geslaap het, en het meer doodgemaak as die ander twee saam.

Valgarðr het lank in Roðinnhellir vertoef saam met Kaðlin en Mýrún, en 'n

monoliet opgerig ter herinnering aan al die gesneuweldes, en daarop die volgende in runes uitgekerf en met sy bloed gevlek, en dit is in *ljóðaháttr* geskryf:

Bloed vleg byskrifte
van krygerskolom;
helde hink na Herjan in
Valhöll; weifel nie.

'k hoor die heuwels roep
bloed dreun in deinings
krygerskreet weerklink met swaard
skend die stille nag.

Beer se bloed wat klop
en wolf: na *valkyrjur*:
raaf wat roep na Raðgríðr
splinter snags my rus.

Eer is eenmaal swaar
gewen en weelde;
moed en murg was moontlik ál
sin hier. Sekerlik.

Hoofstuk 17

Daar het 'n man in Jæderen in Norvegr gewoon met die naam Þorvaldr Asvaldsson, en hy het 'n seun genaamd Eiríkr gehad wat Eiríkr rauði genoem is.

Hy en Eiríkr het Norvegr verlaat en na Ísland gegaan, waar hulle by Drangar in Hornstrandir gewoon het. Na Þorvaldr se dood is Eiríkr met Þjóðhildr - die dogter van Jorund Ulfsson - getroud en het hy verhuis na Eiríkstaðir naby Vatnshorn. Hulle seun se naam was Leifr.

Eiríkr is gevra om die gebied te verlaat nadat hy Eyjólfur Saur en Hólmgang-Hrafn om die lewe gebring het en is wes na Breiðafjörður om op Oxenöy te gaan woon. Na 'n ruk het hy in 'n twis met Þorgestr van Breiðabólstaðr betrokke geraak, en is verban. Hy het toe gesê dat hy die land wou gaan verken wat Gunnbjörn Ulfsson gesien het toe hy eenmaal in 'n storm van koers gedwing is, en so het dit gekom dat Eiríkr die land gaan verken het wat hy Gröenland genoem het. Hy het gesê dat mense meer bereid sou wees om in 'n land te woon as dit 'n aangename naam het. Na sy ontdekkingsreis het hy na Ísland teruggeseil en koloniste gaan vind met sy positiewe naam vir die land, en daar word vertel dat vyf-en-twintig skepe geseil het in die somer, waarvan slegs veertien Gröenland bereik het. Eiríkr het by Brattahlíðr gaan woon en het nog twee seuns gehad: Þorvaldr en Þorsteinn. Hy het ook 'n dogter gehad met die naam Freydis wat met Þorvarðr getroud is en by Garðar gaan woon het.

Herjólfur was die seun van Bárður Herjólfsson wat 'n familielid van Ingólfr Arnarson was, die man wat die nedersetting in Ísland begin het. Ingólfr het aan Bárður grond tussen Vog en Reykjanes gegee en hy het by Drepstock gewoon. Herjólfur was getroud met Þorgerður en het 'n seun met die naam Bjarni gehad. Bjarni het 'n handelaar geword en sy eie handelskip gehad waarmee hy baie maal tussen Ísland en Norvegr gevaar het. Terwyl hy eenmaal op 'n handelsekspedisie was, is Herjólfur saam met Eiríkr rauði na Gröenland om die eiland te koloniseer en het hy in Herjólfssfjörður gaan woon en sy woning by

Herjólfssness gemaak.

Met sy terugkoms het Bjarni van sy vader se vertrek uitgevind en besluit om agter hom aan te gaan, maar 'n stormwind het hulle van koers gedwing en hulle het by land uitgekom wat aan niemand bekend was nie. Die land is aan die bakboordkant gehou en hulle het twee dae verder op die oop see geseil, waarna hulle weereens land gesien het. Daar is besluit dat dit ook nie Groenland was nie omdat dit te bebos was, en Bjarni wou nie aan wal gaan nie. Hulle het die boeg weg van die land gedraai en nog drie dae verder geseil totdat hulle weer land gesien het, en hierdie land het ysberge gehad. Daar is verder geseil, gesien dat dit 'n eiland was, en weereens in die see in weggeseil. Die vierde keer wat hulle land gekry het was dit Groenland, en Bjarni het na sy vader by Herjólfssness gegaan, soos wat in die *Grænlandinga saga* geskryf staan.

Eiríkr Hákonarson was 'n goeie regeerder in die Þrándheimr distrik en het ook oor Hálogaland toegesien, soos bepaal in sy verdrag met Sveinn Haraldsson. Later is Norðymbraland in Engeland ook aan hom gegee, hierdie keer deur Knútr Sveinnsson. Eiríkr het hom in die Christelike geloof laat doop op Sveinn se aanvraag, en daar was noue bande tussen Danmörk, Norvegr en Svíþjóð. Danmörk was reeds sedert Haraldr Gormsson se dae gekersten, maar Norvegr is eers volkome gekersten toe Eiríkr Hákonarson oorgeneem het, en Ísland en Groenland is in daardie selfde tyd gekersten.

Die eerste somer na die slag van Svold was Valgarðr by Eiríkr se hof saam met Haganrich aangesien Hjartar-horn nog nie herbou was nie en daar geen ander heenkome vir hulle was afgesien van Roðinnhellir nie. Eiríkr het woonplek aan Valgarðr gegee vir sy hulp by vorige veldslae, en Valgarðr het aan

Eiríkr vertel wat hy die afgelope tyd gedoen het.

"Ek kan begryp waarom dit alles gedoen is - mense se aksies is soms erger as hulle intensies - maar die brutaliteit is buite jou karakter."

"Moenie aannames oor my karakter of my motiverings maak nie."

"Dit sal moeilik vir jou wees om in Norvegr agter te bly, die *sak-tal* bepaal dat jy vergoeding betaal wat sekerlik meer is as wat bekostig kan word," het Eiríkr aan Valgarðr gesê.

"Ek besef dit. Watse voorstelle is daar?"

"Die algemene oplossing is om na Ísland te gaan, of dalk Mikligarðr. Engeland is natuurlik ook 'n moontlikheid, en as ons koppe bymekaarsit kan ons dalk iets anders ook uitwerk. Die nuwe kolonie by Groenland kort ook setlaars."

"Ek sal my grond aan Haganrich verkoop terwyl ek besluit waarheen. Ek het geen begeerte om hierdie lewe op 'n ander plek voort te sit nie." Hy het gesê dat daar niks meer vir hom in Norvegr was nie, en met die geld van die grond beplan om nuwe grond en huisvesting te bekom. Hy het met Haganrich gereël dat daar niemand by Roðinnhellir sou ingaan nie, en dat hy na sy dood soontoe geneem sou word, waarna die grot verseël sou word. Al die slawe is ook aan hom verkoop. Þagall en sy slawe kon egter nie opgespoor word nie.

Die ys was reeds 'n geruime tyd gesmelt toe Bjarni Herjólfsson by Eiríkr se hof aangegaan en vertel het van sy ontdekkings. Hy het beplan om binnekort na Groenland terug te keer, nadat sy besigheid afgehandel was, en Valgarðr het gevra om saam te gaan. Kaðlin en Mýrún het ook saamgegaan omdat hulle na hul moeder wou terugkeer, aangesien beide sonder eggenoot en broer was. Hulle het Druian en Guðríðr se skilde saamgeneem, tesame met hulle persoonlike besittings.

"Ek verneem julle gaan Groenland toe," het Skuli Þorsteinsson aan

Valgarðr gesê. "Julle kan in Ísland by my vader oorbly; hy sal huisvesting bied."

"Dankie, ek sal laat Bjarni ons na Borg neem."

"Neem hierdie vir my vader." Hy het 'n skild aan Valgarðr gegee, en daar was goue diermotiewe daarop met arende en wolwe. "Sê vir hom dat ek binnekort huis toe gaan."

"Ek sal so maak." Skuli het hom in sy oë gekyk, en gesê: "Ek het Vé gesien."

Hoofstuk 18

Valgarðr het gepaste runes in essehout gekerf en met sy bloed gevlek sodat hulle 'n suksesvolle reistog sou hê. Daar is vanaf Þrándheimr geseil en dit het om en by 'n dag geneem om by die Shetland eilande uit te kom. Sonder om aan wal te gaan is daar eers na die Orkneyjar gegaan op pad na Skotland, en Sigurðr was in daardie tyd *jarl* in Orkney. Hulle het verder geseil en by Dunnotar vasgemeer sodat Manus se dogters na hulle familie kon terugkeer. Daar het hulle na Aþmiul se huis naby die kasteel gegaan, maar dit was verlate en slegs die fundamente het nog gestaan en was toegegroeï met gras en bossies. Valgarðr het by die plaaslike inwoners na haar gevra, en hulle het gesê dat sy in haar kinders se afwesigheid oorlede is, en Manus 'n paar jaar voor haar. Die besoekers is na 'n Keltiese klipkruis ter nagedagtenis aan haar op 'n heuweltjie geneem.

"Julle kan teruggeneem word na Norvegr, of hier bly, of saamkom. Die besluit berus by julle," het Valgarðr gesê. Bjarni het na Valgarðr gekyk, maar stil gebly.

"Al die mense wat ons ooit geken het, is dood, behalwe een. Ons gaan eerder na Grœnland; hierdie was in elk geval nooit ons tuiste nie," het Mýrún

geantwoord.

Daar is besluit om verder te seil, maar vir 'n geruime tyd was daar egter nie 'n gunstige wind nie en kommer is gewek dat die wind nie sou gedraai het voordat die ys te ver suid was om 'n veilige reis te bemagtig nie. Die twee susters het daarom vir Valgarðr na 'n ou vrou in die heuwels geneem wat hulle glo as kind geken het. Hulle het haar alleen in haar vervalle grysblou kliphuisie tussen die heuwels gevind. Die huis was omring met wilde diere van die omgewing wat die aankomelinge met minagting betrag het. 'n Lang en skraal figuur met 'n blouerige gelaatskleur het hulle begroet: "Julle kom oor die wind; ek het julle hier sien vasmeer." Sy het hulle ingenooi en 'n silwer beker rooiwyn aan elkeen gegee. "Wat word jy genoem?" het sy aan Valgarðr gevra.

"Valgarðr."

"En 'n bynaam? 'Die Vervloekte', 'die Uitgeworpene'?. 'Die Stille'?"

"Ek het geen bynaam nie, en ook nie 'n naam om jou te noem nie."

"Noem my Cailleach Bheur," het sy geantwoord. "Jy is een wat gedetermineer word deur jou voorgangers, soos almal in 'n mate. Een wat nie sal kan wegkom van sy verlede nie. Ons noem jou Valgarðr Gunnvaldsson." Sy het verder raad en instruksies aan Valgarðr gegee, en by die skip het hy op haar advies 'n ou lap in die water gedruk en drie keer teen 'n klip geslaan, waarna die wind in hulle guns gedraai het³⁰.

"Towenaars en profetesse," het hy gesê toe die wind opkom, "kon eintlik 'n minder vernederende manier gekry het om die wind in ons seile terug te sit, maar nee: slaan 'n fokken lap op 'n klip."

³⁰ Frazer (1993: 82) skryf: "in Scotland witches used to raise the wind by dipping a rag in water and beating it thrice on a stone, saying:

I knock this rag upone this stane
To raise the wind on the divellis name;
It sall not lye till I please againe."

"Jy praat asof jy al met hulle te doen gehad het," het Bjarni geantwoord.

"Te veel. En ook altyd iets omtrent 'n wind." Valgarðr het egter nie hierop uitgebrei nie, en net gehelp om die skip gereed te kry sodat hulle kon vertrek.

Dit het drie dae se seil geneem om by Ísland uit te kom. Daar is by Þorsteinn Egilsson in Borg oorgebly, soos Skuli voorgestel het, en hulle is vriendelik ontvang toe hy uitvind dat hulle Hálogalanders was. Hy het na sy seun, Skuli, uitgevra, en Valgarðr het hom alles vertel wat hy wou hoor, van Óláfr Tryggvason en Eiríkr Hákonarson en die slag by Svold. Skuli was op daardie stadium steeds by Eiríkr, en Þorsteinn was tevrede toe hy hoor dat sy seun hom goed van sy taak kwyd. Valgarðr het ook die skild en die boodskap aan Þorsteinn gegee, en dit het hom baie vreugde besorg.

"Hoekom verlaat julle die land, as julle bevriend is met Eiríkr en Sveinn?" wou Þorsteinn van Valgarðr weet.

"Dit wil voorkom of die noodlot ons elders wil hê. Dié twee ook," het Valgarðr na Druian se susters verwys.

"God se weë is duister," het Þorsteinn geantwoord, en vir die diensmeisies beduie om nog wyn te bring.

"Noem hom wat jy wil, hy wil ons elders hê."

"Elders baie ver van hier," het die een diensmeisie gesê toe sy Valgarðr se horing volskink.

"Wat bedoel jy?" het hy aan haar gevra.

"Ek wens ek kon weet," het sy geantwoord terwyl sy skynbaar deur hom gekyk het, en na die kombuis gegaan.

"Wat is die spraaksamige een se naam?" wou Valgarðr weet.

"Ek weet nie, onlangs hier aangekom. Iets met 'n 'd' - Dagný - ja. Praat heeltyd asof sy op iets is, of met geeste besete is. Heeltyd deurmekaar ook; praat

met haarself as niemand naby is nie en luister na die reën."

"Ek het so iemand geken; nie by haar volle verstand gewees nie."

"Moet jou nie veel aan haar steur nie. Kom ek gaan wys julle iets."

Porsteinn het die kerk aan hulle gaan wys wat hy onlangs begin bou het, na die kerstening van Ísland, en nog wyn laat inskink. Die aand het al gevorder voordat hulle gaan slaap het, en na 'n paar dae is die tog na Groenland voortgesit omdat hulle dit voor die aankomende winter wou voltooi.

Vier dae se seil na hulle vertrek vanaf Borg het hulle by Eiríkr rauði by Brattahlíðr aangekom en is hartlik ontvang. Hulle het hier van hulle ondervindings vertel en die winter in Brattahlíðr oorgebly, maar in die somer is hulle na die westelike nedersetting³¹. Bjarni het verder by sy vader in Herjólfssness gewoon, en Valgarðr het hom goed beloon vir sy gasvryheid en bereidwilligheid om hulle saam te neem. Hierna het Bjarni sy hele lewe lank in Groenland gebly, maar nooit weer vir Valgarðr of Manus se dogters gesien nie.

Hoofstuk 19

Groenland was, in teenstelling met die naam wat Eiríkr daaraan toegeken het, minder groen as wit, maar weiding was volop naby die kus. Valgarðr het 'n huis in die westelike nedersetting gebou en hy en die dogters van Manus het daar gaan woon. Dit was 'n tipiese *langhús* met banke teen die mure waar gesit, geëet en geslaap is. In die middel van die huis was 'n langvuur wat vir verhitting verantwoordelik was en 'n gat in die dak het die rook toegelaat om te ontsnap. Die mure was van turf en ondersteun deur planke aan die binnekant

³¹ Die westelike nedersetting is naby die plek wat tans Nuuk genoem word.

met 'n klipfundasie. Die kombuis, spens en badkamer is teen die *langhús* gebou, maar was aparte vertrekke. Die *langhús* was so groot dat ander wel groter was, maar vir drie mense was dit meer as voldoende. Elkeen het 'n bank teen die muur gehad waar hy geslaap het, want Valgarðr kon nie die punt insien van 'n aparte hoofslaapkamer nie. Hy het die plek Valstígr³² genoem, en die mense van die distrik laat weet dat hy geen besoekers ooit wou ontvang nie.

Valgarðr het skape by Eiríkr gekoop en wild laat wei: dit was die totale inset wat hy tot die boerdery gemaak het. Die skape se wol is vir klere of ruildoeleindes gebruik, en die vleis uiteraard geëet. Die meeste van hulle uitgawes is deur Valgarðr se silwer munte - wat van Norvegr saamgebring is - gedek, en hy het dit op onbekende plekke weggesteek. Die skeer en slag van skape is deur jong seuns en slawe van die westelike nedersetting behartig, aangesien Valgarðr en Druian se susters niks hiervan geweet het nie, en ook nie 'n begeerte gehad het om te leer nie. "Om mak diere te eet sal 'n mens laat mak word," het Valgarðr eenmaal gesê, maar hy het nogtans skape geëet omdat daar nie wild was nie. Hy het in die dag meesal op sy nuwe klein bootjie uitgegaan of op die kranse gaan sit. Kaðlin en Mýrún het dan naaldwerk gedoen, botter, *skyr* en kaas gemaak en vis skoongemaak en gedroog wat Valgarðr soms op die ingewing van die oomblik gevang het.

Valgarðr het wel aan sy *Dauðrkviða* gewerk, en die volgende verse kort na sy aankoms in Groenland saamgestel:

Winters word op wange

³² "Weg van gesneuweldes"

wyd gekerf en sterf nie;
als vergrys, vergader
gister se ontlasting;
eensaam dool my dwaalgees
deesdae die konkrete
willoos, sonder stilte
skyn-alleen en deinsend.

Dit is my defek, my
dwaling: dié ontsetting;
menslik swak en sinloos -
smelting met emosie;
ontredder en raadop,
reliëk van 'n helder
god - vertroebel - tot 'n
tinteling vermenslik.

Selfsug skep die kelder;
sluimer in die vlees, juis
waar hartseer - geharnas -
herberg vind; mens wond die
gees, bevuil met gevoel wat
vonk'lend ongeskonde
eens was, nou verslete
vaandel sonder sending.

Tog is teerheid egter

tinteling wat sin gee
aan 'n dooie, donker,
deurtog-eksistensie
waarin niks en niemand
nagte kleur met hartseer,
vreugde; leed en liefde
leef, afgee en offer.

Die drie *Oosterlinge* was meesal in stilte gehul, maar veral Kaðlin het probeer om 'n lewendiger atmosfeer tussen hulle te bewerkstellig. Sy het Valgarðr vertel van haar drome terwyl sy skoongemaak het: "Daar was twee drake wat geveg het, een swart en een wit. Aanvanklik het dit gelyk of die swart draak sou wen, maar skielik het die wit draak die swart een aan die keel gegryp en sy bloed uitgedrink, en so is die swart draak dood. Die wit draak het toe met bebloede mond in die lug opgevlieg en rooi geword soos die bloed wat hy gedrink het, waarna hy verdwyn het. Hierna het ek by 'n grot ingegaan, en daar was 'n ronde kliptafel, met krygers wat daarrondom geslaap het."

"Jy het na te veel kontinentale stories geluister," het Valgarðr ongeërgd geantwoord.

"Kyk hierdie bolletjie hare wat ek onder die kas gevind het, dis soos 'n klein trolletjie." Valgarðr het daarna gekyk, maar niks gesê nie. "Vertel dan vir my een van jou drome."

"Vir eers sal ek verkies om my drome vir myself te hou; dis van die min dinge wat nog aan my behoort." Hy het opgestaan en na buite gegaan om weer in die fjord te gaan roei na 'n rots wat eenkant gestaan het, wat hy benoem het, maar nooit vir enigeen die naam van vertel het nie.

Kaðlin het baie uitgevra wanneer hy tuis was, maar hy het selde aangetoon

dat hy haar gehoor het. Saans het hy in die vuur gestaar en dan onverwags uitgebars van die lag, waarna die glimlag stadig van sy gesig verdwyn het. Hy het vroeg in die aande gaan slaap en laat opgestaan, min geëet en baie ure op verskillende kranse deurgebring terwyl hy na die golwe gekyk het.

Met verloop van tyd het Valgarðr haar klaarblyklik meer gereeld buite hom hoor praat, en meer gereeld terug gepraat. Hy het haar uitgevra oor haar huwelik met Arnbjörn, maar sy het oor haar lewe gepraat asof sy iemand anders se herinnerings onthou en dit soos 'n saga vertel. Sy het vertel van haar kinderdae terwyl sy naaldwerk gedoen het, vertel van hoe sy en Mýrún in die meer geswem en in die woud okerrooi aarbeie gepluk het. Sy het egter selde vir Valgarðr klere gemaak, want hy het altyd sy *brynja* gedra.

"Ek het nog verder aan my *Dauðrkviða* geskryf," het Valgarðr eenmaal aan Kaðlin gesê. "Dit handel oor Áshildr."

"Vertel my."

"Beelde bind my heelyd
bloedloos in roetines,
asof hulle handhaaf,
aandag kan verg, steeds skyn;
selfs al weet ek weereens
wat ek sien is anders
as wat werklik was, is
wonde geensins minder.

Duur verdrink wie vure
dart'lend kon versinlik;

met haar glimlag gletsers
 glad kon smelt en vesting
 in my vensters vind, met
 valkoë my ook dalk kon
 inneem, raam en rondneem;
 Rán wen veel na onder.

Druil'rig dryf sy lila,
 drasties stil, 'n asblond
 letsel van my veldslag,
 van my onmag om haar
 te beskerm teen skerwe,
 skade van die noodlot;
 al wat bly is beelde,
 blink teen die verdonk'ring."

"Hoe ver is jy van klaar?" het sy geantwoord.

"Ek wil vyf-en-twintig verse skryf, soos wat Egill Skallagrímsson se *Sonatorrek* en *Arinbjarnarkviða* was. Ek beseft dat ek 'n afgewaterde en uitgeteerde weergawe van Egill is, maar ek moet dit doen."

"Solank jy jousef besig hou."

Valgarðr het verder geskryf, maar nie hierdie verse met Kaðlin gedeel nie.
 Dit handel oor Guðríðr:

Lewe loop verslete
 langsaam af teen háár nek

wat ek so goed saans teen
 silwerlig leer tint het;
 uit haar mond 'n mantel
 magma, helder sag steeds
 soos met talle tuiskoms,
 telkens in 'n glimlag.

Hertferm heupe word nou
 heelwat kouer, stiller;
 waar my hande haar in
 halfdans kon neem, sien; haar
 vel kon soutwit skitter
 styf oor maag en dye
 waar my lippe lig kon
 lees, weefsel kon verhewe.

Ek kon eens myself laat
 Eenoog³³ word; in nagte
 wegsterf saam met sagas;
 soms totaal oorweldig
 in haar asblou asem -
 aanhalig - in sagwit

³³ Óðinn ("die waansinnige een"). Sturluson (Young, 1954: 43) skryf in verband met die fontein van wysheid:

Mímir is the name of the owner of the spring. He is full of wisdom because he drinks [water] from the spring out of the horn Gjöll. All-father [Óðinn] came there and asked for a single drink from the spring, but he did not get it until he had given one of his eyes as a pledge.

rondings, weids onwerklik,
wederom onskedbaar.

Hoofstuk 20

Leifr Eiríksson het Bjarni se boot gekoop, aangesien hy die boot as gelukkig gesien het. Leifr het daarna 'n bemanning gereedgekry en die lande gaan ontdek wat Bjarni gesien het, en by elke een aan wal gegaan waar Bjarni destyds verbygeseil het. Die eerste land wat hy gesien het, het hy Helluland genoem omdat daar baie klip was. Die tweede een is Markland genoem omdat dit dig bebos was met bome wat groot genoeg was om huise mee te bou. Hulle het 'n rukkie daar vertoef waarna hulle haastig na hulle skepe terug is en verder geseil het. By die derde landmassa het hulle besluit om te oorwinter en het huise daar gebou. Daar was 'n man van die suide saam op die ekspedisie met die naam Tyrkir en hy het druiwe daar ontdek, waarna die plek Vínland genoem is. In die lente is hulle terug na Groenland met volop hout vir bou- en brand-doeleindes, asook hoopvolle stories van toekomstige nedersettings.

Op pad terug het hulle 'n gestrande skip gevind en al vyftien bemanningslede gered en saam met hulle teruggeneem. Die leier se naam was Þórir austmaðr en hy was getroud met Guðríðr Þorbjörnsdóttir, en hulle was ook van Norvegr. By hulle terugkoms is Leifr "die Gelukkige" genoem omdat hy soveel mense se lewens gered het en die eerste mens was wat in Vínland aan wal gegaan het. Kort na hulle terugkoms by Brattahlíðr het die bemanning van Þórir siek geword en baie het beswyk, insluitend Þórir self. Eiríkr rauði het ook in hierdie winter beswyk. Hieroor is baie in die *Grænlandinga saga* en *Eiríks saga rauða* geskryf.

Na die winter het Leifr se broer, Þorvaldr Eiríksson, besluit dat daar meer ontdekking van die nuwe land moet plaasvind. Leifr het sy skip aan hom geleen asook toestemming om gebruik te maak van die huise wat hy gebou en agtergelaat het. Þorvaldr is met sy ekspedisie na Vínland en het daar oorwinter saam met sy bemanning. Leifr se huise is as basis gebruik om verder te verken, maar daar is geen ander tekens van mense gevind nie. In die lente het hulle noord langs die kus op geseil, waar 'n wind hulle op land gedryf en die skip se kiel gebreek het. Hulle moes lank daar vertoef om 'n nuwe kiel te maak, en Þorvaldr het die gebreekte kiel regop laat staan en die plek Keelnes genoem.

Hulle het verder geseil en in 'n fjord die anker uitgegooi en aan wal gegaan. Þorvaldr was baie beïndruk met die gebied en gesê dat hy 'n geruime tydjie daar sou wou bly. Daar is 'n ruk vertoef voordat hulle drie swart kolle op die strand gesien het, en by nadere ondersoek is uitgevind dat dit drie bootjies was en dat daar drie mans onder elkeen was. Agt van die nege mans is gevang en almal behalwe een is doodgemaak, maar die negende een het weggekom. 'n Ruk later het 'n klomp bootjies op hulle afgeroei gekom, en die *skrælingar* het 'n paar pyle na hulle geskiet voordat hulle gevlug het. Niemand is gewond nie, maar 'n pyl is tussen die kant van die skip en Þorvaldr se skild deur, en dit was sy dood. Þorvaldr het sy wens gekry. Hy is daar begrawe en die res het na Groenland teruggekeer, met die een *skrælingr* as gevangene wat saamgeneem is.

By hulle terugkoms het hulle die verhaal aan Þorvaldr se broer, Þorsteinn, vertel. Dié is intussen met Þórir se weduwee, Guðríðr, getroud. Þorsteinn wou Þorvaldr se liggaam gaan haal, en is met Guðríðr en vyf-en-twintig man op 'n ekspedisie met daardie doel, en het ook die *skrælingr* gevangene saamgeneem as moontlike gids. Hulle het rigtingloos rondgedryf vir die grootste gedeelte van

die somer, voordat hulle in die eerste week van die winter by Lysafjörðr aan die weste van Gröenland uitgekom het. Daar het hulle blyplek vir die winter gekry, en Þorsteinn en Guðríðr het by 'n man genaamd Þorsteinn svartí gebly.

Þorsteinn was met Grímhildr getroud en hulle het alleen gewoon.

Kort na hulle aankoms het Þorsteinn Eiríksson se bemanning begin siek word en die een na die ander se liggaam is in die skip gelê, aangesien Þorsteinn die liggame in die lente na Brattahlíðr wou terugneem. Þorsteinn het later self siek geword, en Grímhildr ook. Die siekte het vinnig deur die hele westelike nedersetting versprei, en ook Mýrún en Valgarðr het siek geword. In die lente het Þorsteinn svartí die liggame van Þorsteinn Eiríksson en sy bemanning na Eiríksfjörðr geneem, maar Grímhildr is by Lysafjörðr begrawe. Þorsteinn svartí het die res van sy lewe by Brattahlíðr deurgebring.

Mýrún is uiteindelik dood, maar Valgarðr het gesond geword. Hy en Kaðlin het haar in die lente by Valstígr begrawe en 'n Keltiese kruis van hout vir haar opgerig. Sy is begrawe op die nuwe manier, sonder besittings, soos wat by Eiríkr rauði geleer is, maar Kaðlin het gesê dat sy eerder naby die huis as in 'n kerkhof moes wees. "Nou is almal wat ek in my lewe geken het, behalwe een, dood," het Kaðlin gesê.

"Beteken hierdie begrafnis dat ons ook nou aangepas het?"

"Nee, net uitgeput. Op 'n stadium moet 'n mens leer, om net te veg vir wat werklik vir jou belangrik is; of vir wat noodsaaklik is."

"En dit is?"

"Iets wat ek teen hierdie tyd nie meer die krag het om aan te dink nie."

Die *skrælingr* gevangene is by Valgarðr gelos aangesien niemand hom wou hê nie en gesê het dat hy ongeluk bring. Daardie somer het 'n skip van Norvegr

na Groenland gekom met 'n man genaamd Porfinnr Karlsefni, wat later 'n nedersetting in Vinland probeer het. Baie is oor hom en sy ekspedisie geskryf, maar Valgarðr en Kaðlin het besluit om nie saam te gaan nie. Valgarðr het 'n *knörr* aangeskaf vanuit sy geheime silwerkissie, met die oog op houthaal-ekspedisies na Markland. Die skip het hy Haugbúi³⁴ genoem.

"Tradisie bepaal dat die skip van die rollers af oor 'n menslike offer moet rol sodat die bloed die skip kan seën." Hy het na die *skrælingr* gekyk. "Vrywilliger." Hy het die *skrælingr* vasgemaak en voor die skip neergelê, en Haugbúi is ter see gelaat.

Hoofstuk 21

Valgarðr het 'n aantal kere na Markland geseil om hout te bekom, en gewoonlik vir Kaðlin saamgeneem. Eenmaal was hy besig om hout te kap toe nege *skrælingar* daar opdaag. Hulle het aangedui dat hulle velle wou ruil, maar Valgarðr was onwillig om sy *brynja* af te staan. Hulle het verder gewys dat hulle wou hê dat hy en Kaðlin saam met hulle gaan, en daar is besluit om die skip daar te los en die *skrælingar* te volg. "Jy dink nie hulle gaan ons dalk in 'n pot sit en opkook vir 'n midsomerfees nie?"

"Dis 'n moontlikheid dat hulle so iets dalk kan probeer."

"Ek maak net seker dat jy daarvan bewus is," het sy geantwoord.

Daar aangekom, is hulle na die hoofman geneem. Hy het baie gepraat, maar uiteraard kon die twee niks verstaan nie. 'n Vuur is gemaak toe die jagters met 'n hert teruggekeer het, en daar is op tromme gespeel. Valgarðr en Kaðlin het toegekyk hoe die hert geslag en op die vuur gesit word, en die dansers en

³⁴ "Spook/Grafbewoner"

ander stamlede ook dopgehou. 'n Jong seuntjie het na Valgarðr gekom en hy het sy swaard vir die kind gegee om na te kyk en vir sy vriende te wys, maar hom nie toegelaat om te ver daarmee weg te gaan nie. Die hoofman het hulle deurgaans dopgehou terwyl die sjaman die verrigtinge gelei het deur om die vuur te dans.

"Ek het 'n droom gehad," het Kaðlin gesê. "Ek was weer vier jaar oud, maar ek het volwasse geredeneer - net die liggaam was klein. Ek was weer by my ouerhuis, en in die een hoek het ek 'n spinnerak gevind waarop 'n hasie met blink blou vere vasgesit het. Daar het vlieë op die spinnerak kom sit, en later was daar só baie dat hulle hom toegesit het terwyl hulle sy vere uittrek. Toe kom daar 'n kat aan - of dalk 'n beer - dit was 'n kruising van die twee. Hy het toe aan die spinnerak gepluk, die spinnekop het wakker geword en uitgekrom. Ek is toe bang hy gaan die hasie eet, so ek wou die beerkat keer, maar aan die ander kant het ek gedink die spinnekop kon dalk die vlieë eet en die hasie red. Toe het die spinnekop die beerkat geëet en die vlieë het weggevlieg. Ek het toe die hasie van die spinnerak afgehaal, maar al sy vere was uitgetrek en hy is toe dood."

"Dalk is dit beter so; vlieënde hase sal te vinnig aanteel," het Valgarðr geantwoord en verder die *skrælingar* dopgehou.

Hulle het waargeneem dat daar twee paartjies was wat deur 'n ritueel gaan na afloop van die ete, en aangeneem dat dit 'n huwelikeremonie was.

"Dalk het dit tyd geword dat ons hierdie ritueel meemaak." Valgarðr het vir haar geglimlag.

"Dit is 'n voorstel wat op 'n vroeëre stadium alreeds gemaak kon wees." Hulle het opgestaan en beduie dat hulle ook deel wou uitmaak van die verrigtinge. Die *skrælingar* was blykbaar ingenome daarmee, en het hulle ingesluit.

Na die troue het hulle saam met die *skrælingar* gedans en geëet. Later het

die sjaman na hulle gegaan, en was veral geïntereeserd in die *fylfot* om Kaðlin se nek. Sy het dit aan hom gegee met hulle vertrek, maar eers nadat Valgarðr sy toestemming gegee het. Hulle het die aand daar geslaap, en die volgende dag na die skip teruggegaan en na Valstígr teruggekeer, waar hulle oorwinter het. Kaðlin het gesê dat die *mundr* en *heimanfylgja* irrelevant geword het toe hulle twee se families dood is, en Valgarðr het met haar saamgestem. Nogtans het hy 'n kilogram silwer uit sy kis geneem en vir haar gegee, ingeval sy dit nodig sou kry.

Hoofstuk 22

Haganrich het in Roðinnhellir gewoon sedert Valgarðr se vertrek, maar nooit Hjartar-horn herbou nie. Hy was om en by veertien winters daar nadat Valgarðr weg is, en het wel die grond verdedig teen diegene wat dit wou koop of inneem. Bedags het hy gejag, vis gevang en soms met verbygangers handel gedryf, ter wille daarvan om kos en heel klere te verkry. Een oggend na *Jól* het hy wakkergeword en 'n figuur in die opening van die grot gesien staan, en die figuur het na buite oor die ruïnes van Hjartar-horn gekyk. "Dit is tyd dat jy gaan," het hy aan Haganrich gesê, "my seun is op pad terug; sy liggaam is uitgedien."

"Hoe gaan jy hom hier kry?"

"Ek sal 'n boodskapper stuur."

"Hoekom nou?"

"Jy het lank genoeg op die grafte van die dooies gesit; dit is tyd dat ons selfstandig ons regmatige plek inneem, en jy ook. Beste wense aan Vladimir; ons sal mekaar weer sien."

"Ek betwyfel dit nie." Haganrich is terug na Kœnugarðr, en is hierna uit

hierdie storie.

Nadat hulle die winter in Valstígr gebly het, het Valgarðr en Kaðlin na Markland teruggekeer, hierdie keer met die oog daarop om die *skrælingar* te sien. Hulle is vriendelik by die nedersetting ontvang, en sitplek by die vuur aangebied. Valgarðr het wyn saamgeneem en aan die hoofman gegee, wat breed geglimlag het nadat Valgarðr dit met gebare van dronkenskap aan hom verduidelik het. Vleis is weereens op 'n spit gebraai, met ertappels, wat 'n nuwe smaak vir die twee *Oosterlinge* was.

Valgarðr het na die sjaman gekyk, en gesê: "Dit is moeilik om van iemand te praat as hy nie 'n naam het nie: ons noem hom Alvit³⁵."

"Jy onthou van Leifr se eerste ekspedisie na Vínland, toe hy vir Þórir austmaðr en Guðríðr Þorbjarnardóttir gered het?" het Kaðlin gesê.

"Ek stel nie belang in skinderstories nie."

"Ek ook nie, luister. Þórir is mos dood, en toe is sy met Þorsteinn Eiríksson getroud. Na sy dood as gevolg van die plaag is sy mos met Þorfinnr Karlsefni getroud, en hulle het saam die nedersetting by Vínland probeer - toe die *skrælingar* 'n paar van hulle doodgemaak het toe hulle die mense probeer uitbuit het.

"Wel, kort daarna het hulle na Eiríksfjörðr teruggeseil en van hulle ervarings vertel. Sy beweer sy het eendag langs die bed van haar seun Snorri gesit - die eerste van ons mense wat in Vínland gebore is - toe daar 'n skadu in die deur verskyn het. Sy het gesê dit was 'n vrou met 'n noupassende swart tuniek, en sy het 'n band om haar donkerbruin hare gehad. Sy was kalkwit, en sy het ongewone groot, donker oë gehad."

³⁵ "Alwetend"

"Dit klink dalk bekend."

"Maar wag, daar's meer. Die vrou vra vir haar wat haar naam is, en sy sê: 'Guðríðr, wat's joune?' En die vrou antwoord: 'Guðríðr', waarna die vrou verdwyn het."

"Donner. Hoekom het sy verdwyn?"

"Niemand weet nie. Dit was dieselfde oomblik toe een van die *skrælingar* deur Karlsefni se mans doodgemaak is, maar niemand anders het die vrou gesien nie. En ek weet wat jy gaan sê: hierdie is nie 'n gerug nie; dis wat Guðríðr Þorbjarnardóttir self gesê het."

"Ek wonder hoe dit geïnterpreteer moet word. Vreemde gebeurtenisse word ervaar as 'n mens so ver weg is van jou huis." Hierna het Valgarðr stil geword.

"Sal ek altyd Guðríðr se plek vul, of sal ek eendag my eie plek in jou lewe kry?"

"Net die tyd sal leer."

"Hoekom kom ons na die *skrælingar* om met mekaar te gesels? Kan dit nie by die huis gedoen word nie?"

"Ek het iets kom haal by Alvittr," het Valgarðr gesê en na die sjaman gegaan waar hy en die hoofman gestaan het. Hulle het vir mekaar beduie, en Valgarðr is 'n sakkie gegee, waarna Alvittr gesê het:

"Jy verstaan nog steeds nie: jy moet ontsnap uit die beperkings van jou denke, uit die beperkings van materie, van die noodlot. Dan en dan alleen sal jy kan vry wees." Valgarðr het gefrons: "Is jy vry?"

"Nee, nie solank ons geskei is nie."

"Hoekom verstaan ek jou nou?" waarop Alvittr weer in sy taal voortgegaan het, en Valgarðr niks kon verstaan nie.

Hulle het 'n paar aande by die *skrælingar* gebly, waarna Valgarðr gesê het

dat hy nog hout moet gaan kap sodat hulle kan terugkeer na Groenland.

Hoofstuk 23

Daar was gedroogde sampioene in die sakkie wat Alvitir vir hulle saamgegee het. Valgarðr en Kaðlin het dit 'n paar aande later geëet waar hulle alleen langs die vuur in Markland gesit het, terwyl hulle vir 'n gunstige wind gewag het sodat hulle kon terugkeer. Dit was in die jaar wat Sveinn Haraldsson dood en deur Knútr opgevolg is, wat later oor die hele Engeland, Norvegr, Danmörk en 'n gedeelte van Svíþjóð regeer het.

Hulle het na die vuur gekyk, en Valgarðr het begin praat: "Ek het gedroom ek seil alleen na Vínland, en ek het deurgeseil tussen Markland en 'n eiland³⁶. Ek het 'n inham gevind, my skip vasgemeer en opland gegaan. Op die horison het ek 'n menslike figuur opgemerk, en na hom gegaan. Die figuur het my aangekyk en na die naaste berge gewys, en ek het gesien dat daar 'n silwer armband om sy arm was wat uitgebeeld het hoe 'n slang homself insluk. Ek het probeer sien waarheen hy wys, maar toe ek terugdraai was hy weg. Ek het in die rigting van die berge begin loop, en teen die middag twee drake gewaar wat geveg het, soos in jou droom. Ek het voortgegaan en 'n vrouefiguur geklee in 'n swart rok met swart hare teëgekrom waar sy onder 'n alleenstaande boom gewag het. Sy het my met donker oë aangekyk wat skynbaar deur my kon sien, en met 'n roos in haar hand gesê: 'Drome en ideale is soms meer aangrypend as die werklikheid self.' Hierna het sy verdwyn sonder om vir my insette te wag. Sy het geen gesig gehad nie; dit was net die oë wat ek kon sien.

"Ek het verder geloop en later 'n vrou gesien met vlerke, soos Freyja se veremantel, en haar vlerke was gesprei met die son in die agtergrond. Ek het

³⁶ Belle Isle Straat

aangegaan, en toe ek opkyk het ek 'n arend gesien verbyvlieg. Hy het bo my in die lug gehang, my aangestaar en na 'n ruk weggevlieg. Teen skemer het ek nog 'n vrouefiguur teëgekome, hierdie keer met 'n wit rok en blonde hare, weereens sonder 'n gesig maar wel met pupillose wit oë. Haar vel het 'n bloueriige skynsel gehad, en sy het gesê: 'Om die wêreld te verstaan is die eerste stap daarheen om dit te beheer.'

"Weereens het ek verder gegaan, en teen die berg opgeklim. Driekwart op na die kruin het ek 'n perderuiter gewaar, met takbokhorings en 'n mantel, wat oor die berg verdwyn het. Ek het nog geklim, en met 'n koning en koningin gepraat, maar ek kon nie uitmaak wat ek gesê en hulle geantwoord het nie. Hierna het ek 'n grot gevind, en besluit om daar in te gaan. Daar was simbole teen die mure, skadu's en skrif wat ek nie kon sien nie. Ek het 'n lig dieper in die grot gesien, en daarheen gegaan. Dit was 'n vuur, en daaruit het 'n vrou met rooi hare gekom, wat 'n skild aan my gegee het. Haar gesig was verduister omdat die lig agter haar was, en ek het die skild geneem en bekyk. Dit was 'n ronde skild, met 'n swart *fylfot* in die middel teen 'n wit agtergrond, omring deur 'n rooi sirkel. Sy het aan my gesê: 'Trots kan jou bondgenoot wees, solank jy op die regte ding trots is.'

"Sy het ook gitswart klere vir my gegee: 'n broek en 'n tuniek, velthoed en stewels wat tot net onder my knieë gekom het - alles swart, en 'n swart beerpels. Ek het die klere aangetrek, uit die grot gegaan en buite het ek gemerk dat my spore deur graspolle uitgewis is, en ek het wakker geword."

"Dit is vir 'n verandering 'n bruikbare droom," het Kaðlin opgemerk, "maar my brein is bietjie afgeskakel nou. Wanneer het jy dit gedroom?"

"Nou net."

Die volgende oggend was daar 'n gunstige wind, en hulle het teruggeseil na Valstígr.

Hoofstuk 24

Kort hierna het Valgarðr longontsteking gekry, en gevra dat Kaðlin hom na Roðinnhellir terugneem: "Ek het 'n belofte aan my broers gemaak, en ek beplan om dit na te kom. Hierdie sal my laaste siekte wees." Sy het alles verkoop en met die geld op 'n *knörr* geklim wat op pad was na Norvegr, en Valgarðr het haar ook gestuur om sy kis vol silwer te gaan opgrawe sodat dit saamgeneem kon word. Op see het sy toestand vererger, maar hulle het veilig by Niðarós aangekom, waarna hulle te perd na Aldinngáta is.

Met moeite het hulle by Roðinnhellir aangekom, en Valgarðr het in die mond van die grot gaan sit met sy rug teen die rotswand en oor die ruïnes van Hjartar-horn uitgekyk, terwyl hy Vekja uitgehaal en langs hom neergesit het. "Het jy ooit die verhaal van Roland gehoor, hoe Karl die Grote se agterhoede uitgewis is?"

"Die verhaal is bekend aan my."

"Ek weet dis als net 'n poging om steun vir hulle geloofsiening te werf, maar ek het gehou van die manier hoe Roland dood is; hoe hy die heuwel uitgeklim het en sy gesig na die vyandelike gebiede gedraai het, sodat hy kon sterf as 'n oorwinnaar; 'n veroweraar."

"Gaan jy weer dramaties word?"

"Gun my dit. Ek wil uitkyk oor die land van die lewendes, oor hierdie wêreld, en neersien daarop. Pagall het eenmaal aan my gesê: Om te lewe is vernederend. Ek het alles verloor wat iets vir my beteken het, en niks oorwin nie. Ek het nie eens my *Dauðrkviða* voltooi nie, en daar was nog dele wat ek wou oordoen; ek gaan geensins met meer hieruit as waarmee ek ingekom het nie." Valgarðr het Vekja opgetel en bekyk: "Daar's nie bloed op my swaard nie." Hy

het hierna stilgebly en oor die berge en valleie en fjords uitgestaar, en so gesterf. Kaðlin het sy liggaam in Roðinnhellir begrawe, tussen die as van die ander, met net Vekja saam met hom.

Nadat sy hom begrawe het, het sy by die mond van die grot gaan sit en oor die landskap uitgestaar. Sy het nooit weer daar opgestaan nie, en daar was niemand om haar liggaam te begrawe nie.

Alfabetiese lys van eiename genoem

Woordbetekenisse is in navolging van Gordon (1957) se glossarium, en word aangedui met "G", maar aangesien baie daarvan kombinasies is en in elk geval alfabeties gelys word in sy glossarium, is bladsynommers nie verskaf nie. As 'n ander bron gebruik is, is dit so aangedui.

Aðalráðr Játgeirsson (Æpelred Unræd), koning van Engeland (978/979 - 1013, 1014 - 1016 AD)

Aðalsteinn (Æpelstan), koning van Engeland (924 - 939 AD)

Aðísla Goðinsdóttir, eggenote van Knútr Aldúlfsson

Aþmiul, eggenote van Manus

Aldúlfr Geirreksson, vader van Gunnvaldr

Alfred die Grote, koning van Engeland (871 - 899 AD)

Alf Askman, broer van Gunnhildr konungamóðir

Algrár ("alles grys", G), Pagall se spies

Alvitr ("alwetend", G), *skrælingr* sjaman

Angan ("geliefde een", G), priester van Óláfr Tryggvason

Ansvarr, kryger in *félag*

Arnbjörn Gunnvaldsson, broer van Valgarðr

Arnfiðr, vader van Ásleifr

Arni Arnmódsson, veg by Hjörungavágr

Arnmód, vader van Arni

Arthur, mitologiese koning van Camelot, sien veral Sir Thomas Malory se *Le Morte d'Arthur*

Áshildr Valgarðsdóttir, dogter van Guðríðr en Valgarðr

Ásleifr Arnfiðsdóttir, moeder van Guðríðr

Astrið Burislavsdóttir, eggenote van Sigvaldi

Attila, koning van die Hunne vanaf 445 tot en met sy dood in 453 AD

Avanqr, vader van Halla

Bárðr Herjólfsson, vader van Herjólfur, die vader van Bjarni

Ben-grefill ("wond-graveerder", G), Druian se swaard

Bjólfr Ríkviðsson, neef van Valgarðr

Björn sörkell ("swart helm", G), kryger in *félag*

Bjarni Herjólfsson, eerste Westerse ontdekker van Vínland (Noord Amerika)

Boudica, koningin van die Iceni in 60/61 AD

Búi Digre Vesetisson, Jómsvíkingr by Hjörungavágr

Burghard, naam wat Valgarðr in sy droom genoem word

Burislav, regeerder in Vendland

Cailleach Bheur, Simpson (1987: 62) skryf dat sy in die Skotse legende 'n personifikasie van winter en 'n beskermmer van wilde diere was

Dagda, Keltiese mitologiese aanvoerder van die Tuatha Dé Danaan en 'n god van die aarde (Squire, 2000: 46)

Dagný Fróstúlfsdóttir, slavin van Þagall en Þorsteinn Egillsson

Drífa Fróstúlfsdóttir, slavin van Þagall

Druian McManus, vriend van Valgarðr en peetkind van Gunnvaldr Aldúlfsson

Dunstan, aartsbiskop by Calne in Wiltshire, Engeland

Eadward I, koning van Engeland (899 - 924 AD)

Eenoog, naam vir Óðinn

Egill Skallagrímsson, Yslandse skald, sien *Egils saga Skallagrímsonar*

Egill, vaandeldraer van Haraldr Hárfagri

Einarr, kryger in *félag*

Einarr Helgason (Skaldmeyar-Einarr) skálaglamm ("klingel-skaal", Eddison, 1930: 321), Yslandse skald

Einarr lítill ("die kleine", G), veg by Hjörungavágr

Einarr Tambarskelver, boogskutter van Óláfr Tryggvason by Svold

Eiríkr, kryger in *félag*

Eiríkr sigrsæll ("oorwinning gelukkig", G) **Björnsson**, koning van Swede (980 - 995 AD)

Eiríkr blóðøxe ("bloedbyl", G) **Haraldsson**, koning van Noorweë (930 - 934 AD, regeer York 948 - 954 AD)

Eiríkr Hákonarson, jarl in Hlaðr (1000 - 1014 AD)

Eiríkr rauði ("die rooie", G), verkener en koloniseerder van Groenland

Eldhrímnir, pot volgens Noorse mitologie in Valhöll waarin die vark Sæhrímnir daagliks gekook word

Erling, opsigter oor Þrándheimr, aangestel deur Haraldr Gráfell

Erling van Skuggi, veg by Hjörungavágr

Eyjólfur Saur, vermoor deur Eiríkr Rauði

Eyvindr Kelda, heidense leier in Hálogaland

Eyvindr Finnsson skáldaspillir ("vernier van gedigte", G), Yslandse skald in die tiende eeu

Eyvindr Skröia, broer van Gunnhildr konungamóðir

Feitrsnót ("vet vrou", G), skip van Grettir Þorsteinsson

Fjöðr ("veer, vlerk", G), Valgarðr se perd

Finnr Armódsson, veg by Hjörungavágr

Finnr, boogskutter van Eiríkr Hákonarsson by Svold

Folkvé Avangrsdóttir, suster van Halla

Freyja, godin van vroulike vrugbaarheid en towerkuns, dogter van Njörðr en suster van Freyr; deel van die Vanir (Crossley-Holland, 1980: 242)

Freydis Eiríksdóttir, suster van Þorvaldr, Leifr heppni en Þorsteinn

Gamle Eiríksson, broer van Haraldr Gráfell

Garðr Þorvaldsson, broer van Guðríðr
Geirmundr hvítr ("die witte", G), veg by Hjörungavágr
Geirrekr, vader van Aldúlfr
Gísla, moeder van Ásleifr
Gizurr van Valdars, word met pyl getref by Hjörungavágr
Gormr gamli ("die oue", G), koning van Denemarke (936 - 958 AD)
Goðin, vader van Aðísla
Godfred, koning van Denemarke; tydgenoot van Karel die Grote
Grettir Þorsteinsson, vader van Þorvaldr
Grímhildr, Þorsteinn svartir se vrou
Guðbrandr hvítr ("die witte", G), veg by Hjörungavágr
Guðríðr Þorvaldsdóttir, eggenote van Valgarðr
Guðríðr víðförla ("wyd-varend", G) **Þorbjarnardóttir**, eggenote van Þórir, Þorsteinn Eiríksson en Þorfinn Karlsefni
Guðrún, moeder van Hrafnhildr
Guðrún Gjúkadóttir, eggenote van Sigurðr Fáfnisbani, sien nota
Gunderstrup Kookpot, versilwerde bak wat dateer uit die eerste eeu waarop 'n Druïdiese toneel van offer en herlewing uitgebeeld is (sien nota).
Gunnarr Knútsson, neef van Valgarðr
Gunnbjörn Ulfsson, eerste man wat Groenland gesien het
Gunnhildr Burislavsdóttir, eggenote van Sveinn Haraldsson
Gunnhildr Gunnvaldsdóttir, suster van Valgarðr
Gunnhildr konungamóðir, vrou van Eiríkr blóðøxe Haraldsson
Gunnvaldr Aldúlfsson, vader van Valgarðr
Gyða Sveinnsdóttir, eggenote van Eiríkr Hákonarson
Haganrich skrælingsbani ("doodmaker van *skrælingar*", G), Duitser en kennis van Valgarðr

Hákon Aðalsteinnsfóstri ("peetkind van Aðalsteinn", G) **Haraldsson**, koning van Noorweë (934 - 961 AD)

Hákon Eiríksson, seun van Eiríkr Hákonarson en Gyða Sveinnsdóttir

Hákon Fróstúlfr, kryger in *félag*

Hákon Hlaðar Grjotgardsson, jarl in Þrándheimr in vroeë tiende eeu

Hákon Sigurðsson, jarl in Þrándheimr (963 - 995 AD)

Hálfdanr grásteinn ("grys steen", G), kryger in *félag*

Hálfdanr svartí ("die swarte", G), koning van Noorweë (d. 860 AD)

Hálfr, kryger in *félag*

Halla Avangrsdóttir, moeder van Valgarðr

Hallmund Avangrsson, broer van Halla

Hallsteinn Kerling, veg by Hjörungavágr

Hallsteinn Ríkviðsson, neef van Valgarðr

Haraldr gráfell ("grys pels", G) **Eiríksson**, koning van Noorweë (961 - 970 AD)

Haraldr Gormsson blátand ("blou/swart tand", G), koning van Denemarke (958 - 987 AD)

Haraldr hárfagri ("mooi hare", G), koning van Noorweë (860 - 930 AD, d. 933 AD)

Haraldr Sveinnsson, koning van Denemarke (1014 - 1018 AD)

Hárekr í Þjóttu, heidense leier in Hálogaland

Haugbúi ("spook, grafbewoner", G), Valgarðr se skip in Groenland

Hávarðr van Flydruness, veg by Hjörungavágr

Hávarðr höggvandi ("met die gewoonte om te kap", G), veg by Hjörungavágr en beweer hy het Þorgerðr Holgabruð gesien

Heiðr Knútsdóttir, niggie van Valgarðr

Heiðrún, sien nota

Hel, godin van die dooies, sien nota

Helgi Sigmundsson hundingsbani, volgens die *Second Poem of Helgi*

Hundingsbani is hy vernoem na Helgi Hjórvarðsson en is getroud met Sigrún Hognisdóttir, die reïnkarnasie van Svava wat met Helgi Hjórvarðsson getroud was (Larrington, 1996: 133).

Heming Strút-Haraldsson, bevelvoerder van Jómsvíkingar by Hjörungavágr

Herfjötur ("binder van 'n weermag", Young 1954: 61), 'n *valkyrja*

Herjan die boodskapper, wat Valgarðr-hulle in kennis stel van die Jómsvíkingar. Dit is ook een van die name van Óðinn.

Herjan ("plunderaar", Young 1954: 31), naam van Óðinn

Herjólfur Bárðarsson, vader van Bjarni

Hjarn ("harde sneeu", G), Pagall se swaard

Hildigarðr Þorvaldsdóttir, suster van Guðríðr

Hlífsteinn hvítr ("die witte", G), kryger in *félag*

Hólmgang-Hrafn, doodgemaak deur Eiríkr Rauði

Hrafnhildr Guðrúnsdóttir, eggenote van Aldúlfr

Hrafnkell, kryger in *félag*

Hrefna Ölvirsdóttir, eggenote van Ríkvíðr Aldúlfsson

Hróaldr Gunnvaldsson, broer van Valgarðr

Hvalr Þorvaldsson, broer van Guðríðr

Iceni, Keltiese stam onder leiding van Prasutagus en Boudica

Igor, die prins van Koenugarðr (913 - 945 AD)

Illi-ligr ("lelik, afskuwelik", G), wat Gunnvaldr homself teenoor Pagall noem

Ingibjörg Þorkellsdóttir, eggenote van Vagn Akason

Ingigerðr Óláfsdóttir, eggenote van Yaroslav spaki

Ingólfr Arnarson, man wat nedersetting in Ísland begin het

Irpa, saam met Þorgerðr Holgabruð beskermgodin van Hákon Sigurðsson

Jörund Ulfsson, vader van Þjóðhildr

Kaðlin, dogter van Manus en eggenote van Arnbjörn en Valgarðr

Kark, die slaaf van Hákon Sigurðsson

Karl die Grote (Charlemagne), koning van Franke (768 - 800 AD); keiser van die Heilige Romeinse Ryk (800 - 814 AD)

Karl Martel, Merovingiese koning van Franke in 8ste eeu

Knútr Aldúlfsson, broer van Gunnvaldr

Knútr Sveinnsson, koning van Denemarke (1019 - 1035 AD)

Kolgrímr, kryger in *félag*

Kveldúlfr, vader van Skallagrímr

Kvernbítr ("meulsteen-byter", Monsen, 1931: 73), Hákon Aðalsteinnsfóstri se swaard

Leifr heppni ("die gelukkige", G) **Eiríksson**, man wat Vínland ontdek het

Manus, vader van Druian, Mýrún en Kaðlin

Mjötuðr ("uitdeler van die noodlot", G), Haganrich se swaard

Mýrún, dogter van Manus, eggenote van Bjólfr Ríkvíðsson

Óðinn, god van gesneuweldes, wysheid, towerkuns en poësie

Óláfr Avangrsson, broer van Halla

Óláfr Skotkonung Eiríksson, koning van Swede (995 - 1022 AD)

Óláfr Tryggvason, koning van Noorweë (995 - 1000 AD)

Ölvir, vader van Hrefna

Ongendus, koning van Denemarke rondom 737 AD. Hy het geweier om gekersten te word deur die sendeling, Willibrod (Roesdahl, 1998: 133).

Ormrinn Langi ("die lang slang", G), Óláfr Tryggvason se skip

Otto I, Duitse koning en keiser (936 - 973 AD)

Otto II, Duitse koning en keiser (973 - 983 AD)

Prasutagus, koning van die Iceni

Ráðgríðr ("vernietiger van raad"), 'n *valkyrja*

Ragnhildr Porvaldsdóttir, suster van Guðríðr

Ragnvaldr van Ærvik in Stad, veg by Hjörungavágr

Rán, godin van die see en eggenote van Ægir, god van die see. Crossley-Holland (1980: 248) skryf dat sy drenkelinge met 'n net na onder trek.

Randgríðr ("vernietiger van skilde", Young 1954: 61), 'n *valkyrja*

Rauðr die Sterke, heidense leier in Hálogaland

Richard I van Normandië (942 - 996 AD)

Ríkviðr Aldúlfsson, broer van Gunnvaldr

Roland, held van die *Chanson de Roland*

Rúna, moeder van Halla

Rúnólfr, kryger in *félag*

Salgofnir, die haan wat die inwoners van Valhöll wakkermaak

Sigríðr Stórráða ("die hoogmoedige/ambisieuse", G) **Tóstadóttir**, koningin van Swede en eggenote van Eiríkr sigrsæll Björnsson en Sveinn Haraldsson

Sigrún Fróstúlfsdóttir, *Rusalka* wat Valgarðr red en genees na die eerste geveg teen Ólafr Tryggvason; slavin van Þagall

Sigrún Hognisdóttir, Helgi Hundingsbani se vrou en volgens die twee gedigte oor hom, ook 'n valkyrja. Sien nota oor Sigrún.

Sigurðr Hlaðar, jarl van Hlaðr in Þrándheimr

Sigurðr, jarl van Orkney (985 - 1014 AD)

Sigurðr Fáfnisbani ("doodmaker van Fáfmir", G) **Sigmundsson**, held van die *Völsunga saga* asook 'n paar gedigte in die *Poëtiese Edda*. Hy staan as Siegfried bekend in die *Nibelungenlied*.

Sigurðr Steikling, veg by Hjörungavágr

Sigurðr rafnsvartr ("raafswart", G), kryger in *félag*

Sigurðr Vesetisson, Jómsvíkingr by Hjörungavágr

Sigvaldi Strút-Haraldsson, Jómsvíkingr aanvoerder by Hjörungavágr

Sihtric Ivarson, leier van Dublin *víkingar*
Skallagrímur Kveldúlfsson, vader van Egill
Skeggi van Ophaug, veg by Hjörungavágr
Skoglar-Tósti, vader van Sigríður Stórráða
Skuli Þorsteinsson, kleinseun van Egill Skallagrímsson
Sköldúlfr, kryger in *félag*
Snorri Sturluson, Yslandse historikus en letterkundige (1187 - 1241 AD)
Snorri Þorfinnsson, seun van Guðríður Þorbjarnardóttir
Snæbjörn Avangrsson, broer van Halla
Steinarr Ríkviðrsson, neef van Valgarður
Steinbjörn Þorvaldsson, broer van Guðríður
Strút-Harald, vader van Sigvaldi, Heming en Þorkell
Styrkar van Gimsar, veg by Hjörungavágr
Svanhildr Sveinnsdóttir, moeder van Guðríður
Sveinn, vader van Svanhildr
Sveinn Hákonarson, broer van Eiríkr
Sveinn Haraldsson tjúguskegg ("vurkbaard", Hallakarva), koning van Denemarke (986 - 1014 AD)
Sveinn aðalbrandr ("edel swaard", G), kryger in *félag*
Svíar, die mense van Swede
Svjatoslav prins van Koenugarður (945 - 972 AD)
Sæhrímnir, vark in Valhöll
Sørkvir Knútsson, neef van Valgarður
Tyri Haraldsdóttir, suster van Sveinn en eggenote van Burislav
Tyrkir, Duitser op Vínland ekspedisie
Undri (Undry), "cauldron [...] in which everyone found food in proportion to his merits, and from which none went away unsatisfied" (Squire, 2000: 46).

Vágaviggruðr ("ruiter van die perd-boom", i.e. seevaarder, G). *viggruðr* ("perd-boom") sal 'n perderuiter aandui

Vagn Akason, bevelvoerder van Jómsvíkingar

Valgarðr Gunnvaldsson, *lendr maðr* in Hálogaland

Valstígr ("pad van gesneuweldes", G), Valgarðr se huis in Groenland

Vanir, familie van (vrugbaarheids) gode in Noorse mitologie, waarvan die bekendstes Freyr, Freyja en Njörðr is

Vé, sien nota

Vekja ("om wakker te maak", G), Valgarðr Gunnvaldsson se swaard

Verðandi, een van drie Norns, sien nota

Vérún Gunnvaldsdóttir, suster van Valgarðr

Vígfús Víaglúmsson, Yslandse skald by Hjörungavágr

Vili, sien nota oor Vé

Vladimir, prins van Koenugarðr (978/980 - 1015 AD)

Vóden, 'n ander vorm van Óðinn (vgl. Young, 1954: 26)

Yaropolk, prins van Koenugarðr (972 - 978/980 AD)

Yaroslav spaki ("die wyse", G), prins van Koenugarðr (1019 - 1054 AD)

Yggdrasill, boom in Noorse mitologie waar rondom die wêreld gebou is

Pagall ("stilte", G), hoër wese wat tot Valgarðr vebind is

Þjóðhildr Jorundsdottir, vrou van Eiríkr Rauði

Þoralfr Skolmsson, veg saam met Hákon Aðalsteinnsfóstri by Fitjar

Þord, Yslandse skald by Hjörungavágr

Þore van Hálogaland, heidense leier

Þorfinnr Karlsefni, ekspedisieleier na Vínland

Þorgerðr Holgabruð, beskermgodin van Hákon Sigurðsson saam met Irpa by Hjörungavágr

Þorgerðr, vrou van Herjólfur Bárðarsson, moeder van Bjarni

Porgestr van Breiðabolstaðir

Porgunna, Jómsvíkingr by Hjörungavágr

Pórir Hart, veg by Hjörungavágr

Pórir austmaðr (oosterling", G), Guðríðr Þorbjörnsdóttir se man

Porkell Leira van Víken, veg by Hjörungavágr

Porkell Midlong, veg by Hjörungavágr

Porkell Strút-Haraldsson, Jómsvíkingr by Hjörungavágr

Porleifr Skúma, Yslandse skald by Hjörungavágr

Porsteinn, vader van Grettir

Porsteinn járnскеggi ("ysterbaard", G), kryger in *félag*

Porsteinn Egillsson, vader van Skuli

Porsteinn Eiríksson, broer van Leif en Þorvaldr

Porsteinn svartí ("die swarte", G), oorleef epidemie in Groenland

Porvaldr Asvaldsson, vader van Eiríkr Rauði

Porvaldr Eiríksson, broer van Þorsteinn en Leif

Porvaldr Grettisson, vader van Guðríðr

Porvarðr, eggenote van Freydis Eiríksdóttir

Æsir, familie van gode wat Ásgarðr bewoon en Þórr, Óðinn en Tyr insluit

Lys van vreemde plekname:

Aldeigjaborg, (Staraja Ladoga) handelsdorp op die oewer van die meer Ladoga in Rusland

Aldinngáta ("ou raaisel", G) berg naby Hjartar-horn. "Aldinngata" sal "ou weg/pad" beteken.

Ásgarðr, woonplek van die Æsir

Birka, handelsdorpie op die eiland Börko in die meer Mälaren in Swede (Roesdahl, 1998: 123)

Björkö, eiland Börko in die meer Mälaren in Swede

Bláland "land van blou/swart mense", Noord Afrika (Monsen, 1931: 1)

Brattahlíðr, woonplek van Eiríkr rauði in Groenland. Brattahlíðr word tans Qassiarsuk genoem en is in die distrik van Qaqortoq

Breiðabólstaðr, woonplek van Þorgestr

Breiðafjörðr, in Wes-Ysland

Borg, in die gebied van Mýrar in Wes-Ysland

Danevirke, verdedigingsmuur in die suide van Denemarke

Dannmörk, Denemarke

Drangar, plek waar Þorvaldr en Eiríkr rauði in Ysland woon

Drepstock, plek waar Bárðr Herjólfsson woon

Dunnotar, kasteel naby Aberdeen in Skotland

Eiríksfjörðr, fjord naby Brattahlíðr in Groenland. Eiríksfjörðr word vandag Tungugdliarfik genoem

Finnmörk, noordelike gebied van Noorweë, deesdae Finnmark

Fitjar, tans Fitja in die noordweste van Stord in Hordaland

Frædarberg, tans Freihaugen op die eiland Fredöy

- Garðar**, woonplek van Freydis Eiríksdóttir in Groenland
- Garðaríkr**, Rusland
- Gautland**, Götland in Swede
- Gimsar**, tans Gimsan in Noorweë
- Glaðsheimr**, saal van die gode in Noorse mitologie
- Godöy**, waar Rauðr se huis is in die Saltfjorden
- Grettistaðr**, woonplek van Þorvaldr Grettisson
- Grœnland**, Groenland
- Hálogaland**, gebied in die noorde van Noorweë
- Heillstaðr** ("veilige plek", G), Valgarðr se aparte houthuisie op Aldinngáta
- Helluland**, tans Baffin-eiland
- Hjartar-horn** ("horing van hert", G), erfplaas van Aldúlfr Geirreksson, naby Tromsø
- Hjörungavágr**, tans Liavag in Hjörungsnes by Hareidland, naby Ålesund
- Hlaðr**, gebied wat tans Trøndelag in Noorweë genoem word, naby Trondheim
- Hod**, eiland tans bekend as Hareidland
- Hólmgarðr**, Novgorod in Rusland
- Holtseteland**, tans Holstein in Noord-Duitsland
- Horðaland**, gebied naby Bergen in Noorweë
- Hornstrandir**, gebied in Ysland waar Þorvaldr en Eiríkr rauði woon
- Ísland**, Ysland
- Jómsborg**, naby Wolin in Pole
- Jorvik**, York
- Jutland** of Jylland, die noorde van Denemarke
- Jæderen**, plat gebied tussen Stavanger en Rogaland in Wes-Noorweë
- Kattegat**, straat tussen Denemarke en Swede
- Kaupang**, handelsdorp in Vestfold, Noorweë ("kaupa" beteken "om te koop", G)

Kirkenes, dorp in Finnmark

Kœnugarðr, Kiëf in Rusland

Aldeigja, Ladoga meer

Lappland, gebied wat strek oor die noorde van Skandinawië

Limfjörðr, Limfjorden in Noordwes-Denemarke

Lofoten eilande, eilande aan die noordwestelike kus van Noorweë

Lysafjörðr, fjord aan die weskus van Groenland

Markland, tans Newfoundland

Mälaren, groot meer in Swede naby Stockholm

Miðgarðr ("middel-woonplek", G), mitologiese plek waar die mensdom bestaan

Mikligarðr, Konstantinopel (tans Istanbul)

Narvik, plek in die noorde van Noorweë

Niðarós, tans die stad Trondheim

Niflhel ("plek van duisternis", Young, 1964: 31), koue plek waarheen mense na die dood gaan as hulle nie dapper gesterf het nie

Norðymbraland, Northumbria

Nordkapp, noordelike punt van Finnmark, Noorweë

Norvegr, Noorweë

Noordsee, ook Noorweegse see

Normandië, gebied in Frankryk wat aan Hrólfr gegee is in 911 AD, oorspronklik dus *vikingr*-kolonie

Oderrivier, rivier wat uitmond aan die kus van Poland, naby Wolin

Ophaug, by Yrjar aan die noordweste kant van die Trondheimsfjord

Orkneyjar, Orkney-eilande noord van Skotland

Oxenöy, eiland in die Breiðafjörður in Ysland

Rastarkálfr, veld noord van Freihaugen op die eiland Fredöy

Raumaríkr, gebied in die distrik Akershus, naby Oslo

- Reykjanes**, suid-westelike punt van Ysland
- Roðinnhellir** ("rooi/bloedbevlekte grot", G), grot in die berg Aldinngáta
- Salptifjörður**, Saltfjorden in Noorweë
- Samsø**, Deense eiland naby die Store Bælt
- Saxland**, land van die Saksers, tans Sachsen in Duitsland
- Seim**, in Alversund-distrik in Hordaland
- Shetland eilande**, eilande noordoos van die Orkney-eilande
- Signavágr**, fjord naby Hjartar-horn
- Sigtún**, tans Sigtuna aan die oostekant van die Uppsalafjord in die Mälaren meer in Swede
- Skaggerak**, straat tussen Denemarke en Noorweë
- Skerrisborg**, op die Cotentin-skiereiland naby Cherbourg-Octeville
- Sleswick**, tans Schleswig in die noorde van Duitsland
- Stad**, op die grens van Söndmøre aan die weskus van Noorweë
- Steinnsnes**, eiland naby die Vestrålen, naby Lofoten eilande
- Steinmore**, in Westmoreland, Engeland
- Stord**, plek in die suide van Hordaland, Noorweë
- Svíþjóð**, Swede
- Svold**, eiland waarvan die posisie nie bepaal kan word nie
- Tör**, Taur, skiereiland tussen Mälar en die Baltiese see in Swede
- Tromsø**, stad in Noorweë in die gebied van Troms naby die 70° breedte lyn. Volgens Roesdahl (1998: 96) is dit die verste noord wat runestene gevind is
- Tunsberg**, Tönsberg in Hordaland, Noorweë
- Uppsalir**, moderne Uppsala, 'n belangrike heidense sentrum
- Valhöll**, Óðinn se saal waar hy dié wat dapper gesneuwel het, huisves
- Valland**, land van die Franke, i.e. rofweg Frankryk
- Valstígr** ("weg van gesneuweldes", G), Valgarður se huis in Groenland

Varangrfjörðr, Varangerfjorden in die noorde van Finnmark

Vatnshorn, in Ysland

Vendland, land van die Vends, gedeeltelik moderne Poland

Víken, tans Oslofjord

Vínland, tans Nieu-Skotland en Nieu-Brunswyk in Kanada

Vog, gebied in Ysland

Volkhov, rivier wat uitmond in die Ladozhskoye Ozero by Novaya Ladoga

Wolin, plek by die mond van die Oderrivier naby Szczecin in Poland

Þrándheimr, gebied in noord Noorweë, tans Trøndelag-distrik

Ærvik, plek in Stad, Noorweë

Alfabetiese lys van notas

berserkr, sien *kveldríða*

brynja, ON-woord vir wapenrusting gemaak deur *mail* (Gordon, 1957: 337) - metaal ringetjies wat aan mekaar vasgesit is om 'n metaal materiaal te maak. Gordon (1957: 356) noem ook die term *hringa-brynja*, 'n "coat of ring mail". Dit staan algemeen bekend as "chain-mail", maar die woord "mail" se betekenis word meesal aanvaar as iets wat uit 'n ketting gemaak is (Whyte, 2003: 58), so "chain-mail" is 'n oortolligheid. Daar bestaan verskillende patrone en moontlike patrone, maar die vorm wat in gebruik was in Europa is die vier-in-een metode waar elke ringetjie in vier ander geplaas word. Die meer algemene term ná die Wiking Era is *hauberk*, wat gewoonlik 'n *mail* "rok" aandui wat tot by die knieë kom, gewoonlik met 'n spleet in die middel om op 'n perd te kan sit. Die term "hauberk" (*hawberk*) is Frans en die gebruik daarvan word korrek oor die grootste gedeelte van Europa behalwe Skandinawië na 1100. Die *haubergeon* is gewoonlik korter (Oakeshott, 1960:175 - 176). In Chaucer se *Sir Thopas* word die *hauberk* aangedui as plaatyster ("plate armour"), terwyl die *haubergeoun* daaronder aangetrek word (teks uit Benson, 1988: 215):

He dide next his white leere
Of cloth of lake fyn and cleere,
A breech and eek a shirte;
And next his shirte a aketoun,
And over that an haubergeoun
For percynge of his herte;

And over that a fyn hawberk,

Was al ywroght of Jewes werk,
Ful strong it was of plate;

dauðrkviða "vers van dooies", sien afdeling oor poësie in teoretiese inleiding vir meer inligting oor ON-poësie.

ein-hleypingr (ar) "unmarried man of no fixed abode" (Gordon, 1957: 340).

félag, 'n geselskap. Roesdahl (1998: 58) merk dat die geselskap militêre pligte kon hê onder 'n leier, of burgerlik van aard kan wees, soos byvoorbeeld wanneer 'n groep mense saam 'n skip koop en bedryf.

félag, iemand wat tot 'n *félag* behoort.

fríðland "vrede-land". Eddison (1930: 278) skryf: "Finding that the burglar is not intent on *your* spoons and forks (because you haven't got any), you ask him to stay to supper. Normandy was *fríðland* to Norse vikings" (gegewe kursivering).

fylfot, ook bekend as hakekruis of swastika. Meesal bekend binne die Nazi-konteks, maar bestaan reeds vir millennia. Elliot Smith (vgl. Wells, 1951: 140) noem 'n neolitiese kultuur wat hy *heliolithic* noem, waarvan een van die kenmerke die gebruik van die swastika is. Dit het glo versprei rondom die Middellandse see, deur Indië, teen die kus van China op en tot in Mexico en Peru, asook in Noord Afrika. Aswynn (1998: 164) noem dat die simbool in Tibet, Japan, Griekeland en deur Noord-Amerikaanse Indiane gebruik is. In die Noorse tradisie is dit 'n simbool van die son, en Axel Olrik (vgl. Graves, 1968: 257) beweer dat dit met Þórr geassosieer kan word.

Guðrún Gjúkadóttir, suster van Gunnarr, Hogni en Guðorm. Sy vermoor Atli se twee seuns by haar, Erp en Eitil, kook hulle op en bedien hulle vleis aan hom, waarna sy Atli self om die lewe bring. In die *Atlakviða*, vers 43, staan geskryf:

Now this story is all told; never since has a bride
in a byrnie acted so to avenge her brothers;
she brought death to three kings,
that bright woman, before she died.

(Larrington, 1996: 216)

Sy word gewoonlik verbind met Kriemhilt in die Duitse *Nibelungenlied*. Sy was aanvanklik getroud met Sigurðr Fáfnisbani (Siegfried in die *Nibelungenlied*), maar is na sy dood met Atli (i.e. Attila die Hun) getroud, wat drasties van Etzel in die *Nibelungenlied* verskil. Haar karakter is egter beter uitgebou in die vorm van Guðrún as wat sy in die vorm van Kriemhilt uitgebou is (Sigurðsson, 2004: 2).

Gulaping, Ou Noorweegse vergadering, wat volgens Ari fróði Þorgilsson se *Íslandingabók* gebruik is om die Yslandse Alþing op te stel. Byock (2001: 93) en andere betwyfel Ari se weergawe en stel voor dat dit eers na die stigting van die Yslandse Alþing in gebruik geneem is.

Gunderstrup Kookpot, Silwer Keltiese pot waaroor Sinclair (1999: 15) skryf:

Dead warriors from an underworld formed a queue to be given life by a mediatory god, who was plunging a prisoner head first into a vessel shaped like a female pudenda. Contemporary Roman writers told of Celtic human sacrifices, who were suffocated in a tub of blood over which others had their heads severed; but the *Gunderstrup* scene may only represent a ritual baptism for the resurrection of the departed.

Parrinder (1973: 102) noem dat hierdie pot waarskynlik in die Donau area rondom 100 vC vervaardig is. Hy beskryf die toneel verder:

Round the outside are gods and goddesses, shown as huge heads with small upraised arms, and accompanied by subsidiary figures and animals. Inside are more complex scenes: representations of bull-baiting; a large-breasted goddess surrounded by animals; a god with a wheel, worshipped by a warrior; a god with stag's antlers, accompanied by a stag, a horned snake, and other beasts; a procession culminating in human sacrifice. The bowl itself was obviously a cult object; certain tribes used cauldrons to catch the blood of sacrifices, and Irish myths mention cauldrons of abundance, probably indicating their use in ritual meals.

Die god met takbokhorings wat uitgebeeld word, word in Graves (1968: 240) Cernunnos genoem, terwyl die god met die wiel Taranis genoem word. Hier word egter beweer dat dit in Jutland gevind is, maar dit word ondersteun dat die pot van Keltiese herkoms is.

hagall-rune, sien nota oor *rune*

Heiðrún, bok in Valhöll wat vanaf die boom genaamd Lærað eet, en van haar tepels loop heuningbier (*mjöðr*) wat aan die Einherjar (gesnuwelde soldate in Valhöll) gegee word, en dit kan nooit opraak nie (Young, 1954: 64). Lærað is volgens Crossley-Holland (1980: 246) 'n ander naam vir Yggdrasil, die boom wat al nege wêrelde verbind.

heimanfylgja "dit wat vanaf die huis volg" (Gordon, 1957: 353, 346), bruidskat wat deur die bruid se familie aan die bruidegom gegee word, maar altyd in besit van die vrou bly en ook saamgeneem kan word as sy van haar man skei (Byock, 2001: 215).

Hel, godin van die dooies, dogter van Loki by die vroulike reus, Angrboða ("voorspeller van hartseer"). Snorri Sturluson skryf (Young, 1954: 31): "wicked

men will go to Hel and thence to Niflhel that is down in the ninth world".

Niflhel beteken "plek van donkerte". Daar staan verder geskryf: "Hel is half black, half flesh-colour, and is easily recognized from this; she looks rather grim and gloomy" (Young, 1954: 56).

hirð, koninklike wag

jarl, sien *lendr maðr*

Jól, ook bekend as Yule, die midwinter fees, oorspronklik gehou op 12 Januarie volgens Eddison (1930: 295) en Priebisch (1948: 30), maar is na die huidige datum, wat saam met Kersfees val, geskuif deur Hákon Aðalsteinnsfóstri.

knörr (meerv. *knerrir*), vragskip, wat groter en breër was die *langskip* was. Twee voorbeelde hiervan in argeologie is die Klåstad en Äskekärr skepe, wat tussen 16 en 20m lank was. Hulle dravermoë is onderskeidelik geskat op 13t en 18 - 20t. Die Skuldelev 1 en 3 skepe is in 'n beter toestand bewaar, en daar is replikas van hierdie twee skepe gebou wat Saga Siglar en Roar Edge genoem is, wat gehelp het om die dravermoë van hierdie skepe te bepaal. Skuldelev 1 was 16,5m lank en 4,5m breed, met 'n seiloppervlakte van 100m², en sy dravermoë was 24t of 40m³. Skuldelev 3 was kleiner met 'n lengte van 13,8m en breedte van 3,4m, met 'n dravermoë van 4,6t of 12m³. Die skepe se diepgange is ook van belang: Skuldelev 1 se diepgang was om en by 125cm en Skuldelev 3 s'n 84cm, dus het elkeen het sy beperkings in verband met waterdiepte gehad, veral wanneer daar in riviere opgevaar moes word (wat ook bemoeilik is deur die beperkte roeivermoëns) (Roesdahl, 1988: 89 - 91). Toetse met replikas het aangetoon dat 'n gemiddelde spoed van 6 - 8 knope gehandhaaf kon word, en Saga Siglar het ses

ure lank 10 knope in 'n sterk wind gehandhaaf.

kveldríða "een wat ry in die aand" (Gordon, 1957: 363, 377), 'n towenaar wat sy vorm kan verander, meesal na dié van 'n wolf. Dit is 'n sjamanistiese onderneming; van Óðinn self word in die *Heimskringla* geskryf: "at those times his body lay as though he were asleep or dead, and he then became a bird or beast, a fish or a dragon, and went in an instant to far-off lands on his own or other men's errands" (Monsen, 1931: 5). 'n Ander term hieraan verwant is *hamrammr* ("vormsterk", Eddison, 1930: 245) en die konsep is ook nou verwant aan die kultus van die *berserkr* ("beervel/sonder brynja", Eddison, 1930: 244).

Die *berserkr*-kultus is 'n alombekende legende; in die *Heimskringla* staan geskryf:

In battle Odin could make his foes blind or deaf or terrified and their weapons were as nothing more than sticks; but his own men went about without armour and were mad like hounds or wolves, and bit their shields and were strong as bears or bulls; they slew men, but neither fire nor steel would deal with them. This was called a berserk's gang (Monsen, 1931: 5).

Dit behels basies dat 'n dier se gees in die mens se liggaam binnegaan en hom daardie dier se krag gee, in hierdie geval die beer. Dit is 'n wyd verspreide geloof; Eddison noem dat dit in Indië, Japan en Afrika voorkom, en sekerlik kan 'n eindelose lys hierby gevoeg word. Die volgende gedeelte uit die *Kalevala* herinner sterk aan dieselfde idee en kan moontlik verhelderend wees:

I take the Beast's nose
to help my own nose;
but I don't take to leave him
bereft, or me with but one.
I take the Beast's ear

to help my own ear;
 but I don't take to leave him
 bereft, or me with but one.
 I take the Beast's eye
 to help my own eye;
 but I don't take to leave him
 bereft, or me with but one.

(Lönnrot, 1989: 610)

Hierdie gedig, *The Bear*, gaan voort op dieselfde patroon. Dit is onnodig om verder hierop uit te brei. Die bronnelys bevat verwysings hierna en na ander tekste.

kviðlingr "kort vers" (Gordon, 1957: 363)

langhús "lang huis" (Gordon, 1957: 364, 357), die beskrywing is gebaseer op Byock (2001: 358 - 368).

langskip "langskip" (Gordon, 1957: 364), vir 'n verandering is die ON woord identies aan die Afrikaans. Hierdie skepe is so genoem omdat hulle baie smal en vaartbelyn was. Verdere verskille tussen hierdie skepe - wat oorlogskepe was - en die vragkepe is dat die mas verwyder kon word (wat help om verrassingsaanvalle te loods asook om onder brúe deur te vaar) en dat roeispans meer effektief gebruik is. Laasgenoemde het die voordeel dat windstiltes nie beweging beperk nie, dat riviere aangedurf kon word en dat storms en strome beter hanteer kon word. Die bekendste skepe is sekerlik die Oseberg en Gokstad skepe, maar hierdie twee kom voor asof hulle eerder 'n seremoniële funksie gehad het (Roesdahl, 1988: 86). Die twee skepe bekend as Skuldelev 2 en 5 is egter voorstellings van oorlogskepe. Skuldelev 2 se lengte is geskat op 28 - 29m

en die breedte op 4m, terwyl die kleiner Skuldelev 5 17,4m lank en 2,6m breed was. Volgens Bill (vgl. Sawyer, 1997: 191) is Skuldelev 5 die kleinste skip wat 'n langskip genoem kan word, met plek vir dertien pare roeispans, terwyl Skuldelev 2, met plek vir dertig pare roeispans, die grootste langskip is wat tot op hede ontdek is. 'n Ander goeie voorbeeld is die skip wat in 982 AD gebou is en gebruik is in 'n aanval op Hedeby, waar sy oorblyfsels ook gevind is. Hierdie skip was om en by 28m lank en 3m breed, en van uitsonderlike vakmanskap.

lend maðr, volgens die Noorweegse wet, die *Gulaping* (vgl. Byock, 2001: 134), kan vrymense in verskillende klasse ingedeel word. Die Yslandse wet, algemeen bekend as die *Grágás*, verskil hiervan en maak nie die onderskeid tussen verskillende klasse van vrymense nie. Daar bestaan twyfel oor wanneer die *Gulaping* in Noorweë ingestel is; sommige akademici vermoed dat dit eers na die Yslandse *Alþing* tot stand gekom het (Byock, 2001: 93). Die indeling van die *Gulaping* was:

- *jarl* - graaf
- *stallari* - maarskalk
- *lendr maðr* - aristokratiese landeienaar en vasal van die koning, soortgelyk aan 'n baron. Die ouer titel was *hersir* en het min of meer dieselfde militêre en politieke mag veronderstel
- *hirðmaðr* - betaalde volgeling van die koninklike hof
- *hauldr / óðalsbóndi* - vryboer wat in besit is van 'n erfplaas wat nie wetlik van hom weggeneem kan word nie
- *árborinn maðr* - hoof van 'n onafhanklike plaas, maar nie erfplaas nie
- *reksþegn* - vryman (baiemaal nie onafhanklike grondeienaar nie)

maðr-rune, sien nota oor *rune*

mundr "bruid-prys" (Byock, 2001: 320), dit wat deur die bruidegom aan die vader van die bruid gegee is om wetlike voogskap te verkry. Teen die tyd wat *Grágás* saamgestel is, is beide die *mundr* en die *heimanfylgja* as die eiendom van die bruid beskou. Die minimum-waarde was agt onse silwer in Ysland, en twaalf onse in Noorweë (Hallakarva). Volgens die Oxford Illustrated Dictionary (1976: 1918) is een ons gelykstaande aan 28,35 gram. Ek het self altyd silwer vir R7 per gram verkoop, dus is die minimum-betaling volgens 'n moderne kleinhandelsprys in Suid-Afrika R2381,40 volgens die Noorweegse metode, en R1589,60 volgens die Yslandse metode. Die vraag sal wees of edelmetale se waarde aansienlik verander en of inflasie in berekening gebring moet word.

mjöðr, "heuningbier" (Gordon, 1957: 370) Engels "mead"

Niflhel, sien nota oor *Hel*

óðalsbóndi, sien *lendr maðr*

Óðinsdagr "dag van Óðin", en *Frjádagr* "dag van Frigg". Die aanvanklike Latynse name vir weksdae is deur die Germaanse volke oorgeneem en vervang met name van hulle eie gode wat parallelle met dié van die Romeine gevorm het. *Sōlis dies* is in ON *sunnudagr* genoem (Afr. *Sondag*); *Lunae dies* word ON *mánadagr* (Afr. *Maandag*); *Martis dies* word ON *týrsdagr* (Afr. *Dinsdag*); *Mercurii dies* word in ON *Óðinsdagr* (Afr. *Woensdag*); *Iōvis dagr* word in ON *Pórsdagr* (Afr. *Donderdag*); *Veneris dies* in ON *frjádagr* (Afr. *Vrydag*); en *Saturni dies* in ON *laugardagr* ("bad-dag", Gordon, 1957: 364) (Afr. *Saterdag*) (in navolging van Priebisch en Collinson,

1948: 30). *Laugardagr* is uiteraard die uitsondering en is nie vanaf die Romeinse kalender oorgeneem wat benoeming betref nie.

oosterling, Noorweërs wat hulself in Ysland en Groenland bevind het, is baie maal oostelinge genoem, vergelyk byvoorbeeld Þórir austmaðr (man van die ooste).

Ragnarøkkr "skemer van die gode" (Gordon, 1957: 376), die einde van hierdie wêreld volgens Noorse mitologie en die dood van die meeste van die gode, maar ook daardeur die begin van die nuwe wêreld. Die volgende vers, wat verwys na die aanloop daartoe, behoort bekend te klink vir mense wat films soos *Erik the Viking* en *Lord of the Rings: The return of the king* gesien het:

Brœðr munu berjask ok at bönum verðask,
 munu systrungar sífjum spilla;
 hart's með höldum, hórdómr mikill,
 skeggöld, skálmöld, skildir klofnir;
 vindöld, vargöld, áðr veröld steypisk.
 (Gordon, 1957: 17)

Brothers will fight and kill each other,
 siblings do incest;
 men will know misery, adulteries be multiplied,
 an axe-age, a sword-age, shields will be cloven,
 a wind-age, a wolf-age, before the world's ruin.
 (Young, 1954: 86)

rune (ON *rún*) beteken "runiese letter", "towerspreuk" of "misterie" (Gordon, 1957: 377), en verwys na die Ou Germaanse skrifvorm waarvan die oorsprong onbepaalbaar is. Die runes (ON *rúnar*) dien 'n dubbele doel: as sekulêre skrifvorm en ook as esoteriese middel wat onder andere in towerinkantasies gebruik is, soos wat Egill Skallagrímsson doen. Soms word daar net op stene uitgekerf, en daar is 'n hele aantal inskripsies van die *víkingar* en hul voorgangers

regoor die wêreld gevind, soms met uitgekerfde mitiese tonele en ander simbole wat van onskatbare waarde vir die student van die mitologie/religie is. Ook dui veral Sweedse runesteen-inskripsies op die andersins onopgetekende ekspedisies na Rusland. Die "alfabet" van runes word 'n *fupark* genoem na die eerste ses letters daarvan, soos wat die woord "alfabet" afkomstig is van die Griekse "alfa" en "beta". Daar bestaan meer as een *fupark*, maar die bekendste twee staan bekend as die Ouer *fupark* - wat uit vier en twintig runes bestaan - en die Jonger/Yslandse *fupark* - wat uit sestien runes bestaan. Die Dene en Swede het probeer om die *fupark* aan te pas om op vellum te skryf. Die wette van Skåne is in so 'n skrif tipe opgeteken, maar die Yslanders het die runes slegs in afkortings gebruik (Gordon, 1957: lxiii), soos om eerder die *maðr*-rune as die woord "maðr" neer te skryf. Die *thorn* (Þ/þ) is afkomstig van die *thurisaz*-rune, wat om en by dieselfde gelyk het en dieselfde klank verteenwoordig het. Runes is baie maal met bloed bevlek. Volledigheidshalwe verskaf ek 'n lys van die runes in die Ouer *fupark* met die letter wat dit voorstel en die rune se naam (in navolging van Thorsson, 1998: 64):

f	fehu
u	uruz
þ	thurisaz
a	ansuz
r	raidho
k	kenaz
g	gebo
w	wunjo
h	hagalaz
n	nauthiz

i	ísa
j(y)	jera
i	ihwaz
p	perthro
z	elhaz
s	sowilo
t	tîwaz
b	berkano
e	ehwaz
m	mannaz
l	laguz
ng	ingwaz
d	dagaz
o	othala

Rusalka, 'n Slawiese mite. In Graves (1968: 292) staan geskryf: "When a maiden drowned - either by accident or on purpose - she became a Rusalka. This belief was common to all Slavonic peoples". Sy het verskillende vorme aangeneem, afhangende van die streek: rondom die "blou" Donau is sy Vila genoem en het haar sjarme as meisie behou, maar in die noorde is sy as onaantreklik gesien met gekoekte en ongekamde hare. Die suidelike *Rusalki* het 'n gelaatskleur gehad wat maanlig versinnebeeld het, maar "her northern sisters were wan and cadaverous, like the bodies of the drowned, and their eyes shone with an evil green fire" (Graves, 1968: 293). Die suidelike *Rusalki* is geklee in ligte kleding van mis, terwyl dié van die noorde naak was. Dié van die suide het verbygangers

met hulle skoonheid en soet stemme verlei, maar dié van die noorde het verbygangers met geweld in die water ingetrek en verdrink.

Die *Rusalki* het meesal in die water gewoon, maar gedurende "Rusalki week" - aan die begin van die somer - het hulle in die woud ingegaan. Daar het hulle 'n boom gesoek wat se takke oor die rivier gehang het en het bedags daarin gesit, en snags het hulle in die takke geswaai, mekaar geroep en uitgeklim om in oop dele van die woud te dans. Volgens Graves (1968: 293) verskaf hierdie mite 'n blik op die Slawiese kultuur se benaderings tot die dood: groen bome was die tuiste van die dooies, maar wanneer die son se strale hulle nie gedurende die wintermaande kon bereik nie, kon hulle in die water hou. Met die aanbreek van die somer het die water verwarm en moes hulle weer terugkeer na die bome.

sak-tal, 'n wet wat volgens Sturluson (Monsen, 1931: 40) deur Hálfðanr svarti ingestel is en vaste pryse vasstel van skadevergoeding wat aan mense betaal moes word. Monsen skryf in sy voetnota:

The penalty, compensation, or *mannbot* for every injury, due to the party injured, or to his family and next of kin if the injury was the death or premeditated murder of the party, appears to have been fixed for every rank and condition, from the murder of the king down to the maiming or beating of a man's cattle or his slave. A man for whom no compensation was due was a dishonoured person, or an outlaw. It appears to have been optional with the injured party, or his kin if he had been killed, to take the mulct or compensation, or to refuse it, and wait for an opportunity of taking vengeance for the injury on the party who inflicted it, or on his kin. A part of each mulct or compensation was due to the king; and these fines or penalties appear to have constituted a great proportion of the king's revenues, and to have been settled at the [Þingar] held in every district for administering the law with the [lögsögumaðr] (lawman).

Sigrún Hognisdóttir, volgens die *Second Poem of Helgi Hundingsbani* was sy 'n

reïnkarnasie van Svava, die valkyrja wat met Helgi Hjórvarðsson getroud was. Sy trou met Helgi Hundingsbani en sterf kort na hom, waarna sy gereïnkarneer word as Kara Hálfðansdóttir (Larrington, 1996: 141) en Helgi as Helgi Haddingiaskaði.

skald, digter in die Oud-Noorse kultuur

skjöldknútr, "skild knoop" (Gordon, 1957: 382, 361), simbool in die vorm van 'n skild, met 'n *fylfot* in die middel (Aswynn, 1998: 163).

skreið, stokvis (Byock, 2001: 52), gemaak deur Europese kabeljou te droog.

skrælingr, term oorspronklik aangewend vir inheemse groepe in Amerika, en beteken basies "barbaar" ("savage") of "sukkelaar, skelm" ("wretch") (Magnusson en Pálsson, 1965: 27). De Vries (1977: 505) se inskrywing oor *Skrælingar* lui soos volg:

'Eskimos' (< urn. **skrahilinga* -), nnorw. *skræling*, ndä. *skrælling*, vgl. shetl. *skrelin* 'schwächliche person' zu nnorw. *skraelen* 'schwach', *skræla* 'kränken' zu nnorw. *skraal* 'schlechts gerät'. - mnd. *schral*, nnl. *schraal* 'mager, trocken schlecht'.

Dit kan ook bloot as "Eskimo" vertaal word. In *Valgarðs saga Gunnvaldsson* word die term *skrælingr* vir enige nie-Germaanse volke aangewend, maar dieselfde word nie by die Oud-Noorse bronne aangetref nie.

skyr, tradisionele suurmelkgereg, vergelykbaar met jogurt (Byock, 2001: 47).

Daar word egter nie gis in die proses van vervaardiging gebruik nie.

valkyrja ("een wat kies wie moet sneuwel", Gordon, 1957: 392). Sturluson skryf: "Óðin sends them to every battle, and they choose death for the men destined to die, and award victory" (Young, 1954: 61). *Grímnismál* verskaf dertien name:

Hrist and Mist
 I want to bring me the horn,
 Skeggjöld and Skögun,
 Hild and Thrúð,
 Hlökk and Herfjötur,
 Göll and Geirahöð,
 Randgríð and Ráðgríð,
 and Reginleif.
 These bear ale to the Einherjar.
 (Young, 1954: 61)

Soos die *Grímnismál* ook aantoon, bedien hulle *mjöðr* aan die gesneuweldes (Einherjar) in Valhöll. Ander wat vanuit heroïese gedigte bekend is, soos Svava, Sigrún en Kara van die *Second Poem of Helgi Hundingsbani*, word egter nie in hierdie lys genoem nie. Graves (1968: 278) skryf:

The poets normally described the Valkyries as helmeted goddesses, grasping spears crowned with flame, and mounted on flying steeds from whose mains the dew falls in the valleys or hail descends on the forests. But they were also sometimes depicted as maidens in swan's plumage who could fly through the air. Every swan-maiden was not necessarily a Valkyrie; but a Valkyrie always had the power to turn herself into a swan-maiden. These strange and gracious creatures delighted in haunting the lakes and pools of lonely forests. They could, when it pleased them to do so, cast their plumage aside and appear in human form. But if a man succeeded in stealing their plumage they could never escape from him and were forced to obey his will.

Vé, volgens Snorri Sturluson se *Edda* (vgl. Young, 1954: 34) was daar aan die begin 'n koei met die naam Auðhumla, wat sout ysblokke gelek het. Hieruit het 'n man te voorskyn gekom wie se naam Buri was, en hy het 'n seun met die naam Bor gehad wat met Bestla getroud is. Hulle het drie seuns gehad: Óðinn, die

oudste; Vili en Vé, die jongste. Die seuns het die reus Ymir doodgemaak en van sy liggaam die wêreld gemaak.

Verðandi, die Nornir is drie vroulike wesens in Noorse mitologie wat vir die noodlot verantwoordelik is; die ander is Urðr en Skuld. Volgens Young (1954: 44) beteken Urð "verlede", Verðandi "hede" en Skuld "toekoms". Crossley-Holland (1980: 248) gee hulle betekenis aan as Urðr : noodlot ("fate"), Verðandi : noodsaaklikheid ("necessity") en Skuld : wording ("being"). Gordon (1957: 394) se glossarium sê dat die woord "verða" beteken: "to happen, come to pass, take place", terwyl die woord "skuld" dieselfde betekenis as in Afrikaans dra (Gordon, 1957: 382). Die woord "Urðr" beteken volgens De Vries (1977: 635) "ongeluk, gebeurtenis, noodlot, noodlotsgodin". Urðr was volgens Graves (1968: 278) aanvanklik alleen, en die naam dui op die noodlot. Hy skryf verder:

They were thought of as spinners who held the threads of destiny in their hands. They were learned in the old customs, the ancient precepts of right and wrong, and could judge the fate each man merited. They even pronounced the fate of the gods, for the [Æsir] could no more escape their destiny than could men.

vikingr (*ar*) "wiking, seerower" (Gordon, 1957: 396). Slegs die Engelse het aanvanklik van "vikings" gepraat; in Europa is na hulle as 'Dene' of 'Noordmanne' verwys. Die gebied wat aan Hrólfr (rollo) in 911 in Noord-Frankryk gegee is staan derhalwe as "Normandië" bekend (Davis, 166). Die woord *vikingr* kom moontlik van die inwoners van Viken in Noorweë, naby Oslo (vgl. Sawyer in Sawyer, 1997: 8), maar 'n definitiewe oorsprong van die woord is nog nie bepaal nie. *Vikingr*-helde word nooit *vikingar* genoem in die sagas nie; dié term word vir onaangename en brutale karakters gebruik (Lönnroth in Sawyer, 1997: 229). Karakters gaan egter op *vikingr*-ekspedisies, en binne hierdie

konteks beteken dit niks meer of minder as plundertogte nie. Dit is eintlik die norm vir 'n Yslandse jong man om etlike jare in die buiteland as *vikingr* te spandeer, maar dit is nie die norm om hom 'n *vikingr* te noem nie. So byvoorbeeld beskryf *Egils saga Skallagrímsson* 'n *vikingr*-plundertog (Eddison, 1930: 164).

vitki, 'n towenaar in die Noorse geloof. Volgens Thorsson (1998: 6) beteken die term "wyse een".

völva "profetes, heks" (Gordon, 1957: 397), in Noorse religie, soos wat deur Óðinn ondervra word in die *Völuspa* (ingesluit in die *Poëtiese Edda*), waarin sy van die oorsprong van die wêreld en die einde daarvan vertel. Volgens Phillpotts (1931: 130) beteken die woord *völva* letterlik "one with wand or staff". Ander terme bestaan ook wat soortgelyke konsepte aandui: 'n *seiðkona* is 'n vrou wat *seiðr* beoefen; *seiðr* beteken "towerspreuk" (Gordon, 1957: 379) en *kona* beteken "vrou" (Gordon, 1957: 362). 'n *Visinda-kona* is ook 'n profetes (Gordon, 1957: 397).

Þing "vergadering, ontmoeting" (Gordon, 1957: 399). Die Alþing was die algemene vergadering wat in 930 AD 'n jaarlikse instelling in Ysland geword het, maar kleiner vergaderings, soos die lente-vergadering (*Várþing*) is intussen gehou. By hierdie vergaderings is veral geskille deur die *lögsögumaðr* ("spreker van die wet") aangehoor en daar is beslissings gegee.

öl "aal", "bier" (Gordon, 1957: 401), word gewoonlik in Engels vertaal as "ale". Deesdae word die terme "bier" en "aal" deurmekaar gebruik, maar in die tiende eeu was daar 'n onderskeid tussen "öl" en "bjórr"; Roesdahl (1998: 45) noem dat laasgenoemde 'n "highly fermented fruit wine" was.

Opsomming

Teoretiese deel

Die Middeleeuse Yslandse saga kan in verskillende kategorieë verdeel word, maar die bekendste kategorie is die *Íslendingasögur* en in hierdie studie word hierop gefokus. Dit is hoofsaaklik in die dertiende eeu op skrif gestel en sommige akademici (byvoorbeeld Sigurðsson, 2004) beweer dat dit op mondelinge vertellings gebaseer is. Gebeure wat beskryf word in die *Íslendingasögur* speel meesal af in die tiende- en vroeg elfde eeu en is op die geskiedenis van Skandinawië en Ysland gebaseer, veral op mense wat in daardie tyd deur hulle optrede 'n naam vir hulleself gemaak het.

Die vertelstyl is eenvoudig en objektief: die verteller vertel die saga soos wat dit van buite waargeneem kon word en beskryf karakters derhalwe sonder om gedetailleerde karakterbeeldings te verskaf of hulle gedagtes pertinent neer te skryf. Dit is eerder hulle handeling en dialoog wat die karakters openbaar. Die sagas is nie moraliserend nie en verskil daarom drasties van ander Middeleeuse geskrifte. Daar word aangevoer dat die meerderheid van die kenmerke wat die sagas vertoon bepaal word deur die fokus op die karakter en die poging om 'n realistiese vertelling te skep. Hierdie fokus bepaal byvoorbeeld dat daar nie lang natuurbeskrywings voorkom of moraliserend vertel word nie: die verteller wil van sy karakters *vertel* eerder as om 'n boodskap tuis te bring of om "mooi" te skryf. Die poging om 'n realistiese vertelling te skep word onder andere

uitgevoer deur alledaagshede te beskryf en 'n stem aan landbewoners te gee. Die Yslandse sagas hoort verder tot die Germaanse heroïese literatuur en karakters is helde wat binne die heroïese milieu funksioneer.

'n Verdere kenmerk van die *Íslendingasögur* is dat daar ook poësie voorkom wat meesal binne die skaldiese tradisie hoort. Om hierdie rede word Oud-Noorse poëtiese genres vlugtig behandel in die teoretiese uiteensetting en die kenmerke daarvan aangetoon. Die skaldiese poësie is die mees komplekse hiervan en terme soos *kenning* word daarom verklaar en geïllustreer aan die hand van geskikte voorbeelde.

Die sagas gee laastens 'n blik op die Middeleeuse wêreld en veral op die Wiking Era en inkorporeer voor-Christelike tradisies en geloofsperspeksies asook alledaagse realiteite wat help om argeologiese vondste te verklaar, soos byvoorbeeld die beskrywings van begravnisse of skepe. Dit is 'n genre wat uitstaan binne die konteks van Middeleeuse Europese literatuur omdat dit weinig beïnvloeding deur kontinentale bronne vertoon en sodoende uniek is.

Kreatiewe deel

Die teoretiese deel word opgevolg met 'n kreatiewe toepassing in die genre van die *Íslendingasögur*. Valgarðr Gunnvaldsson is 'n lid van die Noorweegse adelstand en die saga begin by sy grootvader, Aldúlfr, en dié se betrokkenheid by tiende-eeuse politiek. Valgarðr se familie veg in die meeste belangrike veldslae in Skandinawië in die tiende eeu en gaan op plundertogte in Europa, en die saga vertel van drie generasies wat hiermee bedrywig is. 'n Tweede familie wat figureer, is Þorvaldr se familie wat meesal handelaars is en nie by die

politiek betrokke wil raak nie, maar uiteindelik het hulle geen keuse nie en veg ook met verloop van tyd saam met Valgarðr-hulle. Valgarðr trou met Þorvaldr se dogter, Guðríðr, en het later 'n dogter met die naam Áshildr by haar.

Stelselmatig sterf elkeen rondom Valgarðr en hy emigreer saam met die twee Skotse weduwees (Kaðlin en Mýrún) na Groenland, van waar 'n paar ekspedisies na Amerika (Vínland) onderneem word. Op hierdie ekspedisies word kontak gemaak met die inheemse volke, maar uiteindelik word Valgarðr siek en keer terug na Noorweë om by sy familie begrawe te kan word. Deurgaans is daar 'n karakter in Valgarðr se lewe teenwoordig met die naam Þagall, maar sy ware identiteit, betrokkenheid en motivering bly vaag.

Summary

Theoretical part

The medieval Icelandic saga can be divided into various categories, but the most widely known category is the *Íslendingasögur* and it is on this that the focus of this study has fallen. It was committed to writing in mainly the thirteenth century and some scholars (for example Sigurðsson, 2004) allege that these writings are based on an oral tradition. Actions described in the *Íslendingasögur* take place in the tenth- and early eleventh centuries and are based on the history of the Scandinavian world and Iceland, and more specifically they are based on those people who established a name for themselves in this period.

The narrative style is simple and objective: the narrator tells the saga as it would be perceived by an outsider and therefore depicts characters without detailed character sketches or by relating their thoughts. Rather are the characters revealed by their actions and dialogue. The sagas are not moralizing in character and therefore they differ considerably from other medieval literatures. It was argued in this study that the majority of characteristics exhibited by the sagas are determined by the focus on character and the attempt at creating a realistic narration. This focus on character determines for example that detailed descriptions of scenery and moralizations are omitted: the narrator strives to depict his characters rather than embedding his text with lessons in morality. The attempt at creating a realistic narration is established by incorporating scenes from their everyday lives and by not omitting the peasants or even slaves. The

Icelandic sagas also belong to the Germanic heroic literature and its characters are heroes of this heroic milieu.

A further characteristic of the *Íslendingasögur* is that poetry is also found which belongs mainly to the skaldic branch, and for this reason Old Norse poetical genres are briefly discussed in the theoretical discussion and its characteristics indicated. Skaldic poetry is the most complex of these and terms such as *kenning* are therefore explained and illustrated through suitable examples.

Lastly the sagas offer a glimpse into the medieval world and especially the Viking Age and incorporate pre-Christian traditions and religious perceptions as well as everyday realities which aid the interpretation of archaeological finds, for example the descriptions of burials or ships. It is a genre which distinguishes itself within the context of medieval European literature for it exhibits little continental influence and thereby attains uniqueness.

Creative part

The theoretical part is followed by a creative application in the genre of the *Íslendingasögur*. Valgarðr Gunnvaldsson is a member of the Norwegian nobility by ancestral right. The saga begins with his grandfather, Aldúlfr, and his involvement in tenth century politics. Valgarðr's family fight in most of the important battles in tenth century Scandinavia and goes on raiding expeditions in Europe, and the saga tells of three generations involved in such activities. A second family which features is the family of Þorvaldr, who are mainly merchants not wanting to involve themselves in politics, but even they are offered no choice and eventually fight alongside Valgarðr and his companions.

Valgarðr marries Þorvaldr's daughter, Guðríðr, and she later bears him a daughter called Áshildr. Gradually everyone around Valgarðr dies and he emigrates to Greenland along with the two Scottish widows (Kaðlin en Mýrún), from where they conduct a series of expeditions to America (Vínland). On these expeditions contact is established with the indigenous population, but eventually Valgarðr becomes ill and returns to Norway to be buried with his family. Throughout the saga a character named Þagall is present, but no-one ever understands his true identity, involvement and motivation.

Key terms

Fatalism

Germanic culture

Heroic literature

Sagas of the Icelanders (*Íslendingasögur*)

Medieval literature

Northern mythology/religion

Poetry (skaldic/eddic)

Revenge/feud

Transience

Viking (víkingr)